

# Die wonderbare Heilige Gees én die Vader van liefde

~ ’n Missionêre teologie ~

Pieter Verster

*sb*



# Die wonderbare Heilige Gees én die Vader van liefde

~ ’n Missionêre teologie ~

PIETER VERSTER

SUNBONANI SCHOLAR

*Die wonderbare Heilige Gees én die Vader van liefde – 'n Missionêre Teologie*

Uitgegee deur Sun Media Bloemfontein

Druknaam: SunBonani Scholar

Navorsing en akademiese werke word onder hierdie druknaam in druk en elektroniese formaat uitgegee.

Alle regte voorbehou

Kopiereg © Sun Media Bloemfontein en die Skrywer

Hierdie publikasie is deur die uitgewer aan 'n onafhanklike dubbel-blinde portuurevaluering onderwerp.

Die skrywers en die uitgewer het alles moontlik gedoen om kopieregtoestemming te verkry vir die gebruik van derdepartyinhoud en om sodanige gebruik te erken. Rig alle navrae aan die uitgewer.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings in hierdie publikasie weerspieël nie noodwendig dié van die uitgewer nie.

ISBN: 978-1-928424-74-1
ISBN: 978-1-928424-75-8 (e-boek)
DOI: https://doi.org/10.18820/9781928424758

Geset in Linux Libertine 12/16
Bandontwerp, bladuitleg en produksie deur Sun Media Bloemfontein
Voorbladfoto: *The Return of the Prodigal Son* deur Rembrandt, Hermitage Museum, St. Petersburg

Hierdie publikasie kan bestel word by: media@sunbonani.co.za

Die e-boek is beskikbaar by: https://doi.org/10.18820/9781928424758

---

Hierdie publikasie is gebaseer op navorsing wat deur die NNS (NRF) van Suid-Afrika ondersteun is. Alle standpunte, gevolgtrekkings en voorstelle wat gemaak word, is die standpunt van die outeur en die NNS (NRF) aanvaar geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

# OPGEDRA

Opgedra aan my moeder

Frida Cornelia Verster
(Nooiensvan Van Zyl)

Gebore 02-06-1922, oorlede 16-09-2020

Sy het God se liefde verpersoonlik.

*1 Korintiërs 13:13*

*En nou: Geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde.*

# OOR DIE SKRYWER

**PIETER VERSTER** is navorsingsgenoot aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy was tot sy aftrede professor in Sendingwetenskap aan die Fakulteit Teologie en Religie, Universiteit van die Vrystaat. 'n C3-gradering is deur die Nasionale Navorsingstigting, NNS (*NRF*) aan hom toegeken. Hy is ook 'n geordende leraar van die Nederduits Gereformeerde Kerk.

Edwin Mellen Press, New York, publiseer sy boek *A Theology of Christian Missions: What Should the Church Seek to Accomplish?* (2008). In 2012 word die boek *New Hope for the Poor,* deur Sun Press gepubliseer. Sun Press publiseer in 2017 sy boek *Jesus Christus, Seun van God, ís ons versoening: 'n Missionêre Christologie*. Verskeie akademiese artikels is deur hom gepubliseer. Hy lewer ook populêre boeke en artikels en tree by verskeie kongresse in Suid-Afrika en in die buiteland op.

# AANBEVELING

Pieter Verster dra uit die ryk en ryp oesland van die Ou en Nuwe Testament 'n oorvloed gerwe. 'n Uitnemende geleerde is hier aan die woord. Die Persoon en werk van die Heilige Gees, die derde Persoon van God Drie-enig, word vars en nuut belig. Dit geld ook vir die skywer se ander sentrale teologiese insigte. Die boek getuig van 'n gedeë studie; dit is 'n meesterstuk. Dit sal nie slegs die vakkenner boei nie, maar elke leser sal deur die boek tot helderheid gelei word. Hierdie boek is soos 'n fontein helder murmelende water wat hoop aan dorstige en moedelose mense gee wat in die greep van armoede, korrupsie en rassisme vasgevang is. Met die boek staan Pieter Verster nie slegs nasionaal nie, maar ook internasionaal op die voorpunt van liggewende perspektiewe op die wese van en uitdagings aan die Missionêre Teologie.

*- Prof. Cas Vos*

Hierdie boek van Pieter Verster gee 'n indrukwekkende perspektief. Sending gaan daaroor om die blye boodskap te bring van Christus wat vir ons gekruisig is. Ons het 'n boodskap vir hierdie wêreld van COVID-19, van die korrupte politiek, van die armoede, van die misdaad, van sondige en moedelose mense. God beloof nie dat alles reg sal kom nie. Hy het hierdie werklikheid tot op die afskuwelikste gedeel. En Hy het daaraan, aan die konkrete werklikheid van Suid-Afrika van 2020, gesterf. Maar Hy het opgestaan, nie om nou alles reg te maak nie, maar sodat ons as ons sterf aan hierdie onheil steeds mag bely dat ons met Christus sal opstaan. Wanneer ons geen voortgang sien nie, moet ons nie moedeloos word nie: in die wêreld kan ons net 'n bietjie vir mekaar doen en het ons verdrukking, maar Hy het die wêreld oorwin: Christus leef en ons sal saam met Hom leef. Dis evangelie, 'n blye berig vir moedelose en hooplose mense.

*- Prof. Bram van de Beek*



# INHOUDSOPGAWE


OPGEDRA ........ v

OOR DIE SKRYWER ........ vi

AANBEVELING ........ vii

VOORWOORD ........ xi

1. INLEIDING ........ 1

2 DIE SENDING ........ 12

3. DIE HEILIGE GEES AS VOORSPRAAK ........ 23

4. DIE HEILIGE GEES AS DIE GEES VAN OPENBARING, GEES VAN DIE LEWE EN DIE KOSMOLOGIESE WERK VAN DIE GEES ........ 63

5. DIE EENHEID TUSSEN VADER, SEUN EN HEILIGE GEES ........ 94

6. DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES ........ 102

7. DIE HEILIGE GEES EN DIE KERK ........ 109

8. DIE NUWE BEDELING VAN VRYSPRAAK DEUR DIE SEUN IS DIE TYD VAN DIE GEES ........ 138

9. DIE HEILIGE GEES EN DIE SENDING: 'N HEERLIKE WAARHEID ........ 148

10. GOD DIE VADER ........ 151

11. DIE ONS VADER-GEBED ........ 156

12. DIE LIEFDE VAN DIE VADER ........ 168

13. DIE VERBOND. GOD AS VADER VAN DIE HEIL ........ 183

14. VERHEERLIKING VAN EN DIENS AAN DIE VADER ........ 187

15. SORG VAN GOD DIE VADER ........ 188

16. DIE VADER VAN DIE GEKRUISIGDE EN OPGESTANE HERE ........ 189

17. DIE WIL VAN DIE VADER IN KRUISGEBEURE ........ 196

18. VADER, SEUN EN HEILIGE GEES ........ 199
19. GELOOF EN DIE VADER ........ 200
20. DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE VADER IN DIE SAKRAMENTE ........ 204
21. DIE VADER EN DIE OORDEEL ........ 205
22. DIE VADER VAN VERGIFNIS EN EWIGE LEWE IN JESUS CHRISTUS ........ 209
23. GOD DIE VADER, LIEFDE, DIE HEILIG GEES EN DIE SENDING ........ 210
BIBLIOGRAFIE ........ 212
INDEKS ........ 225

# VOORWOORD

Die Heilige Gees, as die Gees van Christus, bring die volheid van die heil in Christus na ons. Hy verheerlik Jesus Christus, Hy maak geloof moontlik en Hy vestig die kerk. Die Heilige Gees is daarom totaal uniek en wonderbaar. Dit is vir die sending essensieel om vanuit die Gees te lewe en so Jesus Christus as Here te erken. Daarmee saam hang natuurlik die getuienis dat die Vader oneindige liefde in sy Seun Jesus Christus betoon. Juis nou dat die teologie die tydsgees navolg, moet onomwonde in die krag van die Gees getuig word dat Jesus die Here is en dat die Vader die Vader van liefde is. Sentraal hierin staan die kruisdood en opstanding van Jesus Christus wat deur die Heilige Gees bevestig word. Daarmee word dikwels teen die stroom ingeswem, maar hierdie getuienis moet onomwonde gelewer word. Daarvan moet die sending steeds en meer en meer getuig.

My hartlike dank aan Mev. Ronel Ellis vir ure se tikwerk, Mev. Marie-Thérèse Murray vir bekwame taalversorging, Proff. Cas Vos en Bram van de Beek vir hul uiters waardevolle insette en Dr Henco van der Westhuizen vir sy hulp en raad. Dr Wessel Wessels het vriendelik gehelp met die navorsing en ook Ds Adrie Potgieter (Els) en Ds Bongani Ngesi. Ek is egter self verantwoordelik vir voorstelle en gevolgtrekkings asook vir alle foute.

Aan my vrou Ernéne Roalda, al my liefde en dank vir jare se ondersteuning. My kinders Wanda, my skoonseun Wilhelm Odendaal, en Frida en Pieter Lafras, baie dankie vir al julle bystand en liefde.

Dank ook aan Liezel Meintjies en SunBonani-uitgewers, vir die goedversorgde uitgawe.

Die finansiële steun van die Universiteit van die Vrystaat en die NNS (NRF) word hoog op prys gestel. Die Departement Praktiese en Missionale Teologie en die Fakulteit Teologie en Religie word opreg bedank vir volgehoue steun.

Aan die Vader, Seun en Heilige Gees al die eer. *Soli Deo Gloria*

**Pieter Verster**
*Desember 2020*



# 1.
# INLEIDING

Die persoon en werk van die Heilige Gees is vir die sending van beslissende belang. Nie alleen is die belydenis dat die Heilige Gees waarlik God en een van die Persone van die Drie-eenheid is nie, maar ook is die erkenning van sy werk in die kerk tot saligheid van baie onteenseglik wonderbaar. Dit is inderdaad die Heilige Gees wat die wedergeboorte en bekering in mense werk. Vir die sending is die soteriologiese werk van die Gees van groot belang. Die Heilige Gees as Gees van Christus maak juis die sending moontlik. Dit is die Gees wat die kerk opbou. Dit is die Gees wat Christus verheerlik. Die eenheid van die kerk word deur die Gees beklemtoon en gedra. Die Gees lei die kerk om betrokke te raak by die wêreld. Sending verkry vanuit hierdie werking van die Gees ook nuwe betekenis. Die Heilige Gees stuur daarom die kerk uit om as kerk van Jesus Christus die volheid van die belydenis dat Jesus waarlik die Redder van die wêreld is te verkondig, te bely en uit te dra.

Die gedeelte oor die Heilige Gees word opgevolg deur ook na die wonder van die liefde van die Vader te verwys. Die Vader se liefde word juis sigbaar deur die werk van die Heilige Gees in Jesus Christus. Die Vader bepaal deur sy liefde die kerk se werk. Die missionêre werk van die kerk word dus deur die Heilige Gees in Jesus Christus diens aan God die Vader. Die liefde van die Vader vir sondaarmense is dus sentraal in die missionêre teologie. Daarom vul die twee gedeeltes, naamlik dié oor die wonderbare Heilige Gees en dié oor die Vader van liefde mekaar aan. Voorheen is ’n volledige werk oor die missionêre betekenis van die Christologie geskryf naamlik, *Jesus Christus, Seun van God, ís ons versoening: ’n Missionêre Christologie.* Die huidige werk sluit daarby aan. Daarom word daar ’n Trinitariese missionêre teologie aangebied.

Wie is die Heilige Gees en hoe moet sy werk verstaan word? Moet die kosmologiese werk van die Heilige Gees beklemtoon word en kom dit so voor in die Bybel? Wat is die verhouding van die Gees en Christus en hoe

moet hierdie verhouding verstaan word? Openbaar die Gees sonde en hoe moet daarop gereageer word? Wat is die spesifieke betekenis van belydenis aangaande die Heilige Gees vir die sending? Hoe kom die volheid van die Gees se werking in die kerk tot stand? Die versoening met God is essensieel. Hoe bewerk die Gees juis hierdie versoening? Getuig die Ou en Nuwe Testament van die Persoon en werk van die Heilige Gees? Hoe getuig die Ou Testament oor die Heilige Gees se werk?

Die bedoeling van hierdie werk is om na te speur wat onder die Persoon en die unieke werk van die Heilige Gees verstaan word en wat die betekenis daarvan vir die sending is en ook die wonder van die liefde van God, die Vader. Die Heilige Gees as Gees van Christus maar ook Persoon in die Drie-eenheid is van essensiële belang wanneer oor die sending nagedink word. Die werk van die Heilige Gees word dikwels oppervlakkig verstaan wanneer dit in verband met die sending gebring word. Emosionele uitbarstings is nie die wyse waarop die Gees werk nie. Daar sal aangetoon moet word waarom dit nie so verstaan word nie. Die rol van die Heilige Gees in die kerk is ook van groot belang wanneer nagedink word oor die Gees en die sending. Hoe die Gees die kerk bemagtig om juis in die sending betrokke te raak, is van groot belang. Die vraag na die werk van die Heilige Gees buite die kerk is ook van belang vir die sending en moet verreken word. Is daar ook sprake van die kosmologiese werk van die Heilige Gees? Deurgaans sal begrippe soos sending, bekering, wedergeboorte, soteriologie en die kosmologiese werk van die Gees hanteer word. Om dit te doen, sal met gespreksgenote, veral diegene uit die gereformeerde teologiese wêreld, gesprek gevoer word (kyk veral na Hoofstuk 4).

In die Nuwe Testament word die Gees se diepe verhouding met Christus duidelik. Dit is dus noodsaaklik om na te gaan hoedat die Heilige Gees Christus verheerlik. Daardie noue verband moet nagespoor word om te bepaal of die Gees ook buite die kerk werk. Is daar sprake van die Gees se werking in ander godsdienste as die Gees die Gees van Christus is en hoedanig is daardie werking? Kan daar aangedui word dat die Gees ook heilbrengend werk ook in ander godsdienste? Die eenheid van die Heilige Gees en Christus is in die

opsig van groot belang. Die vraag is egter of dit insluit of uitsluit. Hiermee word vrae aan die orde gestel wat van groot belang vir die sending is.

Wat is die rol van die Heilige Gees in die eskatologie? Hierdie saak verdien ook besondere aandag. Berei die Gees slegs voor vir die ewigheid of is die Gees ook aktief werksaam in die koms van Christus? Hier sal ook verstaan moet word dat die begrip 'ewigheid' verskillend verstaan word. Gerealiseerde eskatologie sluit reeds aspekte van die heil in, maar daar moet ook 'n toekomstige aspek beklemtoon word. Die hier-en-nou is nie die finale antwoord nie.

Die benadering wat hier gevolg word om die Persoon en werk van die Heilige Gees én die Vader vir die sending te bepaal, is 'n teksgerigte benadering. Daar moet erken word dat verskeie benaderings wel die pneumatologie ook vanuit die ervaring hanteer, maar hier word die Bybelteks in al sy verbande as uitgangspunt geneem. Wanneer die algemene openbaring in ag geneem word, sal daar sekere ruimer aspekte wees wat hanteer moet word, maar alyd in die lig van die besondere Openbaring. Die teks word hoog geag. Daar is die gevaar om tekste aaneen te ryg, sonder om hul spesifieke betekenis binne die bepaalde verband waar dit voorkom in ag te neem. Die eksegetiese benadering is egter dat die teks altyd teen die agtergrond van die tyd waarbinne dit ontstaan het, ontleed moet word. Dit sal wel aanvaarbaar wees om na enkele tekste te verwys indien dit steeds vanuit die bepaalde agtergrond en genre beoordeel word deur ook na kommentare, Bybelse teologieë en sistematiese teologieë te verwys. Hier word veral beklemtoon dat die Heilige Gees juis die Skrif inspireer het sodat die *Sola Scriptura*-erkenning van essensiële belang is.

Hierdie werk is 'n missionêre teologie. Dit beteken dat daar met die teks op teologiese wyse omgegaan word. Bosch (1991:492) verduidelik volledig wat hy onder sending as teologie verstaan. Hy wys daarop dat daar 'n beweging van die teologie van sending na die missionêre teologie is. Sending is vroeër eng verstaan as eksklusief die red van siele of die uitbreiding van die kerk. Die vraag was inderdaad: "Hoe kan ons hierdie taak uitvoer?" Dit is egter beskou as iets wat bloot bygevoeg word. Bosch (1991:492-493) wys egter daarop dat daar teen die sesde dekade van die vorige eeu algemeen bevestig

is dat sending tot die essensie van die kerk behoort. Die kerk staan dus nie bloot teenoor die wêreld nie, maar word in die wêreld ingestuur ter wille van die wêreld. Sending word dus nie bloot as 'n aktiwiteit van die kerk beskou nie maar is die wese van die kerk (Bosch 1991:493). Dit beteken egter volgens Bosch dat die sending ook alle aspekte van die inkarnasie insluit en dat die Trinitariese sending dus ook meer as die kerk is (Bosch 1991:493). God het dus die hele wêreld lief. Alle aspekte van die verwonde mensdom moet dus verreken word (Bosch 1991:494). Teologisering beteken dus ook dat alle aspekte van die teologie sending as agenda moet bevat. Teologie moet altyd 'n dimensie van sending bevat maar daar moet ook die intensie wees om die spesifieke van sending deur te gee. Aanhoudend moet missiologie die teologiese dissiplines uitdaag om *theologia viatorum* te wees, naamlik om te reflekteer op die weg van die evangelie deur die wêreld. Dit moet altyd krities oor die eie interpretasies van die missiologie gedoen word, maar die geloofsperspektief bly ononderhandelbaar (Bosch 1991:496-497). Die aspek van *praxis* is egter ook van groot belang. Die huidige gevaar is dat konteks allesbepalend word. Daar moet gewaak word teen volledige subjektivisme. Dit bly egter essensieël om die konteks volledig te verreken (Bosch 1991:498).

'n Nuttige benadering van die teks is die teksvoorwaardes (afgelei van gespreksvoorwaardes) waar daar sprake is van *afleidings* wanneer geen teksvoorwaardes oortree word nie; maar *implikasies* wanneer daar wel oortreding van teksvoorwaardes is (Van Coller 2019:181). Dit hang saam met taalhandelinge. Daarin word aangedui dat implikasies ontstaan wanneer die gespreksvoorwaardes oortree word. Die uitgangspunt is dat kommunikasie altyd die minimum veronderstel. Wanneer daar meer as die minimum voorkom, ontstaan implikasies. Deur hierdie implikasies in kommunikasie en teks te ontleed, kan die teks beter verstaan word (Verster 2017:12). Van Coller sluit hierby aan. Van groot belang is ook die benadering dat die Skrif homself uitlê – *Sacra Scriptura sui ipsius interpres est.* Daar moet egter ook hermeneuties met die teks omgegaan word. Daarmee word die interpretasie van die teks in die nuwe verband bedoel. Verskeie aspekte speel 'n rol, maar essensieel is die vraag of die teks as woorde van

God geïnterpreteer word. Die inspirasie van die Skrif is ’n vooronderstelling. Wanneer tekste aaneengeskakel word, is die gevaar groot van biblisisme en fundamentalisme. Gedeeltes uit die Ou Testament sal dus byvoorbeeld anders oor die Gees/Ruach handel as gedeeltes in die Nuwe Testament en kan nie bloot aaneengeskakel word nie. Dit word oorkom deur na kommentare te verwys wat die gedeelte in sy verband oorweeg.

Teologies is ek van oortuiging dat ’n konfessionele benadering die huidige uitdagings die beste hanteer.[1] Daar is immers geen teologie wat neutraal kan

1 Venter (2020a:73) beklemtoon dat die belydenisskrifte essensiële waarhede uitdruk, maar is van mening dat die **metode** van konfessionele teologie nie die uitdagings van die nuwe situasie van virologie en die Vierde Nywerheidsrevolusie sou kan hanteer nie. Venter (2020a:73) skryf in die verband ten opsigte van die taak van teologie in die Vierde Nywerheidsrevolusie: “What has been suggested in this study – that the Christian faith has an inherent surplus of meaning – may eventually prove in need of revision. The possibility is quite real that changes might reveal the heuristic exhaustion of theology, that it might reach its limits of sense-making. Confessional theology, with its deductive reasoning and its propensity for closure, may hardly be equipped for future challenges. The reservoir of the meaning of the faith requires a corresponding theological imagination. One may argue that only a theology with a pronounced sense of adventure, openness and imagination would be able to cope, to participate, in the quest for sense-making.” Dit is net ’n beperkte verwysing in sy artikel na konfessionele teologie. Hy verwys wel na sy keuse vir ’n metode van teologie waar hy van ses elemente van ’n matriks gewag maak. Hier gee ek sy **alternatief** tot ’n ongekwalifiseerde deduktiewe metode. Hy wil juis vra na die ‘groot waarhede’ van die Christelike geloof, maar dit **hermeneuties en nie deduktief nie** aanwend: “Much of the fruitfulness of dialogue will depend on how the Christian vision is construed. The weakness of identifying individual texts or doctrines is that the integrated and comprehensive nature of the vision is lost. The following six elements form the matrix of such a coherent religious world: the reality of a personal triune God, the cosmos as creation, the human as *imago Dei*, the unique phenomenon of particularisation (in Israel and Jesus Christ), the possibility of transformation or a *novum*, and a teleological historical process. Serious qualifications should immediately be mentioned: This is the utter minimum, and each one of these elements has been subjected to diverging

staan nie. Gerig deur die klassieke konfessies in die gereformeerde wêreld kan teologie op die vraagstukke van die dag reflekteer. Die konfessies het immers diepgaande vrae van die tyd hanteer en vanuit hierdie hantering kan die nuwe eise hanteer word. Calvyn (*Inst.* 1:vi:i-1:xi:xvi) se hantering van die Skrif is in dié verband van groot belang. Nie alleen bevestig hy die waarheid van die openbaring in die Skrif nie, maar ook wys hy op die miskenning daarvan deur die ongelowige. Die Skrif spreek en deur die Woord word die waarheid bevestig. Hierdie waarheid van die Woord kan bely word. Wat is meer essensieel, ook vir vandag, as die vraag oor Christus se Godheid en die almag van God in Nicea? Die vertroosting van Dordt is ewe-eens volledig van toepassing op die nood en angs van die moderne mens. Natuurlik moet nuwe vrae en probleme vandaaruit benader word. Steeds moet die *Sola Scriptura*-

---

interpretations" (2020a:70). Sy klem val dus op 'n matriks en daarmee saam **hermeneutiek.** Hy is van mening dat wanneer mens met totaal nuwe uitdagings gekonfronteer word, soos die Vierde Nywerheidsrevolusie en COVID-19 (en die vraag na virologie) kan mens eenvoudig nie deduktief werk nie, want jy genereer nie nuwe kennis nie. Hy wil nie **polemiseer** oor konfessies en basiese geloofswaarhede soos die goddelikheid van Christus, ensovoorts nie. Hy soek na 'n *metode van teologisering*. Hy is van mening dat die **toets** vir 'n keuse van teologisering sou wees om te kyk hoe dit **probleem-oplossend** werk (Venter 2020b:s.p.). Daarin verskil ek van hom. Dit bly steeds belangrik om konfessionele teologie vanuit die belydenisskrifte te beoefen om sodoende in die eenheid van geloof juis op hierdie wyse die Skrif te laat spreek. Konfessionele teologie kom ook op uit die hart van die kerk. Dit is duidelik dat die deduktiewe metode waar die belydenis vanuit die Skrif afgelei word steeds essensieel vir die toelogie bly. Die verskil met Venter is egter nie oor die vraag of die Skrif nog spreek en relevant is nie. Dit erken hy. Die verskil handel oor die metode. Die uitdagings van die moderne tyd vereis nuwe denke en diepgaande besinning, maar dit kan juis deur die deduktiewe metode van belydenisteologie gedra word. Die Skrif bied juis so diepgaande antwoorde op die vraag na lewe en dood, menslikheid te midde van lyding, ewige lewe te midde van problematiese vrae oor God se beloftes. Daar moet gewaak word teen die huidige teologisering en daar moet gepoog word om juis nou die Skrif te laat spreek in die konfessionele benadering. Heyns en Jonker (1974:213) maak dit byvoorbeeld duidelik hoe die belydenisskrifte as *repetitio Sacrae Scripturae* juis belydenisteologie bevestig.

beginsel nagekom word, maar die diepgaande insigte van die konfessies sluit daarvoor deure oop.

Geen teologie is meer relevant in die huidige omstandighede as Vraag en Antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus nie. *Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar (f) my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).* Die worsteling van die belydenisskrifte met die antwoord van die Skrif op die vrae van die mens is juis die wyse waarop daar onder die huidige omstandighede ook met die uitdagings van die tyd omgegaan moet word. Ten opsigte van die Heilige Gees bely die Heidelbergse Kategismus diepgaande op Sondag 20 Vraag 53: *Wat glo jy van die Heilige Gees? Met die antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).*

Vanuit hierdie erkenning word ook aangetoon dat God bestaan en dat Hy Hom met die mens bemoei. Dit sluit die mens in die nuwe bestaan in die wêreld in. Sake soos die uitdagings wat gebied word deur die post-modernisme, dekolonisasie en die Vierde Nywerheidsrevolusie kom voor.[2] Die Skrif moet in hierdie wêreld spreek. Die belydenis van die *claritas* van die Skrif[3] is van belang. Die Skrif is nie so onduidelik dat dit nie gelees, verstaan

2 Van den Berg (2018; 2019) verwys na die wyse waarop op nuwe wyses oor God gedink word in sosiale media. Selfs ten opsigte van God word "getweet". Wanneer die algemene openbaring egter nie ten diepste bepaal word in die besondere openbaring nie, moet gevare daarin aangetoon word.

3 Veral Heyns (1978:18-36) skryf verhelderend oor die betekenis van die inspirasie en betekenis van die Skrif. Barth (1970:1) verset hom teen die teologiese

en begryp kan word nie. Te midde van al die uitdagings van interpretasie is die Skrif tog ook duidelik en nie so verhul dat die boodskap nie ook vir die huidige wêreld neergelê kan word nie. Ootmoed voor God is altyd van belang vir die eksegeet en hermeneut. Migliore (2004:53-63) wys verhelderend op beginsels waarvolgens die Skrif geïnterpreteer moet word, naamlik dat dit met historiese en literêre sensitiwiteit oorweeg moet word, maar weens die feit dat dit van die lewende God getuig, is dit nooit ʼn gevangene daarvan nie; dit moet teosentries oorweeg word, met inagneming van die groot narratief dat God Drie-enig, die God van Israel in Jesus Christus deur die Heilige Gees na ons kom; dit moet ekklesiologies geïnterpreteer word, binne die konteks van die lewe en getuienis van die kerk, sonder om ʼn slaaf van voorskrifte en hiërargie te word; dit moet ook kontekstueel geïnterpreteer word, sonder dat die konteks alles bepalend word en nie in ag geneem word dat die Skrif God se woorde is nie. Daar kan grootliks met Migliore saamgestem word. Die Skrif bly God se Woord in mensetaal, maar God spreek helder daarin en bly dit heilige en Goddelike woorde. Dit moet as uitgangspunt bely word.

Wat Ruach in die Ou Testament betref, moet gewaak word teen ʼn eenduidige verband met die Heilige Gees. Alhoewel sekere teoloë soos Jonker (1981:121-122) en Heyns (1978:294) van mening is dat daar duidelike sprake van die aanwesigheid van die Heilige Gees in die Ou Testament is, toon Vos aan dat verskeie Ou Testamentici aandui dat daar nog nie in die Ou Testament sodanige uitgewerkte begrip van die Heilige Gees is nie. In die Ou Testament word die Enige God gestel teenoor die afgode. Dit beteken nie dat die Drie-eenheid nie voorkom nie, maar dat God eers in die Nuwe

begronding van die algemene openbaring en wil net weet van die openbaring in Christus Jesus as enigste Woord van God. Sy benadering is egter kompleks. Die Gees speel ook ʼn beslissende rol by hom deurdat die Gees hier-en-nou die Skrif bly inspireer. Alhoewel die wonder van die openbaring Christus Jesus erken moet word, is die gevaar van Christomonisme egter steeds groot en moet dit afgewys word. Barth (1970:1) skryf: "According to Holy Scripture God's revelation takes place in the fact that God's Word became a man and that this man has become God's Word. The incarnation of the eternal Word, Jesus Christ, is God's revelation. In the reality of this event God proves that He is free to be our God."

Testament duidelik as sodanig openbaar word. Vos toon aan dat Ruach die werking van God is. Daarom is dit belangrik om nie Ruach in Genesis 1:2 direk met die Heilige Gees te verbind nie.

Vos beskryf die betekenis van die Gees (Ruach) in die Ou Testament op vier maniere. Die eerste is dat die monoteïstiese toonaard van die Ou Testament dit nie moontlik maak om die Gees as selfstandig of afsonderlik van God te beskou nie. Vos (1984:83) skryf daarom ten opsigte van die Ou Testament: "Daar is net één God (Deut. 6:4). Wanneer rûaḥ in verband met God gebruik word, bly dié begrip aan God verbonde en wel op so 'n manier dat dit God self is wat skeppend en onderhoudend optree."

Die tweede is die verhouding tussen die Gees (Ruach) en die Messias. JHWH stuur die Messias om sy taak te volvoer. Die Messias moet God se regsorde realiseer, die Messias bevestig dat God God is (die enigste godsbewys) en JHWH se heerskappy as koning is op Israel én die volke gerig. God rus die Messias met sy Gees toe om juis hierdie taak te volvoer (Vos 1984:94). In die Ou Testament is dit nog bedek, maar in die Nuwe Testament word die volle heerlikheid van die Messias in Christus openbaar (Vos 1984:95).

Die derde is dat die Gees die herskepping van God se volk moontlik maak. Dit vind plaas deur die "hart-grondige lewensherskepping" wat die Gees bewerk (Vos 1984:103). Die Gees skep egter ook hoop vir die volk in hul eksistensiële bestaan. Dit word ook kosmies verstaan.

Vos (1984:104) skryf vierdens ook dat herskeppende werk van die God ook 'n kosmiese reikwydte het: "Deur die herskeppende krag van die rûaḥ sal die heil van God die skepsel en die skepping omvat. Die paradys sal uiteindelik 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde word (vgl. Jes. 66:22)."

Vos wil dus nie van die Gees in die Ou Testament as hipostase van God praat nie, maar wel dat die Ruach God-in-aksie of God self aandui. Dit beteken egter nie dat, as daar nie van die Gees as Persoon sprake is in die Ou Testament nie, daar ook nie 'n verband met die Heilige Gees in die Nuwe Testament is nie en dat agtergrond van die Ou Testament tog sinvol in die Nuwe Testament verreken word (Vos 1984:107).

Verskeie teoloë stem met Vos saam. Hulle wys daarop dat die Gees in die Ou Testament nog nie as derde Persoon van die Drie-eenheid aangedui word nie.[4] Die Gees hang saam met God se kragtige werking. Die Gees het ook nie ’n eie persoonlikheid naas God nie.

Dumbrell (1974:10) verwys daarna dat die Gees in die mens werk en dat die Ou Testament die Gees se werking bevestig. Die Gees werk egter in die hart van die mens om die wet van God tuis te bring. Dit vind eers in die Nuwe Testament volledig plaas, maar God werk reeds in die Ou Testament in die hart van mense.[5]

---

4 Tribe (1936:268-269) skryf: “The spirit, then, has no personality of its own, but is a power emanating from God and operated by Him, whether in the sphere of nature or of supernature. There is thus no hint or foreshadowing of the doctrine of the third person of the Trinity. We have seen that there is in the Old Testament both a continuous regular development of the doctrine of the spirit and separate unconnected beliefs as to its power and working.” Hy dui wel aan dat bepaalde ontwikkelinge deur Paulus opgeneem word.

Burton (1914:77) sluit hierby aan: “… beginning undoubtedly as a term of physical or dynamic meaning, denoting wind, was already early in the literary period a religious term in the sense that it was used in connection with the idea of God to denote the invisible power by which he operated in the world, or for God himself as operative, but not for a hypostasis distinct from God.”

Davies (1966:134) bevestig dit: “The dominant description of the Spirit in the Old Testament is essentially a power as distinct from the ever increasing sense of the personality and person of the Spirit in the New Testament. Of course, in the Old Testament there is an approach to the personification of the Spirit as in Isaiah 63:10.”

5 Coxhead (2017:95) stel dit soos volg: “To summarize what has been argued above, the message of the OT, by recording the historical failure of Adam and Israel due to a limited cardionomographic work of the Spirit during the pre-Christian era, highlights the need for the internalization of the word of God in the human heart. In other words, the OT highlights the great need for the cardionomographic work of the Spirit on an international scale, and it looks forward to the time when this would take place, to the time of the new covenant, when God would write his law on the hearts of his people through his Spirit in a comprehensive and

Daar is egter ook diegene wat die werking van die Heilige Gees in die Ou Testament as die werk van die Heilige Gees soos in die Nuwe Testament verstaan. Daarvolgens word verstaan dat God deur die Heilige Gees mense reeds in die Ou Testament bemagtig.[6]

Dit is duidelik dat die Gees (Ruach) in die Ou Testament nie op dieselfde wyse openbaar word as die Heilige Gees in die Nuwe Testament nie. Daar is voortgaande openbaring in die Skrif waardeur die Heilige Gees as derde Persoon van die Drie-eenheid in die Nuwe Testament openbaar word. Dit beteken egter nie dat weinig of niks oor die Heilige Gees in die Ou Testament afgelei kan word nie. Dit is egter belangrik om telkens daardie gedeeltes wat oor die Gees handel binne die verband van die Ou Testament te lees en ook binne die verband van die bepaalde boek waar dit voorkom. Vanuit die eenheid van die Skrif kan wel lyne getrek word na die Nuwe Testament en huidige omstandighede. Die Gees in die Ou Testament het dus wel implikasies vir die pneumatologie, veral ten opsigte van die totale vernuwing wat die Gees bring. In die Nuwe Testament kry dit nuwe betekenis wanneer die Heilige Gees in Chistus die vernuwing bring.

---

ultimately complete way as an integral and vitally important component of the new covenant in Christ." Hy dui aan: "Cardionomography simply denotes the writing of the law in the heart."

6 Kaiser Jr (2010:309) verduidelik sy standpunt soos volg: "The indwelling presence of the Holy Spirit is defined as the abiding and on-go-ing work of the Holy Spirit of God, in which he resides within the believer to bless or to judge each, as determined by the standard of God's covenant and will. This is to be distinguished from God's omnipresence and his work in the physical realms, or even in his occasional presence when he was 'with' one such as Ishmael (Gen 21:20), which does not carry the full benefits of his presence as it did, for example, with Isaac (Gen 26:3), the person of promise. Once again, we must ask: If the regenerating work of the Holy Spirit enabled Old Testament persons to believe, as most appear to readily agree, how were these old covenant saints maintained and established in their faith if they were not indwelt by God's Spirit?" en: "We conclude, then, that the Holy Spirit did indwell Old Testament believers. The promise of the Spirit that was new was their incorporation into the universal Church, the Body of Christ" (Kaiser Jr 2010:315).

# 2.
# DIE SENDING[7]

Daar kan geen twyfel bestaan dat die ontwikkeling van die begrip *missio Dei*[8] deurslaggewend vir die sending is nie. Dat God die sending bepaal, is ononderhandelbaar. Wat hou die begrip in? In navolging van Karl Hartenstein en Karl Barth, word die klem gelê op die sendende God. As Drie-enige God is Hy die Here wat die sending bepaal (*missio Trinitatis*). Vanuit sy heerlikheid stuur Hy die boodskap van die evangelie in die wêreld in. Alhoewel daar verskeie wyses is waarop verlossing verstaan word, is daar tog die sterk aanduidings dat God die heil tydelik en ewiglik

7 Die begrip 'sending' word tans hewig gekritiseer. Veral die koloniale las wat daarop gelê word, maak die gebruik daarvan vir baie totaal onaanvaarbaar. Alhoewel daar wel kritiek moontlik is, is daar so 'n ongelooflike bydrae daardeur gemaak dat dit steeds erken moet word omdat dit die beste die volle reikwydte van die verkondiging en uitdra van die evangelie verwoord. Die woord 'getuienis' kan nie die volle reikwydte van die 'sending' verwoord nie. Wat meer is, is dat talle teologiese begrippe wat steeds gebruik word self onder verdenking geplaas kan word, soos byvoorbeeld Dogmatiek of Sistematiese Teologie en Praktiese Teologie. Sending sluit in die totale verkondiging van die evangelie wat die belofte van die ewige lewe bevestig. Dit is egter 'n holistiese benadering wat die totale mens insluit. Kyk ook Verster (2017:17-34).

8 Kyk Bosch (1991:389e.v.) waar hy verduidelik hoe die begrip deur Barth ontwikkel is, maar ook hoe daar afgewyk is van die oorspronklike bedoeling. Bosch (1991:390) beskryf die ware bedoeling daarvan soos volg: "Mission was understood as being derived from the very nature of God. It was put in the context of the doctrine of the Trinity, not of ecclesiology or soteriology. The classical doctrine on the *missio Dei* as God the Father sending the Son, and God the Father and the Son sending the Spirit was expanded to include yet another 'movement': Father, Son and Holy Spirit sending the church into the world."

bewerk. Vanuit sy liefde vir mense bring Hy heil. Die Vader stuur die Seun om juis die verlossing van die wêreld te bewerk (*missio Dei*). Die Seun en Heilige Gees stuur die kerk om die heil te bring (*missio ecclesiae*). Die mens word opgeroep om te deel in die wonder van die verlossing (*missio humanitatis*). Skreslet (2012:33) beklemtoon wel ook 'n ander aspek van sending wat spruit uit die *missio Dei* wat van groot belang is, naamlik die *shalom* of vrede wat God gee. Dit sluit die Messiaanse beloftes in die Ou Testament in, maar ook die kerk se taak onder die huidige omstandighede. Die Messiaanse beloftes moet ook binne konteks verstaan word. In die Ou Testament is dit nog gerig op die huidige wêreld, maar dit verkry nuwe betekenis wanneer dit in Christus vervul word. Daarvolgens moet aktief na God se vrede gesoek word. Bevans en Schroeder (2006:295e.v.) brei dit verder uit om na ses konstantes in sending te verwys, naamlik na 'n Christologie begrond in die Gees, 'n ekklesiologie van diens, 'n gerealiseerde eskatologie, holistiese verlossing, 'n positiewe antropologie en 'n kritiese maar ook positiewe beskouing oor kultuur. Hul inklusiewe, pluralistiese benadering tot die Christologie neem nie Jesus die Here se uniekheid genoeg in ag nie.

Die missionale kerk het dus ook die essensiële uitvloeisel van die *missio Dei* geword. deClaissé-Walford (2008:61e.v.) verduidelik hoe die holistiese bediening van die missionale kerk daar uitsien. Temidde van 'n postmoderne wêreld is daar sekere uitgangspunte wat hy vaslê, naamlik lof aan God, danksegging, waarheid, diens aan die gemeenskap vanuit die teenwoordigheid in plek en ruimte, priesterskap, gemeenskaplike verantwoordelikheid en hoop. Volgens hom is die post-Christendom gemeente een wat sentrifugaal optree en fokus op die gemeenskap om deur die Heilige Gees daarin te werk (deClaissé-Walford 2008:70). In hierdie verband het daar verdere ontwikkeling by Goheen (2002; 2016), Gorman (2015), Guder (2015) en Flemming (2015) voorgekom. Terwyl daar steeds erns met die Bybelse teks gemaak word, is daar ook 'n ruimer verstaan

van die begronding van die sending. Hierdie ruimer verstaan wil veral die benadering tot die kerk en sending verstaan as missionaal. Die missionale kerk word as uitdrukking van die sending voorgehou. Daarmee word bedoel dat die kerk in haar wese missionaal is en dat die sending nie aan die kerk toegevoeg word nie. Die missionale kerk word egter nie in die tradisionele sin as missionêr beskou nie. Goheen (2002:482-483) wys byvoorbeeld daarop dat die kerk in navolging van Bosch as alternatiewe gemeenskap beskou moet word. Wat volgens hom veral van belang is, is dat die verstaan van sending as die uitreik van die "Christendom" van die Weste na ander agterhaal is en dat daar nuwe wyses van bediening van die kerk moet wees. Die begrip van die kerk as missionaal wil dus, anders as die tradisionele kerk van die Christendom, die kerk nuut verstaan. Goheen (2016:21e.v.) verstaan sending nie net as die taak van enkele persone nie maar as die volledige taak van God se mense om die hele wêreld te vernuwe. So word deelgeneem in God se storie. Vir hom gaan dit ten diepste op heil vir die hele wêreld, nie slegs vir God se mense nie. Hulle moet 'n seën vir die wêreld wees. Die Bybel moet volgens hom missionaal gelees word om die kerk vry te maak om juis ook vernuwend op te tree (Goheen 2016:27). Gorman (2015:257) toon aan dat die boodskap van Paulus oor sending juis ook geregtigheid vir die hele wêreld insluit. Die regverdiging is dus nie net 'n geestelike vernuwing nie maar sluit ook die noodsaaklike taak om in die wêreld reg te laat geskied in. Volgens hom is dit 'n verenging van die boodskap van heil indien dit nie die totale geregtigheid van alle mense en die hele skepping insluit nie. Guder (2015:40e.v.) wys ook die gedagte van "Christendom" af en wys op die groot verdeling in die Westerse Christendom wat op die hele wêreld waar die sending voorgekom het, oorgedra is. Die *missio Dei* is die weg waarop die misterie, vryheid en pluralisme van die evangelie volgens hom uitgedra moet word. Ook Flemming (2015:xviiie.v., 14e.v.) wat erns met die Skrif wil maak, dui aan dat sending ook ruim verstaan moet word om die totale heil vir die skepping in te sluit.

Niemandt (2013) hanteer die vraag hoe daar oor die missiologie gedink moet word in die lig van die dokument van die WCC: *Together towards life – Mission*

*and evangelism in changing landscapes* en verwys daarna dat die missiologie volledig erns daarmee moet maak. Niemandt (2013:83) vermeld dat die nuwe benadering nuut dink oor die Christelike sending met die begronding in die Drie-enige God om dan ook die volledige koninkryk van God uit te dra en te bevestig. Dit wil ook ’n ekumeniese dokument wees wat alle kerke oproep om in die Heilige Gees vernuwend te werk. Sentraal staan die *missio Dei* in die regering van God. Alle mense word uitgenooi na lewe met God (Niemandt 2013:87). Hier word veral gewys na die betekenis van die Heilige Gees vir die *missio Dei* om te verstaan waar die Gees reeds werk en om saam daarin te werk. Die universele werk van die Gees word beklemtoon (Niemandt 2013:89). Juis ook in die skepping en kosmos is die werk van die Gees sigbaar. Die Trinitariese element word sterk beklemtoon maar ook die handelinge van die Gees wat beteken dat die sending lewegewend is met die klem op geregtigheid en nuwe lewe vir die gemarginaliseerdes (Niemandt 2013:93). Die spanning tussen God se optrede en menslike verantwoordelikheid word opgelos deur die Gees se Trinitariese optrede maar ook deur die gemarginaliseerdes te bemagtig. God se sending begin met die daad van skepping en daarmee word ’n uiters belangrike saak vooropgestel: die kosmologiese werk van die Gees en die geestelike aspek van die skepping. Die holistiese benadering is dus van groot belang en die hele skepping word bedien. Eco-geregtigheid kom dus ook na vore (Niemandt 2013:95). Alle lewe is dus hiervolgens belangrik. Die kerk word in die sentrum van die missionale bestaan geplaas (Niemandt 2013:96). Niemandt (2013:99) sluit af deur te vermeld dat die teologie wat vanuit die dokument na vore kom juis die armes en gemarginaliseerdes wil bereik en die mure wil afbreek wat verdeel, dehumaniseer, diskrimineer, verwerp en uitsluit.

Die begrip ‘missionale kerk’ is dus tans die heersende benadering ten opsigte van die kerk in die sending. Niemandt (2012:2e.v.) dui aan hoedat die beginsels van die missionale kerk tans die sending bepaal. Daar is opnuut belangstelling in die sending juis daarin dat die kerk self as missionale gemeenskap daarby betrokke is. Hy lê baie klem op die relasionele aspek van die Triniteit wat ook die sending bepaal. Hierin speel die Heilige Gees ’n

belangrike rol.[9] Die *missio Dei* en missionale kerk het die implikasie dat God in sy beweging na die wêreld universeel werk. Daarmee sou geen probleem wees nie. Die universele werk van God is sigbaar in die uitleg in die Skrif en moet beklemtoon word. Die vraag wat egter gevra moet word, is of hierdie universele werk universalisme beteken. Jonker (2008:64) het aangetoon dat die Barthiaanse uitgangspunt van die universalisme by vele voorstanders van die *missio Dei* voorkom wat problematies in die lig van die Skrif is. Barth benader egter wel die universele heil vanuit Jesus Christus self. Daar moet egter verwys word na byvoorbeeld Johannes waar van die oordeel van God gepraat word. Die intensiewe vraag wat gevra moet word, is of die begrippe *missio Dei* en die missionale kerk klakkeloos nagevolg kan word, en of daar nie intensief gevra moet word na die betekenis van die aard van die *missio Dei* nie. In die sending word die beweging van God na die wêreld van die allergrootste belang. God se beweging na die wêreld is inderdaad sy heilsvolle toetrede tot die wêreld waar die heil en die verlossing na vore kom.

Natuurlik moet die tradisionele begrip van kerk van die "Christendom" kritiseer word en is daar verskeie mooi aspekte aan die missionale beweging, maar daar moet verskil word van bepaalde elemente daarvan. Ten diepste bly die sending die verkondiging in woord en daad dat Jesus Christus die enigste Here is wat mense in die diepste duisternis van sonde deur die Heilige Gees tot lof van die Vader van liefde wil lei tot nuwe lewe en die ewige lewe. Dat daar hemelse heerlikheid vir gelowiges na die dood wag, is oorvloedig duidelik in 2 Korintiërs 5:1-10 (kyk Verster 2016) en Johannes 14:1-14 en dat dit aan die hele wêreld verkondig moet word ewe-eens. Dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God as jy nie in Christus is nie is ook waar (Hebreërs 10:31). Dit is egter juis die betekenis van die kruisdood van Jesus Christus. Hy wil deur die Heilige Gees radikale verlossing bewerk.

9 Niemandt (2012:2) skryf: "The Spirit is transforming God's creation so that God's new dispensation and kingdom can continue to break through. The missional church is about congregations in this transformational field of power created by the Spirit."

Daarin is daar hoop vir almal. Hierdie uitgangspunt word beter uitgedruk deur die begrip ‘missionêr’.

Bavinck (1960/1979:62) beklemtoon reeds dan uitdruklik dat die sending inderdaad sy begronding vind in God se ongelooflike genadige toewending tot die mens in Jesus Christus. Daar kan volgens hom geen ander begronding wees nie. Van Engen (1996:26-27) gee ook ’n duidelike definisie van sending. Sending is vir hom die doelbewuste oorsteek van grense deur die mense van God; van kerk na nie-kerk en geloof na ongeloof om met woord en daad die groot wonder van die koms van God se koninkryk in Jesus Christus aan te kondig. Versoening is verder vir hom ’n besliste element van sending deur die deelname van die kerk aan God se sending. Daardie versoening sluit versoening met God, hulself, hul medemens en die wêreld in. In die kerk word mense bymekaargebring deur bekering en geloof in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Daardeur word die wêreld vernuwe. Die kerk is ook ’n teken van die koms van die koninkryk van God in Jesus Christus.

Dit is dus God wat op ’n unieke wyse die verlossing in Christus meebring, maar aan die ander kant moet ook verstaan word dat hierdie beweging van God na die wêreld nie universalisme insluit nie. God se heilsvolle beweging na die wêreld roep ook op tot bekering en verandering en die Heilige Gees werk die wedergeboorte en die bekering. Dit beteken egter nie dat daar universeel verandering sal kom en dat alle mense op universalistiese wyse gered sal word nie.

In hierdie verband kan na Johannes 6:37 verwys word: “*Elkeen wat die Vader vir my gee, sal na My toe kom en ek sal hom wat na My toe kom nooit verwerp nie. Ek het van die hemel afgekom nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het dat ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan. Dit is die wil van die Vader dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê, en ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.*”

Baie duidelik is hier die spanning wat kom tussen diegene wat glo en die wat nie glo nie. Onmiddellik is hier egter in Johannes 6 sommige Jode wat gesê het: Wie is Hy dan om sulke dinge te kan sê, dat Hy die brood van die hemel is, en dan antwoord Jesus in Johannes 6:53-58: "*Maar Jesus sê vir hulle, dit verseker ek julle, dat as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. My liggaam is die ware voedsel en my bloed is die ware drank. Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in my en ek in hom. Soos die lewende Vader my gestuur het, en ek deur Hom lewe, sal hy wat my eet ook deur my lewe. Hierdie brood is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe.*"

En verder sien ons hoedat Jesus baie uitdruklik sê dat elkeen wat die sonde doen, 'n slaaf van die sonde is.

In Johannes 8:34 word dit verder uitgebou: "*Toe sê Jesus vir hulle, dit verseker ek julle, elkeen wat sonde doen is 'n slaaf van die sonde. 'n Slaaf bly nie altyd by 'n huisgesin nie, 'n seun bly vir altyd. Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees. Ek weet julle is die nageslag van Abraham, maar julle wil my doodmaak omdat my woorde nie ingang by julle vind nie. Ek praat oor wat ek by my Vader gesien het, en julle doen wat julle by die Vader gehoor het. Hulle het vir hom gesê: Ons vader is Abraham. Daarop sê Jesus vir hulle: As julle kinders van Abraham was, sou julle doen wat Abraham gedoen het, maar nou wil julle my doodmaak, vir my wat die waarheid wat ek by God gehoor het aan julle verkondig. Dit is nie wat Abraham gedoen het, julle doen wat julle Vader gedoen het. Hulle sê toe vir Hom, ons is nie uit owerspel gebore nie, ons is net een Vader naamlik God. Maar Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle my liefhê, want ek het van God af gekom en hier is ek nou. ... Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God, juis daarom luister julle nie omdat julle nie kinders van God is nie.*"

En dan sluit Jesus dit af deur te sê dat Abraham sy dag gesien het en daaroor bly was, en dan sê Jesus vir hulle uitdruklik dat die geloof in Hom die wyse is waarop die heil dan verwerklik sal word. Ten opsigte van hierdie heil, kan

daar dan dus sonde gepleeg word, waar Christus so totaal verwerp word, en die oortuiging van die heilige Gees volhardend teëgegaan word dat daar aan die einde gesê moet word dat die werk van Christus nie erken word nie. En dit sal dan uiteindelik beteken dat Christus se heerlikheid nie in volheid betekenisvol erken word nie. Die uitgangspunt moet wees dat Jesus te alle tye geëer word. Die tydsgees mag nooit bepalend wees nie.

Kim (2008:189) lewer ’n belangrike bydrae tot die pneumatologie en die sending. Daar kan beide aansluiting by haar en verskil van mening met haar wees. Sy is van mening dat daar begrip moet wees vir die verskeidenheid van bonatuurlike entiteite en geeste wat in die wêreld voorkom, wat óf as werklikhede beskou word óf as metafore van sosio-ekonomiese magte. Sy wil waak teen volledige verwerping van die oortuigings van ander tradisies. Verdraagsaamheid wat vanuit die beginsel van gasvryheid benader word, kan volgens haar lei tot ’n ruimer verstaan van die geesteswêreld en die werk van die Heilige Gees. Die geeste sal egter vanuit die Gees van Christus self benader moet word, maar volgens haar sal daar nie ’n noodwendige verwerping daarvan moet wees nie maar sal daar die bereidwilligheid moet wees om saam die werklikheid van die geesteswêreld te benader. Daar sal ook volgens haar nie noodwendige insluiting van andere met hul eie benaderings binne die Christelike oortuiging moet wees nie maar daar sal ruimte vir mekaar moet wees. Daar moet saamgeleef word vanuit die Gees van Christus.

Kim (2000:177) kritiseer Bosch dan ook juis omdat sy meen sy pneumatologie is té Christus-gesentreerd en ook kerkgebonde. Daar is volgens haar ’n gebrek aan begrip by hom vir die ware post-moderne benadering tot die Gees. Sy meen dus dat daar meer begrip vir feministiese en ekologiese benaderings moet wees. Ander geeste sal ook erken moet word om ook te verstaan dat dit nie net om die Gees van die sending gaan nie maar ook om die sending van die Gees.

Daar moet aangetoon word dat die Heilige Gees as Gees van Christus radikaal anders as die ander geeste van die religieë is. Die noue verband tussen Christus en die Heilige Gees sal deurgaans aangetoon word. Daardie

unieke verband beteken ook dat die Heilige Gees totaal anders as die ander geeste is. Die sending sal dit juis moet beklemtoon.

In hierdie opsig moet kritiek uitgespreek word teen die huidige klem op "lived religion". Hermans (2014:122) toon aan dat dit 'n breëre verstaan van religiositeit insluit. Die Christen moet dus nie sy/haar verstaan afdruk op ander nie, maar moet bewus wees van die moontlikheid om die heil ook op verskeie wyses van bestaan te beleef. Gesonde religiositeit beteken daarvolgens dat ruim erkenning aan hierdie ander moontlikhede gegee word. Ook Ganzevoort en Roeland (2014:96) het 'n ruim verstaan van "lived religion" en is van mening dat die begrip "religion" self ruim verstaan moet word en dat dit deur die persoon self bepaal word. Deurgaans sal aangetoon word dat die Heilige Gees die feit dat Jesus die Here is, beklemtoon.

Schnabel (2004b:1509) dui uitdruklik aan dat die vroeë sending, soos ook in die Johannes-evangelie, verstaan is as die uitleef van egte geloof in Jesus Christus. Dit lei daartoe dat die gemeenskap van die geloof besef dat die sending nooit voltooi is nie en sal voortgaan tot die Vader sy doel bereik het en die Seun deur die gesag van Jesus en die dissipels bely word. In die tweede plek sou egte geloof beteken dat daar 'n erkenning van die sendinggeloof wat afhanklik is van Jesus en op God vertrou, moet wees. Daar sal egter nie net kwantitatiewe uitbreiding wees nie. Die verwysing na die feit dat gelowiges groter werke as Jesus sal doen, kan miskien 'n kwantitatiewe element hê, maar die groot gedagte is dat die groter werke van die geloof in die lig van Jesus se sterfte en opstanding gedoen word. Dit is altyd Jesus self wat die groter werke deur gelowiges doen. Inderdaad kan wonderwerke in die derde plek plaasvind in die gemeenskap van die geloof, maar dit is Jesus self wat deur die roeping die wonderwerke en die tekens wat deur Hom kom, bevestig word.

Schnabel (2004b:1577) wys daarop dat die kerk nie vir die kerk self bestaan nie, maar dat die kerk vir die wêreld bestaan, en dat die kerk nie van die wêreld moet word nie, maar dat dit sy eie roeping moet nakom en as kerk moet bestaan. As die kerk sy eie bestaan verloor, is dit nie meer 'n lig vir

die wêreld rondom hom nie en kan daar nie meer ’n duidelike boodskap deurgegee word nie. Die kerk moet steeds, vanuit die bron van die Bybel, die lig van die evangelie uitdra. Schnabel (2004b:1585) skryf dat die boodskap van die vroeë Christene eksklusief was in die sin dat hulle gepraat het oor vergifnis van sonde, redding en regverdigmaking in die laaste oordeel deur die geloof in Jesus Christus die gekruisigde en opgestane Messias, maar dat dit dan ook in sekere opsigte inklusief is in verband met die feit dat mense van alle nasies, volke en tale uitgeroep en genooi word om in Jesus Christus te glo (Schnabel 2004b:1586). Schnabel (2004b:1588) verwys daarna dat die boek Handelinge nooit ’n einde sal hê so lank as wat die kerk moet voortgaan om die boodskap te verkondig dat Jesus die Here is totdat Hy kom nie en die nuwe lied gesing sal word (Op. 5:9) totdat die finale verlossing sal kom en die wonder van die Lam verkondig word.

Kritzinger (Klippies) (2008:764) wil egter ’n benadering in die sending volg waar veel meer oorweging aan ontmoeting tussen die verskillende geloofsoortuigings en godsdienste gegee word. Hy noem dit “encounterology”.[10] In hierdie verband verwys hy na wyses waarop die ontmoeting kan plaasvind. Onder ontmoeting (“encounterology”) verstaan Kritzinger (2008:771-772) dat aandag aan sekere sake gegee word, naamlik:

a) Wese (“Agency”): Wie jy is.

b) Konteks analise (“Context analysis”): Wat is die sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele faktore wat die ontmoeting bepaal?

c) Kerklike analise (“Ecclesial analysis”): Wat was en is die optrede van die Christelike geloofsgemeenskappe teenoor ander?

d) Teologiese refleksie (“Theological reflection”): Hoe die Bybel in die lig van bogenoemde interpreteer word.

10 Kritzinger (2008:788) vat sy standpunt soos volg saam: “Along this journey of faith a missiology may emerge that will be encounterology: A critical and creative reflection on the encounters between the people of the Way and the people of other ways – arising out of encounters and nurturing ever more authentic and transformative encounters – on our way into the fullness of the Reign of God.”

e) Spiritualiteit ("Spirituality"): Watter spiritualiteit word gevolg?

f) Praktiese projekte ("Practical projects"): Watter projekte word in verhouding met ander geloofsoortuigings aangepak?

g) Refleksie ("Reflexivity"): Hoe word al bogenoemde heeltyd geïntegreer?

Teologies is dit moontlik om in enkele opsigte van Kritzinger te verskil. Daar moet beklemtoon word dat die Evangelie 'n uiters unieke boodskap van die verlossing in Jesus Christus is en aan die hele mensdom voorgehou moet word. Verskeie van die sake wat Kritzinger voorhou, is van belang, maar die essensie van die belydenis dat Jesus die enigste Here is, mag nie prysgegee word nie. Hierdie belydenis moet steeds in groot nederigheid, liefde en diensbaarheid gedoen word. Nooit sal ander benader word uit 'n gesindheid van hoogmoed, eiewaan of selfregverdiging nie. Dit sal in volslae afhanklikheid van God alleen erken word.

Wat is nou die wyse waarop sending in hierdie werk verstaan word?

Sending is die handeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat in Jesus Christus heil en verlossing vir mense en die wêreld bring. Dit is die verkondiging dat Jesus die ware Here is en dat Hy as Here erken moet word en dat Hy deur die Heilige Gees mense uit die duisternis lei tot God se wonderbare lig sodat hulle in hierdie lewe die volheid van die lewe ervaar, maar ook die ewige lewe beërwe omdat hulle in Jesus Christus meer as oorwinnaars is. Die kerk deel in die handelinge van God. Sending is lewe vanuit hierdie belydenis sodat die kerk deur die Heilige Gees in liefde dien, help en seën in verwagting op die ewigheid.

Hoe werk die Heilige Gees in hierdie verband? Daar moet nou in diepte na hoofsake van die pneumatologie en die implikasies daarvan vir die sending en kerk gekyk word.

# 3.
# DIE HEILIGE GEES AS VOORSPRAAK

## 3.1 Eksegetiese benadering

Daar moet met een van die mees essensiële tekste oor die Heilige Gees en die sending begin word.

Johannes 16:[11]

---

11 [7] ἀλλ’ ἐγὼ τὴν ἀλήθειαν λέγω ὑμῖν,
συμφέρει ὑμῖν ἵνα ἐγὼ ἀπέλθω.
ἐὰν [c]γὰρ μὴ ἀπέλθω,
ὁ παράκλητος [d]οὐ
μὴ ἔλθῃ πρὸς ὑμᾶς·
ἐὰν δὲ πορευθῶ,
πέμψω αὐτὸν πρὸς ὑμᾶς.
[8] καὶ ἐλθὼν ἐκεῖνος
ἐλέγξει τὸν κόσμον περὶ ἁμαρτίας
καὶ περὶ δικαιοσύνης
καὶ περὶ κρίσεως·
[9] περὶ ἁμαρτίας μέν,
ὅτι οὐ πιστεύουσιν εἰς ἐμέ·
[10] περὶ δικαιοσύνης δέ,
ὅτι πρὸς τὸν [e]πατέρα ὑπάγω καὶ οὐκέτι θεωρεῖτέ με·
[11] περὶ δὲ κρίσεως,
ὅτι ὁ ἄρχων τοῦ κόσμου τούτου κέκριται.
[12] Ἔτι πολλὰ ἔχω [f]ὑμῖν λέγειν,
ἀλλ’ οὐ δύνασθε βαστάζειν ἄρτι·
[13] ὅταν δὲ ἔλθῃ ἐκεῖνος, τὸ πνεῦμα τῆς ἀληθείας,
ὁδηγήσει ὑμᾶς [g]ἐν τῇ ἀληθείᾳ πάσῃ,
οὐ γὰρ λαλήσει ἀφ’ ἑαυτοῦ,
ἀλλ’ ὅσα [h]ἀκούσει λαλήσει,
καὶ τὰ ἐρχόμενα ἀναγγελεῖ ὑμῖν.

"[7] *Tog sê Ek vir julle die waarheid:*
*Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan,*
*want as Ek nie weggaan nie,*
*sal die Voorspraak, die Heilige Gees,*
*nie na julle toe kom nie;*
*maar as Ek gaan,*
*sal Ek Hom na julle toe stuur.*
[8] *En wanneer Hy kom,*
*sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde,*
*en dat die reg aan my kant is,*
*en dat die oordeel al gekom het.*
[9] *Die wêreld is skuldig aan sonde,*
*want die wêreld glo nie in My nie;*
[10] *die reg is aan my kant,*
*want Ek gaan na die Vader toe,*
*en julle sal My nie meer sien nie;*
[11] *die oordeel het al gekom,*
*want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel.*
[12] *"Ek het nog baie dinge om vir julle te sê,*
*maar julle sal dit nie nou kan begryp nie.*
[13] *Wanneer Hy kom,*
*die Gees van die waarheid,*
*sal Hy julle in die hele waarheid lei.*
*Wat Hy sal sê,*
*sal nie van Homself kom nie:*
*Hy sal net sê wat Hy hoor,*
*en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.*
[14] *Hy sal My verheerlik,*
*want wat Hy van My ontvang,*
*sal Hy aan julle verkondig.*

---

[14] ἐκεῖνος ἐμὲ δοξάσει,
ὅτι ἐκ τοῦ ἐμοῦ λήμψεται
καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν.
[15] πάντα ὅσα ἔχει ὁ πατὴρ
ἐμά ἐστιν·διὰ τοῦτο εἶπον
ὅτι ἐκ τοῦ ἐμοῦ λαμβάνει
καὶ ἀναγγελεῖ ὑμῖν.

---

SBL Greek New Testament (SBLGNT) deurgaans.

15 *Alles wat aan die Vader behoort,*
*behoort ook aan My;*
*daarom dat Ek gesê het:*
*Wat Hy van My ontvang,*
*sal Hy aan julle verkondig."*[12]

Die vraag moet gestel word: Watter implikasies kom voor, soos deur Van Coller (2019:181) voorgestel? Telkemale kom daar herhaling voor met die oortreding van die gespreksvoorwaarde van ekonomie. "Waarheid", "weggaan", "stuur" en "na julle kom", en die sinsnedes oor die "sonde", "reg" en "oordeel" word herhaal. Die implikasies is dat die Heilige Gees, die Parakleet, die besondere rol speel om Christus se werk te voltooi en die betekenis daarvan deur te gee. Die herhaling daarvan het die implikasie dat die betekenis van die werk van Jesus Christus sterk deurgegee word. Die Heilige Gees kom juis om Jesus wat weggaan, te verheerlik. Die opbou van die gedeelte bevestig dit deurgaans.

Ook wat die aktante betref, is dit duidelik dat die klem op Jesus self, die Heilige Gees en die Vader en die dissipels val. Die intertrinitariese betekenis daarvan is dat die Gees Jesus verheerlik in sy werk wat voortgesit word en dat die Vader die Seun ontvang as die Een wat die verlossing bewerk het. Die Vader en Seun het ook daardie wonderbare verhouding wat deur die Gees bevestig word. Juis daarom sal die Gees die dinge wat Hy van Christus ontvang, deurgee. Die begrip 'waarheid' speel 'n beslissende rol. Die Gees is die Gees van die waarheid en sal in die hele waarheid lei. So word die Gees aan die lewende waarheid van die lewende Christus verbind. Daarom sal die Gees ook vir Christus verheerlik. Die noue verhouding tussen Christus en die Gees word dus hier uitgedruk. Die Parakleet is die Gees van die waarheid en verheerlik Christus wat die weg, die waarheid en die lewe is (Joh. 14:6). Die Parakleet sal van die Vader gestuur word en dit korrespondeer soos die Seun gestuur is. Die Parakleet sal van Jesus getuig (Beasley-Murray

12 Die Bybel 1983 Afrikaanse vertaling deurgaans.

1999:272). Saam met die dissipels getuig die Parakleet dat Jesus die Lig en die Waarheid is.[13]

Die Johannes-evangelie het, volgens Brown (1975:cxxvi), 'n duidelike verband met die ander evangelies, al word spesifiek sake aangeraak op 'n eiesoortige wyse. Veral die ekklesiologie, sakramente, eskatologie en wysheid het by Johannes 'n bepaalde eiesoortige aksent. Hy gee uitdrukking aan sy verstaan van hierdie sake op eie unieke wyse. In die lig van die vervolging van die Christene is die rol van die Parakleet, die Heilige Gees, van groot belang. Hy sal die wêreld se sonde aan die lig bring (Brown 1972:698). Ook Barrett (1976:5) is van mening dat Johannes in sy evangelie die geskiedenis van Jesus sentraal stel met die bedoeling om geloof in Jesus te bevestig. Dit word neergeskryf sodat mense tot geloof kan kom.[14] DeSilva (2004:391) beklemtoon dat die Johannes-evangelie veral die boodskap van Bo uitwys en

13 Beasly-Murray (1999:272) bevestig dit: "The witness of the Spirit, conjoined with that of the disciples, is to bring to light the truth of the revelation of Jesus in his word and deed, and death and resurrection; it takes place with and through the witness of the disciples to Jesus in the Gospel. Clearly this witness of the Paraclete is not a phenomenon apart from that of the disciples, but inseparably associated with it."

14 Barrett (1976:5) skryf in die verband: "It is of fundamental importance to John that Jesus did in fact live and die and rise from the dead; but he uses the material in his gospel so that men may recognize their relation to God in Jesus, rather than to convey interesting information about him."

Kyk ook Tenney (1981:logos): "A very important body of teaching on the person and functions of the Holy Spirit appears in Jesus' farewell discourse to the disciples (John 14:25-26; 15:26; 16:7-15). His intermediary relation between Christ and the believer and his functional relation to God, the believer, and the world are plainly defined. Perhaps the greatest theological contribution of the Gospel is a full discussion and demonstration of the nature of belief. Both by definition and by example its essence is described. Belief is equated with receiving (1:12), following (1:40), drinking (fig., 4:13), responding (4:51), eating (fig., 6:57), accepting (6:60, lit. 'hear'), worship (9:38), obeying (11:39-41), and commitment (12:10-11). The lives of those who 'believed' show both the method and result of their faith.

ʼn besondere geestelike karakter aan die evangelie gee. Hy wil die boodskap dat Jesus die Here is, verdiep (2004:403). Die Heilige Gees word nie alleen aangedui as die Een wat die wedergeboorte werk deur Jesus self nie, maar is ook die een wat Jesus verheerlik en aandui as die Regverdige (2004:433). Joubert (2007) verwys daarna hoedat metafore deur Johannes aangewend word om die betekenis van die Heilige Gees as Parakleet uit te druk. Die metafore van die duif, water en wind word gebruik. Wat die duif betref, wys Joubert (2007:18) daarop dat eienskappe soos sagtheid, suiwerheid, onskuld, grasie, teerheid, vrede en rustigheid as metaforiese eienskappe van die Parakleet aangedui word. Die vrug van die Gees hang saam met die metafoor van die duif. Ook wat die metafore water en wind betref, wys Joubert (2007:18e.v.) daarop dat die spesifieke eienskappe van die Parakleet beklemtoon word. Die verwysing na Joël is in hierdie verband ook van belang. Soos die wind is die werking van die Gees ook waarneembaar. Wind was geheel onvoorspelbaar in die antieke tyd, so ook God se soewereine werking. Die wedergeboorte deur die Gees is ook misterieus en selfstandig soos die wind. Die Parakleet-Gees is outonoom en daar kan nie aan die gees voorgeskryf word nie of ontvang word op die mense se voorkeure nie (Joubert 2007:98). Daar word dus nuut begin wanneer die Gees soos die wind vernuwing deur die wedergeboorte wek.

Johannes 16:7: "*Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.*"[15]

---

15 Keener (2003:1029-1030) verduidelik dit soos volg: "The Paraclete is better for them than Jesus in the flesh would have been (16:7) because he represents Jesus dynamically to the world in each hostile situation. Jesus had also challenged the world concerning sin, righteousness, and judgment, and the prophetic Spirit, proclaiming the same Jesus through his community, would continue the challenge. This continuity between the two should not be understood as identity, as in the docetic reading of John, nor even to imply that the Spirit cannot bring new teachings; the Spirit will say some new things (16:12-13) but in continuity with Jesus' revelation. But it does mean that Jesus himself is present in the Spirit, though only those in his community recognize his presence."

Johannes 16:13: "*Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.*"[16]

Die sending kan nie verstaan word anders as om die drieledige werk van die Heilige Gees te beklemtoon nie, naamlik om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel.[17] Die oortuiging van sonde is essensieel in die sending. Maar wat word aangedui? Sonde is juis om nie in Christus te glo nie. Vir die sending is dit dus van ongelooflike belang om mense tot geloof in Jesus Christus op te roep, wat natuurlik slegs deur die Heilige Gees gewerk kan word. Uiteraard word sonde ook breër uitgewerk in die res van die Skrif, maar hier word dit uitdruklik so aangedui. Verder is dit duidelik dat die geregtigheid van Jesus beklemtoon moet word, want die reg is aan sy kant. Laastens moet dit duidelik wees dat in die sending die oorwinning in Jesus Christus oor die Satan verkondig moet word. Die wonderbare oorwinning is in Jesus Christus behaal.[18]

---

DeSilva (2004:433) skryf ook in hierdie verband: "Jesus' absence from sight does not mean therefore that he is unavailable to the church. On the contrary, he is even more available to them now that he has returned to the Father."

16 Keener (2003:1038-1039) beklemtoon die gemeenskap: "This must include the continuing sense of his presence and intimate communication through the Spirit in the community. Such an experience would certainly mark off the Johannine community from the synagogue and could arguably serve as evidence that the eschatological, messianic reign had been initiated in the true community, identifying which group was really in communion with God."

17 Haenchen (1984:Logos) stel dit soos volg: "These verses speak in a curious way of what the spirit has to do: the spirit is to convince the world of its sin, namely, that it does not believe in Jesus; of the righteousness of Jesus, namely, that he goes to the Father and so is recognized as justified by the highest authority; and of the judgment that has already been executed over the ruler of this world."

18 Tenney (1981:Logos) skryf: "The Spirit does not merely accuse men of sin, he brings to them an inescapable sense of guilt so that they realize their shame and helplessness before God. This conviction applies to three particular areas:

Dit is voordelig dat Jesus weggaan, want Hy stuur die voorspraak, die Heilige Gees na sy dissipels toe. Die Heilige Gees sal dus werklik na die dissipels kom en in die dissipels se lewe die wonder van God se genade beklemtoon. Die dissipels sal weet dat daar 'n Advokaat, 'n Voorspraak, vir hulle is, wat ook vir hulle intree. Sekere sake moet verder beklemtoon word.

Johannes 16:8: "*En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het.*"

## 3.2 Die Heilige Gees en die sonde van die wêreld

Johannes 16:9: "*Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie;*"

Die Heilige Gees openbaar sonde. Die diepte van die sonde word bekendgemaak. Die Gees bind aan Jesus en oortuig en skep hoop en nuwe lewe in Hom. Jesus Christus word juis verwerp deur Herodus, Pilatus, die Joodse Raad en sy eie mense.[19]

Die Heilige Gees sal bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde.[20] Dit is uiters belangrik om te beklemtoon dat die werklikheid van die sonde na

---

sin, righteousness, and judgment. The Spirit is the prosecuting attorney who presents God's case against humanity. He creates an inescapable awareness of sin so that it cannot be dismissed with an excuse or evaded by taking refuge in the fact that 'everybody is doing it'."

19 Brown (1972:712) maak dit baie duidelik dat Jesus en sy volgelinge vervolg sal word en dat die Heilige Gees die wêreld van sonde sal oortuig: "The Paraclete will focus on the expression of disbelief that culminated in putting Jesus to death, but those who are guilty are a much wider group than the participants in the historical trial of Jesus. Those participants are only the forebears of men in every generation who will be hostile to Jesus."

20 Barrett (1976:406) vat die verkondiging van die Heilige Gees in hierdie verband soos volg saam: "The world…believes that Jesus was a sinner, justly punished by crucifixion; it believes on the other hand that its own righteousness is all that can be required, and it believes that in these opinions it has rightly judged Jesus and itself, and that its judgement will receive divine confirmation. It is however the

vore gebring moet word. Die wêreld se sonde word beklemtoon en dit is dus duidelik dat die sonde van die wêreld deur die Heilige Gees geopenbaar sal word.[21] Wat is die sonde wat hier deur die Heilige Gees geopenbaar sal word? Die wêreld is skuldig aan sonde want die wêreld glo nie in Jesus nie. Dit is die saak wat beklemtoon word. Dit gaan dus daarom dat die Heilige Gees die sonde sal aanwys, wat juis is dat die mense nie in Jesus glo nie. So sal die Heilige Gees openbaar dat daar werklik sonde is, en hierdie sonde sal dus bekend gemaak word. Die Heilige Gees speel dus ŉ onthullende rol.

ŉ Verdere aspek is dat die sonde tot ontkenning van die Gees lei. Dit word reeds in die Ou Testament aangedui waar dit handel oor God self wat nie erken word nie. Die unieke betekenis van Ruach moet hier verreken word.

Genesis 6:3: "*Toe sê die Here: 'My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees.'*"[22] Kyk ook 1 Samuel 16:14, 23.

---

work of the Spirit to rectify these wrong notions, and to show that sin consists in the rejection of Jesus, that the only acceptable righteousness is that of Jesus, since He alone has been excalted to the Father's right hand, and that it is not Jesus but the prince of this world who has been judged."

21 Beasley-Murray (1999:Logos) verduidelik: "Such unbelief entails rejection, not ignorance, of the proclamation of Christ in the Gospel. Since the 'exposure' of the world is one of a continuing situation, it has to do not only with the vote of the Jewish Sanhedrin and the decision of Pilate but with the attitude of the 'world' as such."

22 Brueggemann (1982:71-72) toon dit aan: "We have seen that God calls the worlds into being, wills them ordered and purposeful in a harmony. He created the heavens of mystery and the earth of responsibility. Both are important. God presides over both for his purposes. But this text (cf. v. 3) reports a 'perversion of the order appointed by God' (Calvin). This disruption tries to overcome the separation fixed between heaven and earth (cf. Gen. 1:6-10). The limitation of human years by Yahweh parallels his concern for limit in 2:17 (cf. 15:5) and 11:6. Thus, the New Testament reads this story as a dangerous disordering of God's creation (II Pet. 2:4; Jude 6). It is an extravagant way in which the powers of

Die Gees kan ook oordeel: Jesaja 4:4: "*Die Here sal die inwoners van Sion reinig van hulle wandade en Hy sal die bloed wat aan die hande van Jerusalem kleef, verwyder deur die Gees wat oordeel en verteer.*"[23]

Kyk ook Hosea 9:7; Miga 2:7, 3:8: "*Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die Gees van die Here, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.*"[24]

---

heaven (the sons of God) and of earth, all creatures of the Creator, attempt to seize the mystery of life for their own."

23 Sweeney (1996:77-78) verduidelik dit soos volg: "The intention of this passage is clearly linked to the rhetorical question of v. 5a. Here the prophet informs the people that they have the power to end their suffering by ending their apostasy (sārâ). The prophet has already established that the people's course of action constitutes a rejection of YHWH in v. 4. The problem is to determine what exactly he means by 'apostasy' in this passage. It can hardly refer to the practice of sacrifice that the prophet condemns in the following verses since this would have no influence on the invading Assyrian army. As noted above, this passage must be read in conjunction with vv. 2-3, often which accuse the people of 'rebellion', employing the term pāša which refers to a political act of rebellion (e.g., 2 Kgs 8:20). Because he views the establishment of the Assyrian hegemony over Judah as an act of YHWH (5:25-30; 7:18-25; 8:1-4), Isaiah is consistently opposed to revolt against the Assyrians (30:1-4; 31:1-3; 39:1-8). In this case, the use of the term sārâ is particularly important. Its literal meaning is 'turning away', generally understood as apostasy from YHWH. It is related to the verbal root which is also used to describe the rebellious nature of the people when they attempt to make an alliance with Egypt against Assyria (30:1). With these considerations in mind, one should note that cessation of hostilities against the Assyrians is the one action that the people can take to put an end to the suffering described in this passage. Such a perspective on Isaiah's intention is supported by the narrative in chs. 36-37. According to these chapters, it is only when Hezekiah gives up his reliance on his own means of defense and places his confidence solely in YHWH that YHWH takes action to destroy the Assyrian army and to relieve the people of their suffering."

24 Simudson (1996:559) skryf in die verband: "Micah now steps forward to distinguish himself from these other intermediaries whom he has just condemned. Biblical

Kyk ook Sagaria 7:12: "*Hulle het hulle soos die hardste klip gehou en wou nie luister na die wet en na die boodskap wat die Here die Almagtige deur sy Gees, deur die vroeëre profete, gestuur het nie. Daarom was die toorn van die Here die Almagtige so groot.*"[25]

Om vir die Heilige Gees te lieg of met valse motiewe te wil verkry, is 'n groot sonde. Kyk Handelinge 5:3: "*Petrus sê toe vir hom: 'Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou?*"[26]

---

prophets were not embarrassed to speak forthrightly about their calling. They were often challenged to defend themselves against those who questioned their status as authentic prophets of the Lord. Micah was different from false purveyors of a divine message because he was filled with the Holy Spirit of the Lord, justice and might. None of his othe opponents could honestly claim all that."

25 Meyers en Meyers (1987:330) verduidelik: "by his spirit. As in Neh 9:30, the description of preexilic disobedience is coupled with information about what the people disregarded. Although Zechariah refers to both 'torah' and prophecy, Nehemiah picks up only on the latter. In both cases, the prophetic word is said to have been sent by Yahweh's spirit. Similarly, Joel's eschatological vision of prophecy is proclaimed in terms of the pouring out of Yahweh's spirit (Joel 3:1-2 [RSV 2:28-29]; see Num 24:2 and 2 Sam 23:2 for further examples). Prophecy as divine revelation is expressed in these passages by the association of God's spirit with the prophetic utterance. Compare the somewhat different use of rûah for God's 'spirit', his active presence, in the oracular insertion to the lampstand vision (Zech 4:6) and in the Seventh (chariot) Vision (6:8). Haggai (2:5) similarly uses 'spirit' to indicate God's potent presence."

26 Jennings (2017:52) verduidelik dit in verband met sy verstaan van "sonde" wat die realiteit van tyd, ideologie en kollektiewe vasgevangendheid in die reëie liggaam aantoon. Hy lees die teks polities waarteen ek waak: "Standing in front of the apostles, at their feet (as it were) is a dangerous place. Anyone who truly believes their testimony and follows their teaching and that of their Lord, Jesus the Messiah, will be caught in the powerful wind that moved around their bodies. Bodies matter, and this revolution of the Spirit will not be ephemeral or ideological. It will be a new order of bodies joined to the Holy One of Israel.

Kyk ook Handelinge 5:9: "*Toe sê Petrus vir haar: 'Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra.'*"[27] en Handelinge 7:51: "*Julle hardkoppiges! Julle is heidens in julle harte. Julle is doof vir die woord van God. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle voorvaders gemaak het, maak julle ook.*" Kyk ook 1 Timoteus 4:1; Hebreërs 10:29; 1 Johannes 4:1-3; Judas 1:19.

Hierdie mense wat altyd wil spot, sê en doen dinge wat gelowiges vyande laat word van mekaar. Hierdie mense wat altyd wil spot, lewe soos mense van hierdie wêreld omdat hulle nie die Heilige Gees in hul harte het nie. Die Heilige Gees openbaar die diepte van sonde as die verwerping van God. Die

---

We saw this radical new order in the holy work of giving where possessions are broken of their boundary-making power and people are drawn toward one another in and through mutual and interlocking needs. Yet now the new order will be seen on the site of the old order of violence and death. The demise of Ananias and Sapphira (husband and wife) is not glorious. Their deaths should never be celebrated or treated flippantly as some morality test case against lying to God. Luke has entered the frightening space where the name of God is mentioned in relation to violence and death. He may have been alluding back to the tragic story of Achan in Joshua 7:1-26, where similar events join these stories."

27 Jennings (2017:53-54) openbaar waarin, volgens hom, die sonde geleë is. Die sterk klem op die politieke elemente moet afgewys word: "Here is the energy that drives the most powerful forms of cultural, social, or economic boundaries. Here is the fortress that resists the new order most consistently. Here is where the worship of possessions and money come fully to life: in the two made one flesh. Together they imagine they can do anything. Together they believe in their sovereignty. After all, were they not made by God? Were they not the plan through which the future would be secured? Are they not an unbreakable bond made so by God's will? Yet God will now do what no one else can actually do: pull asunder, take apart, and break open. The Holy Spirit will take back from the couple what rightly belongs to God and to the community formed in and through the resurrected Jesus. No longer will the couple be the keeper of the secret, the owner of the intimate, or the custodian of the closed field of dreams, both personal and private. The community of Jesus confronts the couple with a new truth: you belong to us. We do not belong to you."

Seun van God word na die wêreld gestuur, maar misken ook wanneer nie erken word dat die Heilige Gees die waarheid in die gemeente eis nie.

Die Gees kan ook verwar, maar moet in die Ou Testament gesien word in die lig van die unieke betekenis van Ruach in 1 Konings 22:21-24. In 1 Konings 22:22 sê die Gees: "*Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete. Toe sê die Here: 'Jy sal hom so ver kry. Gaan doen dit, jy sal dit regkry.*" Ook 1 Konings 22:24: "*Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op die kakebeen en sê: 'Met watter pad is die Gees van die Here van my af weg om met jou te praat?*"[28]

Kyk ook 2 Kronieke 18:20-23 en Jesaja 59:19: "*Van oos tot wes sal die Naam en die mag van die Here geëer word. Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop.*"

Die sonde teen die Heilige Gees is die enigste sonde wat nie vergewe kan word nie. Dit dui daarop dat volhardend die werk van Christus aan die

28 Brueggemann (2000:272-273) skryf verhelderend: "The prophet reports the vision of a general discussion among members of Yahweh's government seated in heaven. For the moment, the decision to be made is not obvious to the council; therefore, a lot of opinions are offered by members of the council. In the end, one 'spirit', that is, one of the lesser members of the body, volunteers: 'I will seduce him.' In answer to Yahweh's query about method and strategy, a plan is offered: 'I will cause prophets to lie to him.' The plan is approved by Yahweh, who authorizes the policy and anticipates its success (22:22). The concluding verse 24 is a subsequent comment by the prophet to the king: 'The plan has worked.' Yahweh has beguiled Ahab, who is, in the face of wiser policy, resolved to go to war...and to death. The vision of the prophet is offered as a teasing retrospective on what has already been enacted; Ahab has already been seduced toward his death. In prophetic clarity, however, 'Yahweh has spoken evil for you.' The vision is a remarkable narrative achievement. The vision of Yahweh moves at every point to parallel and undermine the royal deliberations of Ahab. The outcome is to show that Ahab's deliberations are, in the end, irrelevant. The decrees that count are made elsewhere, beyond the reach of the king. Ahab is caught up in the tides of policy under the authority of Yahweh, the very God whom he has, through all of these narratives, refused to acknowledge. Micah is as good as his word: 'Whatever the Lord says to me, that I will speak' (22:14)."

duiwel toegeskryf word. Matteus 12:31-32: "*Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering kan die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie. As iemand iets teen die Seun van die mens sê, kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie.*"[29] Kyk ook Lukas 12:10 en Markus 3:29.

God word verwerp wanneer die werk van die Heilige Gees verwerp word. 1 Tessalonisense 4:8: "*Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.*"[30]

---

29 Keener (1999:1112-1113) skryf: "Third, a heart can become so hard against God's evidence that conversion becomes impossible (12:31-32). Jewish teachers acknowledged that deliberate sin against God's law ('sin with a high hand' – cf. Num 15:30-31; Deut 29:18-20; CD 8.8), such as deliberate blasphemy against God, was unforgivable (Jub. 15:34; 1QS 7.15-17, 22-23; p. Hag. 2:1, §9; cf. Heb 6:6); some recognized that atonement could purify even these sins, but only for the genuinely repentant (CD 10.3; Jas 5:19-20; p. Shebu. 1:6, §5; Ruth Rab. 6:4). Even such a sin as Peter's denial of Jesus (26:69-75) does not count in the unforgivable category (28:10-20), however; the context of 'blaspheming against the Spirit' here refers specifically to the sin of these Pharisees, who are on the verge of becoming incapable of repentance. The sign of their hardness of heart is their determination to reject any proof for Jesus' divine mission, to the extent that they even attribute God's attestation of Jesus to the devil.

30 Fee (2009: Kindle Locations 2896-2940) verduidelik: "Although there is some debate here, the use of the present participle, 'who also gives' (see n. 20 above), seems intended to stress the ongoing work of the Spirit in their lives. Although their previous conversion by the Spirit is the obvious presupposition of this usage, had Paul intended to refer to their conversion as such (as in 1:5-6), he would have used the simple aorist, as in verse 7 and as he does elsewhere with regard to the Spirit. This is very similar to the use of the present tense with 'calls' in 2:12 and 5:24, and especially to the use of the present tense with the 'granting' or 'supplying' of the Spirit in Galatians 3:5 (cf. Phil 1:19). All of this is to say that Paul's concern here is not with their conversion, but with their present experience of God's Holy Spirit, given to them by God precisely so that they might walk in holiness. Thus, the Spirit is understood as the constant divine companion, by whose power one lives out holiness, that is, a truly Christian

En 1 Tessalonisense 5:19: "*Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie.*" En ook Hebreërs 6:4-6: "*Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, ... en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring.*"

Rondom hierdie saak handel ook die lastering teen die Heilige Gees (Markus 3:20e.v.) waar gesê word dat Jesus van die bose besete is. Jesus antwoord dat as 'n koninkryk verdeel is, kan dit nie stand hou nie. As die Satan onder homself verdeel is, sal sy ryk val. Waar die werk van God aan Satan toegeskryf word, word die Gees se werking totaal verwerp. Die verlossing in Christus wat die Heilige Gees beklemtoon en die seën van die Heilige Gees deur die finale bevestiging dat die verlossing alleenlik kan kom wanneer die Heilige Gees in mense werk, word verwerp. Alleen wanneer besef word dat dit die Heilige Gees is wat die wonder van God bring, kan die verlossing beleef word en Jesus erken word. Volhardende verwerping van die werk van God in Jesus lei tot die sonde teen die Heilige Gees. Jesus bring die werk van God na vore, maar waar daardie werk van God volhardend verwerp word deurdat dit aan die duiwel toegeskryf word, en omdat dit aan die duiwel toegeskryf word, die heil wat Jesus Christus bring totaal verwerp word, lei dit tot sonde wat nie vergewe kan word nie. Die verlossing wat in Jesus Christus na vore kom, word dus nie erken nie, en in daardie sin word Jesus verwerp. Dit hang dan weer saam met wat Johannes sê oor daardie Jode wat gesê het hulle is kinders van Abraham maar Jesus verwerp. Jesus is die openbaring van God in die wêreld en Hy moet as die openbaring van God erken word. Die lastering teen die Heilige Gees is dus ten diepste daardie verwerping. In die sending sal hierdie beklemtoning van Jesus se uniekheid deur die Heilige Gees beklemtoon word. Jesus is die unieke persoon en in die

---

ethic. Finally, both the nature of this argument (which brings in the presence of the Spirit in their lives as the clincher) and the emphasis on the 'presentness' and 'indwelling' nature of the Spirit as gift point to the Spirit as God's effectual empowerment in the struggle against sin. This does not mean that the Spirit guarantees perfection – hardly so – but it does mean that one is left without argument for helplessness."

sending sal daar dus erkenning moet wees dat Jesus die Een is wat van God gekom het en die heil na vore bring.

Welker (1994:218) is van mening dat die sonde teen die Heilige Gees die miskenning van die moontlikheid dat God wel self totale vernuwing uit ellende kan bring. Diegene wat misken dat God self die onmoontlike moontlik kan maak, misken God self. Waar mense vir hulself en ander die moontlikheid van God se heling, seën en versoening blokkeer, daar vind die sonde teen die Heilige Gees plaas. Volgens Welker impliseer die sonde teen die Heilige Gees juis dat die Gees as bose gees aangetoon word en in daardie verband word ontken dat die Gees juis die vervulling van die wet moontlik maak, naamlik deur geregtigheid en vrede te bring. Daar word deur hulle wat die sonde teen die Heilige Gees pleeg, beweer dat hierdie vergifnis (lewe, geregtigheid en vrede) wat die Gees bring, boos is.

In die lig van COVID-19 moet gevra word of die pandemie net evolusie van virusse veronderstel. Daar is ook die benadering van die deïsme dat God soos ’n horlosiemaker optree wat beteken dat Hy die aarde geskep het en toe onttrek het aan die verdere gang van sake. Met daardie benadering sou God nie meer by die skepping betrokke wees nie. God is wel betrokke by die COVID-19 pandemie en daar moet enkele opmerkings gemaak word. Sending in ’n tyd van COVID-19 sal inderdaad ook sonde ernstig moet neem. Die werklikheid van sonde moet erken word. God se oordeel oor sonde moet erken word. Die oproep tot bekering is dus wel ook in hierdie verband noodsaaklik. Die Heilige Gees oortuig van sonde sodat daar bekering en vernuwing kan kom en mense na Jesus kan vlug.

Ten eerste moet die diepte van die sonde totaal besef word. Dit sluit nie bloot sake wat gedoen word in nie, maar ’n bestaanswyse, naamlik wat ons in wese **is** in. In Christus **is** ons ook verlos. Beteken dit dat daar ’n verband tussen COVID-19 en sonde bestaan? Natuurlik is die ellende van die lewe aan die sonde te wyte. God se skepping was goed. Die oordeel van God oor die wêreld kom juis vanweë die sonde. God werk egter ook steeds lewensbevorderend in sy skepping deur sy Gees. Dit is wel duidelik dat God se goeie skepping

vernietigend onder die sonde ly. Die gevolge van sonde is sigbaar in vele aspekte van die lewe. Daarom moet die verskrikking van sonde met alle erns bejeën word. Ons ellende op aarde is die gevolg van sonde. God se oordeel oor die sonde is dus ’n werklikheid, ook in tye van COVID-19.

Tweedens moet die sentrale saak vir die sending na vore gebring word, naamlik dat die kruis van Jesus Christus die sonde vernietigend verslaan het. Dit is die hart van sending. Daarom oortuig die Heilige Gees van sonde sodat mense na Jesus Christus kan vlug en verlossing kan kry. Sonde is om nie in Hom te glo nie en lewe is om sy kruis te omhels en in Hom te glo. Dit gee ’n nuwe perspektief op COVID-19. Vlug onder die huidige omstandighede na Jesus die Gekruisigde en Opgestane Here. Die kruis staan direk teenoor die sonde. Alleen daarom is daar hoop. Sending roep altyd op tot bekering. Die oordeel van God is afgewend in die kruis.

Derdens word die enigste hoop alleen in God gevind. Die Heilige Gees skep eskatologiese hoop. Hy maak die nuwe deur na die toekoms oop. Dit hou veel meer in as die lewe op die aarde. Die sending skep dus ook hoop in Jesus Christus deur die Heilige Gees op die ewigheid. COVID-19 het nie die laaste woord nie. Daar is oneindig meer as hierdie lewe. Daaraan moet ook aandag gegee word.

## 3.3 Die Heilige Gees as Gees van Christus wat sy reg beklemtoon

Johannes 16:10: “*Die reg is aan my kant, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie;*”

Die Heilige Gees oortuig ook van geregtigheid, naamlik dat die reg aan Jesus se kant is. In grendeltyd is daar soveel onsekerheid. Die virus se bedreiging is groot. Die reg van Jesus word so dikwels in die wêreld geskend. Maar die reg is aan Jesus se kant. Hy sal triomfeer, maar in die wêreld sien ons nou die kruis. Daar is geen maklike antwoorde nie. Jesus self roep aan die kruis: My God, my God, waarom het U my verlaat, maar die Heilige Gees kom tot sy hulp en Hy staan op uit die dood. In hierdie wêreld word die kruis gesien,

maar ook die belofte van die ewige lewe. Jesus is onskuldig veroordeel. Die Heilige Gees sal dié onreg aan die lig bring.[31]

Dit is hier waar die beginsel van die reg van Jesus beklemtoon word. Jesus se reg is uitermate belangrik. Die reg is aan sy kant en word deur Hom na vore gebring. Hierdie beginsel van reg openbaar ook die mense vir wie hulle is, maar ook God vir wie Hy is. Hy wat veroordeel word, maar juis Hy wat gereed is om die pad van die kruis te loop om aan die kruis te bevestig dat die reg aan sy kant is.[32]

Dit is van groot belang om die Heilige Gees, as die Gees van Christus, se besondere verhouding met Jesus Christus te beklemtoon. Daar is in die gereformeerde teologie altyd groot erns met die verhouding tussen Christus en die Gees gemaak. Hyde (2006:237) wys byvoorbeeld op die intieme verhouding tussen die Gees en Christus. Gaffin (1980:58e.v.) verduidelik dat die gawe van die Gees ten nouste met Christus verbonde is. Die reg van God is egter ook ruim en sluit verskeie aspekte in. Wanneer die reg aan Jesus se kant is, sluit dit ook sy betrokkenheid by die nood van mense in. Sy reg is juis die reg van sy liefde vir mense.

Reeds aan die begin is die Heilige Gees betrokke by die maagdelike ontvangenis van Jesus Christus. Die Heilige Gees bevestig dat die reg aan Jesus se kant

---

31 Brown (1972:712) bevestig dit duidelik: "The second element (vs. 10) in the Paraclete's forensic activity is to prove the world wrong about justice by showing that Jesus, whom it adjudged guilty, was really innocent and just."

32 Beasley-Murray (1999:Logos) verduidelik dit soos volg: "The nature of '*righteousness*' is brought to light in that Jesus 'goes away' to the Father and his disciples 'see him no more'. This attestation is bound up with the mode of Jesus' departure: the lifting up of Jesus on the cross, which in the world's eyes was the demonstration of Jesus' unrighteousness, was none other than the means of his exaltation to heaven by the Father; it was at once God's reversal of the verdict of men, and so his attestation of the innocence of Jesus over against the world's allegations against him, and his installation of Jesus into the splendor of the session at his right hand; the justification of 'Jesus thus is the vindication of his righteousness in life and his entrance upon '*righteousness in glory*' with the Father'"

is deur reeds by sy geboorte by Hom te wees. Jesus het 'n wonderbaarlike geboorte. Daarmee word sy reg reeds by sy geboorte bevestig. Hy kom van God. Die Heilige Gees het Maria oorskadu en die wonder van die geboorte vind plaas. Jesus se reg word dus reeds hier bevestig.

Mattheüs 1:18 druk dit duidelik uit: "*Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom.*"[33]

Die wyse waarop Jesus en die Heilige Gees 'n wonderbaarlike verhouding het, word by sy doop bevestig. Matteus 3:11: "*Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.*"

Die doop waarmee Jesus doop, is dus 'n verdere bevestiging dat die reg aan sy kant is. Hy sal met die Heilige Gees doop. Slegs Hy kan dit doen. So voltrek Hy sy roeping en bevestig Hy sy reg. Die nuwe lewe is juis in Hom te vind omdat Hy doop met die Gees. Diegene wat deur die Gees gedoop is, sal ook die reg van Jesus bevestig deur Hom te erken as Here.

Die Gees lei Jesus egter ook die woestyn in om versoek te word. Die versoeking word egter oorkom en daarmee word Jesus se reg opnuut bevestig (Matt. 4:1).[34]

---

33 Keener (1999:288-289) wys daarop dat die Heilige Gees reeds hier die beginsel van die etiek neerlê: "In this brief narrative, Matthew provides not only an account of the virgin birth but reinforcement of the Christian view of Scripture, Christ, and various principles of ethics for disciples of the kingdom."

34 Keener (1999:405-406) wys op die bemagtiging van die Gees: "Further, the Spirit, having empowered Jesus for his mission as God's Son (3:16-17), now is the one who leads him into the wilderness where his call must be tested (4:1, 3, 6). Matthew expressly informs his audience that the purpose of the Spirit's first leading of God's Son was that he might be tested. Matthew's audience might infer two primary lessons from this narrative. First, the narrative presents

Dat Jesus die volheid van die Gees het, bevestig verder dat die reg aan sy kant is. Hy beskik oor die volheid van die Gees. Omdat dit so is, kan die koninkryk van God naby kom. In Jesus word die ware koninkryk deur die Heilige Gees beliggaam.

Kyk ook Matteus 3:16: "… *die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom.*" En Matteus 12:18: "*Aangesien Ek deur die Gees van God die bose geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom.*"[35]

In Markus 1:8 getuig Johannes die Doper ook dat Jesus met die Gees sal doop: "*Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop.*" En in Markus 1:10: "*Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal.*"[36] En ook in Markus 1:12: "*Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in.*"[37]

---

Jesus as the vicarious advocate for his people, relinquishing his own power for his mission to save them from their sins. But second, no less than Matthew's discourse sections (28:19), this narrative provides a model for them (6:13), for Jewish teachers instructed by example as well as by word. Jesus had to be tested and overcome the tester before he could do anything else (cf. Schlier 1961:40). Disciples are destined for testing (6:13; 26:41), but Jesus their forerunner has gone before them and shown them how to overcome."

35 Keener (1999:1109-1110) skryf: "Christians had no other available source for the idea than Jesus himself. Yet it makes good sense: as the climax of history approaches, the forces of God's kingdom and the devil's are arrayed in battle against one another."

36 Stein (2008:56) stel dit duidelik: "Jesus 'coming up out of the water' is balanced later in the sentence by the Spirit 'coming down'. The present participle 'coming up' indicates that the anointing of Jesus by the Spirit is intimately associated with his baptism. Yet Jesus' baptism is not so much the cause of his being anointed as the occasion, for the mission of John and the baptism are the temporal 'beginning' of the good news about Jesus, not the causal beginning."

37 Stein (2008:62) skryf: "The reference to the 'Spirit' is the third time he is mentioned in the prologue (Mark 1:8, 10) and indicates that after being anointed

Maar ook Lukas 3:22 bevestig die besondere verhouding: "*en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: 'Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My'.*"[38]

Lukas 4:1 bevestig ook die rol van die Heilige Gees in die versoeking in die woestyn: "*Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekom, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei.*"[39] Ook Lukas 4:14: "*Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei.*"[40] En Lukas 4:18: "*Die Gees van die Here is op*

---

by the Spirit at his baptism, Jesus is now led by the Spirit to the final preparation for his ministry – the temptation."

38 Bock (1994:1124-1126) verduidelik: "The disciples are totally subject to the Spirit, who comes to them through the agency of Jesus (Acts 2:32-34). Thus, Jesus' baptism is an endorsement and confirmation of him in terms of his Messiah-Servant mission. Jesus is the Coming One to whom John looked. Now, with God's confirmation having come to Jesus, the introductory figure, John, passes off Luke's stage almost entirely. It is time for the main character to step forward."

39 Bock (1994:1200-1201) skryf verder: "The double reference to the Spirit is the prominent feature of Luke's introduction to the temptations. Jesus was full of the Holy Spirit and was led into the wilderness by the Spirit. Such an emphasis makes clear that Jesus' being exposed to temptation was not his fault in any way. Rather, this withdrawal was a direct result of God's leading. The characterization of Jesus as full of the Spirit is typical Lucan terminology to describe a spiritual person (Luke 1:15, 41, 67; Acts 6:3, 5; 7:55; 11:24). Just as Simeon was led to the temple in Luke 2:27, so Jesus is taken into the wilderness. Wisdom residing in or filling a wise person also occurs in Judaism (Wis. 1:4-5; 7:7; Sir. 39:6). The account itself will serve to verify why Jesus can be described in these terms."

40 Bock (1994:1270-1271) beklemtoon: "Jesus comes into the region under the Spirit's guidance. In this section of Luke, the Spirit's main role is to guide Jesus or equip him for teaching (4:1, 14, 18); this is related to how the Spirit worked in the infancy material (1:15, 41, 67; 2:25).3 The Spirit is present at the start of Jesus' ministry, just as the Spirit will aid the earliest church's ministry in Acts 2 (Fitzmyer 1981:522). This point of continuity between Jesus' ministry and the church's is the first of many that Luke will note."

*My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur,"* En ook Lukas 10:21: "*By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: 'Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling.'"*[41]

Romeine 1:4: "*Op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here."*[42]

1 Timoteus 3:16: "*En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem."*[43]

---

41 Bock (1996:205-208) verduidelik: "God's pleasure reaches down to those who seem to have nothing to offer but their need, yet he gives them everything in terms of spiritual blessing."

42 Moo (1996:49-50) toon aan: "In Jesus' earthly life (his life in 'the realm of the flesh'), he was the Davidic seed, the Messiah. But while true and valuable, this does not tell the whole story. For Christians, Jesus is also, in 'the realm of the Spirit', the powerful, life-giving Son of God. In Christ the 'new era' of redemptive history has begun, and in this new stage of God's plan Jesus reigns as Son of God, powerfully active to bring salvation to all who believe (cf. 1:16). The major objection to this interpretation is that 'spirit of holiness' is never used of the Holy Spirit in the NT; indeed, the phrase is found only here in biblical Greek. However, the Semitic-flavored expression may reflect traditional language. As is usual in Paul, the inauguration of this new age is attributed to Christ's resurrection."

43 Towner (2006:Kindle Locations 5492-5496) hanteer dit soos volg: "This powerful combination of ideas is followed by an equally powerful confession of faith. The Christ hymn (v. 16b) now introduced is the rhetorical and christological high point of the letter. It expresses a very strongly missiological interpretation of Christian existence that draws its meaning from a Christology that stresses the humanity of Christ. Both these dimensions are perfectly consonant with the christological and missiological themes of the letter already under construction (1:15; 2:1-7).

1 Petrus 1:11: "*Die Gees van Christus wat in die profete gewoon het, het lank gelede vertel dat Christus baie swaar sal kry en dat Hy daarna Koning sal wees. Die profete het probeer om uit te vind wanneer en hoe die dinge met Christus sal gebeur, die dinge waarvan die Gees gepraat het.*"[44]

1 Petrus 1:12: "*God het vir die profete gewys dat hulle die goeie boodskap nie vir hulleself moes bring nie, maar vir julle. God het die Heilige Gees gestuur, en die Heilige Gees het vir die profete die goeie boodskap gegee wat hulle nou vir julle gebring het. Die engele wil ook graag hierdie dinge weet.*"[45]

1 Johannes 5:6: "*Ons weet dat Jesus Christus die Seun van God is, want Hy is gedoop en Hy het vir ons sonde gesterf. Ja, Hy is nie net gedoop nie, Hy het ook vir*

---

These themes both point to and emanate from this central confession of 'the mystery of godliness.'"

44 Achtemeier PJ (1996:109-110) toon aan: "While some have suggested that the phrase 'spirit of Christ' refers not to the presence of the preexistent Christ among the prophets, but rather (a) to the spirit that reveals things about Christ, or (b) to the spirit that later revealed itself in Jesus Christ, or even (c) to the spirit Christ received at his baptism, it is clear from 1:20 that the author knew of Christ's preexistence, and that is likely also to be the case here. This phrase points therefore to the continuity between prophets and gospel: both have the same inspirer and ultimately the same content. Underlying such continuity is the unity of the one people of God, a unity that justified the author's appropriation for the Christian community of the history of, and language for, Israel found in the OT."

45 Achtemeier PJ (1996:111) verduidelik: "The readers now learn more of the content that was made clear to the prophets by the indwelling Spirit of Christ: their insights were aimed at others than themselves and, by implication, their contemporaries. This is not a new insight; the OT prophets had presentiments that the divine intervention they announced was not intended for their day, and the notion that prophets served not themselves, but others became a commonplace in apocalyptic literature and at Qumran. Nor is I Peter unique in this respect: the unfulfilled longing of the OT saints is known in the NT, and in a similar vein Paul is convinced the OT writings have value for his Christian contemporaries."

*ons sonde gesterf. Ons weet dit omdat die Heilige Gees dit vir ons gesê het, die Gees wat altyd die waarheid praat.*"[46]

Jonker (1981:121e.v.) wys daarop dat die besondere verhouding tussen Jesus en die Heilige Gees nie beteken dat die Gees en Christus as absoluut, in die sin dat hulle nie as Persone onderskei kan word nie al is hulle wel eenswesens, identities beskou moet word nie, maar dat die Heilige Gees vanuit Christus uitgaan om Christus te verheerlik. Daarom moet gewaak word in die Triniteitsleer tussen Modalisme, Triteïsme en subordinasie, aan die een kant, en moet gewaak word teen die onderskeiding tussen die Heilige Gees en die identiteit van die Heilige Gees so verselfstandig dat daar geen eenheid in die Drie-eenheid is nie, aan die ander kant (Jonker 1981:133). Maar dan ook dat die grense nie oorskry mag word, dat die identiteit van die Heilige Gees losgemaak word van Christus en dat daar geen eenheid meer oor is nie.

Jonker (1981:129-133) verduidelik verder. Wanneer God Homself openbaar in Christus, word die werking van die Heilige Gees ook sigbaar en wanneer die Godheid van Christus erken word, word die wonder van die Godheid van die Heilige Gees ook opnuut beklemtoon. Die Heilige Gees is 'n eskatologiese gawe van God wat ten nouste met Christus verbonde is en gaan uit van die

46 Yarbrough (2008:283) skryf: "In any case, John now calls in the artillery to back up his pronouncement about Jesus' coming through water and blood. This is not John's belief alone; it is the very testimony of God: 'And the Spirit is the one who testifies, because the Spirit is the truth.' John has already mentioned the Spirit repeatedly (3:24; 4:1 [2x], 2, 3, 6, 13). In John's writings, truth is associated with the Father (John 15:26), the Son (1:14, 17; 14:6; 18:37), and the divine Word (associated with Father, Son, and Spirit alike) that sanctifies believers (17:17). But truth is linked most frequently with the Holy Spirit (14:17; 15:26; 16:13; 1 John 4:6; 5:6). It is therefore fitting to adduce the Spirit to corroborate John's sober affirmation of Jesus' incarnation, his baptism, and his sacrificial death. The faith of which he speaks is rooted in the truth, not human tradition or speculation or imagination. Attestation by God's Spirit is either implicitly or explicitly a factor in divine confirmations of Jesus' ministry at his baptism (Mark 1:10-11), transfiguration (9:7), and crucifixion (John 12:28)."

Vader en van die Seun en doen die wondere van die werk van die Seun. Dus is dit duidelik dat dit nie bloot handel oor die personifikasie van die Gees, wanneer oor die Gees in persoonlike terme gepraat word nie, maar dat die eenheid van God nooit bedreig word deur die onderskeid tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees nie. Die Gees bly die Gees van die Vader en die Seun, maar moet onderskei word van die Vader en die Seun, en word nooit 'n onpersoonlike mag nie. Daar moet bely word dat die Gees nie op so 'n wyse onderskei word dat ons in Trinitisme verval wanneer daar nie 'n eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees is nie. Veral die verhouding tussen Christus en die Gees is van groot belang. Die Heilige Gees word uitgestort na die lyding en verhoging van Christus. Die reg van Christus word bevestig. Die Heilige Gees word eers uitgestort na die verhoging van Christus en in die nuwe bedeling verwerf die Heilige Gees op 'n besondere wyse nuwe betekenis (Jonker 1981:129). Dit is juis die Heilige Gees wat op 'n baie unieke wyse handel en optree. Soms lyk dit asof Christus en die Gees in die Nuwe Testament met mekaar geïdentifiseer word, maar dit is tog duidelik uit verskillende tekste dat verskillende aspekte van Christus en die Gees na vore kom, alhoewel die Heilige Gees erken word as die ware Gees van Christus.

Die Gees rus op wonderbaarlike wyse op Jesus: Johannes 1:32: "*Verder het Johannes getuig: 'Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly*'". Johannes 1:33 beklemtoon dit: "*Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.*"[47]

---

47 Keener (2003:457-458) bevestig dit: "Yet despite the author's employment of this title in his literary design, the first reference derives from his tradition (all four extant gospels concur at this point in the tradition: Mark 1:8; Matt 3:11; Luke 3:16). The Baptist's words here are again rooted in tradition (cf. Mark 1:8-10; Matt 3:11, 16; Luke 3:16, 22); where he can be checked against other extant sources, our author again makes his point by adapting available tradition rather than by fabricating what suits him."

Keener (2003:459-461) toon aan: "Thus Jesus and His followers are sealed with a divine mark that their opponents did not even claim, and this can encourage

Kyk ook 2 Tessalonisense 2:13: "*En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem.*"

Veral Johannes 3:34[48] wys daarop: "*God het Hom immers gestuur, en Hy spreek die woorde van God, want God gee Hom sy Gees sonder enige beperking.*"

---

John's audience in their conflict with their accusers: as John could recognize Jesus by his possession of the Spirit, so could the Christians be recognized as God's anointed by their possession of the Spirit 305 (even if their spiritually insensitive opponents could not recognize this, 3:8)."

48 Keener (2003:581-583) verduidelik verder: "But while Jesus accepts such other witnesses (5:33-35), his final, critical attestation continues to be from God himself (5:31, 34, 36-39; 8:16-18; esp. 6:27).456 Some later rabbis declared that God needed no one to attest his decrees but his own seal, which is truth (tm)).457 In 3:34, Jesus speaks God's words (cf. 8:47; 12:47; 14:10, 24) because God attested him by the Spirit (cf. also 1:32-33; 15:26); this declaration is primarily christological but also supplies a model for Jesus' followers, who will speak his words because the Spirit is with them (15:26-27; 20:22).

That Jesus has the Spirit 'without measure' would indicate that the Spirit abides in him (1:32-33) and could contrast him with the prophets, who, even according to later rabbinic tradition, had the Spirit only 'by weight', that is, by measure, meaning that each prophet spoke only one or two books of prophecy. Jesus provides a well springing forth within each believer (4:14), but the unlimited rivers of water flow from him (7:37-39). If this Gospel leaves a hint that these words reflect John's thought, John's words about the Spirit probably allude to his own witness of the Spirit attesting Jesus in 1:32-33.

The contrast between the fate of the believing (see comment on 3:15-16)463 and the disobedient develops further the teaching in 3:19-21; that the contrast between faith and unbelief can also be expressed in terms of obedience points again to the practical rather than merely theoretical nature of genuinely salvific faith in the Fourth Gospel. Whereas the Spirit 'abides upon' Jesus (1:33) and Jesus will abide in his disciples (15:4, 7), wrath 'abides upon' those who disobey him through unbelief (3:36)."

Die Nuwe Testament dui aan dat hierdie Ou Testamentiese teks geïnterpreteer word as dat die Gees Jesus self aandui. Dit moet natuurlik so vanuit die Nuwe Testament geïnterpreteer word en nie vanuit die Ou Testament nie. Markus 12:36: "*Dawid self het deur die ingewing van die Gees gesê: 'Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.*"

By die geboorte-verhale speel die Heilige Gees 'n beslissende rol. Lukas 1:35: "*Die engel antwoord haar: 'Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.*"[49] En Lukas 1:41: "*Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul.*" Asook Lukas 1:67: "*Sagaria, die kindjie se pa, is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê:*"[50] En ook Lukas 1:80; 2:25, 27.

---

49 Bock (1994:494-497) verduidelik: "God's work in Mary will result in a child. Technically speaking, this verse proclaims a virgin 'conception' for Mary. Jesus' birth will be the work of God's creative power. The power of the Most High (δύναμις ὑψίστου) will overshadow Mary. Putting the parallel lines together indicates that God's Spirit acts with creative power. The Creator God who brought life out of nothing and created humans from the dust is also able to create human life in a womb. God's act involves his overshadowing Mary. Ἐπισκιάσει (episkiasei, shall overshadow) in the OT refers either to the Shekinah cloud that rested on the tabernacle (Exod. 40:34-35; Num. 9:18; 10:34) or to God's presence in protecting his people (Ps. 91:4 [90:4 LXX]; 140:7 [139:8 LXX]). In Luke 9:34, the term refers to the cloud of the transfiguration overshadowing the disciples. Thus, overshadowing refers to God's glorious presence before his people."

50 Bock (1994:675-676) toon aan: "Zechariah gives his praise while full of the Spirit. Most see the hymn as detailing the praise mentioned in 1:64…the repetition suggests an extant source, which Luke did not alter, since otherwise the reason for the repetition is less than clear. The hymn is not only given under the Spirit's inspiration, it is also called prophecy, serving as inspired commentary on the events. In John's birth, Zechariah is certain that God's plan of salvation is beginning to move to completion."

## 3.4 Die Heilige Gees en oordeel

Johannes 16:11: *"Die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel."*

Die laaste aspek is dat die oordeel al gekom het. Die oordeel het al gekom omdat die reg aan Jesus se kant is en dat hy na sy Vader gaan. Die een wat in die wêreld die vernietiging bring, die Satan, word klaar veroordeel, word alreeds vir sy oordeel weggewerp en die heiligheid van die verlossing in Jesus Christus word beklemtoon.[51]

Dit lyk of owerste van wêreld oorwin het. So ook sou Job dit beleef het. Maar die Heilige Gees verseker dat die oordeel al gekom het. Satan is veroordeel. Verskeie vrae word rondom die aspek van bose geeste gestel. In die Ou Testament is daar weinig aanduidings van bose geeste. In die Nuwe Testament is daar veral in die Sinoptiese evangelies oorvloedige aanduidings daarvan. Jesus dryf bose geeste uit en genees talle daarvan. Van Rensburg (1999:8e.v.) toon aan dat die bestaan van bose geeste nie betwyfel kan word nie. Satan is ook 'n werklikheid. Daar is egter enkele sake waaraan vasgehou moet word. Vanuit 'n gereformeerde epistemologie toon hy aan dat bely word dat die Satan verslaan is; dat die gelowige alleen in geloof vanuit die verbondenheid met God staande bly teen die aanslae van die bose magte nie uit sy/haar eie nie; dat siekte nie altyd van die Bose kom nie; dat demoniese invloed nie oorerflik is nie, en dat Christene nie deur die duiwel besete kan wees nie. Van Rensburg (1999:23e.v.) self is van mening dat Lukas 13:10-17, die vrou wat gebind was en volgens Jesus deur Satan gebind is, en Paulus in 2 Korintiërs 12:1-10, waar hy deur die engel van Satan geslaan word, tog aanduidings is dat die gelowige op een of ander wyse "gebind" kan word. Hy is egter wel van mening dat die term 'aanvegtinge deur die bose' 'n oplossing vir die verskille daaroor kan wees (1999:37). Van Rensburg (1999:81e.v.) toon aan dat die hulpverlening aan die okkultgekwelde sake soos *katartizein* (herstel

51 Brown (1972):713) toon aan hoedat die wêreld veroordeel word: "This leads to the last element (vs. 11) in the Paraclete's forensic activity, namely, to prove that in condemning Jesus the world itself was judged."

of opheffing*), oikodomein* (opbou), *sterizein* (versterking) en *parakalein/ nouthetein* (aanspreek of waarskuwing) insluit. Vanuit ’n verbondsmodel met die erkenning van die verlossing in Jesus Christus is heil moontlik. Dit word ook deur ’n pneumatologiese model gedoen. Die Heilige Gees se werk en seën is noodsaaklik vir die verlossing van die bose geeste. Gebed is hierin van die grootste belang. Die Heilige Gees bemagtig die pastoor verder in sy bediening om die gekwelde persoon te help. Aanvaarding van die Heilige Gees se werking is ook noodsaaklik (1999:92-93).

Soos ’n brullende leeu loop Satan orals rond, maar hy is verslaan aan die kruis. Sy laaste stuiptrekkings is gevaarlik, maar hy is oorwin. Een Naam, Jesus, het oorwin.[52] Daarom moet die volle wapenrusting aangetrek word.

Efesiërs 6.12-18:

> 12 *Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.*
>
> 13 *Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.*
>
> 14 *Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,*
>
> 15 *en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete.*
>
> 16 *Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.*
>
> 17 *Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.*
>
> 18 *Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees.*

52 Beasley-Murray (1999:Logos) wys op die Heilige Gees se rol: “The Paraclete brings to light that this involves the judgment of the world in that its submission to the ‘prince of this world’ led not only to its rejection of the Son of God, but to becoming the tool of its prince to his murder; its continued failure to acknowledge Jesus as the rightful Lord of the world, installed by God, implicates it in the judgment that took place in the cross and resurrection of Jesus. Like the prince of this world, its cause is lost; it has been judged.”

Daar kan ook opstand teen die werking van die Gees wees. Die Gees kan teëgestaan en bedroef word. Die sonde daarin is dat God se werk nie erken word nie.

Welker hanteer die benadering van die bose volledig. Hy hanteer die bose aan die hand van die evangelies op ’n baie bepaalde publieke/sosiale wyse. Sy klem is op konkrete reële verlossing van werklike nood. Die oorwinning in Jesus[53] is volledig.

Wanneer die Ou Testament verwys na die wyse waarop die Gees bedroef word, handel dit meer oor God self wat bedroef word in die lig van die feit dat die Gees nie volledig geopenbaar word as die Heilige Gees nie. Tog kan afgelei word dat God bedroef word en in die lig van die Nuwe Testament het dit die pneumatologiese betekenis dat die Heilige Gees bedroef word.

Jesaja 63:10: “*Maar hulle het in opstand gekom en het sy Heilige Gees bedroef, daarom het die Here vir hulle ’n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.*” En Jesaja 63:11: “*Toe het sy volk gedink aan die ou dae, aan die tyd van Moses, en gevra: Waar is Hy wat sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat sy Heilige Gees onder hulle gegee het?*”[54]

---

53 Welker (1994:203) verduidelik: “The presence of the messianic bearer of the Spirit, the action of the Spirit, and the coming of the God’s reign are revealed in a variety of individual, concrete experiences of liberation from distress, captivity, and hopelessness, in experiences of deliverance and of the restoration of unimpaired, coherent patterns of life.”

54 Hanson (1995:236-238) skryf: “The true prophet does not seek superficial ways to dispel the darkness of desolation. Wiesel does not sweep the pain away with facile assurances. He obliges the reader to accept the contradictions of life as an invitation to the kind of reflection that breaks through facile human explanations. The prophet in our passage invites the audience to a similar confrontation with contradiction. He pictures the people guided by Moses: ‘Like a horse in the desert, they did not stumble’ (63:13b). How different is the present situation of the prophet, as described, for example, in chapter 59: ‘We stumble at noon as in the twilight ... We all growl like bears.’ (59:1011). This contrast drives home the spasms of pain underlying the twice-repeated question of 63:11, ‘Where is the one?’”

Dit is van groot belang om ook na te dink oor die Heilige Gees en geweld. Rus die Heilige Gees mense selfs toe om geweld te pleeg? Hoe moet gedeeltes oor geweld veral in die Ou Testament verstaan word? Daar is verkillende wyses om oorlog en geweld in die Ou Testament te hanteer. Tate (1982:587e.v.) gee ’n deeglike oorsig van die verskillende wyses waarop teoloë geweld in die Ou Testament benader. Eerstens is daar Marcion se benadering waar die “oorlogsugtige God” van die Ou Testament nie aanvaar word nie, maar slegs die God van liefde, soos voorgestel in sekere dele van die Nuwe Testament.

Die tweede benadering is om geweld en oorlog te spiritualiseer. Daarmee word oorlog- en geweldtekste herinterpreteer om op die geestelike oorlog te dui en nie op die fisiese geweld nie.

Die derde is om ’n linguistiese benadering te volg. Daarmee word bedoel dat God as krygsman atromorfe aanduiding is wat nie so direk verstaan moet word nie.

Die vierde is om die klem op Israel te lê wat ook aangedui word as mense wat God moet dien as priesters en ’n heilige nasie (Ps. 147:10-11). Israel word die ideaal wat God voorhou. Nie die krygsman nie, maar die ideale persoon is soos Job (29:15-17). Die visie vir Israel is ook die een van vrede (Jes. 2:4).

Tate (1982:594) meen ook dat dit nie maklik is om oor te beweeg van oorlog en geweld in die Ou Testament na oorlog tans nie. Dit kan slegs met diepe ootmoed gedoen word. God bereik soms wel sy doel met oorlog. Dit is, volgens Tate (1982:594), nie moontlik om absolute beginsels neer te lê nie. God bereik ook sy doel op vreemde wyses.

Daar kan inderdaad met Tate saamgestem word. Oorlog en geweld in die Ou Testament kan nie bloot wegverklaar of vergeestelik word nie. Die voorkoms daarvan moet nuut geïnterpreteer word. Teks moet met teks vergelyk word. Die geheel van die kanon moet in ag geneem word. Ten spyte daarvan sou ’n uiters finale laaste beslissing vir geweld geneem kan word wanneer die Heilige Gees die reg van God handhaaf. Die Heilige Gees is nie net die Gees wat heel nie, maar ook die Gees wat die oordeel van God voltrek.

Ook Janzen (1982:156) is van mening dat oorlog en geweld sentraal is in baie van die teologiese aspekte van die Ou Testament. Verder is oorlog, volgens hom, deel van die menslike situasie en dus ook van die situasie in die Ou Testament. God is soewerein ook oor geweld, maar dan is God ook genadig en barmhartig. Alhoewel God as krygsman aangedui word, verheerlik die Ou Testament nie oorlog nie. God se soewereine beheer word dus voorgehou, maar dit sluit nie die verheerliking van oorlog in nie (1982:161). Ook die heilige oorlog is die gevolg van sonde. Dit is ook in God se hande (1982:164). Geregtigheid moet verkry word en oorlog nie verheerlik word nie; die doel is vrede (1982:165).

Kvasnica (2008:175) beskryf dat daar in die Joodse historiografie verskuiwings voorkom om die etiek van geweld en oorlog te verstaan. Hy beskryf veral drie bewegings: Judas die Makkabeër se vrome plundering (2 Makk. 8), waar oorlogsbuit aan swakkes en lydendes uitgedeel word; die plundering van Egipte deur die Israeliete tydens die uittog wat in die Jubilees, Philo en Esegiel verklaar word, en die bewering van Josephus dat die plundering van die vyand teen die Torah is (2008:175). Daar is egter voorvalle van plundering in die Ou Testament wat selfs vir God aangebied word (2008:178), maar in die etiek word die plundering teengegaan (2008:196).

Schmitt (2014:152) toon aan dat rituele by die voorkoms van geweld ook van belang is. Die man van God wat met God ’n verhouding het, kan nie vir God dwing nie, maar kan God se wil aflei en God bly gebonde daaraan (2014:152). Die rituele gesag van die man van God maak dit moontlik.

Riley (2014:243) wys daarop dat rituele dikwels voor en na geweld voorkom, veral om die persoon te reinig. Die vraag is dan of God ook ritueel gereinig moet word na God ook in sy oordeel doodgemaak het (2014:243). Konflik, oorlog en bloedvergieting lei daartoe dat daar daarna reiniging moet wees. In die Ou Nabye Ooste moes gode ook gereinig word na die oorlog (2014:244). Riley (2014:263) vra dus die vraag of Yahweh ook gereinig word. (2014:256). Kan God ook onrein word? word gevra. Die probleem is dat daar beskrywings in die Ou Testament is waar God self ook in oorlog optree, maar veral in

Trito Jesaja word aangetoon dat Yahweh nie te volle onrein word en nie gereinig moet word nie (2014:263).

Crouch (2009:29) is van mening dat die gedagte dat in die Ou Nabye Ooste die militêre ideologie dat die koning die bewaker van die kosmiese orde by wyse van militêre optrede teen die vyand en chaosmagte is, ook in Juda en Israel voorkom (2009:79). In die Psalms tree die koning en God saam op om die vyand te verslaan en die bedreigende chaos teen te gaan. So word Yahweh die agent van die ondergang van die vyand, terwyl die koning ook 'n rol speel (2009:80). Amos maak sekere opmerkings om oorlog meer menslik te maak. Vroue en kinders moet nie doodgemaak word nie (2009:156). Jesaja sluit by Amos aan aangaande die *lex talionis*, anders as die aanvaarbare koninklike militêre ideologie (2009:174-175). Die beskrywing van die Heilige Oorlog van Von Rad word bevraagteken (2009:195). Hy wys daarop dat historiese agtergrond in ag geneem moet word.

Hierdie interpretasie is van belang om ook geweld en oorlog in die Ou Testament te probeer verstaan. Dit skep die moontlikheid om dit te hanteer as God se groot ingrype om die chaos en sonde teen te gaan in die totaal verdorwe wêreld. Die Heilige Gees wil juis hierdie verlossing na ons bring.

Sutton en Human (2017:391-410) hanteer die saak van eer en skande in militêre optrede.[55] Eer hang saam met die bewaring van mense, ook in oorlog. Skande kom veral voor waar gevangenes geneem word.

55 Sutton (2016:68) verduidelik: "It is important to note here that, due to the fact that warfare is closely related to the way humans live and that it forms part of human understanding, it should be seen as an essential part of anthropology. The practical use of a footstool is to put one's feet upon it, therefore the name footstool. In Psalm 110:1 it is used to store the bodies of the king's enemies, bringing shame, humiliation and dishonour to the enemies and making sure that they are obedient to him. Due to the context of Psalm 110:1, it is clear that the footstool in this text can be described as an implement of war or warfare, even maybe as a psychological weapon to bestow fear onto the king's current and future enemies."

Sutton wys ook op herstel na oorlog.[56] Daar moet egter gewaak word teen die aanvaarding van geweld wanneer die arme en verdrukte teen geweld opstaan. Die owerheid dra die swaard van God en kan slegs onder uiterste omstandighede geweld gebruik. Alleen wanneer alle ander moonlikhede

56 Sutton (2017:336) skryf: "The warfare clothing imagery within Psalms 108-110 takes on a different role as it is used as an offensive implement of warfare rather than the more prominent defensive role. As such, the clothing imagery is used as a weapon to bring dishonour or shame over the defeated enemies and present honour or rather restored honour to the king as the representative of his people. The implication is that the clothing imagery within Psalms 108-110 must be understood as restorative imagery for a nation after a destructive war. The imagery in the trilogy illustrates the different stages of the war that contributes to this process of restoration of honour. The process of restoration starts in Psalm 108 as a solace that honour will be restored (announcement of war) and continues to Psalm 109 where restoration starts and the battle for honour unfolds (the battle) that leads to the final restoration in Psalm 110 with a demonstration of renewed honour and status (victory)."

Sutton (2019:56) verduidelik verder: "YHWH is the protector of the poor and needy, therefore the petitioner in verse 22 calls attention to this fact to gain the protection and assistance of YHWH. He knows that YHWH has an obligation towards the poor and therefore he trusts in YHWH's nature that he will not abandon him. These accusations have taken their toll on him; he is a wounded person and in verses 23-24 he provides a description of the physical toll that has been taken on him."

Sutton (2019:59) skryf: "Within the #FeesMustFall Movement, the expression of violence as an outcry for justice can also be seen where violence is experienced through the acts of others. First, the students who are socially oppressed due to the increase in fees at South African universities, began the protests as an outcry for justice as part of an act of deliverance from ever-increasing fees and the feeling that they were not being heard or listened to, which also developed into other political issues such as decolonisation. Secondly, for those (the students) who are tormented also by physical violence by enemies or the wicked (the police and the upgraded security at universities), the violence becomes the outcry for justice as part of an act of salvation and in this case as an act of retribution against the response of the police."

met ʼn totaal verworde owerheid uitgeput is, mag daar onder leiding van die Heilige Gees verset kom. Daar moet bevestig word dat die Heilige Gees as Gees van Christus, die Vredevors, juis die gruwels van geweld en oorlog ontbloot en oproep tot vrede. Daar kan geen twyfel bestaan dat God deur die Heilige Gees in die individu se hart, maar ook in die gemeenskap, vrede wil bring nie. Die Heilige Gees bevestig Christus se werk om vrede in sy koninkryk te bring. Hierdie vrede is nie die wêreld se vrede nie, maar juis God se vrede wat ook die verstand te bowe gaan. Om die reg van God te handaaf, sou daar ʼn uiterste laaste uitweg mag wees om tot geweld en oorlog oor te gaan, maar dan altyd in totale gebrokenheid en met minimum optrede en tot verdediging.

Van de Beek (2020:77-99) gaan uit van die passifistiese benadering. Na die kruis kan nie meer vanuit die beginsel van geweld geredeneer word nie. Jesus dra al die ellende van die wêreld aan die kruis. Meer nog, God self dra die ellende. Daarom meen Van de Beek dat alle geweld afgesweer moet word, veral in die lig van die voor-Konstantynse Vaders se benadering

---

Sutton (2019:61) wys op die implikasies in die Psalms: "Psalm 109 is viewed as one of the imprecatory psalms, better understood as an emotional lament. In the psalm the psalmist is accused of multiple things, especially for neglecting the poor (v. 16). As the accused, the psalmist is cursed (violent actions) by the prosecutors in the psalm for not looking after the poor, the unheard voices of their social context. In a plea for justice, the psalmist redirects his plea towards YHWH for a saving intervention and in this the psalmist redirects the curses (violent actions) towards the prosecutors, leaving the voice of the poor unheard again. Only the need and the voice of the psalmist are addressed."

Sutton (2018:280) skryf: "Psalm 35:1-3 presents a situation where YHWH can be viewed as an armour bearer for the supplicant. Since the psalm is unclear as to who the supplicant is, it leaves room for multiple interpretations of the question as to whether or not the position of armour bearer is a position of honour or shame for YHWH. In a military context, the position of armour bearer is always a subordinate position, resulting in a position of shame for YHWH. YHWH taking up such a position tells more about the character and nature of YHWH as a righteous, caring, merciful and loving God than the position he bears."

tot oorlog en geweld. Hy is van mening dat die optrede in die oorloë van Israel inderdaad nie op die optrede van huidige regerings van toepassing gemaak kan word nie. In ’n preek oor Deuteronomium stel hy dit soos volg: “Jezus is gekruisigd, gehangen aan het hout. Hij is een vervloekte. Wie is dat? Ze hebben de Here der heerlijkheid gekruisigd, zegt Paulus. De Here der heerlijkheid – de God van Sinaï, de God van de onvoorstelbare glorie die geen kwaad verdraagt, de God die zijn geboden gaf en elk vervloekt die niet alles volbrengt. Die God hangt aan het hout. Die God wordt vervloekt. Hoeveel mensen hebben deze God niet vervloekt – als ze geconfronteerd werden met het kwaad – als ze stonden bij het graf van een dierbare, als er bommen op hun stad vielen. Paulus zegt dat God zich láát vervloeken. Hij laat zich kruisigen en aan het hout hangen. Het is voor ons gewoon geworden, Jezus is voor ons gekruisigd. Verstaan we ook maar iets van de siddering die door Paulus moet gegaan zijn, elke keer als hij zulk soort dingen schrijft. De Here der heerlijkheid gekruisigd. God vervloekt. Zonde geworden voor ons – voor ons. Niet voor de brave mens die een afschuw heeft van het geweld dat Deuteronomium preekt, maar voor de mensen die dat kwaad doen en zoveel kwaad doen dat dat roept om het recht te zetten – en als het recht gezet wordt opnieuw onnoemelijk kwaad veroorzaken” (van de Beek 2020:91-92)

Dit is waar dat Jesus die wêreld se ellende dra en dat ons altyd die oordeel van God in die lig van die kruis moet sien. Verwysings in die Ou Testament oor geweld en oorlog mag ook nie direk op die huidige omstandighede oorgedra word nie. Die kruis op Golgotha is beslissend. Die oordeel van God roep egter soms regmatige verset op. Dit is nie moontlik om alle selfverdediging af te wys nie. Augustinus, ander post-Konstantynse Vaders en die Hervormers het dit besef. In diepe berou oor die ellende van die wêreld moet soms teen geweld met geweld opgetree word. ’n Gemeenskap van vrede is dikwels die gevolg van optrede deur hulle wat hul lewe opoffer om met geweld groter geweld teen te gaan. Die gemeenskap kan ook nie die voordeel daarvan benut sonder om hulle te erken nie. Van de Beek se standpunt vra egter diepe nadenke en erkenning en daar kan alleen met groot huiwering daarvan verskil word.

Die oordeel van God word ook voltrek wanneer God mense tot verantwoording bring. God is die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, maar ook dié God wat die reg handhaaf. Juis daarom kan nie beweer word dat God nie ook oordeel nie. Die reg van God word gehandhaaf ook wanneer God oordeel. Die kulminasie daarvan word in die dood van Jesus aan die kruis gevind waar Hy ter wille van baie sy lewe oorgee in die oordeel om die redding te bring.[57]

Heilbrengend gee Jesus Homself oor sodat Hy tot sonde gemaak kan word om die redding vir baie te bring, soos uitdruklik in 2 Korintiërs 5:19-21 uitgedruk word: "[19]*Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hul oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.* [20]*Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!* [21] *Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.*"

## 3.5 Die Heilige Gees sal in die waarheid lei

Johannes 16:13: "*Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.*"

Die Heilige Gees en Christus is een soos hulle ook met die Vader Een is. Pilatus vra vir Jesus wat is waarheid. Die Heilige Gees sê Jesus is die waarheid. Brown verduidelik hoe die Gees juis hierdie waarheid bevestig.[58] Hy sal in waarheid lei. Die Heilige Gees gaan die dinge wat kom, verkondig. Daardie dinge is die kruis, opstanding en hemelvaart van Jesus. Die Heilige Gees is ook die Gees van vrede.

57 Vir die oorweging van die vraag of daar geweld in die versoening en kruisdood van Jesus is, kyk Verster (2007).

58 Brown (1972:715) skryf: "This is fulfilled in and through the Paraclete."

Jesus sê uitdruklik dat Hy die weg is. Johannes 14:6-7:

> 6 *Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.*
>
> 7 *As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."*

Hy is ook die een wat vrede gee. Johannes 14:26-27:

> 26 *en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*
>
> 27 *"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.*

Daarmee saam word die heil in Christus nuut. Die Gees word dan ook die Gees van die waarheid genoem, want Hy sal in die hele waarheid lei. Dit is nie 'n algemene waarheid wat maar net bevestig word nie, maar dit is die waarheid wat diepgaande bevestig dat Jesus die weg, die waarheid en die lewe is wat reeds in Johannes 14:6 bely is. Die Heilige Gees bevestig dit en Hy sal die dissipels in die hele waarheid lei, want wat Hy sê sal nie van Homself kom nie; dit is net wat Hy hoor.

Handelinge 26:25: "*Maar Paulus sê: 'Ek is nie mal nie, U Edele, maar onder die leiding van die Heilige Gees praat ek die waarheid wat elkeen kan verstaan."*[59] En Handelinge 28:25: "*Hulle was dit nie met mekaar eens nie en het weggegaan, maar*

59 Jennings (2017:231-232) toon aan: "And once again the answer will not be given because this king cannot face the question. His response to Paul was cunning in that he understood what Paul was doing – drawing him so deeply into the story of Israel that he would be compelled to encounter the true storyteller of Israel, Jesus. "Are you so quickly persuading me to become a Christian?" (v. 28) The King James translation rendered these words so magisterially: "Almost thou persuadest me to be a Christian." We know they were spoken in jest and ridicule by this king, because he would not allow Paul's words to capture him. Instead he sought to turn the focus back on Paul, reminding him and all present of the true order of things: namely, that he is the judge and Paul the judged."

*Paulus het nog eers dít vir hulle gesê: 'Hoe waar is dit tog wat die Heilige Gees by monde van die profeet Jesaja vir julle voorvaders gesê het!"*

Efesiërs 1:3, 13; 13:14; 2:18; 3:5, 16: "*Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,*" En ook Kolossense 1:8-9.

1 Tessalonisense 1:5: "*Want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil.*"[60] 1 Tessalonisense 1:6: "*En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom.*"

Sommige is van mening dat dit 'n profetiese uitspraak oor toekomstige gebeure in die wêreld in die algemeen is en dat daardie toekomstige gebeure openbaar sal word. Hier word beklemtoon dat dit die dinge is wat vir Jesus voorlê. Hierdie leerrede vind voor sy kruisiging plaas. Die dinge wat sal kom, in die kruisiging, sal geopenbaar word en die Heilige Gees sal dit, die betekenis van die kruisiging, beklemtoon. Daardie waarheid sal Hy verkondig deur die dinge wat sal kom, bekend te maak. Hy sal Jesus verheerlik, want wat Hy van Hom ontvang het, sal Hy aan die dissipels verkondig. Hulle sal dus die wonder van die lering van Christus begryp en hulle sal die heerlikheid daarvan ten diepste verstaan. Die wonder van sy heerlikheid sal in daardie opsig na vore kom en daarmee saam sal dan die heerlikheid van Christus finaal en opnuut beklemtoon word, want alles wat aan die Vader behoort, behoort

60 Fee (2009:Kindle Locations 865-923) verduidelik: "The sentence insists that his gospel 'came to you' in a certain manner. Thus the initial phrase on the positive side is not 'with the Holy Spirit and power,' but simply 'in power,' precisely because that for Paul is the proper contrast to coming merely 'with speech' (cf. 1 Cor 2:1-5; 4:19). But lest 'power' not be fully understood, Paul immediately qualifies by adding, '[that is], with the Holy Spirit and deep/full conviction.' Thus, the Holy Spirit is being designated as the source of the power in his preaching the gospel, the evidence of which was the full conviction that accompanied his preaching and resulted in their conversion."

ook aan Jesus. Hier kry ons 'n diepgaande implikasie van die Triniteit. Dit wat aan die Vader behoort, behoort aan Jesus en die Heilige Gees sal dit bekend maak, want dit wat Hy van Jesus ontvang, sal Hy ook verkondig. Die intertrinitariese aspek van die heil in Christus word hier op unieke wyse beklemtoon. Dit is intertrinitaries, want dit is Vader, Seun en Heilige Gees, wat betrokke is.

## 3.6 Die Heilige Gees verheerlik Jesus Christus

Johannes 16:14: "*Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.*"

Die Heilige Gees en Jesus Christus staan dus in noue verband met mekaar. Hy gaan uit van die Vader én die Seun. Hy sal verkondig wat Hy ontvang. Jonker (1981:102e.v.) beklemtoon dat, wanneer God Homself openbaar in Christus, die werking van die Heilige Gees ook sigbaar word en dat, wanneer die Godheid van Christus erken word, word die wonder van die Godheid van die Heilige Gees ook opnuut beklemtoon. Die Heilige Gees is eindtyd-gawe van God wat ten nouste met Christus verbonde is en gaan uit van die Vader en van die Seun en doen die wondere van die werk van die Seun. Dit is dus duidelik dat dit nie bloot handel oor die Gees in persoonlike terme gepraat nie, maar dat die eenheid van God nooit bedreig word deur die onderskeid tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees nie. Die Gees bly die Gees van die Vader en die Seun, maar moet onderskei word van die Vader en die Seun, en word nooit 'n onpersoonlike mag nie. Daar moet bely word dat die Gees nie op so 'n wyse onderskei word dat ons in Trinitisme verval wanneer daar nie 'n eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees is nie. Veral die verhouding tussen Christus en die Gees is van groot belang. Die Heilige Gees word uitgestort na die lyding en verhoging van Christus. Die Heilige Gees word eers uitgestort na die verhoging van Christus en in die nuwe bedeling verwerf die Heilige Gees op 'n besondere wyse nuwe betekenis (1981:129). Dit is juis die Heilige Gees wat op 'n baie unieke wyse handel en optree. Soms lyk dit asof Christus en die Gees in die Nuwe Testament met mekaar geïdentifiseer word, maar dit is tog duidelik uit verskillende tekste

dat verskillende aspekte van Christus en die Gees na vore kom, alhoewel die Heilige Gees erken word as die ware Gees van Christus. Brown (1972:716) verduidelik dat die Heilige Gees in waarheid die Vader se wil aan mense bekendmaak in en deur Jesus Christus.

Daarom die wonder van die Gees van Christus. Hy verbind ons aan Jesus. Daarom in die kruis van Jesus en die kruis van die wêreld is daar hoop deur op Jesus te hoop.

# 4. DIE HEILIGE GEES AS DIE GEES VAN OPENBARING, GEES VAN DIE LEWE EN DIE KOSMOLOGIESE WERK VAN DIE GEES

## 4.1 Openbaring

Die belofte van die Heilige Gees kom deur Jesus se verhouding met die Vader.

Handelinge 2:33: "*Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.*"[61] Kyk ook Hebreërs 9:14; 10:15.

---

61 Jennings (2017:34) maak die rol van die Heilige Gees duidelik: "If this is the first Christian sermon, then we must take note of several of its elements. First, it exists only within the Holy Spirit. It begins only after the Spirit has come. It is a second word after the words of praise have been given by God. Before the Spirit came, Peter had little to say. His words will now and forever be only commentary on what the Spirit is doing, and what God has done for us in Jesus. Second, he does not stand alone. As he stands, the other disciples stand. As he stands and speaks, Israel's prophets are echoing in his words. It is a life-draining deception to ever believe that one preaches alone. Of course, one voice speaks in the preaching, yet at every moment, at any given moment when a preacher speaks, many preachers past and present are speaking. The preacher is always a company of preachers."

Jennings (2017:35-36) sluit hierby aan: "Whether Luke or Peter understood it, through the Holy Spirit they had turned the story of Israel toward life everlasting and had shown us the way to turn our life stories and the stories of our peoples toward redemptive ends by drawing people to the victory of God in Jesus.

Die wonder van die uitstorting van die Heilige Gees word bevestig deur tekens.

Handelinge 4:31: "*Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.*"[62]

Die wonder is dat die Heilige Gees ook val op mense buite Israel. Handelinge 8:15-17.

2 Petrus 1:21. Want die profete het hulle boodskap gebring, nie omdat hulle self daardie dinge wou sê nie, nee, die Heilige Gees het mense laat sê wat God sê.

In die eerste plek moet erken word dat die Heilige Gees altyd die openbaring dra. Die Heilige Gees is die een wat die openbaring bekend maak. Daarom word getuig dat die Skrif getheopniseerd is. Dit is die Heilige Gees wat dit moontlik maak. Dit is die Heilige Gees wat op 'n besondere manier in mense se harte werk en nuwe dinge moontlik maak. Maar dit is die Heilige Gees wat dan op 'n baie unieke wyse die Woord van God dra en bekend maak in die wêreld.

---

Who would believe such a remarkable word coming from such unremarkable witnesses? There would be no chance of success unless the Spirit of the living God breathed on their witness. Thankfully, now the Spirit has appeared, living and breathing on and through unlikely voices, voices just like ours.

62 Jennings (2017:49-50) verwys na die nuwe tyd wat aanbreek: "They prayed and God shook the place. Again the Holy Spirit comes and fills the disciples and they speak, but this speaking is already a joined speaking, a chorus of faith. They speak the word of God with boldness. This shaking of the Spirit is not simply a sign of power, but of pleasure. God's excitement is evident here. Here and now God's people are one – calling on the faith and boldness of Jesus to do the divine will. Here and now the new order confronts the old order and God sees the unfolding of divine desire in and among God's creatures. This is the Spirit's quivering joy exposed in the impartation of holy power. Yet what comes to the disciples now is not simply boldness. In fact boldness is not the ultimate gift but the intensification of the common. The common is the gift realized in the Spirit."

Die volgende vraag is van groot belang: Wat is die inhoud van die openbaring van die Woord van God in die wêreld?

Daar is verskeie metodes waarvolgens ʼn antwoord probeer gee is op wat die Heilige Gees dan inderdaad doen in die totstandkoming van die besondere openbaring van die Woord van God, die Skrif. Verskillende getuienisse word gelewer. Die meganiese, die organiese, en die dialogiese is verskillende metodes wat aangewend word om te sê hoedat die Heilige Gees die Skrif tot stand gebring het. Die meganiese benadering beskou die inspirasie as bloot direkte woorde van God en neem nie in ag dat die Bybelskrywers ook hul eie persoonlikhede behou het nie. Die Gees sou dan maar net die mens as oordragte gebruik het. Die organiese inspirasie word deur verskeie gereformeerdes voorgehou. Daarvolgens neem die Gees mense in diens om soos organe wat wel hul eie persoonlikhede behou maar onder die Gees se leiding, die Skrif tot stand bring. Die dialogiese benadering dui daarop dat die Skrif in dialoog tussen die Gees en die skrywers tot stand gekom het.[63] Daar sal uitdruklik erken moet word dat die Gees die skrywers in diens geneem het, maar dan beslis met die erkenning dat hulle hul eie persoonlikhede en skryfstyl behou het. Die Heilige Gees as Gees van Christus is die Gees van Christus, wat die wonder doen om aan Christus te verbind en op ʼn baie unieke wyse die genade te gee om werklik vir Christus te ken. Dit is die Heilige Gees wat dit moontlik maak om Jesus Christus te ken.

Wat Jonker (1981: 210) ook ten sterkste wil beklemtoon, is dat die verhouding tussen die Gees en die Bybel nie misken moet word nie. Die Heilige Gees werk nie los van die Skrif nie. Wanneer die Heilige Gees se werking losgemaak word van die Skrif, soos wat voorkom by sommige van die Pinksterbewegings, word die verhouding tussen die Gees en die Skrif problematies (1981:212). Jonker wys daarop dat daar inderdaad ʼn verkeerde beskouing van die Heilige Gees na vore kom en dat die verband tussen Christus en die Gees en tussen Christus en die Woord verbreek word. Van uiterste belang is dat die Heilige Gees en die verhouding van die Gees tot

63 Vir ʼn volledige uiteensetting, kyk Heyns (1978:18e.v.).

Christus rondom die beklemtoning van die Skrif verstaan moet word. Ook wat die gawes van die Gees betref, wys Jonker daarop dat die sogenaamde verwerping van alle gawes wat in Protestantisme voorgekom het, nie houdbaar is nie omdat die Skrif die moontlikheid van die gawes daarstel. Maar dan wys hy ook op die gevaar om die Heilige Gees en die gawes los te maak van Christus en die Woord wat dan uiteindelik daartoe lei dat die gawes oorspan word. Die oorwinning oor die sonde moet beklemtoon word (1981:241). Die oorwinning is in die krag van God.

Weens Welker se benadering word ook verwys na die wyse waarop hy die openbaring benader. Die historiese omstandighede word in ag geneem. Welker[64] se benadering word goed deur Van der Westhuizen deurgegee.

---

64 Van der Westhuizen (2016:613) verduidelik: "In order to appreciate the historical and the cultural weight of the biblical traditions it is indicative that the differentiated settings in life and these traditions' influence on the most diverse settings in life are apprehended (Welker 2001a:16), i.e. 'experiences of peace and of war, of liberation and of oppression, of joy and of distress, accompany and mark the testimonies to God's presence and God's distance, to God's saving and God 's judging actions' (Welker 2002a:379). The main insight here is that the biblical traditions have through more than two millennia critically interacted, and still interacts, with the most divergent settings in life (Welker 2001a:14). … Welker critically emphasises, however, that without the further development of the 'mystery of Christ and the Holy Spirit', what is meant with 'inspiration' will remain impervious and subject to misuse. He therefor answers the question as to the 'inspiration' of the biblical traditions on the basis of an articulated theology of the Spirit."

Van der Westhuizen (2017a:444) skryf dus: "In relation to a dialogical approach a 'realistic theology' means that the being and work of the Spirit cannot be understood in individually made up ideas of intimacy and the concepts that emanates from these made up ideas … With his 'realistic theology' he thus wants to move past the two-sided patterns of 'God' and 'the human person'.

## 4.2 Die kosmologiese werk van die Gees[65]

### 4.2.1 Inleiding

Die vraagstuk van die werking van die Heilige Gees kom onmiddellik na vore. Werk die Gees in die kerk of ook in die wêreld daarbuite? Die weë gaan uiteen tussen Welker en Van de Beek. Jonker en Heyns erken ook die kosmologiese werk van die Heilige Gees. Vos lê groot klem op die eskatologiese implikasies van die Persoon en werk van die Heilige Gees. Van de Beek staan krities teenoor die kosmologiese werk van die Gees. Aanvanklik was hy positief daaroor, maar weens die tydsgees/die teologie van die tye en huidige pneumatologieë wil hy die Gees se werking in die kerk en sakramente oorbeklemtoon.

### 4.2.2 Jonker

Jonker (1981:248) erken die kosmologiese werk van die Gees vanuit die feit dat die reformatoriese beginsels dit bevestig. Jonker wys op die werking van die Heilige Gees en die gevaar van heilsindividualisme. Hy wys daarop dat daar inderdaad probleme is wanneer die werk van die Heilige Gees revolusionêre en politieke implikasies verkry (Jonker 1981:256). Die teologie van bevryding wil dan ook die Heilige Gees as ’t ware opeis vir ’n revolusionêre taak. Wat is Jonker se antwoord hierop? Hy is van die standpunt dat die kosmiese werk van die Heilige Gees wel aanvaar kan word. Die Heilige Gees werk wyd en indrukwekkend in die skepping, maar die besondere werk van die Heilige Gees moet ewe-eens erken word (Jonker 1981:265). Die verstaan van die werking van die Heilige Gees in die werklikheid is dus nie soseer die verskil tussen natuur en genade nie, maar tussen sonde en genade. Die

65 Teoloë word hier hanteer vanweë hul besondere betekenis vir die vraag hoe die Heilige Gees optree, ook in die wêreld en watter implikasies dit vir die sending het. Gereformeerde Suid-Afrikaanse teoloë Jonker, Heyns en Vos word aan die orde gestel, maar ook teoloë wat van mekaar verskil, naamlik Van de Beek, Welker en Dingemans. Algemene benaderings word ook aangesny, naamlik dié van Kärkkäinen, BJ van der Walt en Migliore. Aangesien die hoofsake aangesny word, is daar nie ’n bepaalde volgorde nie.

gereformeerde teologie het altyd erken dat God ook in die algemeen werk. Die waarheid van God, die wonder van God, die betekenis van God word deur die sonde onderdruk, maar daarom werk die Heilige Gees vernuwend. Die gevaar van individualisme moet erken word, maar ook die werking van die Heilige Gees in breëre verband. Die Christendom wil nie die aardse lewe geringskat nie, maar wil altyd waak teen dualisme. Aan die ander kant, wil Jonker tog daarop wys dat die Heilige Gees die Een is wat ons aan Christus verbind en dat ons Christus moet leer ken deur die werk van die Heilige Gees. Die verhouding tussen Christus en die Gees bly dus van allergrootste belang en ook in Johannes 14 tot 16, die rol van die Parakleet (Jonker 1981:265e.v.).

### 4.2.3 Van de Beek en Welker

Die weë skei tussen Van de Beek en Welker. Van de Beek (2012:430-431) beskou die Heilige Gees as die Gees van Christus wat in die Kerk werk en vandaaruit in die skepping. Die Gees van Christus vernuwe die kerk. Die Gees van Christus bring verandering in die kerk teweeg. Die Gees van Christus vernuwe ook die wêreld deur die kerk, maar die Gees is nie ’n kosmologiese gees wat buite om Christus en die kerk in die wêreld werk nie. Hierdie wêreld het in sonde geval en is weggeskuif van God af. Die Gees werk in die wêreld deur die kerk en die kerk is daar om die nuwe gemeenskap van God tot stand te bring. Die kerk is daarom uiters belangrik. Van de Beek praat van die heilbrengende werk van die Gees in die kerk en die eenheid van die kerk is dus ewe-eens belangrik. Daar is absolute eenheid in God en dit vra ook dat die eenheid van die kerk erken word. God is EEN, maar ook die kerk moet een wees, omdat ons in God glo. Die Gees is teenwoordig in die sakramente. Juis daar word die intieme verhouding tussen Christus en die Heilige Gees sigbaar. Van de Beek skryf (2012:430-431): “Vanaf het begin is de Geest nauw verbonden geweest met Woord en sacrament, geconcentreerd in de viering waar mensen verenigd door Christus die het Woord is, leven in de gemeenschap van de Geest. Geest en kerk behoren bijeen en de eucharistische gemeenschap is de plek waar de presentie van de Geest haar midden heeft. Daar vieren we het eeuwige leven door de Geest die ons een maakt met Christus. De kerk is de plek waar de kinderen van God samen zijn, in de

verwachting van de komst van Christus. Ze zien reikhalzend uit naar Hem en daar klinkt het 'Maranatha'. En Hij komt niet straks, maar hier en nu door zijn Geest."

Van de Beek (2012:424-436) beklemtoon twee sake ten sterkste. Eerstens, dat die Heilige Gees ten nouste aan Christus verbonde is en dat die Heilige Gees en die kerk nie los van mekaar gedink kan word nie. Die kerk is ten diepste verbind aan die sakramente en die prediking. Woord en sakrament hang saam. Christus is teenwoordig in die sakrament. Hy grens hom dus af van die gedagte dat die Gees bloot in die kosmos werk, met sy kritiek op kennelik vernietigende aspekte van die werklikheid, want die Gees is met Christus verbonde in die *nuwe* skepping. Tweedens grens hy hom af van die gedagte dat die Gees die algemene goeie verteenwoordig. Hy grens homself veral af teen Dingemans se panenteïstiese benadering van die prosesteologie waar God self in die goeie opgaan. Die Gees is ook nie die Gees wat in die algemeen vernuwe nie. Hier grens hy hom duidelik af teen Welker. Veral die benadering van Welker wat die kerk beskou as 'n versetbeweging teen magstrukture en sodoende die gelowiges veralgemeen, word gekritiseer. Van de Beek skryf (2012:428): "De pneumatologie van Welker is een doorwrocht werk. Het is een schoolvoorbeeld van wat veel hedendaagse pneumatologie aanbiedt, alleen nu niet ongereflecteerd, maar met een wetenschappelijk presentatie. De inhoud wordt echter niet bepaald door de persoon van Christus en zijn inwoning in de wereld door de lijfelijke, hoorbare, tastbare, zichtbare, eetbare en ruikbare gestalte van de kerk in water, woord, brood en wijn, maar door algemene concepten als eenheid en gerechtigheid. Het gaat om de geest van de (op zichzelf respectabele) ideeën en niet om de Geest van de Gekruisigde."

Hierteenoor staan die gedagtes van Welker[66] wat van mening is dat die Heilige Gees juis ook in die algemeen in die wêreld werk.[67] Die Heilige Gees vernuwe die wêreld en is besig met vernuwing wat uiteindelik uitloop op die nuwe hemel en die nuwe aarde.[68] Die hele wêreld word sodoende totaal geheel en

---

66 Conradie (2019:s.p.) toon aan dat Van der Westhuizen Welker se Pneumatologie soos volg beskryf: "The focus is therefore on 'the actions of the living God' in terms of creation, maintenance and salvation, that is, the economic Trinity. Welker's 'realistic' theology takes experiences of the Spirit as a point of departure, also within the biblical roots of the subsequent Christian tradition. Such experiences are then interpreted through a Pneumatological and indeed a Trinitarian lens. The Spirit forms a community, that is, a communion with the crucified and risen Jesus Christ."

67 Dit is goed om Welker persoonlik te laat spreek. Van der Westhuizen (2017b:1-4) het met hom 'n onderhoud gevoer en 'n uittreksel volg hier. "Henco: In light of the question above, how would you describe what you have found to be your theological task through the years? What are the most urgent tasks theologians are confronted with today?

Michael: I see the task of a realistic and self-critically realistic perspective on, and witness to God. Realism means that one neither seeks knowledge, nor raises any claims to truth apart or separate from empirically, historically, and rationally supported experience. On the other hand, critical realism means that any and all monopolistic claims resulting from the operations of empirical enquiry, historical research, and rational thinking are to be perpetually and continually subjected to critical assessment. It is worth noting that it is precisely the rigorously Trinitarian-theological orientation and a biblical-theologically shaped 'discernment of the spirits' that is demanding and promoting such critical realism in theology. The creative God does nothing without the divine Spirit. The divine Spirit, in its own turn, stands in nuanced unity with the divine Word, which, revealed in Jesus Christ, is always also characterized by its entry into our earthly historical world. This conceptual approach enables us to dispense calmly and critically with the one-sidedness and abridgements of naturalistic, mentalistic, and similar purely metaphysical theological and philosophical approaches in theology and faith."

68 Welker (1994:331) skryf self: "Through the Spirit and from the Spirit, earthly, frail, and perishable life is treated as life in accord with God. It is rescued from death and is removed from under the sway of transitoriness. As heavenly life –

al van binne uit vernuwe en verander en kom daar dan ook ʼn totaal nuwe wêreld tot stand. Die Heilige Gees bring hierdie vernuwing op ʼn unieke en besondere wyse tot stand, want die Heilige Gees skep hierdie vernuwing. Die Heilige Gees is die Gees van Christus, maar dit is ook die Gees wat werk waar mense dit nie noodwendig weet nie. Welker is ook genuanseerd en wys op kontinuïteit en diskontinuïteit, want, volgens hom, is dit ook ʼn nuwe wêreld waarin die Gees nuut werk. Dit is ʼn vraag of Van de Beek en Welker so radikaal teenoor mekaar staan. Welker beskou inderdaad die Gees as die Gees van Christus en om daardie rede ook die Gees wat die kerk bepaal en in Woord en sakrament verbonde is. Die Gees werk in en deur die sakrament. Vir Welker is die Gees egter nie daartoe beperk nie. Die Gees is ook spesifiek in sy werking en moet, volgens Welker, nie veralgemeen word nie, al sou die Gees geregtigheid, vrede en heil bewerk.

Welker (1994:227) beskou wel die werk van die Gees as betrokke by die werk van Christus. Christus maak die Gees se werk moontlik, maar dit is juis die algemene werk wat die vernuwing na vore bring.[69]

---

as life that stands in contrast to all relative, perishable times and worlds, and at the same time is present to them – it becomes the domain where God is made present. As newly formed, valid, orientation-giving life – as ‘eternal life’ it does not hover over times and worlds, but lets God assume God’s rightful place in them. Through the Spirit and the Spirit’s action on creaturely life to sanctify, to forgive sins, and to raise from the dead, all times and worlds acquire the living standard from which and toward which they have lived, do live and will live. Through the Spirit, life in all times and worlds is illumined and exalted inasmuch as it serves to illumine other life.”

69 Welker (1994:227): “The Spirit of God thus generates a force field of love in which people strive so that all things might ‘work for the good’ for their ‘neighbors.’ In an international situation in which whole countries are politically and judicially neglected, in which the ideology of scarceness triumphs and in which the struggle to prevail economically is the order of the day, this ‘Comforter’ may appear to be an illusion. Yet in truth the Spirit acts in such an international situation as the revealer of ‘judgement’ on the powers that rule this world. From the perspective of structural patterns of life plunged into misery, the Spirit bears witness that

Vir Welker[70] is dit dus, anders as Van de Beek, wel moontlik dat hierdie wêreld deur die Gees in Christus vernuwe word, al sou diegene deur wie die Gees werk dit nie noodwendig weet nie en die Gees nie beperk of ingeperk kan word nie, terwyl vir Van de Beek die Gees altyd deur die verbondenheid met Jesus Christus in Woord en sakrament in die die kerk moet kom. Hierdie wêreld is immers nie ons woning nie en gaan verby en die einde van hierdie wêreld sal aanskou word. Vir Welker is dit van belang dat hierdie wêreld progressief vernuwe word in God[71] en dat die nuwe hemel en die nuwe aarde ook hierdie wêreld in ag neem, terwyl Van de Beek meen dat hierdie wêreld

*this* international situation has no staying power, no validity, that contrary to all self-rigtheousness of both the 'pious' and the 'impious,' it is marked by unbelief, distance from Christ, and nothingness, and is dependent on the delivering power of the Spirit".

70 Van der Westhuizen (2019:1-8) vat dit soos volg saam: "More problematic than our selective and reductive perspectives on the worlds we are part of is the perspective of these worlds on us. These worlds have a multiplicity of perspectives on us, pluralized in being abstractly objectified. Welker realises that this being objectified abstractly is reconstructed with our selective and reductive perspectives, in a sense allowing us to be at one with the worlds we are part of. Yet, there is more to us than these abstract objectifications, they do not bring our truth to bear. For Welker, it is God who brings our truth to bear. The law brings to bear God's perspective as the third level. The law, in this sense, is not confined to a first level of a perspective on the worlds we are part of. It is also not confined to the level of abstracted and objectified memories and expectations, both characterised by being selective and reductive. This third level combines these levels so that the truth that is brought to bear is not confined merely to certainty, objectivity, correspondence, coherence and consensus (Welker 1986a:250). In this sense, the individual is strengthened by the perspective of God, by an abstracted objectifying sense of Recht that the public does not apprehend, or, at least, not yet."

71 Van der Westhuizen (2019:1-8) verduidelik verder: "It is precisely his theology of law that takes Welker's theology of the Spirit into the public, which, for him, is pluralistic. The Spirit, in fact, cultivates what he refers to as a pluralism of the Spirit, a pluralism that works against the misuse of the law, for example, in morality. In different ways, Welker has argued that a theology of the Spirit, characterised by

eskatologies radikaal sal verander en 'n totale nuwe wêreld tot stand sal kom. Welker beskou die uitstorting van die Gees as besonder en betekenisvol.[72] Die Gees kan egter ook vernuwe.

### 4.2.4 Heyns

Heyns (1978) wys op twee aspekte van die werk van die Heilige Gees. Die eerste is die kosmologiese werk van die Heilige Gees (Heyns 1978:296). Die kosmologiese werk van die Heilige Gees beteken dat die Gees saam met die Vader en Seun nie alleen die skepping onderhou nie, maar ook vanuit die algemene genade en openbaring deel het aan die redding en bevestiging van God se genadige werking, selfs onder hulle wat nie glo nie.

Ten opsigte van die kosmologiese werking van die Heilige Gees verwys Heyns na die werk van die Gees reeds in Genesis 1:2 wat as *ruach elohim* oor die vormlose, ongeordende oertoestand sweef en dan uiteindelik orden en gereed maak en herstel. Alle lewe kom dus deur die werking van die Heilige Gees. God eis ook die sondige wêreld vir Homself op en die wêreld kan nie maar sê dat hulle geen belang het by dit wat God deur die Heilige Gees doen nie. Die sondige wêreld word opgeëis deur God en die Heilige Gees het daarmee 'n werking wat ook verstaan moet word. Verder beklemtoon Heyns (1978:297) dat die Heilige Gees sy werk uit genade doen en dat Hy eintlik uit genade sy kosmologiese werk voortsit. Dit beteken egter nie dat

---

the intentions of the interrelation of Recht, mercy and knowledge of God, allows for direction in the pluralistic public by taking theology beyond morality."

72 Welker (1994:229) self skryf: "The power of God comes to expression in a variety of ways that often move people toward each other in a surprising manner, and thus causes the attestation and extension of God's people, of the unity of people with Christ, and of their deliverance from lostness, powerlesness, and dejection. It is this power of the Spirit that is articulated by talking about the pouring out of the Spirit. The talk of the pouring out of the Spirit articulates the influence that persons seized by the Spirit exercise in their own proper person on both their proximate and their distant environments, whether those persons are directely conscious of that influence or not."

mense dan outomaties gered of ingelei word in die heerlikheid nie. Deur die kosmologiese werk van die Heilige Gees kan daar in die natuur, geskiedenis en mens se lewe ook openbaring van God wees. God openbaar hom in daardie sin ook aan hulle wat dan nie noodwendig in Christus is nie (Rom. 1:20; Ps. 8:3; 2 Sam. 23:2). Belangrik egter vir Heyns (1978:298) is die soteriologiese werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees se kosmologiese werk lê eintlik op die vlak van die natuurlike lewe om dit te bevestig en daarin ook te sorg dat dit nie totaal verval nie. Ten opsigte van saligmakende werk van die Heilige Gees moet beklemtoon word dat dit 'n unieke, spesifieke werk is wat saamhang met die uitverkiesing. Die Vader, Seun en Heilige Gees werk saam in die uitverkiesing van mense om hulle so in te lyf in die verbond. As Brugbouer in die verbond van genade is die wyse waarop die Heilige Gees die persoon inlyf in die heil van Christus (Heyns 1978:299).

Die historiese verwerkliking van die verbond word deur die Heilige Gees gedoen in die vleeswording van die Woord en hier is dit die unieke werking van die Gees in die koms van Christus na die wêreld. Dit is 'n unieke werking ten opsigte van die soteriologiese werking van die Heilige Gees dat in Christus die verlossing dan plaasvind. Ook in die Skrifwording van die Woord is die Heilige Gees werksaam en hier is dit baie duidelik dat nie weggekyk kan word van die wonder van die Heilige Gees in die soteriologiese werking in die inspirasie, die teopneustie van die Bybel op hierdie unieke besondere wyse nie.

### 4.2.5 Dingemans

Dingemans (2000:15) wil bykans die hele teologie in die pneumatologie laat opgaan. Vir hom is God Gees en moet God as Gees geken word: "Ik ervaar God dus vooral als *Pneuma* – dat zal een van de basisintuïties of als men wil: vooronderstellingen, van dit boek blijken te zijn. God is Geest. De Geest, die niet alleen met Pinksteren is uitgestort op mensen, maar die ook werkt in Christus, in Israël, in andere religies eigentlijk in de hele schepping". Volgens hom sal God as *Pneuma* verskillende gestaltes kan inneem. Hy (2000:16) verstaan dan onder *Pneuma* (of Gees) "de verboren kracht van de invloed van

de Roepende op onze wereld". *Pneuma* is ook geen aparte gestalte van God en ook geen aparte goddelike persoonlikheid, maar beweging van God en God is daarom Gees (2000:16). Alhoewel hy nie die begrip kosmologiese werk van die Heilige Gees aanwend nie, meen hy tog dat die *Pneuma* op verskillende wyses manifesteer wat die gestalte as Skepper insluit. God word dan verstaan as 'n *Mag* of *Pneuma* wat bo en agter die werklikheid staan en Homself gepersonifieer het in Jesus. God is egter nie, volgens hom, die Almagtige nie, maar wel die roepende of roepstem wat veral oproep na die toekoms (Dingemans 2000:135-136). Hy kies ook teen 'n wesenstriniteit waar een wese en drie Persone onderskei word vir 'n handelingstriniteit; die een God het deur die beïnvloeding van sy Gees die wêreld geskape, en vervolgens in Israel en ook ander religieë met mense op weg gegaan en dan in Jesus vol van die Gees selfs na sy dood (Dingemans 2000:140). As Gees word op voortdurende wyse invloed op die wêreld uitgeoefen (Dingemans 2000:141). Die een God manifesteer op drie wyses maar eerder is God een Pneuma wat op verskillende wyses werk. Die Pneuma is die krag (*Energeia*) wat van God uitgaan in die hele wêreld (Dingemans 2000:143). Hy is veral van mening dat die *Pneuma* ook in ander volkere en kulture werk (Dingemans 2000:156). God werk vanselfsprekend in alle kulture en religieë, maar die antwoord verskil (Dingemans 2000:158). Die Gees is ook die Skepper van hemel en aarde (Gen. 1:1-2) (Dingemans 2000:160).

Wat die gemeente (kerk) betref, is Dingemans (2000:275) van mening dat dit in die huidige situasie 'n lerende, gasvrye en pluriforme geloofsgemeenskap moet wees wat soek na die herinterpretasie van die bronne en die op weg wees na nuwe geborgenheid en nuwe oriëntasie van die nuwe uitdagings van mense, veral vir mense in nood.

Die eucharistie moet die rondetafelgemeenskap wees waar geen sprake van heerskappy en die uitdeel van die elemente deur die leraar mag wees nie (Dingemans 2000:279e.v.). Die leraar moet dienaar wees en saam om die Woord soek na die betekenis daarvan (Dingemans 2000:293).

Wat die verhouding tussen die Gees en Jesus Christus betref, is Dingemans (2000:495) heel krities teenoor Van de Beek. Hy is van mening dat Van de Beek meer uit 'n geloofsoortuiging skryf as 'n hedendaagse kritiese oorweging van die Bybelwetenskap. Hy is ook van mening dat Van de Beek nie genoeg aandag aan die Nuwe Testament se getuienis gee nie, maar meer aan die vroeë kerkvaders. Hy doen ook die Antiocheense skool onreg aan in sy erkenning van die Aleksandrynse skool. Veral Van de Beek se diepe pessimisme oor die mens waar hy meen dat Jesus nie gekom het om die wêreld te verbeter nie maar om die wêreld te dra, neem, volgens Dingemans (2000:496), nie die vernuwing in Christus genoeg in ag nie. Dingemans meen dat die kwaad juis bestry moet word in die vernuwing van die wêreld. God se Gees gee juis die moontlikheid om heil en geluk te realiseer (Dingemans 2000:496).

Dingemans (2000:565) wys daarop dat die Gees vernuwend werk in die wereld deur:

a) Roeping van geloofsgemeenskap met Christus maar ook met taak in die wêreld;
b) Roeping van individuele gelowiges met 'n eie taak, opdrag en uitdaging;
a) Roeping van die hele samelewing wat opgeroep word tot geregtigheid, vrede en geluk;
b) Roeping as reaksie in natuur, ook deur ander godsdienste.

Siebrand (2002:30-36) is van mening dat Dingemans groot klem daarop lê dat die Gees ons nie na die laaste dinge stuur nie, maar dat die aandag moet kom vir die voorlaaste, die hier-en-nou van die daaglikse lewe met God en die aanwesigheid van God. Die Gees van God is die een wat die mens in 'n verband bring met die verhouding tot God en 'n nuwe verhouding na vore bring.

Goud (2002:40-42) vra of die kwaad werklik ten diepste beantwoord kan word, en of 'n mens dit kan indink hoedat die besondere lyding van mense sinvol gemaak kan word.

Van de Beek se kritiek teen Welker en Dingemans is egter van groot belang. Die Gees kan nie losgemaak word van die persoonlike God in sy Eenheid nie

en die kerk as kerk van Christus word deur die Gees van Christus vernuwe met uitsig op die nuwe skepping. Die gemeenskap van geloof kry daardeur totaal nuwe betekenis. Die sending word dan nuut verstaan, want deur die Gees en in die kerk word mense opnuut aan Christus verbind. Daar is die moontlikheid van die nuwe lewe en die nuwe toekoms in Christus deur die Gees. In navolging van Heyns moet egter ruimte gelaat word vir die Gees wat die wêreld behou sodat dit nie totaal ontaard nie.

### 4.2.6 Kärkkäinen

Kärkkäinen (2016) stel sy uitgangspunte in sy pneumatologie soos volg vas. In die eerste plek, wil hy die huidige wêreld met al die verskillende aspekte daarvan beskryf om 'n teologie te bedryf wat sinvol en betekenisvol antwoord op die uitdagings daarvan. Wanneer hy dan die pneumatologie benader, wil hy dit juis doen vanuit die perspektief van 'n intensiewe antwoord op die vrae van die kontekstuele wêreld rondom hom. Die uitgangspunt is dus baie belangrik vir hom omdat hy 'n antwoord wil formuleer en in intensiewe interaksie met die huidige wêreld rondom hom gaan.

Verder wil hy die pneumatologie wel vanuit 'n diep Christelike oortuiging benader, maar dan ook om intensief in gesprek met ander oortuigings en ander godsdienstige standpunte te kom.[73] Dit is dan die uitgangspunt waarmee Kärkkäinen sy sistematiese teologie benader, maar vanuit hierdie hoek wil hy dan ook spesifiek rondom die Heilige Gees sekere dinge vaslê.

Die eerste vraag wat hy vra, is of 'n mens hoegenaamd oor die Heilige Gees kan praat in die huidige wêreld en hoe 'n mens oor die Heilige Gees kan praat. Gespreksgenote waarmee hierdie saak ondersoek word, is Moltman en Welker. Hy toon uitdruklik aan dat hulle spesifiek die pneumatologie

73 Kärkkäinen (2016:2) stel sy standpunt soos volg: "Systematic/constructive theology is an integrative discipline that continuously searches for a coherent, balanced understanding of Christian truth and faith in light of Christian tradition (biblical and historical) and in the context of historical and contemporary thought, cultures and living faiths. It aims at a coherent, inclusive, dialogical and hospitable vision."

vanuit die kosmologie benader. Welker wat in elk geval in kontras met die benaderings van Moltman is, wil ook inderdaad ’n bepaalde teologiese tradisie vaslê (Kärkkäinen 2016:8). Die reduksionistiese en beperkende pneumatologieë wil Welker teenwerk deur te soek na die ondervinding van die Heilige Gees en die bestaan van die Heilige Gees in die werklikheid. Hy beklemtoon dat die Heilige Gees diversiteit en pluraliteit veronderstel.

Kärkkäinen (2016:9) stem in ’n sekere sin met Welker saam, maar verskil ook van hom deurdat hy ook voorstel dat daar beweeg moet word van ’n eenduidige na ’n plurale paradigma van die pneumatologie. Kärkkäinen wil op die sistematiese konstruksies wat voorgestel is, antwoord. Uit sy benadering toon hy aan dat die Heilige Gees verstaan moet word as ’n Gees wat in verskillende plekke op verskillende wyses werk en dat die Heilige Gees implisiet nuwe benaderings na vore bring en dat daar begrip moet wees vir die diversiteit wat deur die Heilige Gees na vore gebring word (2016:10).

Die vraag na die verhouding tussen die Heilige Gees en die menslike gees word dan ook na vore gebring deur Kärkkäinen in sy gesprek met Barth. Kärkkäinen (2016:14-15) wys daarop dat die Heilige Gees nie maar net ’n voortsetting van die gees in die mens is nie. Die Gees is ook geen *donum superaditum* nie. Hy bevraagteken die Klassieke liberalisme met hul immanente benadering van die Heilige Gees en die menslike gees. Hy soek inderdaad na ware holistiese benadering van die Heilige Gees en kies ook vir ’n benadering waar die meer vroulike kant van die Heilige Gees na vore kom (2016:18-20).

Barth (1933:312-313) se benadering is dus belangrik. Die mens verskyn uit die Oorsprong van ontstaan in die Gees van God. Barth vra wie die mens is en dui dan aan dat die mens onseker voorkom. Soos die skepping sug, so sug die mens ook in hom-/haarself, maar daar is in die Gees ’n verwagting. Vir die Christen getuig die Gees dat hulle kinders van God is. Die nuwe mens is uit God gebore.[74]

74 Barth (1933:312-313) stel dit soos volg: “The new man, the inheritor of the world of the Father, has been born. But I, the temporal and corporal man of

Kärkkäinen (2016:43) sluit by Welker aan dat die Heilige Gees ook in die skepping werksaam is. Volgens hom skep die Heilige Gees en help ook om die skepping tot stand te bring. Kosmologiese pneumatologie is daarom vir hom van belang. Hy erken die skeppingspneumatologie en meen dat die kosmiese goddelikheid die gees van lewe deurstuur. God het die lewe in Homself en gee die lewe (Kärkkäinen 2016:51).

Die Heilige Gees het daarom ook betekenis vir die wetenskap en die wyse waarop die wetenskap beoefen word. Die Heilige Gees is daarom ook voortdurend besig om te werk in die wêreld deur goddelike handelinge (Kärkkäinen 2016:68). Hy en in gesprek met ander geloofstradisies vra of die Heilige Gees skeppingsmatig nie juis ook daarin voorkom nie. Vanuit die Trinitariese benadering tree Hy in gesprek met die Judaïsme maar ook met die Hinduïsme en ander Asiatiese teologieë, waar veral die Abrahamitiese tradisies die Kosmos as 'n goddelike werk beskou (Kärkkäinen 2016:74). Daarom praat hy oor die kosmiese gees en die magte wat voorkom in die werklikheid en wys hy op die hernude belangstelling in die geestelike magte in die teologieë van die 20ste eeu (Kärkkäinen 2016:79). Hy verwys ook na die wyse waarop hierdie geestesmagte verstaan word, en die ander goddelike ingrype in ander lewende geloofstradisies en hoedat dit ook betekenisvol ingryp op die werklikheid.

---

this world, am not the new man. My final possibility is to groan – and to await the promise. Now, adoption means the redemption of the body, that is, the complete identification between Christ and me. The resurrection of the dead is, in the present order, a matter of faith only"

Moo (1996:518-520) skryf: "This being so, a causal interpretation of the participle is to be preferred: it is because we possess the Spirit as the first installment and pledge of our complete salvation that we groan, yearning for the fulfilment of that salvation to take place. The Spirit, then, functions to join inseparably together the two sides of the 'already-not yet' eschatological tension in which we are caught. 'Already,' through the indwelling presence of God's Spirit, we have been transferred into the new age of blessing and salvation; but the very fact that the Spirit is only the 'first fruits' makes us sadly conscious that we have 'not yet' severed all ties to the old age of sin and death."

Kärkkäinen (2016:104-105) beweeg na ʼn teologie van die geesvervulde kosmos. Die Teïsme is belangrik en moet ondersoek word. Hy tree in gesprek met die Afrika teologieë. In die benadering tot die bose geeste en demoniese het hy ʼn teologiese benadering waar hy vra dat dit nie weg geredeneer moet word nie, maar dat daar op ʼn bepaalde manier daarmee in gesprek getree moet word.

Kärkkäinen (2016:172) tree ook in gesprek met die Islam en die Koran en ook ander geestelike benaderings. Daar kan baie afgelei word wat die verhouding met ander betref deur te soek na kommunaliteit van die Heilige Gees in die Christelike benadering en die van ander benaderings (Kärkkäinen 2016:138). Hy verwys ook na die besondere belang van ʼn Trinitariese benadering vir die onderskeiding van die geestesmagte (Kärkkäinen 2016:169) en meen dat Christologiese benadering van groot belang is (Kärkkäinen 2016:172).

Kärkkäinen (2016:179e.v.) vind ook die werk van die Gees in kuns en ontspanning, en meen dat die Gees ook daar werksaam is omdat die Heilige Gees bevryding op verskeie vlakke bring. Hy tree weer eens in gesprek met ander teologieë en benaderings. Kärkkäinen se beklemtoning van die Heilige Gees in die Trinitariese benadering is baie belangrik. Dit is egter anders as die klassieke model en wil hy meer na die gees in verhoudinge tot die ander beklemtoon.

Kärkkäinen (2016:37) dui daarop dat sommige eksegete soos Dunn en ander sistematiese teoloë soos Neumann en Lampe die klassieke Trinitariese belydenisse, veral wat betref die inkarnasie en die goddelikheid van Christus, nie wil erken nie. Maar Kärkkäinen wil juis aanvoer dat daar wel moderne teoloë is wat tog meen dat dit ʼn verskraling is, omdat verhoudinge van die Heilige Gees en die goddelike Logos tog uitdruklik voorkom en ʼn benadering is wat verstaan kan word. Kärkkäinen (2016:33) benader die vraag na die persoon van die Heilige Gees deur daarop te wys dat in die Ou Testament daar beide na die Gees verwys word as krag, soos wind, vuur en water en persoonlikheid en in die Nuwe Testament soos parakleet of

leraar en beklemtoon dat die persoonlike karakter van die Heilige Gees nie sondermeer ontken kan word nie.

Weer eens sal die besondere bydrae van Van de Beek erken moet word. Die Trinitariese eenheid word deur hom erken om die Gees se besondere werking in Christus te vertoon. Hierdie aspek is vir Van de Beek baie belangrik. Dit is van ononderhandelbare betekenis dat die Gees Jesus Christus se werk voortsit. Die Gees kan nie losgemaak word van Christus nie. Daarom is die Gees nie ’n algemene gees van eenheid en goeie gesindheid nie, maar wel die Gees wat in Christus vernuwend werk. Daardie vernuwende werk kom deur die kerk.

### 4.2.7 Vos

Vos skryf verhelderend oor die implikasies van die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees vir die pneumatologie. Hy is van mening dat die ganse teologie saamhang met die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees en dat dit van die allergrootste belang is. Hy toon aan hoedat daar in die Ou Testament ’n bepaalde verstaan van die begrip Gees is wat nie noodwendig al die volheid van die Heilige Gees impliseer nie, maar dat daar wel vanuit die Ou Testament sekere lyne getrek kan word na die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament is die groot lyn, die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees. In die Ou Testament word die perspektief van die Gees as Skepper en Onderhouer deurgegee wat nie direk met die Heilige Gees verbind moet word nie. In die Nuwe Testament word die verhouding in ’n besonderse sin aan Christus verbind. Daarom word die Gees Gees van Christus genoem, soos uitdruklik aangetoon deur Paulus.

Vos (1984:222) toon aan hoedat die Gees besondere implikasies vir die eskatologie het. Dit moet ook verstaan word as betekenisvol van die Pinkster-gebeure. Die Pinkster-fees is die saad in die bedding waar die Heilige Gees as wonder in die Nuwe Testament beklemtoon word en daarom het Hy ook eskatologiese betekenis wat in die Pinkster-gebeure na vore kom.

Daarom beskryf Vos (1984:223) die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees vanuit die Pinkster-gebeure wat nie anders as in eskatologies-heilshistoriese terme beskryf kan word nie. Hy wys daarop dat die Heilige Gees die werk wat Christus eenmalig voltooi het, voortsit om dit tot volheid te bring (Vos 1984:225). In Romeine 8:9 word die heilshistories-eskatologiese eenheid tussen Christus en die Heilige Gees op twee maniere verstaan: 'n negatiewe vasstelling, wie nie die Gees het nie behoort nie aan Christus nie, maar ook 'n positiewe vasstelling dat die verhouding met die Heilige Gees die wonder van 'n nuwe verhouding impliseer. Die gelowige kom dan binne die magsfeer van die Heilige Gees in, omdat die Heilige Gees ook in die gelowige woon.

Hy verwys ook na Dunn se standpunt en is van mening dat die besondere betekenis van die verhouding tussen Christus en die Heilige Gees nie deur Dunn op die korrekte manier uitgedruk word nie (Vos 1984:232e.v.). Dunn maak, volgens Vos, nie duidelik wat die verhouding tussen Christus en die Gees en ook self in die *Roach* in die Ou Testament is nie.

Vos (1984:246) stel sy standpunt soos volg: "Die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie moet steeds binne die heilshistories-eskatologiese kontoere bepaal word. Binne dié grondverhouding is die Heilige Gees die vrug van Christus se heilsweg en -werk en daarom die Gawe van Christus (en God) met die oog op die effektuering én voltooiing van die Christologiese heilsgrondslag."

Die belofte van die Heilige Gees wat gestuur is deur Vader en Seun vind in die Pinkster-gebeure 'n besondere historiese grond vir die verlossing. Daarom wil hy die verhouding tussen Christus en Gees altyd as heilshistories-eskatologies beskryf (Romeine 8:9). Vos (1984:246) verskil daarom van Berkhof, Dunn, Barth en König.

Die sinvolle soeke na die eie identiteit van die Heilige Gees bly 'n teologiese opgawe (Vos 1984:247): "Die relatiewe selfstandigheid van die Heilige Gees mag nie op 'n Christologiese skeiding uitloop nie. Daarom moet die twee-heid van Christus en die Heilige Gees onverswak in samehang met

die heilshistories-eskatologiese eenheid tussen Christus en die Heilige Gees gehandhaaf bly. Die omvattendheid van die Gees se werk moet die Christologie blywend omvat. Dít is immers die grens én horison van die Pneumatologie."

Daarom skep dit, volgens Vos, Trinitariese ruimte vir God binne hierdie verband. Dit word dan in die kosmos uitgewerk sodat dit dan ook gereed kan wees vir die volkome herskepping wat sal plaasvind. Die Heilige Gees is ook 'n teken van die toekoms. Hier is 'n baie belangrike element by Vos wat die eskatologiese beklemtoon, naamlik dat die Heilige Gees juis ook rig op die toekoms, op herskepping, op vernuwing en ook as teken van die toekoms as Parakleet (Vos 1984:247).

Daarom sal die Parakleet verskillende aspekte beklemtoon, want Hy gaan die dinge wat gaan kom, die verheerliking van Christus beklemtoon (Vos 1984:250). Hy sal ook die dissipels in die hele waarheid lei en die weg en die waarheid sal in Christus wees. Hy dui die weg van die waarheid van Christus aan. Wanneer die Parakleet die persoon lei op die weg van die waarheid, kom hy in gespanne verhouding met die leuen en onreg (Vos 1984:251).

Daarom sê Vos (1984:255) dat die Heilige Gees die totale erfenis, die eskatologiese erfenis verteenwoordig en dat die Heilige Gees borg staan vir die volle voltooiing daarvan. 'n Vorm van gerealiseerde eskatologie is reeds in die hede van die toekoms teenwoordig; 'n teken wat reeds nou van God kom en sy toekoms aan sy kinders meedeel. Dit is 'n belofte van die volheid wat uiteindelik ingesamel sal word. Daarom is daar 'n gespanne verwagting op die toekoms, en kan daar ook met lofsang uitgebreek word tot God, want daar is 'n pand, 'n onderpant, 'n deposito van die heerlikheid wat sal kom.

Die Heilige Gees is verder die teken van die skepsel se toekoms, dat die wedergeboorte sal plaasvind. Die een wat in Christus glo, het ook die sekerheid van hierdie kosmies-eskatologiese gawe wat meegedeel sal word.

Vos neem dus die standpunt in dat daar wel sprake van die kosmiese werk van Gees kan wees, maar dit word ook aan die eskatologie gebind. Daarmee word, in 'n sekere sin anders as by Welker, wel aangesluit by Van de Beek

dat die Gees se werk ten nouste aan die kerk verbind word. Vos laat egter duidelik ruimte vir die werk van die Gees in die skepping, wat beteken dat hy ook ander perspektiewe as dié van Van de Beek uitlig. Die verwysing na die Heilige Gees as kosmies-eskatologiese gawe is 'n groot wins.

### 4.2.8 BJ van der Walt

BJ van der Walt (2003) verskil van Van de Beek. Terwyl beide van standpunt is dat die wêreld alleen deur die Heilige Gees vernuwe kan word, sien Van de Beek daardie vernuwing alleen in die sin van die kerk wat in gehoorsaamheid aan die Here uitsien na die vernuwing wat van God sal kom. Daar is by Van der Walt skerp afwysing van dualistiese lewens- en wêreldbeskouing waarin 'n grens gestel word tussen 'n mens se normale lewe en die godsdiens. In hierdie wêreld word die mens geroep om God se koninkryk wat hy dan beskou as 'n koninkryk ook vir hierdie wêreld en wat in hierdie wêreld betekenisvol verstaan moet word, te vestig. In hierdie wêreld kom die koninkryk van God na vore en word God se koninkryk vasgestel en vasgelê.

Vir Van der Walt (2003:513) is dit baie belangrik om alle vorme van dualisme van die sogenaamde Sondagchristen-lewe af te wys. Hy is van mening dat dit inderdaad 'n heidense gedagte van dualisme is, naamlik die onderskeid tussen die goddelike, die Heilige en die nie-goddelike, sekulêre. God is wel anders as sy skepping, maar God kan nooit van die skepping weggeneem word nie. Hy is betrokke by die skepping en Hy is steeds besig om die vernuwing in die skepping teweeg te bring. Daarom is Van der Walt baie versigtig om 'n grens te stel tussen 'n kerklike betrokkenheid, aan die een kant, en die mens se betrokkenheid vanuit die lewens- en wêreldbeskouing wat dan so betrokke raak by die wêreld rondom hom, aan die ander kant. Hy skryf dat die Rooms-Katolisisme die kerk van bo die wêreld vernuwe (Van der Walt 2003:518). In hierdie bowebou leef die Christen met sy Bybel in die kerk in isolasie van die wêreld, maar in die wêreld waar hy onder in die onderbou leef, moet hy/sy die normale lewe voer. Die bowebou is vir die Rooms-Katolieke, volgens Van der Walt, heelwat beter as die onderbou waar die mens dan in sy bestaan voorkom. Hy kies dan vir 'n reformatoriese verstaan, waar God se skepping

baie uitdruklik God se goeie skepping is. Daarom sê hy dat Calvyn geskryf het dat die gelowige vernuwend en transformerend betrokke moet raak by die huidige wêreld (Van der Walt 2003:519). Dit beteken dat Van der Walt daarvan oortuig is dat die wêreld vernuwe en verander moet word, en dat dit vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat totaal betrokke raak by die wêreld, moontlik moet wees om hierdie vernuwing te soek en teweeg te wil bring.

Daarom wil hy baie sterk beklemtoon dat die dualistiese benadering en ook dualistiese eksegese afgewys moet word (Van der Walt 2003:535). Hy skryf dat die gedagte dat ons die koninkryk van God moet soek en dat ons skatte bymekaar moet maak in die hemel, nie beteken dat ons wêreldvreemd moet word nie, maar dat ons juis in hierdie wêreld die skatte bymekaar moet maak vir die hemel wat dan so bereik moet word. Daarom is hy van mening dat daar afskeid geneem moet word van die dualistiese beskouing dat die kerk van bo die wêreld hier onder beheer.

Van der Walt verskil dus van Van de Beek dat die Heilige Gees juis deur die kerk die wêreld na ʼn totaal nuwe toekoms lei. Vir Van de Beek is die uitsig op die ewigheid uiters belangrik, omdat die Christen meer ʼn oorwinnaar is wat nie in hierdie wêreld bereik kan word nie. Van der Walt (2003:541) druk sy beskouing uit dat die dualistiese Christelike wêreldbeskouing die Christen lam maak en daarmee ʼn verkeerde beskouing skep. Dit ontneem die Christen die vermoë om die wêreld te transformeer. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat ʼn volledige reformatoriese lewensbeskouing erken moet word waar elke duimbreedte van die bestaan onder God se heerskappy sal kom. Dit is waar die vernuwing uiteindelik sal kom, as elke aspek van die lewe onder Christus se heerskappy gebring word, en dat daar ʼn totale vernuwing van daardie sin sal plaasvind.[75] Deur sy wet regeer God in die

75 Van der Walt (2003:545) skryf in hierdie verband: “Because God Himself guarantees meaningfulness, it is immensely rich, it will be possible to distinguish between meaning in a logical lingual, psychological, economical, historical, political, esthetical, religious sense, and many more ... In humble faith we accept the very first verse in the Bible: “In the beginning God created the heavens and

wêreld en daarmee bring Hy dan die nuwe heil teweeg, waar die gelowige as in sy lewens- en wêreldbeskouing juis van daar uit moet lewe. Daar is drie vrae ter sprake (Van der Walt 2003:546): Waarom is ons hier? Wat doen ons hier? Waarvoor moet ons lewe? Die huidige bestaan is dus ook vir hom van groot belang en die mens word geroep om in hierdie huidige bestaan God te verheerlik en God se wil te soek. Hy beklemtoon dat dit nie anders as deur Jesus Christus kom nie (Van der Walt 2003:549). Dit kan alleen gevind word in dit wat Jesus doen. Daarom word Christus self die bron van alle betekenis en deur die Heilige Gees gee Hy die krag om in geloof, hoop en liefde te lewe.

### 4.2.9 Migliore

Migliore (2004:224) verwys daarna dat daar opnuut belangstelling in die persoon en werk van die Heilige Gees gekom het, omdat die Heilige Gees nie alleen bo ons en vir ons is nie, maar ook in ons werk en dat die Heilige Gees juis in 'n besonderse seën in ons werk. Daar is 'n protes teen die personalisering in die burokratisering van die moderne gemeenskap. Daar is 'n begeerte na dieper geloof (Migliore 2004:225). Die koue objektiwiteit van die moderne gemeenskap en doodgewone rasionaliteit word bevraagteken. Die feit dat baie predikante, pastore en kerkleiers van 'n gevoel van leegheid praat en 'n nuwe spirituele lewe wil ondervind, kom ook in die ekumeniese kerk sterker na vore (Migliore 2004:226). Daar kom nuwe begrip vir die werk van die Heilige Gees in beide die Ou en die Nuwe Testament. Sekere aspekte van die Heilige Gees moet uitgelig word. Vanuit die Skrif moet die werk van die Heilige Gees in die geskiedenis van Israel, in Christus se optrede en diens en in die lewe van die vroeë kerk begrond word. Daarom sal dit baie duidelik wees dat die gelowige aan Christus verbind word en 'n nuwe lewe en 'n nuwe gemeenskap in Hom vind. Dit beteken dat die werk van die Heilige Gees representatief is, in die sin dat dit Christus verteenwoordig. Christus word in die huidige lewe ingebring. Hy skep nuwe lewe en dit is bevrydend.

---

earth." **God** exists and He created the **earth**. In the rest of the scripture it is repeatedly revealed that the earth was not left on its own, but that God rules it according to his **will** and that His will is expressed in the great variety of **laws** for His different creatures."

Die Heilige Gees bring nuwe vryheid. Die Heilige Gees skep gemeenskap, *koinonia,* wat ons verbind aan Christus en aan die ander. Die belofte wat saam met die werk van die Heilige Gees hang en die vernuwing bring en die charismata wat die Heilige Gees gee, bou die kerk op.

Die werk van die Heilige Gees korrespondeer in die wonder van verlossing en die wonder van die aktiwiteit van die Gees in die Ewige Lewe. Die Heilige Gees bind ons aan Christus, stort die liefde van God in ons harte uit, gee ons nuwe lewe, help ons om te bid, bevry ons vir die liefde van God en die naaste, maak ons God se mense en roep ons op om God te verheerlik (Migliore 2004:230.)

Die Heilige Gees moet daarom ook vereer en aanbid word soos die Vader en die Seun. Die Gees is die Gees van die Drie-enige God wat in ons werk.[76] Daarom moet die wêreld ook benader word vanuit die krag van die Heilige Gees (Migliore 2004:232). Die Heilige Gees is in Christus onverdeelbaar (*filioque*).

Die vraag is of die Heilige Gees as vrou beskryf moet word (Migliore 2004:233). In Hebreeus is Ruach vroulik, maar *Pneuma* in die Grieks is neutraal en in Latyn is *Spiritus* manlik. Migliore wil egter daarop wys dat God groter as bloot gender is, en dat ŉ mens nie daarin moet verval om bepaalde sieninge voor te staan wat nie die Heilige Gees verheerlik nie. Op grond van taalkundige aspekte kan nie na die Heilige Gees as vrou verwys word nie.

Migliore verstaan ook dat die Heilige Gees buite die kerk werk en ook buite die kerk optree. Die kosmiese werk van die Gees is vir hom ŉ komplekse saak en hy verwys na die pogings in die verlede om dit te probeer verstaan as algemene genade of algemene openbaring, maar hy meen dat dit tog noodsaaklik is om van die kosmiese werk van die Heilige Gees te praat,

76 Migliore (2004:231) verwys hierna: "The Spirit is the uniting and consummating love of the Trinity, the energy of the life of communion, the gift of mutual love and friendship. The life of the triune God is not closed circle, but in the power of the Spirit it is open to the world."

eerstens, omdat dit die vryheid van die Heilige Gees veronderstel en, tweedens, omdat dit die verantwoordelikheid van die kerk in die wêreld na vore bring (Migliore 2004:235).

In die Christelike lewe werk die Heilige Gees veral die justifikasie (regverdigmaking) en die sanktifikasie (heiligmaking) (Migliore 2004:239).

### 4.2.10 Die kosmologiese Gees en die gees in Afrika

Daar bestaan die gevaar om die Afrika tradisionele religie as eenvormig oor die hele Afrika suid-van-die-Sahara te beskou. Mbiti se poging tot bepaalde eenvormigheid word afgewys. Ten spyte daarvan is daar tog die bepaalde moontlikheid om ooreenstemming in sake aan te toon.

Van der Walt (2003:72-73) verwys breedvoerig na die aspekte van die Afrika tradisionele samelewing. Wanneer hy na hierdie aspekte verwys, beskryf hy ook die wêreld van die geestesmagte en die middelaarsrol wat hierdie geestesmagte speel. Hy verwys daarna dat die rede vir hierdie middelaars juis is omdat God beskou is as veraf en nie direk benader kan word nie. Die middelaars moet die weg wees waarlangs God bereik kan word. Hierdie geestelike middelaars het verskillende aspekte en hulle neem as ’t ware die boodskap oor na die goddelike wese. Verskillende vorme van hierdie geestelike magte kom voor. Daar is goddelike wesens, semi-goddelike wesens, geestelike wesens, en die voorouers. Die voorouers neem ’n baie belangrike plek in. Die plek van die mens self word baie belangrik wanneer die voorouers in ’n verhouding met hulle tree, want ’n mens se welsyn en toekoms word in ’n groot mate deur die voorouers bepaal. Hulle is ook in staat om bepaalde vorme van medisyne kragtiger te maak. Hulle kan mense ook beskerm van die aanvalle van die toordokters; hulle kan allerhande vorme van kwaad en ellende wegneem; hulle kan oorwinning in die oorlog verskaf, en hulle kan allerlei geheimenisse verklaar. Die geesteswêreld is dus ’n werklikheid.

Daar is verskeie Afrika-teoloë wat die grens tussen die christelike evangelie en die voorouerwêreld probeer oorkom, maar die diepgaande verskil moet,

volgens Van der Walt, erken word. Hierdie verskil het ook diepgaande betekenis vir die verstaan van die geestesmagte. Wat Van der Walt veral beklemtoon, is dat daar 'n integrale Bybelse wêreldbeeld moet wees, 'n lewens- en wêreldbeskouing, en dat dit die sleutel tot die heropbou van Afrika is.

In tradisionele Afrika word op verskillende wyses na geestelike magte verwys. Sommiges beklemtoon dat die *animus* werksaam is en dat daar geestelike magte orals in die natuur, die bome, die struike, en die riviere is. Alles het een of ander geestelike betekenis en geestelike magte woon en werk daar. Wat veral van belang is, is die gees van die voorouers. Wanneer die voorouers sterf, gaan hulle nie noodwendig tot niet nie, maar kan hulle voortleef en ook nog in hierdie werklikheid werk. Hulle het dus nog betekenis. Dit beteken dat die geeste op 'n baie besondere manier in die werklikheid werksaam en teenwoordig is. Is hierdie gees wat onder bepaalde gemeenskappe van Afrika tradisionele groepe erken word en die Gees van Christus dieselfde gees? Of moet daar ten diepste onderskeid getref word tussen die Gees van Christus wat die vernuwing bring in die kerk, en die gees van Afrika wat dikwels in die Afrika tradisionele religie na vore kom? Ferdinando (2007:140e.v.) verduidelik hoedat daar in meer opsig kritiek teen die wyse waarop die Afrika tradisionele religie afgewys is deur Westerse Christene gekom het. Bediako se kritiek teen die wyse waarop Westerse sendelinge die identiteit en kultuur van Afrika se mense hanteer het, is volgens hom van belang. Kulturele superioriteit en hoogmoed moet, volgens Ferdinando, afgewys word (2007:140e.v.). Kulturele diversiteit moet erken word. Hy wys egter daarop dat daar aspekte van die tradisionele religie was wat net eenvoudig nie deur die Christen sendelinge aanvaar kon word nie en dat die lewe in Afrika vir beide sendelinge en tradisionele mense nie idillies was nie (2007:14). Bediako (1994:17) self dui aan dat die Afrika-teologie daarin geslaag het om verby die etnosentrisme van die Westerse sendelinge te beweeg om 'n duidelike pre-Christen Afrika, eie Afrika-tradisie, daar te stel om juis ook op kreatiewe en konstruktiewe wyse 'n eie antwoord as variant van die Christelike geloof se betrokkenheid by die mens se bestaan te bied.

Gichaara (2005:78) toon aan hoedat daar juis gepoog word om tradisionele Afrika en die Christendom op 'n bepaalde wyse te versoen sodat die Afrika-kultuur ten volle erken word. Daar is, volgens hom, verskeie aspekte van die kosmologie van Afrika wat met die Christelike kosmologie ooreenkom. Jenkins (2005:261) beklemtoon dat te veel aandag aan die eie interpretasie gegee word en te min aan die aspekte van die gemeenskap self. Hy toon aan dat die tradisionele gemeenskappe ook morele gemeenskappe was en dat te min aandag daaraan gegee word. Ngong (2004:373) wys ook daarop dat die gemeenskappe in Afrika die lewe beklemtoon en dat die lewende religie daarvan kennis moet neem, en dat daar in baie gevalle nie vernuwing deur die evangelie gekom het nie. Kenzo (2002:338) is selfs van mening dat die post-modernistiese beweging dit moontlik maak om opnuut die positiewe in Afrika raak te sien. O'Neill (2001:138) verduidelik dat die vraag na die natuurlike wet belangrik is in die soeke na etiek in Afrika. Brand (2002:49) waarsku teen die demonisering van aspekte van die Afrika-religie. Maluleke (2001:37) vra na 'n koherente Afrika-teologie wat noodsaaklik is vir die gemeenskap in Afrika. Munga (2000:254) dui aan hoedat konstruktiewe kritieke op Afrika-teologieë die weg moet open vir vernuwing in die teologie in Afrika.[77] Wat die Heilige Gees betref, wys Macchia (2002:106-109) daarop dat kerke in Afrika die vroeëre verstaan van die werk van die gees betrek by die nuwe interpretasie van die Heilige Gees se werking.[78] Ten diepste moet hier onderskeid gemaak word tussen die geesteswêreld van Afrika en die Gees van Christus. Maluleke (1997:14-15) is egter uiters versigtig om te sê dat een bepaalde hermeneutiese benadering van die Bybel aanvaar moet word. Daarom verskil hy van Mbiti wat kritiek teen die wyse van gebruik van

77 Munga (2000:247) skryf: "The future of African theology and its fruitfulness depends on allowing for a continual critical engagement in viewing and re-viewing its fundamental assumptions in the light of the challenges that arise from changes in context and situations."

78 Macchia (2002:106) verduidelik: "Instead, as is typical of African Christianity in general, the Spirit is assumed as that which accounts for the divine activity powerfully felt in all of life and enacted in church. In the African worldview, a person lives in a cosmos of interdependent life forces."

die Bybel deur sommige Afrika-teoloë wat nuwe modelle daarvan voorhou het. Die hermeneutiese benadering wat hier voorgehou word, verskil egter van die van teoloë wat Mululeke self beskryf.

Daar kan nie ten opsigte van hierdie geestesmagte aanvaar word dat dit maar op dieselfde vlak lê nie. Die wondere van die Gees van Christus werk in die kerk, en daarom moes deur die sending ook ŉ nuwe gees gebring word aan mense wat aangangers van die Afrika tradisionele religie is. ŉ Nuwe verstaan van hoedat die Gees werk, is dus noodsaaklik. Die Gees werk op ŉ nuwe manier. Die Gees werk verlossing en vernuwing, bring dit teweeg, verander die mens. Die Heilige Gees is die Gees van Christus wat in die kerk werk om die vernuwing teweeg te bring, en waar dit in die natuur en in die ander aspekte van ons bestaan werk, is dit nie die Gees wat verbind word aan magie, toordery en voorouers nie, maar is dit die Gees wat vernuwend werk vanuit Christus en moet Hy altyd in verband met Christus gebring word. Dit kan nie losgemaak word van Christus, altyd Christus self wat hierdie vernuwing ten diepste teweeg bring.

Daarom sal ten opsigte van die Gees in Afrika ten diepste gesprek gevoer moet word om die ware Gees van Christus te verkondig. Die Gees van Christus wat die vernuwing en verandering teweeg bring sodat ons die volheid van Christus sou kon verstaan en kan begryp. Die volheid van Christus is alleen verstaanbaar as ons ook binne hierdie wêreld die Gees van Christus aan Christus self verbind. Die geestesmagte van hierdie wêreld staan dikwels teenoor Christus, wil hulself verset teen Christus, en wil in ŉ sekere opsig teen Christus werk, maar die Gees van Christus is die Gees wat die vernuwing en verandering in hierdie wêreld bring.

### 4.2.11 Benadering

Werk die Heilige Gees in die skepping? Eksegeties is daar baie vrae oor die toepassing van Genesis 1:1-2 as die Skeppergees en die vraag of die kosmologiese werk van die Heilige Gees hieruit afgelei kan word. Die *Ruach Elohim* kan ook beskou word as die groot wind, as die volledige wind, maar kan ook beskou word as die Gees van God wat oor die ongevormde werklikheid sweef en waar God dan uiteindelik die werklikheid skep en tot aansien bring.

Hieroor is daar heelwat verskil van mening. Daar is reeds aangedui dat Vos (1984:83e.v.) die Gees in die Ou Testament nie direk aan die Heilige Gees wil verbind nie. Dat God wel by die skepping betrokke is, word nie betwyfel nie. Hoe God daarby betrokke is, word verskillend beredeneer.

Vanuit 'n evolusionêre hoek beskou, word dikwels gevra of dit nie maar bloot net die prosesse wat aan die gang gesit is met die groot ontploffing is nie en dat daar dan toe bepaalde prosesse in die wêreld na vore gekom het waar maar net bloot noodwendig die een proses op die ander volg. Sou 'n mens dan nog kan praat van God wat vormend optree by die skepping, en wat alle dinge tot aansyn roep? God se werking is egter sigbaar in die feit dat God die werklikheid roep om te bestaan. Uiters versigtig sou dan wel bely kon word dat die Heilige Gees ook kosmologies werk. In daardie sin is die kosmologiese werking van die Heilige Gees wel sigbaar in die skepping, alhoewel dit nie noodwendig uit Genesis 1:1-2 afgelei kan word nie. Die werking van die Heilige Gees vind egter altyd vanuit Jesus Christus plaas. Jesus self is by die skepping betrokke (Joh. 1:1-2) en daarom, omdat die Gees en Christus ten nouste aan mekaar verbonde is, sou in afgeleide sin beweer kon word dat die Gees ook kosmologies in die skepping werk.

Die kosmologiese werk van die Gees moet altyd aan Jesus Christus verbind word. Vanuit Christus en vanuit die kerk word in die kosmos gewerk. Ooreenstemmend met Van de Beek moet dit egter deur Christus en sy kerk plaasvind. In Romeine 8 kom daar tog elemente van die kosmologiese werk van die Heilige Gees na vore.

Daardie erkenning sal dan bevestiging wees van die werk van God in Jesus Christus. In die sending sal daar dan dus ten opsigte van die Gees ook beklemtoon moet word dat die Gees ten nouste aan Jesus Christus verbonde is. Dit beteken dat die Heilige Gees as Gees van Christus die Persoon in die Triniteit is wat nie op sy eie optree nie. Dit beteken dat die Triniteit, die Vader, Seun en Heilige Gees, in 'n besondere eenheid met mekaar staan. Die Gees van Christus verheerlik Christus. Die Gees kan nie los van Christus beskou word nie.

Die kosmologiese werk van die Heilige Gees sal altyd in verband met die werk van Christus gesien moet word. Waar die werk van Christus na vore kom, sal die werk van die Heilige Gees ook na vore kom. Waar die Heilige Gees Christus verheerlik, is die werk van die Heilige Gees sigbaar. Die Heilige Gees sal dus nie ’n Gees kan wees wat uitmekaar ruk en uitmekaar skeur nie. Die Heilige Gees sal ook nie ’n Gees kan wees wat nie vir Christus verheerlik nie.

Die Heilige Gees is juis die Gees wat die werk van Christus in volheid voltooi. Waar die Heilige Gees werk, word Christus verheerlik. Die Heilige Gees beklemtoon dat Christus die Een is uit Wie, en deur Wie, en tot Wie alle dinge is. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Daar is nie ’n ander een wat dit kan bevestig nie. Daardie heil is in Christus alleen. Alleen in Christus kan dit erken word. Die uniekheid van Jesus Christus, die absolute heerlikheid van Christus kan nooit misken word nie, want die Heilige Gees bevestig dit.

Dit is uiters belangrik om ook, wanneer oor die sending gepraat word, jouself af te vra: Wat is die rol van die Heilige Gees in die sending? Daarom kan die sending nie net vanuit ’n Christomonistiese standpunt benader word nie, maar moet die sending Christosentries en pneumatologies benader word. Die rol van die Heilige Gees is uiters belangrik in hierdie verband. Die Heilige Gees speel ’n beslissende rol in die wyse waarop vernuwing in die gemeenskap deur die kerk kan plaasvind. Die Heilige Gees is dus nie bloot ’n mag, ’n krag, of ’n panteïstiese beweging wat in die wêreld werk nie. Die Heilige Gees is werklik die derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid wat as Persoon geken moet word en as Persoon Christus verheerlik.

# 5. DIE EENHEID TUSSEN VADER, SEUN EN HEILIGE GEES

Die betekenis van die Drie-eenheid is van groot belang. Die Gees is inderdaad die derde Persoon in die Drie-eenheid. Dit word uitgedruk in Matteus 28:19: "*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*"

Heyns (1978:291) benader die pneumatologie vanuit die perspektief van die Heilige Gees as 'n Persoon binne die Drie-eenheid van God. As derde Persoon openbaar die Gees al die eienskappe van 'n Persoon, maar ook al die eienskappe van waarlike Godheid. Vader, Seun en Heilige Gees vorm die Drie-eenheid. Die wonder van die Heilige Gees is egter, volgens Heyns, ook dat die Gees vir Christus op baie besondere manier bemagtig en uitstuur. Hy verduidelik dat die Gees aan die een kant vir Christus uitstuur, maar aan die ander kant ook dat Christus die Een is wat die Heilige Gees in die wêreld uitstuur. Die wonder van die Heilige Gees wat op Christus neerdaal en Hom bemagtig, word duidelik uitgedruk, maar ook die belangrike aspek daarvan dat Jesus Christus self die Heilige Gees in die wêreld stuur.

Vir Welker (2006:226) is die groot vraag of ons nog van die Heilige Gees as Persoon kan praat. Hy is van mening dat ons wel van die Gees as Persoon kan praat, maar dan binne die verband van die Nuwe Testament waar die persoonlikheid van die Heilige Gees saamhang met die feit dat die Heilige Gees nie uit Homself werk nie, maar die werking van Christus is en dat daardie verhouding tussen Christus en die Heilige Gees van groot belang is. Hy waarsku egter teen 'n eng verstaan van die begrip 'persoon'. Alhoewel hy aanvanklik van die Heilige Gees as "kragveld" (Pannenberg) praat, as die publieke persoon van Christus, Christus se resonansiesfeer in die wêreld, hy werk dit later Christologies uit deur middel van die drie ampte van Christus.

Die Heilige Gees is nie amorfe nie, ’n sogenaamde persoon wat verander in elke vorm waarin dit voorkom. Die Heilige Gees vind sy persoonlike karakter vanweë die verhouding met God die Skepper, en die heerskappy van Jesus Christus.

Jonker (1981:102e.v.) beklemtoon dat die Godheid van die Heilige Gees nie misken kan word nie. Die Heilige Gees en Christus staan in ’n noue verband met mekaar. Hy toon ook aan dat die Heilige Gees in die vroeë kerk en in die vroeë teologieë as ’n Persoon, wat in ’n besondere eenheid met die Vader en die Seun bestaan, beskou is. Ook beklemtoon hy die spesifieke betekenis van die *filioque*-stryd en sluit aan by die erkenning van die *filioque* waarin die besondere verhouding van die Heilige Gees en Christus uitgedruk word.

Jonker (1981:102e.v.) wys ook op benaderings van die Pneumatologie wat die Triniteitsleer in gedrang bring en ook die selfstandigheid van die Heilige Gees bevraagteken. In hierdie verband verwys hy na teoloë wat die werklike bestaan van die Heilige Gees as Persoon misken en ontken. Hierdie teoloë wil op ’n ander wyse oor die Heilige Gees praat as wat, volgens Jonker, in die Bybel gevind word. Die Heilige Gees word dan in besonder deur Tillich en Pannenberg op Panteïstiese en Panenteïstiese wyse verstaan. Tillich (Jonker 1981:102) leun, volgens hom, sterk aan by die idealisme, en dink vanuit die eenheid van God, Gees, en die gees van die mens. Tillich plaas die Heilige Gees in werklikheid as die wedersydse inwoning van die Gees in die gees van die mens. Die Gees van God en die gees van die mens word egter nie op dieselfde vlak gestel nie, maar daar is tog ’n baie duidelike verwysing na die inwoning van die Heilige Gees in die gees van die mens. Die Heilige Gees word dan verstaan as werkende in die gees van die mens self. Tillich is van mening dat die werkinge van die Heilige Gees nie beperk is tot die Christendom nie, maar ook in ’n wyere verband in ander godsdienstige groepe en selfs by die Marxiste na vore kom. Die Heilige Gees is dan ook nie gebonde tot die kerk in Christus nie, maar hy praat dan ook van ’n latente kerk waarin die Heilige Gees in ’n wyere verband verstaan moet word (Jonker 1981:103).

Jonker wys ook op Pannenberg wat, volgens hom, binne die denkkader van die Panenteïsme beweeg. Alhoewel Pannenberg erken dat die Heilige Gees ’n Persoon is, omdat die Gees as ’n subjek bestaan wat beheer oor die mens kan uitoefen, maar die vraag wat Jonker dan vra is, wat word verstaan onder die Heilige Gees in sy verband met die gees van die mens en die werking van die Heilige Gees in die gees van die mens. Pannenberg beweeg dan ook in die rigting van Hegel in sy verstaan van die Heilige Gees. Die Gees word dan tog ’n geestelike mag. Selfs Berkhof (Jonker 1981:106) het die Heilige Gees nie verstaan as ’n afsonderlike Persoon van God nie, maar as ’n wese wat handelende teenwoordigheid van God beskryf. Daar is, volgens Berkhof, nie drie selfstandighede, hipostases, binne die een wese van God nie, maar een beweging van die een God na die ander wat met drie name aangedui kan word. Die Triniteitsleer word dan eintlik in ’n sekere sin misken. Jonker (1981:107) verwys ook na Dunn wat onder die tema van die Christologie handhaaf dat die Godheid van Christus niks anders is as ’n funksie van die Heilige Gees nie. Dunn wil die Gees nouliks van die Goddelike Logos onderskei.

Jonker self toon baie sterk aan dat die Triniteitsleer beklemtoon moet word. God is God en God moet so erken word. God moet verstaan word as die lewende God en hoe hy Homself openbaar as Vader, Seun en Heilige Gees. Die Heilige Gees word deurgaans in die Skrif met God self in verband gebring (Jonker 1981:121). Daar is tekens van die skeppende krag van die Heilige Gees, die vernuwende krag van die Heilige Gees, en dat Hy inderdaad met God in ’n noue verband staan. Volgens Jonker, kom dit ook in die Ou Testament voor. Ook in die Nuwe Testament, meen Jonker, is dit baie duidelik dat die Gees van God inderdaad met God self in verband gebring word.

Jonker (1981:127) wys daarop dat daar wel aspekte van die onpersoonlike karakter van die Gees in die Ou Testament voorkom, maar daar is geen twyfel dat veral Paulus in die Nuwe Testament dikwels van die Heilige Gees praat in terme van ’n Persoon nie. Dit is ook nie bloot personifikasie nie. Omdat die Heilige Gees God self is, kan daar om die rede ook in persoonlike terme van die Heilige Gees gepraat word. Die Gees is God self en in die wyse

waarop Hy hom bekendstel, is die van 'n Persoonlike aard. Ten spyte daarvan dat die Gees God self is, onderskei Paulus tog tussen die Heilige Gees en God. Jonker (1981:127) verwys na Romeine 8:6 en Galasiërs 4:6 waar aangedui word hoedat die Heilige Gees in die mens woon. Abba Vader word geroep. Alhoewel daar dan geen twyfel is dat die Gees God self is nie, is daar ook duidelike aanduidings dat die Gees onderskei moet word as 'n Persoon binne die Triniteit. Die volle verstaan van die Heilige Gees kan egter eers duidelik na vore kom wanneer dit in verband met Christus gebring word, naamlik Christus wat in die Nuwe Testament verheerlik word en die Heilige Gees wat dan as Gees van Christus in die wêreld werk (Jonker 1981:127-128).

Dit beteken dus ook dat die Gees en Christus nie noodwendig absoluut as identiteit beskou word nie, maar dat die Heilige Gees vanuit Christus uitgaan om Christus te verheerlik. Daarom moet gewaak word in die Triniteitsleer tussen Modalisme, aan die een kant, en aan die ander kant moet gewaak word teen die onderskeiding tussen die Heilige Gees en die identiteit van die Heilige Gees so verselfstandig dat daar geen eenheid in die Drie-eenheid is nie.

Berkhof (1973:338) self kan aan die woord gestel word. Die wending na buite kom deur die Gees. Dit druk, volgens hom, die aktiewe teenwoordigheid van God uit. Toegang tot die Gees kom deur God in die hede (Berkhof 1973:339). Die Gees bepaal egter ook vir Jesus. Beide is die vrug van die ander (Berkhof 1973:341). God werk dus onder mense deur die Gees. Christus en die Gees word aangedui as die pole van die nuwe verbond (Berkhof 1973:344). Deur deelname word die werk van Christus deur die Gees in die mens bewerk. Deur die Heilige Gees kry Jesus se werk betekenis (Berkhof 1973:347). God as die één God moet in sy Persoon erken word. Berkhof (1973:348) vat sy standpunt soos volg saam: "De naam voor God-in-actie naar de wereld toe is: Geest. Zijn opperste daad als Geest is de schepping van de nieuwe mens, de ware Zoon, die krachtens zijn liefde en gehoorzaamheid voor ons de weg baant van de vervreemding naar de vervulling en daarmee ook de weg openlegt voor de Geest die ons nu met hem wil verbinden en aan zijn beeld gelijkvormig wil maken." Die name Vader, Gees en Seun is dus, volgens hom, die beskrywing van die verbondsgebeure.

Vir Kärkkäinen (2016:27) is die verhouding van die Heilige Gees tot die ander Persone in die Drie-Eenheid van belang, alhoewel hy meen dat die Heilige Gees soms vervlugtig ("elusive") voorkom. Uiteindelik beklemtoon hy die Heilige Gees se Godheid en meen dat dit in die sentrum van die benadering gestel moet word. Die Heilige Gees is inderdaad die goddelike Gees in die Triniteit van die Trinitariese gemeenskap ("*Communion*") (Kärkkäinen 2016:33). Hy beklemtoon dan in 'n sekere sin die *koinonia* in die Drie-Eenheid, en verwys na die besondere betekenisvolle verhouding waar God ook vir andere lewe (Kärkkäinen 2016:35). In die benadering van die *filioque* (2016:38), verwys hy na die besondere betekenis daarvan en hoedat dit ook verreken moet word, want die Heilige Gees staan in verhouding met Christus.[79] Hy lê dan groot klem op die feit dat die goddelikheid van die Heilige Gees nie ontken moet word nie (Kärkkäinen 2016:42).

Dingemans (2000:513) se beskouing oor die Drie-eenheid sluit in dat hy volkome vashou aan die eenheid van God in die lig van die Joodse monoteïsme. Daarvolgens gaan die Gees uit as invloed in die wêreld en nie as synswyse nie, maar as werkswyse van God. Unitarisme word afgewys, maar die Gees het verskillende werkswyses ook in Jesus self. Jesus self en die gemeente was op die toekoms gerig (Dingemans 2000:514). Daarom begin hy ook by die opstanding. Geen mirakel, maar historiese Jesus keer opnuut terug as opgestane. Die opgestane Here verskyn nou in gestalte van die Gees. Die kruis is geen soenoffer, volgens Dingemans (2000:537), maar 'n teken van volstrekte solidariteit van Jesus met mense; van God se liefde wat tot die uiterste gaan; God se solidariteit met lydende mense. Dit is duidelik dat hierdie benadering nie aanvaar kan word nie.

Daar kan beslis eerder met Jonker, Heyns en Van de Beek saamgestem word oor die besondere verhouding van die Heilige Gees, Christus en die Vader. Die unieke eenheid in die Triniteit moet nie opgehef of misken word nie.

79 Kärkkäinen (2016:34) skryf: "Defining the divine essence in terms of relations allows both for the reciprocal, mutually dependent understanding of relations between Father, Son and Spirit and also for an account of the God-world relationship based on mutuality rather than distance."

Ewe-eens moet die onderskeid tussen Vader, Seun en Heilige Gees behou word. Die eie aard van die Heilige Gees moet nie opgehef word nie, én die eenheid in die Triniteit moet gehandhaaf word.

Wright (2013:718) verwys daarna dat die Heilige Gees as die goddelike Gees beskou word. God se eie Gees, maar ook soms as die Gees van Christus of die Gees van die Messias. Baie keer word dit interveranderlik gebruik as Jesus se Gees en as God se Gees as dieselfde. Die Gees word in verband met die Joodse monoteïsme gesien. Dit raak ook die verhouding van Jesus self tot die Heilige Gees. Dit beteken dat soos Jesus ook dikwels in die Joodse monoteïsme verstaan word, word die Heilige Gees ook binne die Joodse monoteïsme verstaan (2013:719).[80]

Wright (2013:720e.v.) verwys uitdruklik daarna hoedat die tweede Tempel monoteïsme besonder sterk na vore bring. Die tweede Tempel monoteïsme is vir Wright van die grootste belang. Die God van Israel doen wat Hy in die Eksodus-gebeure gedoen het, ook in die toekoms en ook in Christus. Die hart van die belydenis van die eerste generasie Christene is waar God sy beloftes baie duidelik in die Seun en Gees na vore bring. Die Trinitariese aspek word dus in die tweede Tempel Judaïsme na vore gebring.

In Openbaring 4 word die heerlikheid van God op sy troon beklemtoon. Die Heilige Gees word ook geteken as die een wat die heiligheid van God beklemtoon. Johannes sien die troon van God en dan sien hy die wonder van die Gees wat voor God is en dat God verheerlik en beklemtoon word dat Hy die een is uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is. Dit is ’n heerlikheid wat alleen maar verstaan kan word vanuit hierdie besondere beklemtoning

80 Wright skryf (2013:719): “The Spirit is the personal, powerful manifestation of the one God of Jewish monotheism, the God who, having given Torah, has at last enabled his people to fulfil it and so come into the blessings of covenant renewal; the God who will raise his people from the dead; the God who leads his people home to their true inheritance; the God who, ‘searching for the hearts’, groans within his groaning people within the groaning of all creation; the God from whose love nothing can separate his people. This is, of course, one of the greatest passages in one of the greatest letters ever written.”

van Christus. Daar kan dus geen ander manier wees as om te beklemtoon dat hierdie heil alleen van Christus self kom en dat Hy die Een is wat dit gee nie. Dit is betekenisvol vir die verstaan van die geloof in Jesus Christus, sodat ons daaruit die wonder van Christus se werke kan sien, wat dan uiteindelik as die Lam wat geslag word, beklemtoon word in Openbaring 5, waar die Lam die Een is wat voor God verskyn as die Een wat geslag is, en aan die regterhand van God staan. Hy is ook uiteindelik waardig om die boek oop te maak. Die Gees word in die hele wêreld gestuur omdat die Gees in sy volheid as sewe geeste beklemtoon word, sodat die volheid daarvan dan nie misken kan word nie.

Uiteindelik word dan ook in Openbaring die totale volheid van die Heilige Gees beklemtoon, wanneer die heil in Christus finaal in die wederkoms, en in die nuwe hemel en die nuwe aarde beklemtoon word. Aan die einde in Openbaring 22 wanneer Jesus sê dat Hy sal terugkeer en almal geseënd is wat aan Hom behoort en beklemtoon word dat Hy die blink môrester is, lees ons in Openbaring 22:17: "*Die Gees en die bruid sê kom en elkeen wat dit hoor moet sê kom. En elkeen wat dors het, moet kom, elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!*" Die Heilige Gees maak dit moontlik dat mense na God toe kan kom. Hulle kan die heil wat God skenk, beleef. Die Heilige Gees nooi mense om die water van die lewe te verkry. Dit word by Jesus Christus gekry. Jesus is die ja en die amen, die Woord van God, soos deur die Heilige Gees bevestig. Die Heilige Gees se heerlikheid sal daardeur ook finaal beklemtoon word.

Dit hang alles saam dat uiteindelik opgeroep kan word: "Amen, kom Here Jesus, kom gou." Die genade van die Here Jesus is alleen sigbaar ook in die verwagting dat Hy in die heerlikheid sal kom en die volle voltooiing van sy heerlikheid wat uiteindelik sigbaar kan word in dit wat Hy doen deur die werking van die Heilige Gees.

Ten opsigte van die sending het dit geweldige implikasies. Die sending kan nie bestaan sonder die werk van die Heilige Gees nie. Die sending kan nie in die wêreld uitgedra word sonder dat die Heilige Gees ook dit voltooi nie.

Daarom is die Heilige Gees uniek en werksaam in die sending, en werk dit ook die heil van God uit hoedat dit in die sending na vore kom. In daardie opsig moet die wonder van die Heilige Gees ook opnuut beklemtoon word. Die Heilige Gees is egter ook die Gees van versoening. In hierdie opsig is dit baie belangrik dat besef moet word dat dit wat Christus doen, sy versoeningswerk, en die oproep van Paulus in 2 Korintiërs 5:11: "*Laat julle met God versoen*" alleen kan plaasvind deur die werk van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat daardie aspek van versoening bring. Dit is ten diepste die versoening met God wat deur die Heilige Gees in Christus voltooi word. Die mens word geroep om voor God te verskyn. Wanneer die mens dan voor God verskyn in sy/haar sonde, is dit die Heilige Gees wat Christus se heilswerk in die mens voltooi. Christus se heilswerk in die kruis is die volkome verlossing, maar dit is die Heilige Gees wat dan in die mens roep om Christus te dien en in Christus verlossing te ervaar. Die Heilige Gees bring dan op hierdie manier die totale verlossing en die versoening. Hierdie versoening is in die eerste plek uit God. Dit word in Romeine 5 beklemtoon, want so lief het God die wêreld gehad dat hy hulle wat aan Hom behoort, dat Hy hulle lief gekry het toe hulle nog sondaars was. God se liefde is dus baie duidelik sigbaar. Die sondaar word deur God aangespreek en gered. Maar dit is die Heilige Gees wat dan hierdie verlossing in Jesus Christus weer in 2 Korintiërs 5 na vore kom, wat hierdie verlossing in Christus finaliseer en deurwerk in die geloof wat in die gelowige waar gemaak word. Hierdie geloof is uit God se genade, maar dit is genade wat wonderbaarlik is, en wat heil bring. Dit is verlossing wat uiteindelik ook vir die mens die deure oopmaak na die heerlikheid van God. Die Synseenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees dui op die eenheid in die persoonlike God wat in een Wese bestaan en drie Persone, Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie Triniteit kan nie van mekaar vervreem word nie. Ons kan die Vader slegs ken deur die Heilige Gees in Christus Jesus. Jesus openbaar die Vader vir ons. So is die Vader, soos Jesus Christus hom aan ons openbaar. Daarom kan daar ook nie 'n breuk kom tussen die Ou en Nuwe Testament nie, maar moet die Ou en Nuwe Testament in die eenheid van die geloof saamgelees word. Vir die Christen-gelowige sal daardie eenheid vasgelê moet word.

# 6.
# DIE WERKING VAN DIE HEILIGE GEES

Heyns (1978:292) beklemtoon ook dat die Heilige Gees, die Voorspreker, onpeilbaar is. So word die Heilige Gees ook ’n brugbouer wat op ’n baie besonderse sin die werk van Christus voortsit, en dan ook die werk van Christus bevestig. Verder word die Heilige Gees duidelik die eersteling genoem, omdat hy die eersteling is van die oes wat ingesamel word, wat in die volheid van die tyd die wonder van die werking van God sal beklemtoon (1978:293). Die Heilige Gees is ook die waarborg of onderpant. Daarmee wil Heyns beklemtoon dat die Heilige Gees op ’n baie besonderse sin die toekoms maar ook die wat aan die toekoms behoort, waarborg en op ’n baie heerlike manier die wonder van God se genade beklemtoon.

Ten opsigte van die Ou Testament beklemtoon Heyns (1978:294) dat daar drie sake is wat na vore gebring moet word. Ten eerste is daar die aanwesigheid van die Heilige Gees. In die Ou Testament beklemtoon hy die verskillende teksgedeeltes waar die Heilige Gees optree. Die tweede is dat daar ’n vurige verlange na die groter werking van die Heilige Gees is, soos by Jeremia en Esegiël. In die derde plek wil hy beklemtoon dat die Heilige Gees ook die profetiese voorsegging is van ’n nuwe toekoms waarin die Heilige Gees die wondere van God sal voltooi. Daar is reeds daarop gewys dat versigtig omgegaan moet word met die Ou Testamentiese benadering tot die Gees. In hierdie verband verskil Vos (1984:83e.v.) van Heyns. Vos is van mening dat die Gees in die Ou Testament nie direk met die Heilige Gees verbind kan word nie.

In die Nuwe Testament is daar, volgens Heyns (1978:294), geen twyfel nie dat die Heilige Gees ’n baie besonderse plek inneem, reeds met die Pinkster-gebeure. Die koms van die Heilige Gees was nie onverwags nie, maar die

Heilige Gees het op 'n baie unieke wyse deur die spreker/hoorder die mense bereik op Pinkster en so ook die wonderlike benadering van die genade van God beklemtoon.

Die Gees wek die wedergeboorte soos uitdruklik in Johannes 3:5 aangetoon word: "*Jesus het geantwoord: 'Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie'.*"[81] En ook Johannes 3:6: "*Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.*"[82] En Johannes 3:8: "*Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy*

---

81 Keener (2003:546-547) verduidelik: "Because Nicodemus missed Jesus' point (3:4), Jesus explains what he means by birth from above, using what is probably an 'earthly' analogy (3:12): the rebirth of which Jesus speaks is not physical birth, as Nicodemus supposed (3:4), but a spiritual birth (3:6). By 'born from above' (3:3) Jesus probably means born 'from God,' so 3:5 clarifies this claim with 'born from the Spirit.' 'Born of the Spirit' is clear enough in the context of early Christian teaching (Gal 4:23, 29; cf. 1 Pet 1:3, 23), but what Jesus means here by 'born of water' (and how this helps explain 'born from God') is less clear, though it undoubtedly made sense to John's original audience."

Keener (2003:550-551) beskryf dit ook soos volg: "In other words, Jesus calls Nicodemus to a spiritual proselyte baptism, a baptism in the Spirit. Some streams of early Judaism, particularly Essene thought, associated the Spirit with inward purification. Ezek 36 provided ready biblical precedent for this association of the Spirit with purifying water, and usually appears as the clear basis for early Jewish teaching to this effect. It stands as an allusion behind early Jewish claims concerning eschatological deliverance from sin (Jub. 1:23). Some commentators, while acknowledging the similarity in Ezek 36:25-27, reject it as background here, preferring to emphasize unspecified Greek ideas. Other commentators accept the far more likely interpretation that 'water' here alludes to Ezek 36. Given the possible allusion to Ezek 36:26-27 in John 3:6 (see below), it is possible (though not definite) that this passage even involves an implicit midrash on Ezek 36 (especially if 3:8 alludes to the wind of Ezek 37)."

82 Keener (2003:552-554) beskryf dit soos volg: "While the Spirit would ultimately raise the bodies of the dead, in a text to which John would soon allude in v. 8 (Ezek 37:9-14), John focuses on the resurrection life which the Spirit makes available in the present era (John 14:16-19). Ezek 36 promised that God's Spirit

*weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is."*[83]

God gee op wonderbaarlike wyse die Heilige Gees omdat Hy goed is. Lukas 11:13: *"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra."*[84]

---

would provide a new heart or spirit to his people (36:26), a new heart which is connected in the context with both cleansing from sinful practices (36:25) and the coming of God's Spirit to enable one to obey his commandments (36:27). As noted in more detail below, 'that which is born of the Spirit is spirit' hence implies that those born from God share his moral nature (1 John 3:6, 9; cf. Eph 4:24; 1 Pet 1:23; 2 Pet 1:3-4). New birth is more than a metaphor of social conversion from one group to another (although it includes that); it is an image of absolute transformation. John contrasts this rebirth by the Spirit with merely natural, 'fleshly' birth (the kind Nicodemus thought of in 3:4); Scripture had contrasted the weakness of mortal flesh with the power of God's Spirit (Gen 6:3; Isa 31:3), and Judaism by John's day, followed by early Christianity, had developed further the biblical emphasis on the limitations of flesh. The body was not by itself evil, but by virtue of its mortality and finiteness, such 'flesh' lacked moral perfection, hence became susceptible to sin."

83 Keener (2003:556-558) stel dit so: "The blowing of the wind 'where it wills' may imply what the inadequacy of fleshly birth did in 3:6: by definition, one cannot be born from above on the basis of one's own ability; one must look to the cross, as the Israelites looked to the serpent in the wilderness (3:14-15). The destiny of the wind proves as mysterious as its origin. Jesus emphasizes the mystery of where those born from the Spirit came from: God's own children, miraculously birthed into the world, could pass unrecognized by a world not equipped to detect their presence and difference."

84 Bock (1996:361-362) skryf: "The specific good gift Luke has in mind is the Holy Spirit. Since the prayer comes from a disciple, the request is for God's presence, guidance, and intimacy. God will provide a specific good thing for his disciple. The one who walks with God should be bold and diligent in asking for such benefits. As such, the passage is not simply a blank-check request, but a blank-check request for the necessities of the spiritual life, such as those mentioned in the Lord's Prayer and those related to spiritual well-being. The reference to the

Die ware aanbidding kom deur die Heilige Gees. Johannes 4:23: "*Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.*" En Johannes 4:24: "*God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.*"[85]

In Hebreërs word uitgedruk hoe die Gees juis die pad na God toe oopmaak. Hebreërs 9:8: "*Hiermee maak die Heilige Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is so lank as die voorste gedeelte van die verbondstent bestaan nie.*"[86]

---

Spirit need not be seen as early church vocabulary introduced into a Jesus saying (so Fitzmyer 1985:916), though it is possible that Luke is explaining a specific 'good thing' that God gives. It seems clear that Jesus taught that the Spirit was a guide, at least the promise of the Spirit's coming is attributed to him (Luke 24:49; John 14-16). Such teaching by Jesus explains the disciples' emphasis on the Spirit's presence (Acts 2). The illustration is designed to encourage the disciples to ask boldly. In short, ask – and expect God to answer."

85 Keener (2003:615-618) verduidelik: "But as post-70 rabbis often used the language of biblical prophets to redefine the cultus ethically, John redefines it here especially pneumatically. In its most dramatic divergence from traditional Jewish expectations, however, this context speaks of a worship in the Spirit that ultimately transcends ethnic allegiances (4:20-24), just like the worship in Revelation (Rev 5:9-14; 7:9-10). Ultimately, fleshly (i.e., merely human) worship (such as is reflected in the human side of John's water motif; see comments on 2:6; 3:5) is to be rejected; John finds valueless the religion of his audience's religious opponents. For John, only religion born from the Spirit, utterly dependent on God's empowerment, can please God; see comment on 3:6."

86 O'Brien (2010:Kindle Locations 5978-5999) beklemtoon dat die Heilige Gees die nuwe tyd inlui: "The access of the high priest to this realm did not indicate its openness but was the exception that proves the rule. As long as the outer tent had normative status as a sanctuary, it prevented people from seeing, let alone entering, the Most Holy Place. Our author thus shows 'the mutual exclusiveness, in theological terms, of the old and new dispensations'."

Ook 1 Petrus 1:18 en 4:14 bevestig dat wanneer ander mense vir hulle beledig omdat hulle aan Christus behoort, dan is hulle gelukkige mense, want dan sal die Gees van Christus wat die Koning is, die Gees van God, by hulle bly.[87]

Daarom is die Heilige Gees die Voorspraak wat in alle waarheid lei. Johannes 6:63; 7:39; 14:17, 26 en 15:26: "*Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.*"[88]

---

87 Achtemeier PJ (1996:308) skryf: "The ὅτι clause that follows gives the reason why suffering as Christians means blessedness: it shows that the divine Spirit rests on them. The clause is framed in uncharacteristically awkward prose, however, with repeated neuter anicles preceding genitival phrases tied together with a coordinating 'and,' thus making both phrases appear to modify 'Spirit.' Thus the phrase καί τό between τῆς δόξης and τοῦ Θεοῦ renders an otherwise simple description of the divine Spirit (τῆς δόξης τοῦ Θεοῦ πνεῦμα ['the Spirit of the glory of God']) complex and difficult. Insertion of the καί τό by later scribes would relieve the author of responsibility for the awkward prose, but such a solution lacks clear textual evidence, and leaves open the question why a scribe would want to render a clear phrase obscure.

88 Keener (2003:1022-1023) verduidelik: "Certainly the Spirit's witness is not limited to prosecuting the world as in 16:8-11; the Spirit can witness to believers to confirm their relationship with God, as both the Johannine tradition (1 John 5:6-8, 10) and other early Christian tradition (Rom 8:16; cf. 9:1; Acts 15:8) concur. But in this context the emphasis lies on prophetic witness to the world (cf. Rev 19:10). Certainly "witness" appears in a forensic sense in some Jesus tradition reported in Mark 13: believers will be brought before authorities for a witness to (or against) them (Mark 13:9), which will be empowered by the Holy Spirit (Mark 13:11). Although the world could not receive the Spirit (14:26), the Spirit could witness to it (15:26-16:11), just as Jesus testifies but no one receives his witness (3:11, 32; 1:10-11). The Spirit of truth and the disciples would both testify concerning Jesus. It is possible that this Paraclete saying is a general statement that summarizes the next two: when the Spirit comes, he will bear witness both to the world (16:8-11) and to the community (16:13-15); both of these sayings are introduced in a manner similar to the ὁταν ελθη of 15:26, and in each instance the Spirit comes to believers (15:26; 16:7, 12-13). But in the context of the preceding and following pericopes, the Spirit and the disciples together carry on

Die Gees is die Gees wat toerus en seën. Die Heilige Gees rus toe omdat die Gees in mense werk. Die wyse waarop die Gees bemagtig, is juis nie bloot om hulle spiritueel te bemagtig nie maar om hulle in volheid met al hul vermoëns te vervul. Die wyse waarop dit plaasvind, beteken wel dat die Gees in die Ou Testament werk, soos deur Vos (1984:83e.v.) anders aangedui. Die Gees bemagtig op 'n wyse dat die persoon self in staat gestel word om sy/haar vermoëns in diens van God te gebruik. Daardie Gees is steeds die Ruach van God en moet nie met die Heilige Gees direk in verband gebring word nie. Dit is die krag van God om sekere take te verrig. Dit hang saam met God se optrede in die wêreld en in daardie opsig wel ook met die werking van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees is die Gees wat die ware onderrig deurgee. So kan die gelowige in diens van God leef. Matteus 10:20: "*Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat.*"[89] Lukas 12:12: "*want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word.*"[90]

---

Jesus' witness to a hostile world characterized as a judicial body thinking it was passing judgment on them, as it thought it had passed judgment on Jesus. Like the remnant of 'Deutero-Isaiah,' the righteous martyrs in the day of judgment in Wis 5:1, or the righteous from among the nations in later Jewish tradition, Jesus' followers in this context bear witness against the world before God's court. The disciples here act as witnesses, but prosecuting witnesses were delatores, accusers; they pronounce judgment as well as forgiveness (20:23). 'Witness' is not always a judicial image, of course, however the term may have originally been used. But in the Fourth Gospel, it probably has forensic significance, as the term often does in secular Greek and early Jewish literature."

89 Die Gees bemagtig dus self.

90 Bock (1996:614-615) verduidelik: "This pericope discusses disciples and their uneasy relationship to the world. Jesus' first call is to avoid hypocrisy: disciples are to watch the way they live, for all will be revealed. Jesus' second call is to fear the God who has authority over the soul, not people who have limited authority only over the physical life. Disciples are to know that God cares for them more than he cares for birds. Therefore, confess Jesus. Confession of Christ leads to Jesus' confession of the confessor, but denial of Christ leads to Jesus' denial of

In die Nuwe Testament kom die persoonlike aard van die Heilige Gees sterk na vore. Die Heilige Gees is inderdaad ook die Gees wat Christus verheerlik en self ook van Christus uitgaan. Die wonder van die verhouding tussen Christus en die Gees word van die begin af met die maagdelike ontvangenis uitgedruk. Die Heilige Gees is die Gees van Christus, maar ook die Gees wat as derde persoon in die Drie-eenheid bestaan en so ook sy eie selfstandigheid behou.

Turner (2000:433e.v.) wys daarop dat die Heilige Gees nie bloot 'n *donum superaditum* wat tot die lewe van die gelowige bygevoeg word, is nie, maar dat die Gees in besonder met Jesus self in verband staan. Alle aspekte van die Christelke lewe word ook deur die Gees bepaal (Turner 2000:433). Die Gees bemagtig ook die gelowiges om as getuies in die kerk te leef (Turner 2000:435). Die dissipels het, voor die gebeure van die uitstorting, reeds God se werking in sy Gees beleef. Daarom is hy van mening dat die gebeure by Pinkster nie net 'n *donum superaditum* was nie, maar dat die groei deur die Heilige Gees dan beklemtoon word. Die Heilige Gees werk ook die bekering (Turner 2000:435). Die Gees kan ook nie verstaan of gepeil word nie

the denier. A final warning concerns blasphemy of the Spirit. Rejection of the Spirit's presence and message about Jesus is not forgiven. The Spirit is given to aid disciples so that when they testify before the synagogues and rulers they will not be anxious."

# 7.
# DIE HEILIGE GEES EN DIE KERK

Die Heilige Gees se werking in die kerk is essensieel. Sonder die Heilige Gees se oortuigingswerk en verheerliking van Jesus Christus is daar geen kerk nie. Dit is juis die Heilige Gees wat die kerk bemagtig om in Jesus Christus kerk te wees. Hierdie kerk moet ook in die wêreld van Jesus getuig deur liefde, diens, sorg en bemiddeling.

Die Heidelbergse Kategismus leer op Sondag 25 oor die wyse waarop die gelowige tot geloof gebring word en deel van die kerk word.

> *Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan? Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).*
>
> *Vraag 66: Wat is sakramente? Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).*
>
> *Vraag 67: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys? Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (a).*

Die belofte van die Heilige Gees volg op die bekering en doop.

Die Gees se unieke werking word juis deur Paulus bevestig:

1 Korintiërs 2:10-16:[91]

"10 *Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak,*
*want die Gees deursoek alle dinge,*
*ook die diepste geheimenisse van God.*
11 *Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is?*
*So ook ken niemand die verborge dinge van God nie,*
*behalwe die Gees van God.*
12 *Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie,*
*maar die Gees wat van God kom.*
*So weet ons wat God ons uit genade geskenk het.*
13 *Dit verkondig ons ook,*
*nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie,*

---

91 10 ἡμῖν γὰρ ἀπεκάλυψεν ὁ θεὸς διὰ τοῦ πνεύματος,
τὸ γὰρ πνεῦμα πάντα ἐραυνᾷ,
καὶ τὰ βάθη τοῦ θεοῦ.
11 τίς γὰρ οἶδεν ἀνθρώπων τὰ τοῦ ἀνθρώπου
εἰ μὴ τὸ πνεῦμα τοῦ ἀνθρώπου τὸ ἐν αὐτῷ;
οὕτως καὶ τὰ τοῦ θεοῦ οὐδεὶς [i]ἔγνωκεν
εἰ μὴ τὸ πνεῦμα τοῦ θεοῦ.
12 ἡμεῖς δὲ οὐ τὸ πνεῦμα τοῦ κόσμου ἐλάβομεν ἀλλὰ τὸ πνεῦμα τὸ ἐκ τοῦ θεοῦ,
ἵνα εἰδῶμεν τὰ ὑπὸ τοῦ θεοῦ χαρισθέντα ἡμῖν·
13 ἃ καὶ λαλοῦμεν
οὐκ ἐν διδακτοῖς ἀνθρωπίνης σοφίας λόγοις,
ἀλλ' ἐν διδακτοῖς [j]*πνεύματος*,
πνευματικοῖς πνευματικὰ συγκρίνοντες.
14 Ψυχικὸς δὲ ἄνθρωπος
οὐ δέχεται τὰ τοῦ πνεύματος τοῦ θεοῦ,
μωρία γὰρ αὐτῷ ἐστίν,
καὶ οὐ δύναται γνῶναι, ὅτι πνευματικῶς ἀνακρίνεται·
15 ὁ δὲ πνευματικὸς ἀνακρίνει [k]τὰ πάντα,
αὐτὸς δὲ ὑπ' οὐδενὸς ἀνακρίνεται.
16 τίς γὰρ ἔγνω νοῦν κυρίου,
ὃς συμβιβάσει αὐτόν;
ἡμεῖς δὲ νοῦν Χριστοῦ ἔχομεν.

*maar met woorde wat die Gees ons leer.*
*So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het.*
14 *Die mens wat nie die Gees van God het nie,*
*aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie.*
*Vir hom is dit onsin.*
*Hy kan dit ook nie verstaan nie,*
*omdat dit geestelik beoordeel moet word.*
15 *Die mens wat die Gees van God het,*
*kan die waarde van alle dinge beoordeel,*
*maar self kan hy deur geen mens beoordeel word nie.*
16 *Daar staan geskrywe:*
*"Wie ken die gedagtes van die Here?*
*Wie sal Hom raad gee?"*
*Maar ons, ons het die Gees van Christus.*[92]

---

92 Mare (1976:Logos) toon aan: "The gar ("for") here points to an illustration that will show that the spiritual wisdom and truths of God can be understood only through the Holy Spirit, just as human wisdom needs the human spirit to understand it. The conclusion is that only the Holy Spirit can reveal God's wisdom and truth to man. The concept of "spirit" in this verse involves a real personality who thinks and acts – not a force. The expression "the man's spirit within him" – i.e., his human personality being in him – is not to be taken as suggesting that the Holy Spirit of God is in God in the same way – the grammar of v. 11b does not suggest this. The only analogy made is that as the human spirit knows or understands human wisdom, so (houtōs), the Spirit of God, being God himself, understands the wisdom of God."

Conzelmann (1975:Logos) verwys na 'n ander perspektief: "Here it remains an open question to begin with whether he is speaking of God's Spirit as his power to reveal (in the sense of "all that God has prepared") or of the divine Spirit in man as that which makes possible the receiving of revelation (in the sense of "for those who love him"). In the underlying schema of the mysteries the essential idea is precisely the identity of the power to reveal and to receive. Paul does in fact go on in this sense. In so doing he is on the verge of Gnosticism – to be sure, without developing the mythical motif of descent. He speaks in a way that takes no account of the historic character of revelation, but solely of the illumination of the recipients. The object of knowledge is not the historic Christ, but the mystery, and only in a secondary sense the mythical background of the historic crucifixion."

Wat 1 Korintiërs betref, skryf DeSilva (2004:568) dat daar ŉ baie belangrike tema is van hoedat die kulturele en faksieverskille opgelos kan word en hoedat daar ook gemeenskap in die Gees met mekaar moet wees. Die gemeenskap word saam in Christus deur God se genadegawe geroep om mekaar te eer. Hulle moet nie roem op mag of een of ander saak nie, maar hulle moet roem op die dinge wat hulle van Christus verkry het. Daarom is die predikers ook ŉ gawe van God aan die gemeenskap, ŉ teken van God se sorg vir die nuwe gemeenskap, nie op grond van die menslike oorweginge en hul eie eer nie. Selfs die geestesgawes het beteken dat daar verskil van mening gekom het, en Paulus roep hulle op om mekaar se gawes eerder te erken.

Implikasies wat na vore kom in die teksgedeelte is die herhaling van die tema dat die Gees van God wat alle dinge ondersoek ook die gelowige bemagtig met die woorde van God. Die Gees word aan die gelowige gegee om ook vir God te ken. Die aktante, naamlik God, die Heilige Gees en die mens staan in ŉ besondere verhouding tot mekaar. God se Gees openbaar God aan die mens. Die gelowige ken God en sy geheimenisse so. Die ware gelowige het die Gees van Christus. So ken die gelowige Christus. Die gelowige het die Gees van God onvang. Deur die Gees van God word die geestelike dinge geestelik beoordeel. Die Gees vervul die gelowige om anders as die natuurlike mens die waarheid in God te ontdek. Die menslike wysheid word deur die wysheid van God beoordeel. Dit is juis die Gees wat die ware wysheid vertoon.

Judas 1:20: "*Maar, my vriende, julle moet aanhou om mekaar te help en te bemoedig. Julle moet mekaar bou soos mense ŉ huis bou. Die goeie boodskap wat van God kom, moet die fondament wees. Julle moet luister na die Heilige Gees wanneer julle bid.*"[93]

93 Green (2008:415-417) verduidelik: "Jude calls the church also to prayer: ἐν πνεύματι ἁγίῳ προσευχόμενοι (en pneumati hagiō proseuchomenoi, pray in the Holy Spirit). Once again, Jude places the position of the believers in sharp contrast with the heretics. The opponents are people who are devoid of the Spirit (v. 19 and comments). On the other hand, what explicitly marks the church is the possession of the Spirit and the communion with God through his agency. Prayer in the Holy Spirit defines the life of those who are the true people of God. The Spirit's presence and assistance in prayer is a theme that surfaces in

By Heyns is daar ’n unieke benadering van die kerk in die verhouding tot die wêreld. Hy meen die kerk is nie in ’n kokon toegespin nie, maar moet uitbeweeg in die wêreld. Teenoor die wêreld het die kerk ’n roeping en ’n taak. Heyns bevestig die gedagte van kritiese solidariteit waar hy in die eerste plek solidariteit beklemtoon, en in die tweede plek kritiese beklemtoon. Die kerk is in die wêreld solidêr met die wêreld. Die betrokkenheid van die kerk by die wêreld beteken dat die kerk in die wêreld is (Heyns 1978:371) en ’n deelgenootskap van die wêreld is. Die kerk en wêreld staan nie los van mekaar nie, maar is op mekaar aangewese. Daarom sal die kerk steeds betrokke wees by die wêreld en in die wêreld lewe. Die kerk is immers nie weggeneem uit hierdie wêreld nie, maar staan in die wêreld.

Handelinge 6:3-10; 7:55: “*Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan.*” Ook Handelinge 8:29, 39; 9:17, 31: “*In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk ’n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem.*”[94] Handelinge 10:19-47; 11:12: “*Die Gees het vir my*

---

Paul (Rom. 8:15-16, 26-27; Gal. 4:6; Eph. 6:18), and he notes that such prayer is sometimes expressed in unknown tongues (1 Cor. 14:14-15) … In this section, however, Jude’s concern is with the corporate life of the church in their struggle against heresy, and given the problems within the Corinthian church regarding speaking in tongues, it is hard to imagine how such a call would contribute to the church’s corporate life (see 1 Cor. 14:4). Moreover, Jude places this exhortation over against the claim that the heretics do not have the Spirit. The exhortation implies that the members of the church are the true Christians. … However, the apostolic faith and the Holy Spirit, word and Spirit, are the two defining characteristics of true Christian community. The gospel is held and the Spirit is at work in every true Christian church. Jude’s call is for them to hold to what makes them a community of Christ.”

94 Alhoewel met Jennings (2017:98-99) verskil word ten opsigte van die wyse waarop die Gees in die kerk werk, kan tog verwys word na die unieke wyse waarop mense heilig gemaak word: “It seems that for a moment Saul has collapsed the animus against believers in Jesus onto himself. His great reversal

*gesê dat ek nie moet aarsel om saam met hulle te gaan nie. Ek en hierdie ses broers is toe saam met hulle, en ons het in Kornelius se huis ingegaan."*[95] Ook Handelinge

pulled back the terrorism he was inflicting on the church. The church had a moment of peace, but that peace was not everywhere. The church in Judea, Galilee, and Samaria enjoyed the benefits of Saul's transformation. Once again, we see the unevenness of persecution and suffering – one site of faith knows peace and increase while other sites hope for it. Indeed, Luke in this part of the story is keenly attuned to geography and movement. Peter returns to center stage and engages in a bit of wayfaring life, echoing again his history of following Jesus and doing as his savior had done. He is on the road and comes to Lydda to be among the living saints. Luke slips in this strange word, 'saints' (hagious, v. 32), here in this chapter, first in the mouth of Ananias and now in his own voice as the hidden narrator. This word, 'saints,' meaning holy or sacred ones, will multiply in use as the speech acts of Christians expand, but we would do well to remember its marvelous signifying power. Israel knows a holy God whose holiness is untouchable by fallen human flesh. All those bound to Israel's ancient faith knew the line that cannot be crossed except from God's side. Only God can make something or someone holy. Only God separates or singles out vessels for hospitality of the divine presence, and in Jesus, God's holiness is intensified, because he is not simply a site of holiness. He is the Holy One in fallen human flesh. What seemed to be a contradiction, holy and human, is in fact the home of God's generosity, mercy, and sovereignty. Jesus is God drawing the everyday into holiness, into God's own life. Everyday people are made holy in Christ. Everyday people are made holy by Christ, and this is a holiness that will last, not be episodic, and constitute a new space for living life and knowing ourselves. 'Saints' are those marked by the new gestures of belief in Jesus. They worship a crucified Lord in the Spirit, and in the Spirit they live the everyday, knowing that each moment has been made sacred by God's faithful presence. Peter travels from the saints to the saints inside the inescapability of a God who is making people new."

95 Jennings (2017:117-118) vat saam: "His hearers know him, so he brings them more deeply inside himself, stretching their knowledge of him to its breaking point. This is how experience thwarts the power of the familial gaze. Step by step (kathexēs, v. 4), Peter will explain himself, but it will not simply be an explanation of himself but also of God pressing in on him. It will be, in the words of Friedrich Schleiermacher, an experience of absolute dependence on God. His experience

11:15-16. Ook 1 Korintiërs 14:37: "*Iemand wat dink dat hy 'n profeet is of 'n ander gawe van die Gees besit, moet erken dat wat ek aan julle skrywe, 'n bevel van die Here is.*"

Die soteriologiese werking van die Heilige Gees beteken dat die Heilige Gees in die kerk werk. Die kerk is dan die gemeenskap wat deur God geroep word om in 'n baie noue en besondere verhouding met hom staan. In die kerk is die Heilige Gees ook voortdurend werksaam om opnuut en op 'n unieke wyse die wonder van God te beklemtoon.

Ten opsigte van die besondere gawes of die charismata verwys Heyns (1978:301) na die groot verskeidenheid van die gawes wat uit God se hand self ontvang word. Die ontvangers is nie enkeles nie. Dit is in 'n wyere sin vir gelowiges bedoel en wat die uitdeling van die gawes betref, is dit nie by elke gelowige dieselfde nie. Daar bestaan wel ook 'n rangorde by die gawes en nie alle gawes word op dieselfde vlak gestel nie. Dit moet altyd tot eer van God en tot stigting van die gemeente wees.

Die duur van die gawes verskil soms en sommige gawes duur langer voort as ander gawes. Daaruit kan egter nie afgelei word dat die Heilige Gees

---

reveals God. Why does Luke need to repeat in detail the events of chapter ten? For emphasis of course, but more importantly he does it to show the breaking open of a life, Peter's life, and to show the breaking open of a people's life, Israel's life. The drama must be told in detail so the hearers can begin to see their lives in it. God spoke to Peter, and now through Peter God is speaking to the saints gathered there to hear. The power of God is present in weakness, in the voice of one disciple of Jesus who simply tells the truth of what has happened to him and what God did through him. He remembered a promised baptism for the Jewish body and saw with his own eyes that baptismal promise stretched over Gentile bodies. 'Gentiles have been touched by God, just as we have,' Peter states, giving witness to the itinerant longing of the Holy Spirit. This is a miracle, this is earth-shattering, world-altering truth, and it can only be carried through testimony, only through story told by one dangling between the past and the future with no ground to stand on except the ground created by the Spirit of God. Peter speaks and his own people are reduced to silence."

nie ook sy besondere gawes nog steeds kan gebruik onder besondere omstandighede nie.

Heyns is van mening dat daar nie streepteologie moet wees nie, sodat die Heilige Gees se werking opgehou het nadat die Apostels met hul bediening gestaak het. Die werk van die Heilige Gees duur voort, maar dan op ’n eie unieke wyse. Heyns gaan daartoe oor om die verskillende aspekte van die werk van die Heilige Gees te bespreek. In die eerste plek, die roeping, die uitwendige en die inwendige roeping deur die Heilige Gees, die roeping waardeur ’n mens uit die duisternis gelei word na God se wonderbare lig (1978:304). Veral belangrik is die wedergeboorte wat die werk van die Heilige Gees is wat die nuwe lewe en in die hart van die uitverkorenes begin (1978:305). Dit is ’n tweede ingryping in die lewe van die mens wat na die natuurlike geboorte kom. Die wedergeboorte is egter nie ’n tweede werking naas die geloof nie. Die wedergeboorte skep die geloof en deur die geloof kom die vernuwing wat deur die Heilige Gees na vore gebring word. Geloof is daarom van die uiterste belang. Daarom skryf Heyns (1978:307): “Die volgende algemene omskrywing van geloof bied ons ’n uitgangspunt vir ’n bespreking van verskillende belangrike aspekte: *‘Geloof is die mens se, deur die Heilige Gees ingegewe gehoorsame antwoord op Gods handelinge met Hom in Jesus Christus’.*” (kursief, Heyns.)

Daarom beklemtoon Heyns (1978:308) dat die geloof ’n gawe van die Gees is, en dat niks anders gedoen en gesê kan word, as dat die geloof so deur die gawe van God na ons toe kom nie. Die geloof is egter ’n daad van die mens; deur die Heilige Gees oorgehaal, deur die Heilige Gees beklemtoon, maar ook nog ’n daad van die mens, ’n antwoord van die mens op die Gees van God. Dit is ’n antwoord van die totale mens in kennis en vertroue en in gehoorsaamheid wat beteken dat die geloof ook ’n totale aspek van die menswees word waardeur gereageer word. Geloof beteken dan ook sekerheid (Heyns 1978:310) en die verheerliking van God. Daarmee saam hang die regverdiging wat inderdaad ’n unieke oordeel van God oor die mens is waardeur die wonderbaarlike soenverdienste van Christus aan hom/haar geskenk word, en hy/sy dan totaal vrygespreek word (Heyns 1978:311). Die

oordeel van God word uitgespreek, maar die regverdiging beteken dat die sondaar vrygespreek word. Dit is ’n vreemde oordeel wanneer ’n goddelose mens totaal vrygespreek word van die sonde. Daarin is die regverdiging, die bevestiging en die toerekening van die vryspraak wat in Christus verkry word. Hierdie regverdiging vind deur die geloof en nie deur die werke plaas nie. Dit is alleenlik in die geloof dat die regverdiging plaasvind en dit is in die ewigheid gevestig van God se ewige wonder van regverdiging (1978:313).

Verder werk die Heilige Gees in die sin dat die bekering plaasvind (1978:315). Heyns beskryf die bekering soos volg: “… *as die mens se hartlike leedwese oor en totale breuk met sy sondige lewe en die begin van ’n nuwe lewe, uit ’n opregte liefde vir God …*” (kursief, Heyns). Daarom wil hy beklemtoon dat bekering noodsaaklik is. ’n Mens kan nie sonder die bekering die heerlikheid van God binnegaan nie. Dit is ’n diepgaande berou oor sonde en begin by berou oor sonde. Dit volg in ’n wegkeer van die sonde en ’n radikale toekeer tot God in Christus Jesus. Dit is ook ’n verandering van die totale mens, radikale totale bekering van die mens. Dit is ’n eenmalige en voortgesette daad, voortdurende verandering, en dit moet erken word dat bekering op ’n unieke wyse in mense werk, en nie by almal op dieselfde manier plaasvind nie. Belangrik is ook dat die vrugte gedra moet word, wat by die bekering pas (Heyns 1978:318). Die vrug van die Gees beteken dan ook dat daar ’n ommekeer is van die ganse lewe. Vervolgens word oor heiliging gepraat. Heyns (1978:319) beskryf die heiliging soos volg: “As algemene omskrywing sou ons kon sê is heiliging *die vernuwing van die mens as beeld van God en die betrokkenheid van die geloof op Gods genade langs die weg van gehoorsame navolging van Christus.*” (kursief, Heyns). Dan verwys hy na die verskillende aspekte van die heiliging as ’n status wat aan die mens toegeken word. Dit is nie iets wat die mens vanuit homself verkry nie, maar dit is God wat die heiliging toeken, wat ’n dinamiese proses is waarin die mens ook opgeroep word om nuut te lewe. Daarom is dit ook ’n proses van geloofswerklikheid, van totale verandering en van vernuwing wat ook beklemtoon dat dit ’n saak is van God en mens en dat daar in daardie sin ’n baie besondere verhouding is tussen God, mens en Heilige Gees wat die brugbouer is, om dit te laat plaasvind. Baie belangrik is ook dat die mens in

Christus is en Christus in Hom. Dit beteken dat die ou mens moet afgesterwe word en ’n nuwe mens moet opstaan (Heyns 1978:321). In navolging van Christus is die opstanding van die nuwe mens dus sigbaar, en ’n nuwe lewe word dan daarmee beklemtoon.

Maar dit beteken ook, en dit is baie belangrik, dat daar gehoorsaamheid aan die wet is. Die wet word nagevolg, en in die navolging van die wet, word ’n nuwe lewe gelei. Dit beteken dat daar gehoorsaamheid aan die wet sal wees.

Dan volg volharding (Heyns 1978:324). Volharding is ’n uitermatige belangrike saak en daar was in die teologiese denke ook heelwat nadenke daaroor. Die vraag was: Is dit moontlik om te volhard, en is dit die Gees self wat die volharding bring, of kan ’n mens wel uit God se hand val? Daarom beskryf Heyns (1978:325) volharding soos volg: “*Ons sou daarom die volharding van die gelowiges God se voortsetting van die geheiligde lewe en die mens se gevolglike voortgaande strydende verwerkliking daarvan kon noem.*” (kursief, Heyns). Dit is die werk van God wat in die lewe van die mens voortgesit word sodat die mens uiteindelik kan volhard, want dit is in die Trinitariese werk van God gegrond. Dit is die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat die volharding vir die mens werk en wat vir die mens intree, omdat Christus as Hoëpriester vir die mens intree en die Heilige Gees dan daardeur die mens en al sy swakhede te hulp kom. Die gelowige word egter opgeroep tot die stryd om nie terug te sit en te dink dat die volharding maar net aan hom gegee word, sonder om ook self betrokke te wees by die volharding nie (Heyns 1978:327).

Kärkkäinen (2016:201-203) gee ook aandag aan die hele konsep van redding, verlossing en bevryding, ook onder die verskillende godsdienste. Hy verwys na die tradisionele benaderings van die *ordo salutis* en die kritiek daarop. Hy verkies ’n holistiese kommunale en kosmies-trinitariese soteriologie. ’n Baie ruimer soteriologie word deur hom voorgestel as een waarin net sommiges sou deel in die verlossing wat van God kom. Hy verwys daarna dat die Gees se werking nie in die *ordo salutis* uitgelaat is nie, maar die Gees ondergeskik gemaak is aan die Seun en dat die werk van Christus dan nie ten volle na vore

kom in die soteriologie nie (Kärkkäinen 2016:204). Daarom beklemtoon hy dat bevryding en verlossing ook by die ander religieë voorkom omdat die Gees daar werksaam is en op ’n bepaalde manier onder die andere religieë verlossing en heil kan bring deurdat erken kan word dat die Heilige Gees ruim werk. Die Gees is die Gees van goedgunstigheid en uitnodiging vir ewige verhouding met God (Kärkkäinen 2016:231).

Ook die gasvryheid van God word beklemtoon (Kärkkäinen 2016:243-245). Hy beklemtoon die soewereiniteit van God en die menslike verantwoordelikheid saam om die gedagte van gasvryheid te behou. Daarom is verkiesing nooit iets om oor te roem nie, maar ’n genadegawe van God wat die uitnodiging en die beklemtoning van die vryheid om God te kan dien na vore bring, ook by van die ander godsdienste. Die hele vraag van bekering en berou kom dan na vore (Kärkkäinen 2016:263e.v.). In die *ordo salutis* was bekering ’n baie belangrike saak gewees. Hy probeer dan om binne teologiese perspektief daarna te kyk hoedat dit dan ook voorkom in die pluraliteit van godsdienste en wil dan ’n Trinitariese teologie van Goddelike vergifnis na vore bring (Kärkkäinen 2016:276). Daarom wil hy ook die wonder van die vergifnis beklemtoon veral vanuit die perspektief van Paulus en hy wil Goddelike vergifnis beklemtoon as die basis en grondslag van die nuwe verhouding met God. Die kruis is die beklemtoning van Goddelike vergifnis en die opstanding is die volledigmaak daarvan. Daarom word die kring van geweld gestuit en moet die kerk die saak van vergifnis juis uitdra (Kärkkäinen 2016: 281). Die vraag na voorwaardes vir vergifnis word ook deur hom gestel en meen daar is onsekerheid by verskillende teoloë daarin of God se vergifnis onvoorwaardelik is en of hy voorwaardes stel, maar Kärkkäinen beklemtoon die saak onvoorwaardelike vergifnis en moet dit ook lei tot vergifnis van die teenstanders. Hy verwys dan na die verskillende godsdienste, die Joodse benadering daarvan, die Islamitiese benadering en wys daarop dat sommige Islamitiese leiers daaraan dink om vergifnis op ’n manier te sien waar tussenstaatlike probleme opgelos kan word. Ook in die Asiatiese religieë kom verskillende benaderings daarvan voor.

Uiteindelik gaan dit oor die integriteit van lewe en die eenheid met God (Kärkkäinen 2016:312).

Hy verwys ook na die gesprek tussen die Lutherane en die Gereformeerdes en die Rooms-Katolieke oor geregverdiging en hoe Luther se regverdiging verstaan word, hoedat dit tans ook in ’n proses om tot eenheid in daardie aspek te kom, ook na vore gebring word. Kärkkäinen (2016:360) verwys ook na soteriologie en bevryding. Die vergoddeliking van die werklikheid is in hierdie opsig van belang.

Theosis mag ’n begrip wees wat die lewe skep in die werklikheid. Versoening (*reconciliation*) is uiteindelik die einddoel van die verlossing (Kärkkäinen 2016:406). Hoedat dit plaas sal vind, is nog steeds te bevraagteken. Uiteindelik word die trou van God en die einde van die menslike verlange beklemtooon. In die eerste plek wys hy daarop dat God getrou is; Hy kan homself nie verloën nie (Kärkkäinen 2016:410). Die verlange na vervulling en geluk kan net by God gevind word en die verlossing moet daarom in God gesoek word. Daarom is die persoonlike verlossing ook van belang (Kärkkäinen 2016:413).[96]

König (1983:63e.v.) wys op die betekenis van genade wanneer hy oor heil en heilsweg handel. Hy wil eers oor genade skryf en dan oor sonde. ’n Mens kan nie oor sonde praat as daar nie eers oor genade gepraat word nie. Sonde kan nie bely word voordat daar nie kennis geneem word van God

96 Kärkkäinen (2016:414) skryf: “Christ resurrection as a miraculous event, belongs to this world, time and space in order to secure not only the redemption of human life on this earth, but also all created life as well as space and time. It is not a matter of violating the laws of nature, but rather pointing to the eschatological reality in which new kinds of laws will be put in place by the almighty God. Resurrection represents a new kind of happening anticipating the coming of fulfillment of creational projects as it were.” Dan sluit hy geheel af: (415) “In some the hope of salvation for humanities deeply embedded in the wider context of cosmic renewal. God the creator was shown himself to be loving and faithful redeeming the promises of the Holy Scripture for establishment new heaven and new earth.”

se genade nie. Die wonder van regverdiging volg wanneer God mense in Jesus Christus vryspreek. König (1983:107) skryf: "Die gedagte dat ons op grond van vreemde geregtigheid, Christus se geregtigheid, vrygespreek word, bring ook mee dat ons volkome, totaal vrygespreek word." Vir hom is dit ook van belang dat 'n regverdige samelewing ook tot stand moet kom. Geloof beteken dat ons in iemand glo en vertrou. Daarom leef die Christen in 'n verhouding met Jesus en in vertroue op Hom (König 1983:121). Geloof sluit vertroue en gehoorsaamheid in. Hy skryf: "Om in Jesus te glo, verbind 'n mens volkome en onvoorwaardelik aan Hom en aan sy soort lewe. Omdat Hy sy lewe vir die *wêreld* gegee het, en sy lewe beslissende implikasies vir die *wêreld* het, moet ons verwag dat ons lewe-in-verbondenheid-aan-Hom ook dié betekenis sal hê." (1983:129). Die wedergeboorte is 'n nuwe skepping wat tot kindskap lei (König 1983:132-136). Uiteindelik moet daar verenig met Christus gelewe word (1983:140e.v.). Bekering is nie *ons* antwoord op God se genade nie, maar dit lê wel nadruk op *ons* verantwoordelikheid. Terwyl die person self tot bekering moet kom, is dit egter Christus wat dit moontlik maak (1983:170). Hy beskou die heiligmaking as implikasie en uitvloeisel van die vereniging met Christus (1983:176).

Vos (1984) verwys ook na die *ordo salutis* in die Dogmatiek en kies dan eerder vir die woord 'heilsweg' waardeur die heil van God eskatologies deur die Heilige Gees aan die gelowige meegedeel word om die volheid daarvan te kan beleef (Vos 1984:269). Die heilsweg moet verduidelik word. Die wedergeboorte is die belangrike saak van die heil wat as die geboorte van Bo niks anders as 'n herskeppingsdaad is nie (1984:272). Hy wys daarop dat die term 'herskepping' 'n baie belangrike klimatologiese element voortdra. Daarom beklemtoon hy weer die feit dat die wedergeboorte daad van Bo is (1984:275). Genade geskenk van God in die herskepping deur die Heilige Gees. Dit raak die gelowige se totale bestaan en al sy verbande.

"Die geboorte van bo kan as 'n herskeppingsdaad verklaar word. Die *her-skepping* onthul dat die wedergeboorte met die krag van die skepping plaasvind. Die wedergeboorte is egter ook 'n her-skeppingsgebeure." (Vos (1984:275). Vos wys daarop dat die mens reeds vanweë die skepping bestaan,

maar dat die Heilige Gees ook die herskepping teweegbring in die lewe van die gelowige. Dit is ʼn geestelike verandering wat ook die gelowige se eksistensie totaal raak.

Daarom sê Vos (1984:275): "Dit is daarom teologies meer verantwoord om *mortification en vivificatio* nie aan die wedergeboorte te koppel nie, maar om dit by die beskrywing van die heil vanuit die perspektief van *bekering en heiliging* in berekening te bring."

Die Heilige Gees se herskeppingswerk is dus van belang in die wedergeboorte. Vos (1984:281) skryf: "Aangesien dit in die wedergeboorte nie slegs om die *heilsbegin* gaan nie, maar om die *heilsbelewing* bring die geloof ʼn *nuwe relasie* tussen die herskape mens en Jesus tot stand. Die geloof is ʼn leeftyd waarvolgens die gelowige sy oog voortdurend op Christus vestig. Dit beteken dat hy daagliks onder Christus se koningskap leef." Dit beteken egter dat dit ʼn wonderbaarlike geheimenis is, en wedergeboorte ʼn wonderbaarlike ruim begrip is (Vos 1984:282). Die heilsgebeure, die kruisgebeure, word deur die Heilige Gees deurgegee, maar daarmee word nie bedoel dat die mense passief hanteer word nie, want die wedergeboorte is nie net heilsbegin nie, maar ook heilsbelewing. Die feit dat ʼn mens in twee bedelings lewe, te vroeg vir die hemel en te laat vir die aarde (Noordmans), is dit betekenisvol dat die Heilige Gees ʼn teken van ʼn voorlopige hede is, dit gaan verby, die vlees gaan uiteindelik vernuwe word.

Die *sarks* is die mens se swakheid, magteloosheid en sterflikheid. Die *pneuma* en *sarks* sluit mekaar uit. Die mense word opgeroep tot daad (Vos 1984:285). Die inwoning van die Gees is ook ʼn teken met die oog op die toekoms. Die Heilige Gees is ook ʼn teken van die skepping se toekoms, hier belangrik ten opsigte van die kosmologiese werk van die Heilige Gees. Hy verwys daarna dat die Ruach se herskeppende werk nie net tot die skepsel beperk is nie, maar ook die skepping (1984:291e.v.). God se skepping bly vir God belangrik en die vernuwing in die skepping kom dan ook deur die Heilige Gees. So sal die verydeling verbygaan, want daar is hoop omdat die vernuwing kan kom. Die Heilige Gees is ook die kosmies-eskatologiese gawe met die oog op Jesus

Christus se toekoms. Daarom vind hy ook 'n verband tussen die kosmos en Jesus en die toekoms, (1984:295). Vos (1984:296) skryf: "Die Heilige Gees is nie 'n teken *na* die toekoms van Jesus Christus nie, maar is ook 'n teken *van* sy toekoms."

Daar moet dus aangedui word dat die Heilige Gees die kerk deur die wedergeboorte kerk maak. Die wedergeboorte is die wyse waarop Jesus Christus in die hart van die gelowige ingebring en ingeseën word. Dit vind plaas wanneer die Heilige Gees Jesus se werk aan die hart van die gelowige verbind. So word die kerk waarlik kerk. Dit is egter 'n bewustelike erkenning van Jesus die Here en nie 'n algemene saak wat onder alle mense in die geheel van die skepping plaasvind nie.

Onder verlossing verstaan ek dan die totale verbondenheid aan Jesus Christus deur die Heilige Gees tot verheerliking van die Vader waarin die totale heil van God beleef word wat lewe met Christus hier-en-nou en die ewige lewe met Hom insluit. Die heerlikheid wat in die ewigheid gegee sal word, kan nie bedink word nie. Dit sluit die totale lewe in, maar ook die uitsig op die opstanding waarop ons hoop. Heilig gemaak deur die Heilige Gees, hoop ons op God se geregtigheid.

Die Heilige Gees dui juis die volgelinge van Jesus aan en lei hulle. Handelinge 20:28; 21:4, 11; Fillipense 1:19: "*want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan.*" En ook Filippense 2:1; 3:3: "*Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie.*" Romeine 9:1: "*In my verbondenheid met Christus praat ek die waarheid, ek lieg nie; en my gewete, wat deur die Heilige Gees gelei word, getuig saam met my.*"[97]

97 Moo (1996:555-556) toon aan: "Why has Paul stressed so strongly the truth of his concern for Israel (v. 2)? Almost certainly because he knew that his passionate and well-known defense of the law-free Gentile mission had earned him the reputation – in Rome, as elsewhere – of being anti-Jewish. To the Jewish Christians in the church Paul therefore wants to make clear that his focus on the Gentile mission has by no means meant the abandonment of his concern for, and, indeed, plans for, the salvation of their fellow Jews. But he also wants to

Romeine 14:17: "*Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.*"[98] En Romeine 15:13-30. Ook 2 Timoteus 1:7: "*Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.*" En 2 Timoteus 1:14: "*Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.*" En ook 1 Petrus 1:2.

Heyns skryf dat die kerk egter uiters krities teenoor die wêreld vanuit die geloofsverhouding met God en vanuit die feit dat hy deur God gekies is, sal wees en ook krities teenoor baie dinge in die wêreld staan. Die anders wees in die wêreld kom van God se roeping tot die kerk (1978:373). Heyns skryf: "*Die andersheid van die kerk is dus gele*ë in *sy partisipasie aan en in sy antisipasie op die wêreld van die toekoms, midde-in die ou wêreld van die hede.*" (kursief, Heyns). Hy wys daarop dat die koninkryk van God en die koninklike taak van die kerk dus beklemtoon moet word, en eindelik sal dit ook in die sending unieke betekenis verkry (1978:373).

Die gemeenskapsfunksie van die kerk is dus van belang. Die Heilige Gees bewerk ook die eenheid van die kerk (Heyns 1978:377). Die eenheid lê op verskillende vlakke: eenheid van oorsprong, roeping, belydenis, getuienis, gemeenskap, diens, en organisasie. Al hierdie aspekte van die eenheid word beklemtoon. Heyns (1978:379) beklemtoon egter dat nie alle pluriformiteit van die kerk afgewys moet word nie, en skryf daarom die volgende: "In die konkrete gebeure van die verkondiging van die evangelie, die gelowige aanvaarding daarvan en dus die versameling en organisering van die kerk op verskillende plekke onder verskillende volke met verskillende tale,

---

dispel any notion that he might have joined with the Gentile Christians in Rome in their sinful disdain for the Jewish people."

98 Moo (1996:856-857) skryf: "Probably, then, the main reference here is to 'ethical' righteousness – right behavior within the community of believers. 'Peace,' as v. 19 strongly suggests, will have a similar horizontal meaning: harmony and mutual support of the believers with one another. It is when these blessings are experienced that the community will also be characterized by 'joy.' All three blessings come as a result of the believer's experience of the Holy Spirit."

gewoontes en psigologiese instellinge, kán – nie móét nie – ’n legitieme pluriformiteit van kerk ontstaan wat in talle opsigte van mekaar verskil, en tog nog één kerk is en kan wees.”

Wat die heiligheid van die kerk betref, beklemtoon Heyns (1978:380) die heiligheid as status, handeling as gehoorsaamheid, as stryd. Wat die algemeenheid betref, beklemtoon hy dat dit die algemeenheid is van die volheid van God en volheid in die tyd, die volheid van die wêreld, die volheid van die waarheid, die volheid van gehoorsaamheid (Heyns 1978:318). Wat die apostolisiteit betref, beklemtoon hy dat dit ’n apostolisiteit is aan die gebondenheid van die Woord en aan Christus self.

Ten opsigte van die gestaltes van die kerk, beklemtoon Heyns (1978:383) dat die kerk lokaal en universeel is, en dat daar ’n verband is tussen verskillende aspekte van die kerk wat steeds beklemtoon moet word.

Die vraag na die strydende en triomferende kerk, die sigbare en die onsigbare kerk word ook hanteer. Daar is sommige onsigbare elemente van die kerk, maar dit mag vir hom op geen manier beteken dat daar ’n tweede kerk naas die sigbare kerk geponeer kan word nie. Die kerk weet nie van ’n onsigbare kerk nie. Die kerk is altyd sigbaar, iets reëels en werklik en moet daarom as sigbaar verstaan word. Die kerk as instituut, in sy statutêre karakter, waar die woord in die sakrament en die tug bedien word, maar as organisme strek die kerk hom uit waar daardie kerk sy taak volvoer in die Christelike lewe in die wêreld om hom. Wat die strydende en triomferende kerk betref, beklemtoon Heyns dat die kerk altyd ’n strydende kerk is, en dat die triomferende kerk nie op die afgestorwenes van toepassing gemaak moet word nie, maar ’n aspek is van die strydende kerk op aarde. Elke geloofsaspek dra egter ook die element van strydende en triomferende kerk.

Heyns (1978:388) verwys ook na die statiese en dinamiese elemente van die kerk, hoedat die kerk kerk **is**, maar ook kerk **word,** naamlik die alreeds en die nog-nie van die kerk, die voortdurende groei van die kerk wat betekenisvol in die wêreld werk.

Ten opsigte van die vraag van die geloof word ’n belangrike aspek soms genoem dat ons gered word op grond **van** die geloof van Jesus Christus en nie op grond van **ons geloof** nie. Die geloof is ’n genadegawe van God. Dit kom uit die hand van God en dit moet erken word dat hierdie geloof alleen deur die genadegawe van God aan ons gegee word. Dit is op geen ander wyse moontlik om van die geloof te praat as deur die beklemtoning dat die geloof deur die genadegawe van God aan ons gegee word nie. Maar dit beteken nie dat ons gered word op grond van die geloof van Jesus Christus nie; dit is ’n verkeerde beskouing, na my mening. Ons word gered op grond van ons geloof **in** Jesus Christus, dit is die redding. Die geloof wat Jesus Christus aan ons skenk deur die Heilige Gees is ’n geloof in Hom en wat Hy gedoen het. Die geloof in Jesus Christus beteken Hy het sy lewe vir ons oorgegee en Hy het sodoende die werk en wonder vir ons beklemtoon. Hierdie wonder beteken dat ons in Christus die heerlikheid en die finale oorwinning behaal. Maar hierdie geloof in Christus kom nie uit onsself nie; dit is die wonderlike werking van die Heilige Gees wat dit moontlik maak, en wat dit ook vir ons doen. So bring die Heilige Gees vir ons die nuwe heil teweeg. Heil wat eintlik op unieke wyse plaasvind. Daar is dus ’n gevaar daarin om die objektiewe heil in Christus so te beklemtoon dat die subjektiewe aanvaarding daarvan totaal misken word. Daarmee word die werk van die Heilige Gees *ex operato*, werking sonder enige ander instemming, en dit beteken dat die Heilige Gees dan op so ’n manier werk dat ons nie beklemtoon dat dit ook vir die mens op ’n unieke wyse aan God verbind nie. Op daardie manier word die Heilige Gees se werking dus ondeursigtig en moet dan uiteindelik gevra word op watter wyse ons die werk van die Heilige Gees dan ook moet verstaan. Hoe sal ons die Heilige Gees op ’n unieke manier sien werk in die mens, as die mens nie ook antwoord op die heil wat van God kom nie? Natuurlik beteken dit in die lig van Dordt dat dit rondom die uitverkiesing verstaan moet word, maar dit is alleen die wonder van God se genade wat dit moontlik maak. God alleen wat dit vir ons uiteindelik moontlik maak. Daardie werking van die Heilige Gees sal beklemtoon moet word, maar die geloof lê uiteindelik in die antwoord op God se heil wat deur die Heilige Gees gewek word, maar wat

by die mens self lê. Dit is die mens wat dan in Jesus Christus glo en so die heil en verlossing dan in Christus ontvang het.

Jonker (1981:133) wys daarop dat die grense nie oorskry mag word, dat die identiteit van die Heilige Gees losgemaak word van Christus, dat daar geen eenheid meer oor is nie. Jonker beskryf ook die besondere werking van die Heilige Gees in die toe-eiening van die geloof. Geloof speel so 'n sentrale rol dat dit nie losgemaak kan word van die werking van die Heilige Gees nie. Geloof is gawe van God en geloof moet nie as 'n verselfstandiging van die mens en die gees van die mens beskou word nie. Ook die geloof bly genade van God. Die mens ontvang die volheid van die Heilige Gees en die volheid van die geloof deur die werking van die Heilige Gees in die mens. Dit is dus die weg waarlangs alles wat God in Christus en die Heilige Gees gedoen het aan hom/haar gegee word. Dit is die weg waardeur God eintlik die heilsdade aan die mens toeken (Jonker 1981:166). Die Heilige Gees is volledig betrokke by die objektiewe heil wat in Christus gegee word (1981:167). Daarom word sterk standpunt ingeneem deur Jonker teen die gedagte dat die heil op een of ander wyse in die mens self te vinde is. Hy wys daarop dat die *sola fide* juis beklemtoon dat die Heilige Gees die een is wat die heil werk en dat deur die geloof die wonder van God se genade ontvang word. Die geloof is dus nie 'n eie selfstandige saak wat deur die mens na vore gebring word nie, maar die geloof is die wonder van die Heilige Gees wat deur die genade van God in die mens geskep word (Jonker 1981:175).

Vanuit die perspektief van Pinkster, gee Tyra (2011:31) die belangrike insig dat die Gees die mens na God toe uitnooi om te deel in die wonder wat God gee. Sending staan dan altyd in hierdie verband.[99]

99 Tyra (2011:31) skryf: "All of this points toward the fact that the Spirit's empowerment in our lives will not simply be about boundary marking – who is in and who is out – but about mission. The Holy Spirit is all about the enablement of Christ's followers to glorify the Father, in the name of the Son, in such a way as to encourage lost and hurting human beings to accept the invitation to join the divine dance, experiencing justification, sanctification and empowerment for ministry themselves in the process."

Drie basiese aspekte was teenwoordig in die profetiese bedieninge in die vroeë kerk (handelinge), naamlik evangelisasie (om mense tot geloof in Jesus te bring), onderrig (om mense op te bou in hul wandel met Christus) en toerus (om mense die nodige hulp te gee om ten volle hul taak uit te voer in die sending wat hulle van Jesus ontvang het) (Tyra 2011:79).

Die wyse waarop die gelowige bemagtig word, word uiteengesit in Galasiërs. Tolmie (2013:165) wys daarop dat die Gees die gelowige se lewe bepaal soos wat dit in Galasiërs uiteengesit word.[100] Die vrug van die Gees vloei voort uit die bemagtiging deur die Gees.[101]

100 Tolmie (2013:165) skryf: "If we formulate all of this in terms of the notion of discernment, the following seems to be the heart of the matter: Discernment is an activity practised by those who have been liberated by (and in) Christ, who have become slaves of love, and who live according to the Spirit. Such people will not merely follow their own inclinations (Gal. 5:17); rather their lives will express the fruit of the Spirit. To put it in another way: discernment practically implies bending one's will to that of the Spirit."

101 Boice (1976:Logos) verduidelik: "The other term is pneuma, which is usually translated 'spirit.' Its meaning in the earliest writers is 'wind,' 'air,' 'breath,' or 'life.' The word later came to refer to the spirit or incorporeal part of man, which (like breath) leaves him at death. These meanings also occur in the NT. But in biblical texts the emphasis is always on 'spirit' as the Spirit of God. Indeed, it is because God breathes his spirit or breath into man that man has breath. The word also refers to the incorporeal part of man (which has God-consciousness) and to incorporeal beings such as angels or demons. In distinctly religious terminology, it is the Spirit of God who takes up residence in Christians to enable them to understand spiritual things (1 Cor 2:14), receive Christ as Savior and Lord, call God 'Father' (Rom 8:15; Gal 4:6), and develop a Christian personality. The Spirit, in many characteristic passages, is thus the presence of God in the man, through which fellowship with God is made possible and power given for winning the warfare against sin in the soul."

Longenecker (1990:267): "So Paul exhorts his converts to acknowledge that their new relationship 'in Christ Jesus' involves being also dead to 'the flesh with its passions and desires' (v. 24) and to live their lives 'in step with the Spirit' (v. 25), with such an acknowledgement and lifestyle having direct relevance to how they

Galasiërs 5:16-26:[102]

"*Wat ek bedoel, is dít:*
*Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word,*
*dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.*
17 *Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil,*
*en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer.*
*Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.*
18 *Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.*
19 *Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend:*

---

treat one another (v. 26). And Paul's thesis statements (vv. 13-18), elaborations (vv. 19-23) and exhortations (vv. 24-26) are directly relevant to Christians today as we seek to know more fully what it means to "live by the Spirit" and not according to 'the flesh.'"

102 16 Λέγω δέ,
πνεύματι περιπατεῖτε καὶ ἐπιθυμίαν σαρκὸς οὐ μὴ τελέσητε.
17 ἡ γὰρ σὰρξ ἐπιθυμεῖ κατὰ τοῦ πνεύματος,
τὸ δὲ πνεῦμα κατὰ τῆς σαρκός,
ταῦτα [g]γὰρ [h]ἀλλήλοις ἀντίκειται,
ἵνα μὴ ἃ [i]ἐὰν θέλητε ταῦτα ποιῆτε.
18 εἰ δὲ πνεύματι ἄγεσθε, οὐκ ἐστὲ ὑπὸ νόμον.
19 φανερὰ δέ ἐστιν τὰ ἔργα τῆς σαρκός,
ἅτινά [j]ἐστιν πορνεία, ἀκαθαρσία, ἀσέλγεια, 20 εἰδωλολατρία, φαρμακεία, ἔχθραι, [k]ἔρις, ζῆλος, θυμοί, ἐριθεῖαι, διχοστασίαι, αἱρέσεις,
21 [l]φθόνοι, μέθαι, κῶμοι, καὶ τὰ ὅμοια τούτοις, ἃ προλέγω ὑμῖν [m]καθὼς προεῖπον ὅτι οἱ τὰ τοιαῦτα πράσσοντες βασιλείαν θεοῦ οὐ κληρονομήσουσιν.
22 Ὁ δὲ καρπὸς τοῦ πνεύματός ἐστιν ἀγάπη,
χαρά, εἰρήνη, μακροθυμία, χρηστότης, ἀγαθωσύνη, πίστις, 23 πραΰτης, ἐγκράτεια· κατὰ τῶν τοιούτων
οὐκ ἔστιν νόμος.
24 οἱ δὲ τοῦ [n]Χριστοῦ τὴν σάρκα ἐσταύρωσαν σὺν τοῖς παθήμασιν καὶ ταῖς ἐπιθυμίαις.
25 εἰ ζῶμεν πνεύματι, πνεύματι καὶ στοιχῶμεν.
26 μὴ γινώμεθα κενόδοξοι, ἀλλήλους προκαλούμενοι, ἀλλήλοις φθονοῦντες.

*onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,* [20] *afgodsdiens,*
*towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid,*
*skeuring,* [21] *afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al*
*dergelike dinge.*
*Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het:*
*Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as*
*erfenis verkry nie.*
[22] *Die vrug van die Gees, daarteenoor,*
*is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid,*
*goedhartigheid, getrouheid,* [23] *nederigheid en selfbeheersing.*
*Teen sulke dinge het die wet niks nie.*
[24] *Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en*
*begeertes gekruisig.*
[25] *Ons lewe deur die Gees;*
*laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.*
[26] *Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.*

DeSilva (2004:496e.v.) toon aan dat die sentrale boodskap van Paulus vir die Galasiërs is dat die evangelie beteken dat Jesus Christus die gekruisigde vir ons gesterf het om ons die vryheid te gee om voor God te lewe. Jesus het vir ons sonde gesterf en deur geloof kan 'n mens na Jesus gaan. Die teken van die heil word deur die Heilige Gees gegee. In vryheid kan dan voor God gelewe word, maar dit beteken nie losbandigheid nie, maar wel diensbaarheid aan mekaar (DeSilva 2004:517). Hieruit volg dan die vrug van die Gees.

Implikasies kom voor deurdat die Gees van God mense lei om die vrug te dra. Verder word dit duidelik dat die gelowige nie meer onder die wet is nie, maar deur die Gees gelei word. Die opeenstapeling van die praktyke van die sondige natuur en daarteenoor van die vrug van die Gees impliseer dat elke element sterker uitgewys word. Die teksvoorwaardes word oortree en so word die implikasies duidelik. Só ernstig is die sonde, só goed is die vrug van die Gees. Dit word oorvloedig aangedui. Die aktante is die Heilige Gees, die wat die praktyke van die sonde doen en die wat die vrug van die Gees dra en Jesus Christus self aan wie hulle behoort. Teenoor die sondige natuur (die vlees) staan die werke van die Gees van God. Die vrug van die Gees staan direk teenoor die werke van die sondige natuur (die vlees). Hulle wat hulle

deur die Gees van God laat lei, leef in die heerlikheid van God en ken God. Om aan Christus te behoort, is om die werke van die sondige natuur (die vlees) af te lê en die vrug van die Gees te vertoon.

Galasiërs 3:14; 5:5; 6:1: "*Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.*" En ook Galasiërs 6:8: "*Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes.*" Titus 3:5-6: "*God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser.*"

Die gawes van die Gees vervul die gemeente met diens aan God. 1 Korintiërs 12:1: "*Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees.*"[103] En 1 Korintiërs 12:3: "*Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: 'Vervloek is Jesus', nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: 'Jesus is die Here' nie, behalwe deur die Heilige Gees.*"[104] En ook 1 Korintiërs 12:4: "*Daar*

---

103 Witherington (1995:740-742) verduidelik: "Pneumatika and charismata are important terms in this passage, and both are used of 'spiritual gifts.' Pneumatika (12:1; 14:1) stresses the spiritual nature or source of a particular ability or gift, while charismata (12:4, 9, 28, 30, 31) stresses their nature as gift, that is, the unmerited character of these functions or activities. Pneumatika was apparently a favorite term for many of those Paul has been concerned about in Corinth, while charismata is Paul's own term, meant to bring these people back down to earth. He wants them to realize that the functions they have are unmerited gifts of God's grace. There is thus no room for egotism or boasting."

104 Witherington (1995:742-743) brei uit: "In pagan settings anathema usually referred to a votive offering, but among Jews it was used to translate Hebrew hērem, 'ban' (e.g., Deut. 7:26 in the Septuagint). It seems unlikely that anyone was saying 'cursed be Jesus' or 'Jesus is cursed' in the Christian assembly, but one could imagine an ecstatic doing so in a pagan setting. Apparently some of Paul's audience thought ecstatic speech was proof of inspiration by the Holy Spirit. The point then of v. 3b is not that one cannot possibly say 'Jesus is Lord' without the Holy Spirit, but that one cannot confess Jesus as Lord without the prompting of the Holy Spirit in the human heart. Throughout this section Paul stresses the

*is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee;"*[105] En ook 1 Korintiërs 12:7-13; 14:1-2 en 14:12: "*Dit is ook op julle van toepassing. As julle julle toelê op die gawes van die Gees, streef dan na dié wat tot opbou van die gemeente dien, sodat julle daarin kan uitmunt.*" En Efesiërs 5:18: "*Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul,*" Ook Efesiërs 6:17, 18: "*Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.*" En Hebreërs 2:4: "*Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil.*"

Die Heilige Gees salf ons om aan Jesus te behoort. 1 Johannes 2:20: "*Maar julle is anders. Jesus, wat self heilig is, het julle met die Heilige Gees gesalf, en julle almal weet genoeg.*"[106] En 1 Johannes 2:27: "*Maar julle moet onthou dat Jesus julle*

---

agency of the Spirit and of God over against the agency of the individual human who does the speaking. Thus he speaks of the 'manifestation' (phane-rōsis, v. 7) of the Spirit, what is to be attributed ultimately to the Spirit, not to the human speaker. He does this to deflate the self-estimate of certain members of his audience."

105 Witherington (1995:743) skryf: "Verses 4-6 are important because of their implicit trinitarianism. God is the source of grace gifts, ministries, and activities. The stress here is also on the variety of such gifts and activities. This is Paul's way of countering an overemphasis on one gift (tongues), or possibly two (tongues and prophecy). Diakonion does not have its later technical sense but means 'service' or 'ministry' here (v. 5). God is the one who is ultimately working all things in all believers. The believers are not the source of such gifts or actions. V. 7 further stresses that the gifts have been given to each, not primarily for each person's own edification but for the common good."

106 Yarbrough (2008:148-150) toon aan: "As John writes to believers who 'have anointing from the Holy One' who was himself anointed, it is hard to imagine him not recalling this heritage of blessing and setting apart for service dating back both to Christ's own life. The climactic and then many centuries earlier to God's people in OT times coming of the 'Anointed One' (Greek χριστός, christos, from which derives the title 'Christ') results in a whole community that revels in a

*met die Heilige Gees gesalf het, en die Heilige Gees bly in julle harte. Daarom is dit nie nodig dat iemand anders vir julle leer nie. Jesus het julle met die Heilige Gees gesalf, en die Heilige Gees leer vir julle alles. Hy praat die waarheid, Hy lieg nie. Hy het vir julle geleer om by Jesus te bly, en dit moet julle doen."*

Wat die genademiddele betref, verwys Heyns na die werke van die Heilige Gees op twee maniere, naamlik die onmiddellike en die middellike wyse. Die een is die direkte werking, onmiddellike in die hart van die mens sonder dat daar instrumente of so gebruik word, onmiddellik werk die Heilige Gees, maar die Heilige Gees werk ook deur middele. Hier dink ons aan die genademiddele van Woord en Sakramente en hoedat die Woord en Sakramente dan deur die Gees verwerk word (Heyns 1978:329).

Die Woord is die eerste genademiddel waardeur gespreek word, en wat geskenk word. Die Heilige Gees gebruik die Woord om die oortuiging van die Koninkryk van God aan mense te bring. Die Sakramente is dan die tweede saak wat van belang is. Die Heilige Gees werk deur die Sakramente as tekens wat gegee word wat tog ook middele is wat ons aan Christus verbind. Deelname aan die Sakramente is belangrik omdat 'n mens dan deel word en deel neem aan Christus se wonderbaarlike werk (Heyns 1978:337). Daar is twee sakramente wat beklemtoon word, naamlik die nagmaal en die doop. Die doop bring 'n besondere boodskap aan die mens deur die werking van die Heilige Gees wat reeds by die instelling van die doop na vore kom (Heyns 1978:339). Die wonder van die doop as teken en seël verseker van die verlossing in Jesus Christus. Die kinderdoop verwys na die verbond en die aanvaarding van die verbond, en die verhouding tussen doop en geloof wat dit op unieke wyse beklemtoon (Heyns 1978:341).

Wat die nagmaal betref, word die instelling van die sakrament op unieke wyse na die werk van Christus herlei. Die instellingswoorde het unieke betekenis, want die heilsweldade (Heyns 1978:346) word aan die mens geskenk in die

derivative anoint-ing. While some have recently departed from their community, John addresses those who remain. As they listen to the apostolic message in which John's epistle confirms them, their anointing is a source of comfort and hope."

nagmaal. Die nagmaal is geen offermaal nie, maar dit gaan oor die wonder van die bevestiging van die Woord van God, en die beklemtoning daarvan. Heyns beklemtoon ook dat die Heilige Gees se verhouding tot die kerk van groot belang is. Die Heilige Gees vorm die kerk as gemeenskap van heiliges en roep op tot geloof in Christus, en daarom werk die Heilige Gees op unieke wyse deur te toon dat kerk uitgeroepenes is, volk van God, liggaam van Christus, Bruid van Christus (Heyns 1978:359). Daarom staan die kerk in 'n drieledige verhouding. Die eerste verhouding tot God (Heyns 1978:363). Die tweede verhouding tot die Seun, maar dan veral is die verhouding tot God die Heilige Gees belangrik (Heyns 1978:365). In die eerste plek verbind Hy die mens aan Jesus Christus, die Heilige Gees is die Een wat die betekenis van die gemeenskap in Christus beklemtoon. Die Heilige Gees verbind die mens aan die koninkryk van God (Heyns 1978:365). Die Heilige Gees beklemtoon dat Christus die koning van die kerk is. Die Heilige Gees verbind ook met die Woord en maak die Woord sigbaar. Die mens word ook uitgestuur in die wêreld om deel te word van die wêreld se lewe en beklemtoon die Heilige Gees dat ons in die wêreld moet uitgaan om sodoende ook die Woord van God uit te dra en te beklemtoon. Die Heilige Gees verbind ook die een mens met die ander mens en, in die laaste plek, kom die Heilige Gees en verbind die mens met die toekomsverwagting wat God gee. Dit is nie alleen Christus wat die eersteling uit die dode is nie, maar die Heilige Gees word ook eersteling genoem omdat hy ons aan die eskatologiese gemeenskap verbind wat moontlik is (Heyns 1978:366).

Die Heilige Gees laat ons die sonde oorwin en maak ons kinders van God. 1 Johannes 3:9: "*Mense wat God se kinders is, hou nie aan om sonde te doen nie, want God het die ware lewe in hulle harte laat begin. Hulle kan nie aanhou om sonde te doen nie, want hulle is God se kinders.*" 1 Johannes 3:24: "*As ons doen wat God sê, dan bly ons by Hom en Hy bly by ons. En ons weet dat Hy by ons bly, want Hy het vir ons die Heilige Gees gegee.*"[107] 1 Johannes 4:6: "*Maar ons is kinders van God.*

107 Yarbrough (2008:215-217) verduidelik: "Believers know, by the Spirit that God (or Christ) gives them, that they abide in Christ and Christ in them as they keep the commandments to trust and love. The latter interpretation seems more likely for

*Almal wat vir God ken, doen wat ons sê. Almal wat nie kinders van God is nie, doen nie wat ons sê nie. Daarom weet ons wie het 'n gees wat lieg en wie het God se Gees, die Gees van die waarheid.*" En 1 Johannes 4:13: "*Ons weet dat ons by God bly en dat Hy by ons bly, want Hy het sy Gees vir ons gegee.*"

Die volheid van die Gees moet ervaar word om die wonder van sy begeleiding te besef. 1 Korintiërs 3:1: "*Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus.*"[108] 1 Korintiërs 3:16: "*Weet julle nie dat*

two reasons: (1) It avoids elevating possession of the Spirit to a level even higher than abiding in Christ. In John's theology, abiding is the epitome of trust in Christ, like being 'in Christ' for Paul. Neither John nor Paul seems impressed by claims to have the Spirit if the claimant lacks this fundamental grace. (2) It keeps concrete response to God's revealed will central in arbitrating claims to know God. John writes, it seems, to help a community upset by some who say, 'I have come to know him,' but do not keep Christ's commandments (2:4). Why could they not simply say, 'Look, I have the Spirit, and this gives me the knowledge that I abide in Christ and he in me'? In the first interpretation above, it would be difficult if not impossible to adjudicate this claim. But in the second interpretation, the claim could not arise. No one could appeal to possession of the Spirit as a step or stage beyond concrete, often public responses to God like keeping commandments, loving others, and doing the will of God. The likelihood that 3:24 is meant to head off mystical appeals to possession of the Spirit, not to encourage them, is confirmed in the next section. False prophets and bogus spirits make the matter of deciding who truly hears and echoes God's voice acute."

108 Witherington (1995:405-407) skryf: "Paul's response to factionalism in Corinth is to offer a counter-order wisdom, one that goes against natural human predilections and even against common sense wisdom. It is a wisdom that lifts up the humble and humbles the proud, a wisdom that builds up the congregation rather than puffing up the individual. He will present the Gospel in a sapiential way so as to offer a different sort of wisdom to his audience. Paul offers a revelatory wisdom, a wisdom that must be called a musterion for unless it is revealed it could never be known, for it is not the sort of wisdom one could deduce from close scrutiny of the world or human behavior. He offers a wisdom that squashes individualism, elitism, and human pride and counters factionalism

*julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?"* 1 Korintiërs 6:11, 19.

In die kerk is die ware profeet gehoorsaam aan die woord van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees bemagtig op 'n wonderbaarlike wyse. Dit is die Gees wat die ware Woord van God aan die dienaar van Christus deurgee.

Openbaring 1:10: "*Die Gees het op die dag van die Here in my gekom, en ek het gehoor Iemand praat hard agter my, so hard soos 'n trompet.*"[109] Openbaring 2:7: "*As jy verstaan wat die Heilige Gees vir die gemeentes sê, dan moet jy gehoorsaam wees! As jy oorwin en aanhou glo, dan sal Ek vir jou die vrugte gee van die boom wat lewe gee, die boom wat in God se tuin is.*"[110]

---

in the congregation. What is interesting about this is while Paul in this letter does not engage in a sort of rhetoric that might be called eloquence or ornamentation for its own sake, he does engage in rhetoric, the content of which is counter-order wisdom, particularly in 1 Cor. 1-4."

109 Beale en Campbell (2015:138) brei uit: "John introduces his commissioning (I was in the Spirit) by using language similar to Ezekiel's (Ezek. 2:2; 3:12, 14, 24), thus placing himself on a level with the OT prophets. This is reinforced by his hearing a loud voice like a trumpet similar to that heard by Moses in Exod. 19:16-20. John has been entrusted with testifying to the revelation of the heavenly Jesus because he has been faithful in witnessing to the revelation of the earthly Jesus (this is the significance of the phrases 'the word of God' and the 'testimony of Jesus' in vv. 2a and 9b)."

110 Beale en Campbell (2015:167-171): "The primary function of the prophets who lived toward the end of Israel's history was to warn Israel of its impending doom and divine judgment. They delivered their warnings in a rational way, but these kind of prophetic messengers had little success because of Israel's idolatrous allegiances, spiritual lethargy, and stiff-necked attitude against changing the ways to which they had grown accustomed. Isaiah preaches straightforwardly in chs. 1-5 (with the primary exception of the parable in 5:1-7), then has an encounter with the Lord in which he is given the commission to render the ears of unbelievers dull so that they can no longer hear with them (6:9-10), following which his preaching becomes mixed with parables and symbolic actions."

As vernaamste deel van die dankbaarheid maak die Heilige Gees gebed moontlik. Gebed is die kulminasie van die geloof. Die gelowige is in die kerk geroepe om te glo en te bid.

Romeine 8:26: *"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie."*[111] Romeine 8:27: *"En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges."*

111 Moo (1996:522-526): "I take it that Paul is saying, then, that our failure to know God's will and consequent inability to petition God specifically and assuredly is met by God's Spirit, who himself expresses to God those intercessory petitions that perfectly match the will of God. When we do not know what to pray for – yes, even when we pray for things that are not best for us – we need not despair, for we can depend on the Spirit's ministry of perfect intercession 'on our behalf.' Here is one potent source for that 'patient fortitude' with which we are to await our glory (v. 25); that our failure to understand God's purposes and plans, to see 'the beginning from the end,' does not mean that effective, powerful prayer for our specific needs is absent."

# 8.
# DIE NUWE BEDELING VAN VRYSPRAAK DEUR DIE SEUN IS DIE TYD VAN DIE GEES

Romeine 2:29: "*Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie. So iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God.*"[112]

---

112 Moo (1996:173-175): "Verses 28-29 explain why ('for') circumcision does not guarantee salvation and why its lack does not bar one from salvation. Though God's verdict is based on 'works,' these works reveal 'the secret things' (cf. 2:16), the inner reality of a person's heart relationship to God. And it is this heart attitude that ultimately matters – not a rite that affects only the flesh. Paul argues by means of a contrast, with two denials in v. 28 being matched by two assertions in v. 29:

A For it is not the Jew who is one outwardly who is the Jew,

B nor is it the outward circumcision, in the flesh, that is circumcision

A but the Jew who in secret who is the Jew,

B and circumcision of the heart, in the Spirit, not in letter, is circumcision.

The basic contrast in these verses is an 'inner'V'outer' contrast; a contrast between what can be seen with the eye (physical circumcision, Jewish birth) and what only God ultimately sees (the changed heart; 'true' Jewishness). The contrast between outward circumcision (done 'in the flesh') and the circumcision 'done to the heart' is well known in the OT and Judaism. From the earliest history of Israel, God called on the people to display the kind of inner transformation that could be called a 'circumcision of the heart' (e.g., Deut. 10:16; cf. Jer. 4:4). Significantly, it was also recognized that only God could ultimately bring about this heart transformation (Deut. 30:6). There thus grew up in Judaism the expectation that God would one day circumcise the hearts of his people through the work of the Spirit. Thus, Paul's call for a 'circumcision of the

Let ook op Romeine 5:5; 7:6; 8:2-16:[113]

---

heart, in the Spirit,' is not entirely original. But the unprecedented addition of the negative phrase 'not in letter' raises the question whether or not he is using the concept with a deeper significance. The 'letter/spirit' contrast Paul uses here has played a prominent role in church history, where it was often applied to interpretation: the 'letter' denoting the literal, surface meaning of a text and the 'spirit' its deeper, allegorical sense. Paul, however, never uses the contrast with this application. As we have seen (see v. 27), Paul uses 'letter' to refer to the law of Moses 'as written.' In the current context, because of its proximity to 'heart' and apparent contrast with 'manifest,' some interpreters think that 'spirit' might refer to the inner aspect of the human being. But the immediate contrast here is with 'letter'; and this suggests that 'spirit,' like 'letter,' refers to a God-given entity. Thus, as in the other Pauline 'letter/spirit' passages (Rom. 7:6; 2 Cor. 3:6-7), 'spirit' should be capitalized: it refers to God's Holy Spirit. Paul's 'letter'/'Spirit' contrast is a salvation-historical one, 'letter' describing the past era in which God's law through Moses played a central role and 'Spirit' summing up the new era in which God's Spirit is poured out in eschatological fullness and power. It is only the circumcision 'in the Spirit' that ultimately counts."

113 [2] ὁ γὰρ νόμος τοῦ πνεύματος τῆς ζωῆς ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ ἠλευθέρωσέν [b]σε ἀπὸ τοῦ νόμου τῆς ἁμαρτίας καὶ τοῦ θανάτου.

[3] τὸ γὰρ ἀδύνατον τοῦ νόμου,

ἐν ᾧ ἠσθένει διὰ τῆς σαρκός,

ὁ θεὸς τὸν ἑαυτοῦ υἱὸν πέμψας ἐν ὁμοιώματι σαρκὸς ἁμαρτίας

καὶ περὶ ἁμαρτίας κατέκρινε τὴν ἁμαρτίαν ἐν τῇ σαρκί,

[4] ἵνα τὸ δικαίωμα τοῦ νόμου πληρωθῇ ἐν ἡμῖν τοῖς μὴ κατὰ σάρκα περιπατοῦσιν ἀλλὰ κατὰ πνεῦμα·

[5] οἱ γὰρ κατὰ σάρκα ὄντες τὰ τῆς σαρκὸς φρονοῦσιν,

οἱ δὲ κατὰ πνεῦμα τὰ τοῦ πνεύματος.

[6] τὸ γὰρ φρόνημα τῆς σαρκὸς θάνατος,

τὸ δὲ φρόνημα τοῦ πνεύματος ζωὴ καὶ εἰρήνη·

[7] διότι τὸ φρόνημα τῆς σαρκὸς ἔχθρα εἰς θεόν, τῷ γὰρ νόμῳ τοῦ θεοῦ οὐχ ὑποτάσσεται, οὐδὲ γὰρ δύναται·

[8] οἱ δὲ ἐν σαρκὶ ὄντες θεῷ ἀρέσαι οὐ δύνανται.

[9] Ὑμεῖς δὲ οὐκ ἐστὲ ἐν σαρκὶ ἀλλὰ ἐν πνεύματι,

2 *Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.*
3 *Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen.*

*Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur;*
*so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel.*
4 *Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen,*

*óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.*
5 *Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur,*
*maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers,*
*hou hulle besig met die dinge van die Gees.*

6 *Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou,*

*loop uit op die dood,*
*maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou,*
*bring lewe en vrede.*

---

εἴπερ πνεῦμα θεοῦ οἰκεῖ ἐν ὑμῖν.

εἰ δέ τις πνεῦμα Χριστοῦ οὐκ ἔχει, οὗτος οὐκ ἔστιν αὐτοῦ.

10 εἰ δὲ Χριστὸς ἐν ὑμῖν, *τὸ μὲν σῶμα νεκρὸν διὰ ἁμαρτίαν*,

τὸ δὲ πνεῦμα ζωὴ διὰ δικαιοσύνην.

11 εἰ δὲ τὸ πνεῦμα τοῦ ἐγείραντος [c]τὸν Ἰησοῦν ἐκ νεκρῶν οἰκεῖ ἐν ὑμῖν,

ὁ ἐγείρας [d]ἐκ νεκρῶν Χριστὸν Ἰησοῦν ζῳοποιήσει καὶ τὰ θνητὰ σώματα ὑμῶν διὰ [e]τὸ ἐνοικοῦν αὐτοῦ πνεῦμα ἐν ὑμῖν.

12 Ἄρα οὖν, ἀδελφοί, ὀφειλέται ἐσμέν, *οὐ τῇ σαρκὶ τοῦ κατὰ σάρκα ζῆν,*

13 εἰ γὰρ κατὰ σάρκα ζῆτε μέλλετε ἀποθνῄσκειν,

εἰ δὲ πνεύματι τὰς πράξεις τοῦ σώματος θανατοῦτε, ζήσεσθε.

14 ὅσοι γὰρ πνεύματι θεοῦ ἄγονται, οὗτοι [f]υἱοί εἰσιν θεοῦ.

15 οὐ γὰρ ἐλάβετε πνεῦμα δουλείας πάλιν εἰς φόβον,

ἀλλὰ ἐλάβετε πνεῦμα υἱοθεσίας ἐν ᾧ κράζομεν· Αββα ὁ πατήρ·

16 αὐτὸ τὸ πνεῦμα συμμαρτυρεῖ τῷ πνεύματι ἡμῶν ὅτι ἐσμὲν τέκνα θεοῦ.

17 εἰ δὲ τέκνα, καὶ κληρονόμοι· κληρονόμοι μὲν θεοῦ, συγκληρονόμοι δὲ Χριστοῦ,

εἴπερ συμπάσχομεν ἵνα καὶ συνδοξασθῶμεν.

[7] *Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou,*
*is immers vyandskap teen God.*
*Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie,*
*dit kan trouens ook nie.*
[8] *Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers,*
*kan nie die wil van God doen nie.*
[9] *Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie,*
*maar deur die Gees,*
*want die Gees van God woon in julle.*
*As iemand die Gees van Christus nie het nie,*
*behoort hy nie aan Christus nie.*
[10] *Omdat Christus in julle is,*
*gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak,*
*hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde.*
[11] *Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon,*
*sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is,*
*ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*
[12] *Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting,*
*maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie.*
[13] *As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers,*
*gaan julle die dood tegemoet,*
*maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke,*
*sal julle lewe.*
[14] *Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.*
[15] *Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie*
*en laat julle nie weer in vrees lewe nie;*
*nee, julle het die Gees ontvang*
*wat julle tot kinders van God maak*
*en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader.*
[16] *Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.*
[17] *En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename.*
*Ons is erfgename van God,*
*erfgename saam met Christus.*
*Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid."*

DeSilva (2004:599) verwys na Romeine en wys daarop dat, in die onlangse tyd, daar drie groot bewegings gekom het. Die eerste is dat daar aangedui word dat daar 'n doel en 'n rigting in die brief aan die Romeine is, soos in Paulus

se ander briewe. Die tweede belangrike deurbraak is dat die gemeenskaplike dimensie na vore kom. Waar daar vroeër klem op die individuele redding geplaas is, het dit nou duidelik geword dat Romeine ook oor gemeenskaplike redding praat. Die derde belangrike deurbraak wat gekom het, is dat die brief van Romeine nie bo die ander briewe geplaas moet word nie, maar dat die ander briewe in verband daarmee vir die teologie van Paulus ondersoek moet word.

DeSilva (2004:606) verduidelik dat Paulus ’n baie besonderse boodskap deurgee in Romeine. In die eerste plek dat die Jode en die heidene in een liggaam saamgevoeg word in Jesus Christus wat almal wil red en dat die een nie bo die ander gestel kan word nie. Die eenheid van die mensheid in Adam en in Abraham, Adam en Christus word baie sterk beklemtoon, en ook dat die radikale genade daarin voorkom. Ook gehoorsaamheid in geloof word sterk beklemtoon, asook God se getrouheid aan Israel, maar God se wonderbaarlike heil wat hy dan ook vir die gemeenskap wil bring, sodat daar ’n gesamentlike lewe in die Christelike gemeenskap kan wees in gehoorsaamheid aan God.[114]

Die implikasies wat deur die herhaaldelike gebruik van sonde en sondige natuur na vore gebring word, is dat dit juis deur die Heilige Gees alleen is dat dit oorkom kan word in Jesus die Here. Daarom speel die aktante, naamlik God, die Heilige Gees, sondaar, Jesus en verloste so ’n belangrike rol. Baie belangrik is die wyse waarop die gedeeltes van die Heilige Gees en die werk

114 DeSilva (2004:638) skryf: “In each of Paul’s letters apocalyptic orientation shines through. This is no less true for Romans. For example, in Romans 8:18-25, the cosmic scope of God’s redemption, extending to creation itself and not merely the individuals inhabiting creation, shines through. The apocalyptic vision reminds us ever that God’s purposes for God’s creation are broad and all-encompassing, and that they are still being worked out in the present and into the future. The believer’s posture also involved longing and waiting. While we have been incorporated into Christ and have peace with God and the endowment of the Spirit, we still groan with creation as our bodies are subject to mortality – to disease, decay and death – as we wait for the redemption at the resurrection (Romans 8:17-25).”

van die Gees teenoor die gedeeltes van die sondige natuur (of vlees) gestel word (kyk die Grieks). Die ware vryheid word in die Gees gevind. Die wet van die sondige natuur lei tot die dood, maar deur die Gees word die vryheid in Christus gevind. Die vyandskap teen God word oorkom deur die Gees wat die wonder van verlossing na vore bring. Die Gees woon in die gelowige en daarom is dit moontlik om die sonde te oorwin. Dit lei tot ware kindskap van God.

En Romeine 8:22-27:[115]

*Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.*
23 *En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God,*
*ons sug ook.*
*Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het:*
*Hy sal ons van die verganklikheid bevry.*
24 *Ons is immers gered,*
*en ons het nou hierdie hoop.*
*Wat 'n mens al sien,*
*hoop jy tog nie meer nie.*
*Wie hoop nog op wat hy reeds sien?*
25 *Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.*
26 *Die Gees staan ons ook in ons swakheid by:*

---

115 22 οἴδαμεν γὰρ ὅτι πᾶσα ἡ κτίσις συστενάζει καὶ συνωδίνει ἄχρι τοῦ νῦν·
23 οὐ μόνον δέ, ἀλλὰ [h]καὶ αὐτοὶ τὴν ἀπαρχὴν τοῦ πνεύματος ἔχοντες [i]ἡμεῖς καὶ αὐτοὶ ἐν ἑαυτοῖς
στενάζομεν,
υἱοθεσίαν ἀπεκδεχόμενοι τὴν ἀπολύτρωσιν τοῦ σώματος ἡμῶν.
24 τῇ γὰρ ἐλπίδι ἐσώθημεν·
ἐλπὶς δὲ βλεπομένη οὐκ ἔστιν ἐλπίς, ὃ γὰρ βλέπει [j]τίς ἐλπίζει;
25 εἰ δὲ ὃ οὐ βλέπομεν ἐλπίζομεν, δι' ὑπομονῆς ἀπεκδεχόμεθα.
26 Ὡσαύτως δὲ καὶ τὸ πνεῦμα συναντιλαμβάνεται [k]τῇ ἀσθενείᾳ ἡμῶν·
τὸ γὰρ τί [l]προσευξώμεθα καθὸ δεῖ οὐκ οἴδαμεν,
ἀλλὰ αὐτὸ τὸ πνεῦμα [m]ὑπερεντυγχάνει στεναγμοῖς ἀλαλήτοις,
27 ὁ δὲ ἐραυνῶν τὰς καρδίας οἶδεν τί τὸ φρόνημα τοῦ πνεύματος,
ὅτι κατὰ θεὸν ἐντυγχάνει ὑπὲρ ἁγίων.

*ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie,*
*maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.* [27] *En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is,*
*want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.*
*Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.*"

Daar is drie vorme van sug in die gedeelte, naamlik die skepping se sug (vers 22), die gelowiges se sug (vers 23) en die Heilige Gees se sug (vers 26). Die skeppingsug van verlange dat die wat die Gees ontvang het, openbaar gemaak sal word.

Daarom is Romeine 8:23 ook hier van belang: En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het. Hy sal ons van die verganklikheid bevry.

Die Heilige Gees is as eerste gawe gegee. Soos in die oes die oes aan God gewy is met die eerste gawe wat aan Hom gegee word, so is die Gees aan die mens gegee om die eskatologiese heerlikheid moontlik te maak (Vos 1984:254). "Die eskatologiese oesfees *het* begin, daarom is dit inderdaad die begin van die einde, maar die einde (voleinding) van die begin wag nog op die toekoms (Vos 1984:255). Die Gees is egter as die eerste gawe gegee wat die toekoms moontlik maak. Daarom is daar die verwagting op die toekoms. Die Gees is egter ook *Arrabon* of pand. Vos (1984:256) toon drie betekenisse aan, naamlik onderpand by ooreenkomste, eerste paaiement of deposito, of waarborgsom. Vos (1984:258) kies vir die begrip 'voorskot'. Daarmee word die eskatologiese aspek sterk beklemtoon. Die Heilige Gees verseker daarmee ook dat die geheel gegee sal word. Die Heilige Gees verseël daarmee nou reeds die gelowige se ewige bestemming (1984:258). Die oorvloed van beloftes word, deurdat die Heilige Gees die voorskot is, deurgegee (1984:259).

Die skepping sug ook. Die sugting wat herhaal word, impliseer dat daar verlange is dat die kinders van God deur die Heilige Gees openbaar sal word en dat die volkome verlossing sigbaar sal word. Dit is juis die Gees wat

ook intree en oortuig wie die kinders van God is. Die Gees tree juis met ongelooflike versugtinge in vir die gelowiges.[116] Daarmee word getuig wie die kinders van God is. Teenoor die werke van die sondige natuur staan die wonder van die Gees wat saam met die Gees van die gelowige getuig dat hulle kinders van God is. Die Gees is ook gawe van God en tree in met onuitspreeklike sugtinge vir die gelowige. Dit alles sluit die hoop in. Die ongelooflike verwagting is dat God die ware lewe sal skenk, maar ook die hoop op Hom.

In Romeine word dus besondere aspekte hanteer.[117]

---

116 Dunn (1988:495) skryf in dié verband: "Paul assumes that his readers will have in mind the continuity of thought from the previous verses in which human suffering and creation's travail have been integrated. The assurance that he offers his readers here then is that the experience of human contradiction in which they share as believers is no cause for despair, because God is also God of creation; his purpose for believers is also his purpose for creation and works through creation. His people therefore can be confident that their place within God's purpose is basically in harmony with the unfolding history of creation. Those who love God are those who have acknowledged their creatureliness and let that fact shape their living. Their confidence is in God who is both Creator and Father. Just as believers can still pray even when their prayer is marked by complaint and irritation or the complete frustration of speechlessness, so they can still trust even when their sense of alienation and contradiction is at its sharpest, the sense of complete helplessness in the face of nameless forces. They can draw on the assurance that the Spirit who is active in these very frustrations and groanings is active also in these dark providences to bring about good – that is, presumably, for Paul, in helping forward the maturing of the believer (cf. 5:4) and the mortification of the deeds of the body (8:13)."

Kyk ook Harrison (1976:95) oor die sugte: "Verse 27 is needed to clarify something referred to in v. 26, i.e., the inexpressible groanings. How can such prayer, if it be called prayer at all, be answered? Are not such prayers unintelligible? Not for God! He is no stranger to the intent of the Spirit. He knows what the inexpressible meaning is, because the petitions the Spirit voices are strictly in accord with the will of God."

117 Harrison (1976:95) verduidelik: "The new title given to the Spirit, namely, 'the Spirit who makes you sons' (literally, 'Spirit of adoption'), emphasizes the vast

Verskeie ander tekste benadruk ook die wyse waarop die Gees gegee word en vernuwe. Die besondere verhouding met die Gees is van die allergrootste belang. Deur die evangelie te glo, word die Gees ontvang en werk Hy in die lewe van die gelowige.

2 Korintiërs 3:3-18; 4:13; 5:5; 6:6; 13:13. Ook Galasiërs 3:2: *"Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo?"*[118] en Galasiërs 3:3: "*Is julle dan so sonder begrip? Julle*

---

gulf between slavery and family relationship. By the Spirit believers cry, 'Abba, Father.' The two terms are equivalents, the first being the Aramaic word Jesus used in prayer (Mark 14:36). Paul's use of the Aramaic alongside the Greek both here and in Galatians 4:6, a closely related passage, may well indicate that the tradition concerning the prayer life of Jesus filtered down through the church even before Mark wrote his Gospel. J. Jeremias notes that in permitting the Twelve to use the Lord's Prayer, Jesus 'authorizes his disciples to follow him in saying Abba. He gives them this address as the token of their discipleship' (The Central Message of the New Testament [New York: Scribner's, 1965], p. 28). The 'cry' refers to calling on God in prayer."

Dunn (1988:495) brei uit: "Significant here too is the way in which Paul sees the Spirit as the common denominator in the train of thought running through these verses. Previously described in terms of mind-set and lifestyle (vv 5-6, 13-14), the Spirit is here spoken of in irreducibly emotional and experiential terms. For Paul the Spirit is the power of God which integrates emotion, thought and conduct in a life-giving way (there is of course an alternative, pernicious integration of flesh and sin on the way to death). But it does so precisely as the Spirit of Christ, the Spirit who brings us to share in the same intimate sonship which Jesus enjoyed on earth, and does so as the beginning of that process which ends in the final integration of the body into the wholeness of complete salvation (vv 9-11, 15-16). To possess the Spirit is to have the Spirit of Christ, is to share his sonship, is to live as a son led by the Spirit."

118 Moo (2013:182-183) skryf: "But the main issue Paul wants to raise in his rhetorical question is the means by which the Galatian Christians first came to experience God's Spirit: was it 'by means of works of the law' (ἐξ ἔργων νόμου, ex ergōn nomou) or 'by means of hearing accompanied by faith' (ἐξ ἀκοῆς πίστεως, ex akoēs pisteōs)? These phrases pick up the key contrast in Gal. 2:16

*het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?*"[119] En Galasiërs 3:5: "*Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?*"[120]

between 'works of the law' and 'the faith of Christ.' 'Works of the law' will again refer to human actions done in obedience to the torah, the law of Moses (see the commentary and the third additional note on 2:16) … We have found good reasons for maintaining the traditional understanding of this phrase as an objective genitive ('faith in Christ'; see the comments on 2:16 and 'The Faith of Christ' in the introduction), making it likely that the reference here also is to human believing in Christ. And this interpretation receives confirmation from the connection that Paul makes between the Galatians' πίστις and Abraham's faith (v. 6; see esp. Hunn 2006). If the genitive πίστεως, then, refers to human faith, it is possible to understand ἀκοή to refer to 'what is heard,' meaning 'the message.'"

119 Moo (2013:183-185) brei uit: "The concern that Paul expresses in this verse reaches to the rhetorical heart of Galatians. The Galatian Christians have started well; they have received the Spirit and have been justified by their faith in Christ, a gift of God's grace. But the agitators have come on the scene, arguing that people can go free in the judgment only if they add to their faith the 'works of the law.' Paul seeks to persuade the Galatians not to buy into this scheme: as they began, with the Spirit and with faith, so they must continue (see 5:5)."

120 Moo (2013:186-187) skryf: "It is the second participle that then conveys the ongoing experience of the Spirit among the Galatians. To be sure, Paul does not explicitly connect the Spirit with this second description of God's activity among the Galatians. But he often attributes miracles (δυνάμεις; cf. BDAG 262-63) to the Spirit (see esp. 1 Cor. 12:10, 28 [cf. 12:8]), and the prominence of the Spirit in this paragraph makes it likely that Paul thinks of the miracles that God is working among them as coming through the power of the Spirit …"

# 9. DIE HEILIGE GEES EN DIE SENDING: 'N HEERLIKE WAARHEID

Die eerste aspek is dat die Heilige Gees radikaal verbonde is aan Jesus Christus. Die sending kan dus niks anders beklemtoon as dat Jesus die enigste Here is nie. Dit is die essensiële beginsel vir die kerk. Vandaaruit leef die kerk. Vandaaruit gaan die boodskap dat Hy die Here is in die wêreld uit. Die wonder van Jesus as Here is nie uitsluitend nie, maar juis insluitend omdat Hy die Here is wat sy lewe vir almal gegee het (2 Kor. 5).

Die sending kan nooit 'n ander boodskap hê as dat Jesus die Here is en die Heilige Gees Hom verheerlik nie. Jesus bring die redding. Hy alleen. Daar is drie wyses waarop die verhouding met ander geloofsoortuigings vasgelê word, naamlik eksklusivisme, inklusivisme en pluralisme (Crafford 2015:266e.v.). Eksklusivisme beteken dat Jesus alleen kan red en dat bewuste ware geloof in Hom noodsaaklik is. Inklusivisme beteken dat Jesus alleen red, maar dat dit ook anoniem kan plaasvind en nie almal daarvan weet nie. Pluralisme beteken dat Jesus wel red maar dat dit nie uniek is nie en dat alle geloofsoortuigings ewe geldig is. Van Engen (1996:169e.v.) gee 'n aanvaarbare oplossing hiervoor deur aan te dui dat die klem moet val op die belydenis: Jesus Christus is die Here. Daarmee word inderdaad klem gelê op die Heilige Gees se bevestiging dat Jesus die Here is, maar op so 'n wyse dat Hy heil vir almal wil bring. Dit is geloofspartikularisties[121] (Van Engen 1996:183),

121 Van Engen (1996:183) vat dit op 'n besondere wyse saam: "In the evangelist paradigm, confession of Jesus as Lord involves a personal relationship that breaks the bonds of all religious systems. This relationship involves all of life with all its contradictions. It is not neat, logical, coherent. It is not exclusive, nor arrogant, nor triumphalistic. Rather, it is humble confession, repentance and obedience. Thus, the major question is not to what religious system a person

kultureel pluralisties (Van Engen 1996:184), en ekklesiologies inklusief (Van Engen 1996:185). Onbevange moet dié boodskap gebring word, maar die oordeel word in God se hande gelaat. Dit is egter duidelik dat die oordeel nie van alle mense afgewend is nie en dat die dringende oproep uitgaan: Laat julle tog met God versoen. Nooit mag die sending hierdie dringende oproep deur die Heilige Gees weglaat nie. Dit bly steeds die sin van sending.

Die kerk word deur die Heilige Gees die ruimte waarbinne geloof in Jesus Christus uitgeleef kan word. Ingelyf in die kerk deur die doop versamel die gemeente rondom Woord en nagmaal. Die kerk is die gemeenskap van die liefde. Vanuit die kerk word die liefde aan ander oorgedra. Ware gesonde geloof (*lived religion*) is waar Jesus Christus verheerlik word en die boodskap van sy liefde onbevange oorgedra word en sluit nie algemene religiositeit in nie. Dit mag nooit ’n algemene onderlinge goeie gesindheid wees nie. Die diepte van geloof, hoop en liefde word in Jesus Christus gevind en vandaaruit moet die boodskap in die wêreld uitgaan. Alleen so kan die kerk ook ’n ware missionale kerk wees. Dit is die liefde van die kruis van Jesus Christus. Die Heilige Gees openbaar die diepte van die kruisdood, maar ook die wonder van die lewe in die kruis en in die opstanding. Daaarom die dringende oproep van Jesus: Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom (Mark. 1).

Die Heilige Gees versorg en seën en bring ook heling. Vanuit die wonder van die genade van Jesus Christus skep die Gees hoop onder die mees haglike omstandigede. Tydens COVID-19 is die Heilige Gees wat aan Jesus verbind is om hoop ook na die dood te skep. Die ware hoop van die Christen is dat hy/sy meer as oorwinnaars is met die hoop op die ewige lewe.

Die Heilige Gees bring ook vrede mee. Dit is die Gees wat die spiese en swaarde tot landbou-implemente smee. Juis daarom is dit moontlik om geweld af te lê. Jesus bring vrede deur die Heilige Gees wat hierdie vrede moontlik maak.

---

belongs. Rather, the crucial issue is one’s center. The ultimate question is the question of discipleship, of one’s proximity to, or distance from, Jesus the Lord.”

Die Heilige Gees is ook God se eskatologiese gawe en daarom is die hoop op die nuwe hemel en nuwe aarde ook 'n werklikheid. Die wederkoms van Jesus word deur die Heilige Gees bevestig. Uit daardie verwagting kan geleef word.

# 10.
# GOD DIE VADER

Dit is nodig om oor die Vader en sending te besin. Om oor God as Vader te getuig, is vir die kerk van groot belang. Hierdie wonderbare getuienis erken die heerlikheid en wonder van God die Vader.

Van de Beek (2017) wys daarop dat die patrologie nodig is, omdat daar weer opnuut oor die Vader gedink moet word. Daar kan oor God die Vader gepraat word, want sy Vaderskap word in die Ou Testament met verskeie metafore bevestig. In die Nuwe Testament is daar talle verwysings na God as Vader. Dit kom voor in die Sinoptiese evangelie en Handelinge, maar ook by Paulus, Johannes en die briewe. Die groot gedagte dat God as Abba Vader aangespreek kan word, is van besondere betekenis. God is dan nie 'n Vader wat veraf is nie, maar 'n Vader wat naby is. 'n Belangrike aanduiding van die Vader is dat God hoog verhewe is (Van de Beek 2017:52). Die tweede wat egter met die term 'Vader' aangegee word, is dat Hy genadig is. Die derde aspek van die Vaderskap wat Jeremia reeds aantoon (Van de Beek 2017:53) is dat Hy in die behoefte van sy kinders voorsien.

Van de Beek verduidelik dat daar tog verskil van mening is oor mag en gesag. Die patriargale gemeenskap waar God as Vader genoem word, dui ten diepste op onderwerping. Abba word dan in die lig van hoogste gesag en totale onderwerping gesien. Vergewende genade kom voor, maar dit word vanuit die oordeel benader. Van de Beek (2017:54) dui aan dat die Vader die Heer van die hemel en die aarde is. Hy is heilig en regverdig.

Die woord 'Abba' in Romeine 8:15 staan egter in die kader van vryheid. Die wat nou in Christus lewe, het die vryheid om kinders van God te wees en daaruit te lewe. Hulle is geborge in die liefde van God (Van de Beek 2017:57). Die aanspraak 'Abba' is allereers die aanspraak van die Seun en die Gees tot die Vader. Dit het 'n Trinitariese gebed waartoe die eskatologiese gemeente

van God hom voeg. Die gemeente kan dit alleen bid, omdat sy deur en in Jesus Christus deur die Gees tot die Vader nader.

Durand (1976) hanteer nie ’n afsonderlike patrologie nie, maar wys daarop dat daar verskillende standpunte oor God deur die eeue heen was. Die transendensie en immanensie van God is van belang. Daar moet nie ’n abstrakte godsidee voorgehou word nie. Van God moet gepraat word soos Hy Homself openbaar en hoe Hy Homself bekendstel in sy openbaring. God is egter altyd meer as sy openbaring (Durand 1976:47).

“Terwyl ons vashou aan die eenheid van God en sy openbaring moet ons terselfdertyd op grond van God se openbaringswoord self – nie op grond van ’n abstrakte filosofiese tese oor die onbegryplikheid en transendensie van God nie – bely dat God méér is as sy openbaring. Van openbaring kan alleen sprake wees as God nie met sy openbaring saamval nie. Die werklikheid van God word nie in sy werksaamheid opgelos nie. Omdat Hy méér is as sy werke, kan Hy werk. Omdat Hy méér is as sy openbaring en daarin voorafgaan, kan Hy Homself openbaar. Met hierdie “méér” wil ons nie weer ’n spanning invoer tussen Godswese en sy openbaring, asof God tog nog “anders” is as wat Hy Hom openbaar nie” (Durand 1976:47).

Daar is verskillende wyses waarop God as persoon verstaan word. God is nie ’n gewone Persoon soos ’n menslike persoon nie, maar tog maak God Homself bekend in sy antropomorfismus as Persoon.

Deur van God egter as Persoon te praat, moet daar op ’n bepaalde manier kennis geneem word dat God die mens eintlik vanuit sy heerlikheid as God, as die Vader aanspreek. God kom in ’n bepaalde verhouding met die mens en staan in ’n nuwe verhouding met hom/haar (Durand 1976:60).

Die liefde van God moet in Christus gesien word, maar daar is ook sprake van die toorn van God. Dit kan egter nie op dieselfde vlak as die liefde gestel word nie (Durand 1976:90).

Die vraagstuk van die lydende God (Teopasgitisme) moet hanteer word deur aan te toon dat God betrokke is by die mense se lyding. God kom in beroering

in Christus (Durand 1976:99). Daar is ook sprake van die droefheid van God (1976:100).

Ateïsme soos by Marx, Jean-Paul Sartre, en andere probeer om God te vervang en 'n surrogaat van God te skep. God openbaar hom egter in die wêreld en in 'n konkrete gestalte in Jesus Christus (Durand 1976:116). Durand (1976:117) skryf daaroor: "Reeds het ons gewys op die gepostuleerde karakter van die ateïstiese geloof. In die Godsverkondiging aan die ateïstiese mens moet dit bo alle twyfel duidelik gemaak word dat dit in die erkening of ontkenning van God nie ten slotte gaan om die teoretiserende verstand van die mens nie. Hier val eksistensiële beslissings. Dit gaan om 'n keuse. Ons kan God slegs ken met ons hele persoon en ons hele lewe. Om Hom te ken, is om met Hom te lééf."

Terwyl Heyns (1978:37) ook nie 'n afsonderlike patrologie in sy Dogmatiek hanteer nie, verwys hy tog ook uitvoerig na die lewende God en dui aan dat daar alleen maar in groot nederigheid oor God gepraat kan word. Hoe kan 'n nederige nietige mens oor God praat? Die mens moet eintlik baie versigtig oor Hom praat, maar tog kan God geloof en geprys word, omdat Hy so groot is. Die eerste saak van belang is dat, as God ons nie opgesoek en Hom openbaar het nie, ons nie oor God sou kon praat nie (Heyns 1978:38). God is wel daar; Hy openbaar Hom en Hy is die een wat is wat Hy is. Alhoewel daar gepoog is om met Godsbewyse op verskillende maniere aan te toon dat God bestaan, onder andere die kosmologiese, teleologiese, ontologiese en morele etnologiese bewyse, is dit alleen die openbaring van God wat dit moontlik maak om Hom reg te ken. Die feit dat God Hom as 'n ewige, enige en enkelvoudige geestelike wese openbaar (NGB artikel 1) beteken dat God werklik is. Hy is God self, en Hy is geestelik (Heyns 1976:41), maar dat Hy Hom openbaar ook deur die antropomorfismus sodat ons God moet leer ken vanuit hoe Hy Hom openbaar in menslike verband. God is ook 'n persoonlike wese en Hy openbaar Homself op unieke wyse as persoonlike wese (Heyns 1976:42-43).

Heyns (1976:44) skryf: "Beide Gods transendensie en immanensie moet tegelyk onverminderd gehandhaaf word. Wie sy immanensie alleen beklemtoon, loop die gevaar om panteïstiese sin Gods werklikheid tot 'n blote perspektief van die kreatuurlike werklikheid te verlaag. En wie sy transendensie alleen beklemtoon, laat Gods werklikheid in die onbekende verdwyn, terwyl aan die kreatuurlike werklikheid Goddelike kwaliteite toegeken word (deïsme). In die modelgebed het Jesus ons die eenheid van dié twee perspektiewe op aangrypende wyse geleer: 'Onse Vader (immanensie) wat in die hemel is (transendensie)'."

God is die ruimteskeppende God. Hy maak ruimte. Hy skep die mens en neem die mens in diens. Hy roep die mens om Hom na te volg. Die sonde kom nie uit sy hand nie, maar in sy raad kan Hy die bose en die sonde ook in diens neem, sodat sy raadsplan volvoer kan word. "Die Raad van God waarin Hy oor ganse tydelike lewe besluit en waaruit blyk dat Hy oor alles regeer – oor wat Hy direk veroorsaak het en oor wat die mens se sondige opstandigheid doen – is 'n Raad waarin Hy ook oor die ewige toestand van sy skepping besluit het. 'n Aspek hiervan is God se *predestinerende* besluit wat gaan oor die mens se ewige bestemming én sy besluit oor die *verbond* as die weg waarlangs die heil vir die mens, histories uitgewerk sal word." (Heyns 1976: 77)

Migliore (2004:76) toon aan dat die Triniteit ook bevestig dat God verpersoonlik word in verhoudinge. Daarmee beklemtoon hy dat God in 'n besonderse sin erken word as die Drie-enige God, naamlik die Vader as Vader van die Here Jesus Christus deur die Heilige Gees. God bestaan in sy gemeenskap baie dieper as enige verhoudinge wat ons ooit in ons menslike verstaan na vore kan bring (Migliore 2004:81). Hy bevestig die belydenis dat God Drie-enig is in sy essensiële selfgewende liefde wat ons versterk en omhels in ons swakheid.

Wanneer na die moontlike attribute of kenmerke van God verwys word, wys hy daarop hoe moeilik dit is om een spesifieke aspek na vore te bring. God se liefde is beide verwondbaar, maar ook nie oorwinbaar nie (*conquerable*)

(Migliore 2004:85). God kies in sy genade as subjek en dit kan nie anders verstaan word as die ongelooflike liefde van God vir die wêreld in Jesus Christus deur die Heilige Gees nie. Die doel van die verkiesing is om mense vir God uit te roep en nie noodwendig die individuele persoon se redding of die voorkeur van sekere nasies nie. Die uitverkiesende genade van God word deur die regverdige oordeel van God vergesel, maar dit is nie twee parallelle lyne soos wat soms in die dubbele predestinasie na vore gebring is nie (Migliore 2004:88-91).

Dit is noodsaaklik om oor God die Vader en die sending te praat, omdat die groot vrae oor die oordeel en liefde van God ter sake is. God is liefde getuig ons vanuit die Skrif, maar hoe lyk hierdie liefde en hoe kan dit aan die wêreld in totale nood oorgedra word? Is die Vader hoegenaamd ʼn God van liefde? Wat is die verhouding tussen die Vader en die Seun in hierdie verband? Hoe moet die verhouding tot God die Vader wees wanneer Hy gedien en aanbid word? Die vraag is ook hoe die sending juis in hierdie verband die lof, eer en heerlikheid van die Vader kan verkondig en uitleef.

Om egter meer spesifiek oor God as Vader te praat, moet enkele meer besondere verwysings na Hom as Vader nagegaan word.

# 11.
# DIE ONS VADER-GEBED

Daar is geen beter plek om te begin om oor die Vader te besin nie as by die Ons Vader-gebed. Dit dui op diepgaande wyse die verhouding met die Vader aan. Die heerlikheid van die Vader word bevestig. Vir die sending is dit van deurslaggewende belang. Alleen wanneer die Vader geken word, kan ook beslissend van die sending gepraat word. Die sending is die verheerliking van die Drie-enige God waar ook lof, eer en heerlikheid aan die Vader gebring word. Sonder eer aan die Vader is daar geen sending nie. Erkenning van die Vader bepaal die sending.

## 11.1 Matteus: Onse Vader[122]

[9] *"So moet julle bid:*
*"Ons Vader wat in die hemel is,*
*laat u Naam geheilig word;*
[10] *laat u koninkryk kom;*
*laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*
[11] *Gee ons vandag ons daaglikse brood;*
[12] *en vergeef ons ons oortredings*
*soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;*

122 [9] Οὕτως οὖν προσεύχεσθε ὑμεῖς·
Πάτερ ἡμῶν ὁ ἐν τοῖς οὐρανοῖς·
ἁγιασθήτω τὸ ὄνομά σου,
[10] ἐλθέτω ἡ βασιλεία σου,
γενηθήτω τὸ θέλημά σου, ὡς ἐν οὐρανῷ καὶ [j]ἐπὶ γῆς·
[11] τὸν ἄρτον ἡμῶν τὸν ἐπιούσιον δὸς ἡμῖν σήμερον·
[12] καὶ ἄφες ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα ἡμῶν,
ὡς καὶ ἡμεῖς [k]ἀφήκαμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν·
[13] καὶ μὴ εἰσενέγκῃς ἡμᾶς εἰς πειρασμόν,
ἀλλὰ ῥῦσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ [l]πονηροῦ.
Ὅτι σοῦ ἐστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοῦς αἰῶνας Ἀμήν RP

[13] *en laat ons nie in versoeking kom nie*
*maar verlos ons van die Bose.*
*Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."*

## 11.2 Ons Vader – in verhouding met die Vader

In die Ons Vader-gebed word baie duidelik aangedui waarom dit eintlik gaan in die verhouding met die Vader. Hierdie gebed bied 'n blik op God die Vader wat van groot belang is. Daar word in 'n wonderbare verhouding met God getree. Hy is die Vader. Daarmee saam hang die bedes waarmee Hy verheerlik word, maar ook waarmee tot Hom in afhanklikheid genader word.[123]

Die Heidelbergse Kategismus druk die eer van die Vader soos volg uit:

---

123 Turner (2008:195) skryf: "Matthew 6:9-10 convincingly shows that one should not pray primarily in order to receive goods and services from God but to render service to God. Prayer is not first and foremost an exercise to vindicate the disciple's causes, meet the disciple's needs, fulfill the disciple's desires, or solve the disciple's problems. Rather, one's priority must be the promotion of God's reputation, the advancement of God's rule, and the performance of God's will. These three petitions are essentially one expression of burning desire to see the Father honored on earth as he is already honored in heaven (cf. Rev. 4-5). The disciples' hope is not escapism – they do not look to leave the earth for an ethereal heavenly existence. Rather, they look for a concrete existence in which heaven comes to earth, and they seek heaven's interests on earth today as they anticipate a time when God's reign on earth will be consummated (Matt. 13:40-43; 16:27-28; 19:28-30; 25:34)."

Kyk ook Luz (2007:326): "Many people can find themselves in its formulations, because it does not prescribe to praying people what wishes, hopes, or views they must have. To that degree, not only does it presuppose grace by addressing God as it does; it is itself an expression of God's grace and nearness. By including many people in its words, it makes prayer *possible*. One might say, with some exaggeration, that it is not a sign by which the circle of disciples is to be recognized but an expression of the grace that precedes the circle of disciples."

---

**Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?**

**Antwoord**: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).

(a) Jakobus 1:17; Matteus 6:33.

---

**Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?**

**Antwoord**: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

(a) Matteus 6:9-13; Lukas 11:2-4.

---

**Sondag 46**

**Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?**

**Antwoord**: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matteus 7:9-11; Lukas 11:11-13.

**Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?**

**Antwoord**: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jeremia 23:23, 24; Handelinge 17:24, 25, 27. (b) Romeine 10:12.

---

**Sondag 47**

**Vraag 122: Wat is die eerste bede?**

**Antwoord**: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).

(a) Johannes 17:3; Jeremia 9:24; 31:33, 34; Matteus 16:17; Jakobus 1:5; Psalm 119:105. (b) Psalm 119:137; Lukas 1:46, 47, 68, 69; Romeine 11:33. (c) Psalm 71:8; 115:1.

---

**Sondag 48**

**Vraag 123: Wat is die tweede bede?**

**Antwoord**: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar U kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen U heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van U ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

(a) Psalm 143:10; 119:5; Matteus 6:33. (b) Psalm 51:20; 112:6. (c) 1 Johannes 3:8; Romeine 16:20. (d) Openbaring 22:20; Romeine 8:22, 23. (e) 1 Korintiërs 15:28.

---

**Sondag 49**

**Vraag 124: Wat is die derde bede?**

**Antwoord**: Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan U wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpratery gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).

(a) Matteus 16:24; Titus 2:11, 12. (b) Lukas 22:42; Efesiërs 5:10; Romeine 12:2. (c) 1 Korintiërs 7:24. (d) Psalm 103:20, 21.

---

**Sondag 50**

**Vraag 125: Wat is die vierde bede?**

**Antwoord**: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorge en arbeid en ook U gawes sonder U seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).

(a) Psalms 145:15; 104:27; Matteus 6:26. (b) Jakobus 1:17; Handelinge 14:17; 17:27. (c) 1 Korintiërs 15:58; Deuteronomium 8:3; Psalm 37:16; 127:1, 2. (d) Psalm 55:23; 62:11; 146:3; Jeremia 17:5, 7.

---

**Sondag 51**

**Vraag 126: Wat is die vyfde bede?**

**Antwoord**: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van U genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).

(a) Psalm 51:3; 143:2; 1 Johannes 2:1; Romeine 8:1. (b) Matteus 6:14.

---

**Sondag 52**

**Vraag 127: Wat is die sesde bede?**

**Antwoord**: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van U Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk

teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal (f).

(a) Johannes 15:5; Psalm 103:14. (b) 1 Petrus 5:8; Efesiërs 6:12. (c) Johannes 15:19. (d) Romeine 7:23; Galasiërs 5:17. (e) Matteus 26:41; Markus 13:33. (f) 1 Tessalonisense 3:13; 5:23.

---

**Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?**

**Antwoord**: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar U heilige Naam ewig geprys sal word (b).

(a) Romeine 10:12; 2 Petrus 2:9. (b) Johannes 14:13; Jeremia 33:8, 9; Psalm 115:1.

---

**Vraag 129: Wat beteken die woord 'Amen'?**

**Antwoord**: 'Amen' wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).

(a) 2 Korintiërs 1:20; 2 Timoteus 2:13.

## 11.3 Die gebed[124]

Rakende die Ons Vader-gebed dui Van de Beek (2017:341) aan dat die gemeente saambid en hulle in gebed oriënteer. As lewende lid van die gemeente word

124 Carson (1984:168) wys op die wonder van die toenadering tot die Vader: "Jesus' use of Abba ("Father" or "my Father"; Mark 14:36; cf. Matt 11:25; 26:39, 42; Luke 23:34; John 11:41; 12:27; 17:1-26) was adopted by early Christians (Rom 8:15; Gal 4:6); and there is no evidence of anyone before Jesus using this term to address God (cf. DNTT, 1:614-15). Throughout the prayer the reference is plural: "Our Father" (which in Aram. would have been ʾabînû, not ʾabba). In other words, this is an example of a prayer to be prayed in fellowship with other disciples (cf. Mt 18:19), not in isolation (cf. John 20:17). Very striking is Jesus' use of

gebid, maar dit is ook die vernaamste deel van die dankbaarheid. Dit is die dankoffer aan God (Van de Beek 2017:342). Wat die heiligheid van God se Naam betref, wys Van de Beek (2017:349) daarop dat dit om die eer van God gaan en om God self. Dit gaan daarom dat erns met die verheerliking van God gemaak moet word (2017:361).

Wat die bede "Laat  Koninkryk kom" betref, gaan dit, volgens Van de Beek (2017:365), om die bevrydende mag en die biddende reg van die God van Israel. Dit mag dus nooit losgemaak word van die koningskap van God nie (2017:366) en dit word alleen sigbaar in 'n dienende gemeenskap (2017:369).

Wat die bede "Laat U wil geskied" betref, gaan dit daarom dat Jesus gebid het dat die wil van God sal geskied. Die gemeente bid saam daarom, omdat die gemeente van God se Gees deurdrenk is (Van de Beek 2017:375).

Wat die bede om daaglikse brood betref, meen Van de Beek (2017:382) daarop gerig is om te deel in die heiliging van die Naam van God, van Jesus en is dit gerig op die koningskap in geskiedenis van God se wil (2017:384). Dit gaan allereers om die brood van die Lewe, om Jesus self wat die brood van die lewe word, eerder in die eerste plek om die brood wat ons eet.

Wanneer gebid word, vergeef ons ons skulde (2017:387), wys Van de Beek daarop dat dit nie gaan om goedkoop genade nie, maar om die duur genade van God. Omdat ons in Christus vergewe is (2017:390), kan ons ook andere vergewe. Wat die bede om nie in versoeking te kom nie betref, beteken dat ons nie op die weg van Jesus wil gaan nie, maar (2017:393) dat ons gewoon gehoorsaam aan Hom sal moet wees.

Dan sluit Van de Beek af deur te vra wat beteken dit om te bid? Dit is as kinders van God moontlik om met God te praat (2017:413). Die nabyheid en die vertroulike verhouding met God dra ons gebede.

---

pronouns with "Father". When forgiveness of sins is discussed, Jesus speaks of "your Father" (Mt 6:14-15) and excludes himself. When he speaks of his unique sonship and authority, he speaks of "my Father" (e.g., 11:27) and excludes others. The "our Father" at the beginning of this model prayer is plural but does not include Jesus, since it is part of his instruction regarding what his disciples should pray."

In die eerste plek word baie duidelik aangedui dat God die Vader in die Hemel is, dat Hy in sy heerlikheid bestaan, dat Hy die hemelse woning bewoon en dat Hy van daaruit regeer. Daarom moet daar in die tweede plek indringend gevra word dat sy Naam geheilig sal word. God se Naam word nie orals op aarde geheilig nie. Daar is talle plekke en geleenthede waar die Naam van God misbruik word. Die Bybel is nie stil daaroor nie. Die Bybel vertel die verhale waar God se Naam nie erken word nie, en waar sy Naam nie geheilig word nie. In die Ou Testament is die besondere Naam van God YAHWEH en word dit op 'n baie unieke wyse beklemtoon, so heilig was die Naam van God in die Ou Testament vir die Israeliete dat hulle dikwels nie die Naam uitgespreek het nie, maar bloot verwys het na die Naam om God aan te dui. Wanneer daar dan in die Ons Vader-gebed gevra word dat die Naam van God geheilig word, word daar 'n baie spesifieke kenmerk van God deurgegee. God is Heilig en sy Naam moet geheilig word. Ook in die Ou Testamentiese wêreld het die naam van 'n persoon baie meer gedra as maar net die persoon se bepaalde betekenis, en die Naam van God is dus in dié sin ook heilig. Dit beteken dat God erken moet word as God. Die Vader word dus daarmee erken as die Een wat as Heilige bestaan, daarom word ook erken, heilig, heilig, heilig is die Here. Dit beteken dat God die absolute is, die Heilige wat regeer, wat in sy heerlikheid regeer en omdat Hy die Vader is, omdat Hy in die eerste plek as Vader aangespreek is, het dit ook betekenis vir hulle wat voor God kom kniel en Hom aanbid. Jesus maak hiermee 'n deur oop vir die mens om voor God te kom verskyn en te erken dat Hy die Vader is wat Heilig is.

Die tweede saak, laat U Koninkryk kom, is ten diepste verbonde aan wat Jesus self verkondig: Die Koninkryk van God het naby gekom en daarmee saam word beklemtoon dat die Vader ook die Koninkryk van God naby bring. Daarom word gevra dat die Koninkryk van God sal kom. Die Koninkryk wat van die Vader kom, die Koninkryk wat deur die Vader bepaal word. Daardie Koninkryk is nie 'n wêreldse koninkryk nie, dit is anders as die koninkryke van die wêreld. Dit is die Koninkryk wat deur die Vader wat sy Seun gestuur het, bepaal word. Hoe word sy Seun gestuur? In die gestalte

van ʼn mens wat uiteindelik gekruisig word. Hierdie Koninkryk van God wat moet kom, kom deur die kruis, en die Vader is die Een wat dan in hierdie sin ook die Koninkryk laat kom. Die Vader en die Seun het hierin dus ʼn besondere verhouding deurdat die Seun ook kan vra dat die Koninkryk van God moet kom.

Die derde bede dui ook vir ons spesifiek aan hoedat ons oor die Vader moet dink: Laat U wil ook op die aarde geskied net soos in die hemel. Dit dui aan dat daar vanuit die Hemelse heerlikheid van God die Vader heerlikheid vir die mense op aarde beskik moet word, sodat God se wil volkome kan geskied. Veral Heyns (1978:205) het aangedui dat daar verskille is aan die een kant tussen die Raad van God, waar God in sy heerlikheid as Vader alles beskik en beheer en die wil van God wat tog anders is en wat nie orals op aarde presies geskied nie, omdat die sonde nie die wil van God is nie en God nie die outeur van sonde is nie, maar dat God in sy Raad steeds die sonde in diens neem, sodat die sonde ook gebruik kan word om die sonde te straf en te openbaar. Daarom word gebid dat die wil van God sal geskied soos in die Hemel waar die wil van God absoluut is en in wonderbaarlikheid geskied. In die Hemelse heerlikheid van God die Vader wat die Hemelse heerlikheid bewoon, is daar geen sprake van dat die wil van God nie geskied nie. Hier op aarde moet die wil van God geskied deur die wonder van sy Seun wat aan die kruis sterf en wat ook opstaan uit die dood. Daarom word die wil van God ten diepste verbind aan wat Jesus aan die kruis doen. Aan die kruis vertoon Jesus self die volle betekenis van die wil van God en geskied die wil van God ook volkome. Aan die kruis kan die volheid van die wil van God ook verreken word. Wanneer God se wil geskied aan die kruis, sodat daar heil en verlossing vir die wêreld kan kom, is dit Jesus self wat in gehoorsaamheid die wil van God laat geskied. Jesus in gehoorsaamheid voltooi God se Raadsplan en dien Homself aan as die heilige offer (volgens Hebreërs), sodat God se wil kan geskied.[125]

125 Hagner (1993:150): "The Lord's Prayer thus centers on the large issues of God's redemptive program rather than on more mundane matters. The disciples are to pray above all for the realization of God's eschatological program on earth. Most

Hierdie bede dat ons ons daaglikse brood van God afbid, is ook 'n bede wat ons in afhanklikheid van die Vader stel. So word die mens in sy afhanklikheid van God die Vader opgeroep om voor God te lewe; om sy hande uit te steek na God toe om hulp en leiding van God te ontvang; om in sy mees basiese behoefte van daaglikse brood van God af te bid, sodat God in sy sorg en liefde vir die mens kan sorg. Die Vader se besondere sorg, sy omgee vir die mens en vir die gelowige wat tot Hom roep as ons Vader, word duidelik. Dat dit ook met die nagmaalsbrood saamhang (Van de Beek) is beslis waar, maar dit moet ook ruimer geïnterpreteer word om die volledige bestaan van die mens in te sluit.

Daarnaas volg die gebed om vergifnis van sonde. Die Vader is die Een wat dit moontlik maak om ook van sonde vergewe te word. Hierdie vergifnis kan alleen plaasvind vanuit die feit dat die Ons Vader-gebed ook in verband met die kruis van Jesus gesien moet word. Alhoewel die Ons Vader-gebed ook lui: soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree, is dit nie 'n voorwaarde vir die vergifnis van God nie. God vergewe nie, omdat ons vergewe nie, maar vergewe ons sodat ons ook kan vergewe. Ons vergeef ons oortreding soos ons ook ons skuldenaars vergewe, dui op 'n werklikheid wat plaasvind wanneer ons hierdie nuwe verhouding wat uit Christus kom en die vergifnis van Christus dan kan beleef. So word die vergifnis 'n radikale werklikheid wat van die Vader af kom en hierdie werklikheid is alleen sigbaar aan die kruis in Jesus Christus.

Dit beteken dan ook dat die Vader ons daartoe roep dat ons van sy heil, sy sorg, en sy mededeelsaamheid moet lewe en dat ons nie vanuit die wêreld moet leef of vanuit dit wat die Bose ons kan bied nie. Daarom is daar die

---

of the petitions in the prayer are dominated by this concern for the end time. Yet, at the same time, the petitions have implications for the present. … The one who prays the Lord's Prayer prays thus from a perspective of one who is involved in the great redemptive drama that is beginning to unfold in the Gospel narrative itself. The measure of eschatological fulfillment already realized focuses one's thoughts and desires upon the consummation of God's purposes as well as upon the consciousness and importance of present discipleship."

gebed om nie in versoeking te kom nie, sodat daar nie vanuit die versoeking geredeneer word nie, maar vanuit die verlossing in Jesus Christus. Die wonderbare verlossing kom alleen daarin dat die versoeking weggeneem word en die mens van die Bose verlos word. Dit is alleen moontlik vanuit die nabye en unieke verhouding met die Lewende God. Alleen wanneer ons in hierdie unieke verhouding met die Lewende God is, kan daar ook verlossing van die Bose kom (Efesiërs 6). Hierdie gebed is dan 'n spesifieke gebed om aan te dui dat die Vader in sy liefde en in sy sorg omgee vir hulle wat op aarde woon. Die Vader wil vir hulle wat in Hom glo die versekering gee dat hulle nie deur Hom na die versoeking toe gebring word nie, want self Hy lei niemand in versoeking nie (Jakobus), maar Hy verlos van die Bose.

In die meeste tekste wat oorgelewer is, kom die bede: Aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid, nie voor nie, maar word dit as 'n latere invoegsel beskou. Ten spyte daarvan, kan aangedui word hoedat dit ook spesifiek oor die Vader die volle betekenis vir ons deurgee van hoedat sy Koninkryk en sy krag, en sy heerlikheid tot in ewigheid sigbaar word, juis in dit wat Hy doen. Daarin is die Ons Vader-gebed van unieke en besonderse betekenis vir die verstaan van die patrologie. Die patrologie waarvoor ons sê God as Vader is die wonderbare Vader van heil en dat Hy die heil bring.

Gebed in die algemeen is ook van belang. God is die Vader wat gebed verhoor. Let op hoe dit deurgegee word.

Matteus 6:6: "*Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.*"

Matteus18:19, Markus 11:25 en Johannes 4:21-23: "*Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.*"

Gebed is nie net van toepassing in die Ons Vader-gebed nie. God openbaar Hom ook as Vader wanneer hy gebede verhoor.'n Persoonlike verhouding met God is moontlik waar gelowiges hulle afsonder en tot God bid. God se seën word aan die persoon gegee, wanneer hy/sy in 'n unieke besondere

verhouding met God die Vader kom en daardie besondere verhouding met God uitlewe.

Daarom moet daar dan ook nie soos die mense wat op straathoeke staan en bid gemaak word nie, want God weet wat ’n mens nodig het en sal dan ook voorsiening vir die mense gee wat so tot Hom bid.

Persoonlike gebed tot God is van belang. Jesus verduidelik vir die vrou by die put (Johannes) dat daar ’n tyd sal kom dat die mense in Gees en in waarheid vir God sal aanbid, want die Vader wil dit juis hê dat Hy in Gees en in waarheid aanbid moet word. So kry die gebed ’n baie besonderse betekenis van ’n verhouding met die lewende Vader. Daarom hang dank ook saam met die gebed tot die Vader. Wanneer die Vader aanbid word, is daar altyd ook sprake van dank en lof aan die Vader, omdat Sy heerlikheid erken moet word, en Sy goedheid daarmee saamhang.

# 12.
# DIE LIEFDE VAN DIE VADER

Die gelykenis van die verlore seun druk die liefde van die Vader ten diepste uit.

Lukas 15:

*11 Verder het Jesus gesê:*
*"Daar was 'n man wat twee seuns gehad het.*
*12 Die jongste het vir sy pa gesê:*
*'Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.'*
*Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.*
*13 "Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak*
*en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek.*
*Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe.*
*14 Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in*
*daardie land gekom,*
*en ook hy het begin gebrek ly.*
*15 Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land*
*gaan bly,*
*en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas.*
*16 Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat*
*die varke eet,*
*maar niemand het hom daarvan gegee nie.*
*17 "Toe kom hy tot inkeer en sê:*
*'My pa het wie weet hoeveel dagloners,*
*en hulle het almal oorgenoeg kos,*
*en hier vergaan ek van die honger.*
*18 Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan*
*en vir hom sê:*
*Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig!*
*19 Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.*
*Behandel my soos een van Pa se dagloners.'*
*20 En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan.*
*"Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry.*
*Hy hardloop hom tegemoet,*
*omhels hom*
*en soen hom.*

[21] *Toe sê die seun vir hom:*
*'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig.*
*Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.'*
[15:21: Sommige manuskripte voeg by: 'Behandel my soos een van Pa se dagloners.', vgl. vers 19].
[22] *Maar sy pa roep sy werksmense:*
*'Maak gou! Bring klere, die beste,*
*en trek dit vir hom aan;*
*sit vir hom 'n ring aan sy vinger*
*en trek vir hom skoene aan!*
[23] *En bring die vetgemaakte kalf,*
*slag hom,*
*en laat ons eet en feesvier!*
[24] *Hierdie seun van my was dood,*
*en hy lewe weer;*
*hy was verlore,*
*en ek het hom teruggekry.'*
*Toe het hulle begin feesvier."*[126]

---

126 [11] Εἶπεν
δέ· Ἄνθρωπός τις εἶχεν δύο υἱούς.
[12] καὶ εἶπεν ὁ νεώτερος αὐτῶν τῷ πατρί·
Πάτερ, δός μοι τὸ ἐπιβάλλον μέρος τῆς οὐσίας·
[k]ὁ δὲ διεῖλεν αὐτοῖς τὸν βίον.
[13] καὶ μετ' οὐ πολλὰς ἡμέρας συναγαγὼν
[l]πάντα ὁ νεώτερος υἱὸς ἀπεδήμησεν εἰς χώραν μακράν,
καὶ ἐκεῖ διεσκόρπισεν τὴν οὐσίαν αὐτοῦ ζῶν ἀσώτως.
[14] δαπανήσαντος δὲ αὐτοῦ πάντα ἐγένετο λιμὸς [m]ἰσχυρὰ κατὰ τὴν χώραν ἐκείνην,
καὶ αὐτὸς ἤρξατο ὑστερεῖσθαι.
[15] καὶ πορευθεὶς ἐκολλήθη ἑνὶ τῶν πολιτῶν τῆς χώρας ἐκείνης,
καὶ ἔπεμψεν αὐτὸν εἰς τοὺς ἀγροὺς αὐτοῦ βόσκειν χοίρους·
[16] καὶ ἐπεθύμει [n]γεμίσαι τὴν κοιλίαν αὐτοῦ ἀπὸ τῶν κερατίων ὧν ἤσθιον οἱ χοῖροι, καὶ οὐδεὶς ἐδίδου αὐτῷ.
[17] εἰς ἑαυτὸν δὲ ἐλθὼν [o]ἔφη·
Πόσοι μίσθιοι τοῦ πατρός μου [
p]περισσεύονται ἄρτων,
ἐγὼ δὲ [q]λιμῷ ὧδε ἀπόλλυμαι·
[18] ἀναστὰς πορεύσομαι πρὸς τὸν πατέρα μου

Ten opsigte van die gelykenis van die verlore seun, is daar ’n paar sake wat van groot belang is. DeSilva (2004:323) wys op sekere hoofaspekte in Lukas wat ook van belang is vir die hantering van die gelykenis van die verlore seun. Die teken van die nuwe gemeenskap is juis die herstel van die sondaar. Die gemeenskap se liefde word vertoon deur uit te reik na die sondaar wat berou het, en dit is moontlik deur die herstel van die verhouding met God. Daar is dan verskeie verwysings daarna, hoedat God op ’n besondere manier herstel bring in die verhouding tussen mense en hoedat hulle dan deur God, deur die geregtigheid van God, herstel word van hul sonde.[127]

---

καὶ ἐρῶ αὐτῷ·
Πάτερ, ἥμαρτον εἰς τὸν οὐρανὸν καὶ ἐνώπιόν σου,
19 [r]οὐκέτι εἰμὶ ἄξιος κληθῆναι υἱός σου· ποίησόν με
ὡς ἕνα τῶν μισθίων σου.
20 καὶ ἀναστὰς ἦλθεν πρὸς τὸν πατέρα [s]ἑαυτοῦ.
ἔτι δὲ αὐτοῦ μακρὰν ἀπέχοντος εἶδεν αὐτὸν ὁ πατὴρ αὐτοῦ
καὶ ἐσπλαγχνίσθη
καὶ δραμὼν ἐπέπεσεν ἐπὶ τὸν τράχηλον αὐτοῦ
καὶ κατεφίλησεν αὐτόν.
21 εἶπεν δὲ [t]ὁ υἱὸς αὐτῷ·
Πάτερ, ἥμαρτον εἰς τὸν οὐρανὸν καὶ ἐνώπιόν σου,
οὐκέτι εἰμὶ ἄξιος κληθῆναι υἱός **[v]σου**.
22 εἶπεν δὲ ὁ πατὴρ πρὸς τοὺς δούλους αὐτοῦ·
Ταχὺ ἐξενέγκατε στολὴν τὴν πρώτην
καὶ ἐνδύσατε αὐτόν,
καὶ δότε δακτύλιον εἰς τὴν χεῖρα αὐτοῦ
καὶ ὑποδήματα εἰς τοὺς πόδας,
23 καὶ φέρετε τὸν μόσχον τὸν σιτευτόν,
θύσατε,
καὶ φαγόντες εὐφρανθῶμεν
24 ὅτι οὗτος ὁ υἱός μου νεκρὸς
ἦν καὶ ἀνέζησεν,
ἦν ἀπολωλὼς
καὶ εὑρέθη.
καὶ ἤρξαντο εὐφραίνεσθαι.

127 Ten opsigte van die verlore seun, skryf DeSilva (2004:324): “Those opposed to Jesus’ calling of the sinner (indeed, to God’s attempts to restore the sinner) are

Implikasies ontstaan deur die oortreding van die teksvoorwaardes. Telkens word die volslae ellende van die seun uitgebeeld deur verskeie herhalings van die sinsnedes wat ellende uitbeeld. Die implikasie is dat die ellende volledig is. Daarteenoor volg ook verskeie implikasies in die uitbeeld van die vreugde, vergifnis en seën by die terugkeer en die vader se aanvaarding van die seun. Oorvloedig word die aanvaarding uitgebeeld in verskeie sinsnedes. Die unieke verhouding tussen die vader en die seun is van groot belang. Die vergifnis in die gelykenis slaan ook op Jesus se vergifnis en het dus 'n dubbele betekenis van liefde en aanvaarding deur God.

Dit is duidelik dat die seun self skuldig is, dat hy van God wegbeweeg het, dat hy God verwerp het en dat hy so die oordeel van God eintlik oor sy lewe moet verkry. Wanneer hy vir sy vader vra om alles te gee wat aan hom behoort en dit dan in die ver land deurbring, draai hy as 't ware nie alleen op sy vader sy rug nie, maar ook op God. Wanneer hy dan terugkeer, is die vader die sinnebeeld van God in Jesus Christus wat as Vader die kind terug verwelkom. Hy straal die ongelooflike vergifnis van sy liefde en sy besondere sorg uit vir die een wat na Hom toe kom. Hy aanvaar die kind in groot liefde en seën die kind met sy vergifnis en sy goedheid. Die liefde van die Vader word breedvoerig en uitbundig aangedui. Die vetgemaakte kalf word geslag. Daar word feesgevier; daar is musiek. Die vader sê dan ook dat die rede daarvoor is dat die kind dood was, maar hulle het hom teruggevind. So is God die Vader in Jesus Christus ook.

Die ander seun wil inderdaad nie erken dat die vader 'n vader van liefde is nie. Hy wil hard en radikaal optree. Hy eis dat die oordeel gevel sal word, en dat die verlore Seun deur die oordeel van die vader en God getref sal

---

put to shame at the end of the chapter. They are seen to be reflected in the elder son who refused to share in the father's joy, standing off at a distance and grumbling against the father's mercy (Lk 15:25-32)." Verder beskryf DeSilva (2004:324) die wyse waarop gereageer moet word: "In sum, the church is to reflect the character and heart of Jesus, not by separating itself from sinners but by reaching out to them, calling them to repentance and newness of life, being the agent of God's continued restoration of the lost and wayward, and that becoming the source of ongoing joy in heaven."

word. Die vader, as toonbeeld van God die Vader, is juis dat Hy uiterste liefde vertoon.[128] Daarmee word die verlore seun omhels en ingelyf in die heerlikheid wat van God af kom.[129] God aanvaar ook die mens in sy diepste ellende. In Jesus Christus aan die kruis sien ons hierdie aanvaarding. Alleen deur die kruis kan die mens ook die wonder van God se absolute heil en verlossing beleef. So kan daar dan ook hoop vir die mens kom.

Van De Beek (2017:73) dui daarop dat die Triniteit die wonder van die getuienis aangaande die Drie-enige God wat ons ken deur die Seun na vore bring. In Jesus word God se liefde geopenbaar. As ons oor God wil praat as die Vader, moet ons praat oor die verlore seun (2017:75), maar ook oor die feit dat Jesus self die Een is wat gekom het om te soek wat verlore gaan.

Jesus vergelyk hom met 'n vader wat bly is om te sien dat sy seun terugkom, so Jesus is selfs ook in die gelykenis betrokke (2017:78). Vir God die Vader in die gelykenis is daar vreugde oor die sondaar wat hom bekeer en daarom die Vader en die Seun in hierdie unieke verhouding met mekaar verbind.

---

128 Liefeld (1984:987) verduidelik: "As in v. 2 ..., by telling the story Jesus identifies himself with God in his loving attitude to the lost. He represents God in his mission, the accomplishment of which should elicit joy from those who share the Father's compassion. The parable is one of the world's supreme masterpieces of storytelling. Its details are vivid; they reflect actual customs and legal procedures and build up the story's emotional and spiritual impact. But the expositor must resist the tendency to allegorize the wealth of detail that gives the story its remarkable verisimilitude. The main point of the parable – that God glady receives repentant sinners – must not be obscured."

129 Nolland (1993:789) stel dit soos volg: "This large parable completes the section 15:1-32. The "joy in heaven" of the earlier parables prepares us for thinking of the parable father in close connection with God, and also causes us to come to the parable with images of discovery, repentance, and shared joy. The parable itself helps us to see that in the ministry of Jesus, sinners, who in their need draw near, are finding the free and generous love of the heavenly Father. Despite the elder son's misgivings, there is nothing here that should disturb those who are concerned with holy living; here the faithful are regaining lost brothers whom they should welcome and whose restoration they should celebrate."

Daar is geen sprake daarvan dat van die liefde van God gepraat kan word, indien dit nie in die lig van die kruis gesien kan word nie. Ons sou inderdaad moet vra: Waar is die God van liefde? Die God van liefde sien ons in die kruis, selfs ook vir persone wat selfdood gepleeg het. Aan die kruis is daar hoop vir die mees depressiewe persoon en die persoon wat in die grootste angs verkeer. Sy liefde word vertoon om ook aan daardie persoon heil en verlossing te kan bied. Die kruis is die sentrale punt waarom dit gaan. Altyd die kruis. Altyd die sentrale punt van die kruis. Daarom moet daar versigtig omgegaan word met enige oppervlakkige verstaan van die liefde van God.

Rob Bell se boek, *Love wins: At the heart of life's big questions* (2011), is in baie opsigte Marcionisties en vertoon nie begrip daarvoor dat die oordeel van God ook 'n werklikheid is nie en dat God ook uiteindelik sy oordeel voltrek nie. Oor die vraag na die liefde van God vra Bell (2011) die vraag of ons regtig van 'n God van liefde kan praat as daar so baie klem op die feit dat daar 'n hel is, gelê word. Bell vra die vraag: Wat word verstaan onder hemel en die begrip dat mense hemel toe gaan? Hy vra ook of dit regtig moontlik is dat 'n mens kan dink dat iemand soos, byvoorbeeld, Gandhi in die hel is. Wat moet onder die hemel verstaan word? Hy kom tot die gevolgtrekking dat die hemel nie noodwendig 'n oomblik van verandering is waarin ons heerlikheid ontvang nie.

In die eerste plek skryf Bell (2011:58) dat die verwysing na hemel of hemelse dikwels 'n verwysing na God is, 'n ander naam wat vir God gebruik word. In die tweede plek wys hy daarop dat Jesus dikwels na die hemel verwys as die toekomstige vereniging tussen die hemel en die aarde en waar mense dan in die lewe reeds leef in die tyd wat sal kom. Die derde aspek wat hy beklemtoon is dat, wanneer Jesus oor die hemel praat, praat hy oor die huidige wonderbaarlike ewig intense en reële ondervinding van vreugde en blydskap en liefde in hierdie wêreld en ook in die tyd wat sal kom. Daarom is Bell (2011:59) van mening dat die hemel nie iets is wat eendag sal kom nie, maar dit is die teenwoordige realiteit. Juis wanneer Jesus met die ryk jongman wat vra wat moet hy doen om die ewigheid te beërwe, praat en Jesus vir hom sê dat hy die gebooie moet nakom, is die vereniging tussen hemel en aarde

sigbaar. Die hier-en-nou, die toekoms en die huidige word verenig. Daarom beweer Bell (2011:59e.v.) dat die ewige lewe minder oor ’n tyd waarin ’n mens skielik verander en met God verkeer as ons doodgaan handel, maar meer oor die kwaliteit en die mentaliteit van lewe wat in verhouding met God geleef word. Die Ewige lewe begin dus volgens hom nie wanneer ons doodgaan nie, maar dit begin nou reeds wanneer ’n lewe van vreugde en blydskap in verhouding met God beleef word. Die verskillende dimensies van lewe waarin God geken word, word beleef.

Bell (2011:62) beklemtoon dus dat die hemel hier-en-nou beleef word en dat dit ook juis hier-en-nou beleef moet word. Jesus se uitnodiging na die hemel is vir hier-en-nou, in die oomblik en ons moet dit juis nou ondervind. Wanneer hy oor hel skryf, is hy van mening dat daar totaal anders daaroor gedink moet word en dat daar min verwysings daarna is. Bell (2011:67) skryf dat die woord ‘hel’ maar twaalf keer in die Nuwe Testament voorkom en dan hoofsaaklik deur Jesus self.

Die gelykenis van die rykman en Lazarus dui, volgens Bell (2011:75), nie soseer op die ewige bestemming nie, maar op die werk wat hier op aarde gedoen word en hoe ’n mens in verhouding met God in hierdie wêreld leef. Dit is ’n dringende oproep van Jesus hoe ons moet dink oor hierdie wêreld en hoe ’n mens hier moet lewe (Bell 2011:76).

Bell (2011:93) toon aan dat ‘hel’ ’n woord is om die verskrikking aan te toon van mense wat teen God optree en die goeie en die waarheid en die lieflike van God wat Hy vir hulle in gedagte het, wegwys. Hy is egter baie versigtig om daarvan te praat as ’n ewige bestemming. Bell (2011:116) meen dat God verkry wat Hy wil hê, en dit is die heil en verlossing van alle mense en daarin is God ’n God van liefde. God wil juis die goeie vir en die redding van mense bewerk. God is die God van liefde en genade en vrede. As ons egter self niks daarmee te doen wil hê nie, kom daar van God se kant af erkenning dat Hy ons vryheid respekteer. Daarom moet ons die liefde en die vrede van God soek en ons daarin verheerlik en begeerte hê dat ons vir God kan ken. Bell (2011:119) sê dat God se “Ja” altyd belangrik is omdat God se liefde oorwin.

Bell (2011:134) is verder van mening dat die wonder van Jesus se kruisiging nie soseer is dat ons daarin onsself moet spiëel nie, maar dat ons God se totale liefde en die oorwinning van God en sy opstanding en herstel daarin moet sien, sodat ons in ’n nuwe verhouding met God kan kom. Dit sluit mense in, sodat ons in daardie verhouding met God kan lewe. Dit is so, omdat die goeie nuus beter is as die nuus wat ons aan mense bring, naamlik dat hulle tot bekering moet kom om nie in die hel te beland nie. Die goeie nuus is dat God in sy groot en radikale liefde altyd na ons toe uitreik en ons die verlossing wil gee. Bell (2011:170) dui aan dat die hel die verwerping is om te vertrou in God wat ons storie oorvertel. Ons het ons eie verhale, en ons verhaal kan negatief wees as ons nie in ’n verhouding met God wil lewe nie, maar God wil eintlik die mooi verhaal met ons begin. Daardie wonderlike verhaal is een wat hier-en-nou op aarde geskryf word. Dit is ’n wonderlike werklikheid en kan sekerheid vir ons bring.

Daarom wil hy die lewe eintlik beskou as die vreugdevolle deelname aan God se heerlikheid en nie soseer as ’n boodskap van intrede in die hemel nie. Dit beteken dat ons ons moet verheug in God se goeie werk en die vrede, die goedheid, en tot rus kom in God (Bell 2011:179). Daarom nooi Jesus mense uit om te deel in sy verandering van ons hart, sodat ons kan lewe in daardie verhouding.

Daarom verwerp Bell (2011:182e.v.) ook die gedagte van die destruktiewe gewelddadige verstaan van God en hoe dit geïnstitueer word in die kerke. God is nie volgens hom ’n wrede God wat eis dat ons Hom moet dien nie, maar die God van liefde wat op ’n baie besonderse sin juis hier-en-nou sy liefde aan ons bekend maak.

Bell (2011:197) wys daarop dat ’n groot vraag, volgens hom, nie is waar ons sal eindig nie, maar hoe ons nou lewe, in die wêreld, nou in die werklikheid.

Teenoor Bell se *Love wins: At the heart of life’s big questions,* skryf Galli die boek, *God wins: Heaven, hell, and why the Good News is better than Love wins* (2011). Galli se argument is juis dat ons alleen van God se liefde kan praat as ons ook die diepte van die ellende beskou. Galli (2011:18) verwys daarna

dat God as die Skepper en die agent van heil beskou word, maar hy toon aan dat God nie bloot as agent van liefde beskou moet word nie (Galli 2011:24) as ons nie die volheid van die lewe met God verstaan nie (Galli 2011:30). Die saak wat hy wil beklemtoon, is dat die liefde van God eintlik veel groter is, omdat dit die wonder van die offer van Jesus Christus aan die kruis wat die sonde wegneem, insluit. Hy beskryf die totale wonder van God se verlossing (Galli 2011:59e.v.). Die oorweldigende liefde is juis dat God ons op 'n wonderbaarlike manier van die sonde red en dat ons die slegte nuus van die werklikheid van die sonde moet verstaan om ook die verlossing regtig te kan verstaan.

Daarby is die hemel anders as wat Bell voorgee, en nie maar net 'n verwagting van die hier-en-nou nie. Hemel is ook 'n verwagting wat vir ons 'n werklikheid is, omdat ons die heerlikheid daarvan in God kan belewe.

Galli (2011:86) beskryf die wonder van die koninkryk van die hemele, omdat God daar is. Omdat God die heerlikheid wat wag beklemtoon, sal daar verlossing wees en die eer en aanbidding van God sal die hoofsaak wees (Galli 2011:87). Die ware ondervinding van die hemel is wanneer ons die volle liefde van God ervaar en ons in Christus verlos word van die werklikheid van sonde en van ellende. Oor hel en oordeel skryf Galli (2011:96) dat dit nie misken kan word nie, want die werklikheid is dat God ook 'n God van oordeel is. God is 'n regter wat ons kan vertrou (Galli 2011:98). Die ware verhaal van die Bybel sluit ook in dat die God van genade en liefde, die God van oordeel is soos wat dit baie duidelik in die Bybel na vore kom. Terwyl erken word dat die hel ook in hierdie werklikheid inbreek, is dit belangrik om te weet dat dit nie net hier op aarde 'n hel-ondervinding is nie, maar dat dit ook die werklikheid is waarvan ons gered moet word (Galli 2011:106). Daarom kritiseer hy die eksegese van Bell. Die verhaal van die rykman en Lazarus handel nie net oor die verskil in die hart van die rykman en Lazarus nie, maar in die werklikheid van die oordeel. Galli (2011:110) verwys daarna dat sommige dit baie moeilik vind om te aanvaar dat die ewige hel 'n werklikheid is, maar hy skryf dat God nie op ons manier verstaan kan word nie. God se liefde is juis sigbaar aan die kruis daarin dat hy mense wil red van die verskrikking van die hel.

Universalisme is daarom eintlik slegte nuus omdat dit nie in God se Woord na vore kom nie. Daarteen moet gewaarsku word. Die oorwinning van ’n persoonlike God moet beklemtoon word. God is ’n persoonlike God wat op ’n wonderbaarlike wyse mense red. Hy is meer as ’n blote agent, God is ook die Redder van mense en Hy openbaar Homself so (Galli 2011:136). Jesus beliggaam die persoonlikheid van God (Galli 2011:141). Jesus Christus is die ware Verlosser en daar moet van spekulasie na volle vertroue in God beweeg word (Galli 2011:147). Die Bybel vertel ons uitdruklik dat ons die goeie nuus van Jesus Christus waar God na ons toe gekom het, gesterf en opgestaan het, aan almal moet uitdra. Ons moet hierdie goeie nuus wyd en ver verkondig in ons liefde vir al die mense. Ons moet alles in ons vermoë doen om dit uit te dra, maar dit is nie ons taak om God se reputasie te red nie. Hy is God en Hy kan oor ons lewe oordeel. Galli (2011:152) skryf daarom die boek, *God wins: Heaven, hell, and why the Good News is better than Love wins* en daarom moet ons oppas om te sê *Love wins*, wanneer dit maar net ’n algemene goeie gesindheid word. Ons moet baie duidelik verstaan dat God die Een is wat die oorwinning behaal. Hy is die persoonlike God wat ons in die heerlikheid van die hemelse wil intrek in sy liefde.

Galli se boek *God wins: Heaven, hell, and why the Good News is better than Love wins* is in daardie opsig nader aan die Bybelse beeld van God, en die Bybelse boodskap. In die moderne wêreld wil die mense nie weet van die oordeel van God nie. In die moderne wêreld wil die mense nie weet van die kruis nie, maar te midde daarvan is daar die groot angs en nood van mense in die wêreld. Die belangrike punt wat gemaak moet word, is dat ons God alleen in sy liefde kan ken op die wyse waarop Jesus Christus aan die kruis die verlossing bring.

Die grootste probleem met Dawkins (2006) se *The God delusion* is inderdaad dat hy nie begryp dat die God van die Bybel God openbaar in sy liefde in die verhouding tot die mens in dit wat Hy aan die kruis doen nie. Dit is nie ’n oplossing vir die moderne mens om die hele belydenis aangaande God weg te wys en dan te dink dat daar ’n oplossing vir die nood van die wêreld is nie. Die mens kan nie ’n antwoord bied uit die werklikheid self nie. Die mens

kan nie ’n antwoord bied indien hy/sy God wegskuif nie, en dan dink dat hy/sy ’n gemaklike lewe sal lei. Dit is daarom baie duidelik dat vele van die wat die boodskap van God wegwys, juis dit doen omdat hulle nie die diepte van die evangelie reg verstaan nie. In die hantering van die beeld van God is Dawkins en andere soos hy dikwels geneig om vir hulleself ’n beeld van God te skep vanuit hul eie verstaan. Hierdie verstaan is alleen moontlik indien ’n mens in redelike voorspoed lewe. Dit is nie moontlik indien ’n mens in diepste nood in die wêreld leef om ateïstiese benaderings te volg en te meen dat ’n mens sonder enige probleme deur die lewe kan gaan nie. Daarom is die gedagte van Dawkins dat ’n mens ’n vervulde lewe kan lei sonder God, dikwels alleen moontlik vir hulle wat in redelike welvaart lewe. Maar dit beteken dat die mens eintlik gekonfronteer word met die probleem van die bestaan in die wêreld. Daardie probleem van bestaan in die wêreld kan alleen hanteer word vanuit Jesus Christus se kruisdood.

Van de Beek wil altyd die liefde van God in verband met Christus sien. Alleen in die verhouding met Christus kan ons daaroor praat. Alleen as ons dit in Christus sien, kan ons verstaan dat God liefde is. God word self in hierdie stryd in die wêreld in Christus opgeoffer. So openbaar Hy Homself (Van de Beek 2017:424).

God sou nooit sy liefde kon openbaar as die wêreld nie gelyk het soos dit lyk nie, want Hy moet sy liefde in die kruis openbaar. Die wêreldgeskiedenis moet Hy deur die kruis aan ons bring. Hy het nie in abstraksie lief nie, maar is sigbaar in sy Seun (Van de Beek 2017:425). Van de Beek skryf dat dit diep sake is waaroor ’n mens alleen maar kan nadink. In God se genade sien ons die lig van die liefde, maar dit gaan om God se trou. Trou in alles (2017:429).

Van de Beek (2017:437) verduidelik dat ons nooit God se liefde sou kon begryp as God nie sy verlossende liefde in Christus aan ons geopenbaar het nie. Sy reddende liefde is alleen sigbaar in Christus. Hy (2017:443) wys daarop dat daar in hierdie wêreld spanning is, die owerste van die wêreld openbaar die spanning en dit vind plaas in die drama en waarop dit alles afloop, maar

dit eindig met die dood van Jesus en met die dood van die mens. Met die opstanding van Jesus word dit totaal vernuwe.

Wat uiters belangrik is in die benadering van Van de Beek (2018:11e.v.) is dat ons nie ’n God kan voorstel wat nie direk met die wêreld te doen het nie. Die God wat dikwels in die moderne tyd voorgehou word, is die liewe God wat nie werklik betrokke kan raak by die diepste nood van mense vanuit hul lyding nie. Die liewe God wat voorgehou word, is die God van lofliedere (*songs of praise*) en mense word meegevoer deur geestelike verrukking wat uiteindelik ook die voorspoedsteologie voorhou. Dit is nie die God van die Bybel wat ten diepste die God van liefde is nie. Waarom is God die God van liefde? Omdat God Hom in Jesus Christus aan die kruis met die mense verbind. Daarom skryf Van de Beek (2018:11-12) uitdruklik dat God sigbaar is aan die kruis te midde van hierdie wêreld. Ons sien Jesus Christus aan die kruis. Juis daarom kan Paulus ook niks anders weet as van Jesus die gekruisigde nie. Van de Beek begin by die kruis. Die betekenis van die kruis is vir hom radikaal en volkome. Alleen so kan ons werklik van God praat en so alleen kan ons vir God ken. In die werklike lewe is daar nie regtig ’n oppervlakkige benadering moontlik nie. Van de Beek (2018:21) skryf op ’n besondere wyse oor ’n egpaar wat ten diepste getref word deur wat met hulle gebeur. ’n Kind van drie maande kry kanker, en sterf daaraan. Die moeder was ’n weeskind, en op ’n wonderbaarlike manier het sy ’n man gekry wat van haar hou en saam het hulle die kind gekry. Daarmee het hulle vreugde gevind, maar die kind sterf tragies. Hoe benader ’n mens nou hierdie man en vrou? Met geen oppervlakkige soetsappige boodskap nie. Alleen maar met die evangelie van die kruis. Van de Beek (2018:22) gaan verder en vertel dat hulle ’n tweede kind het en dat hulle ook met loeiende sirenes na die hospitaal moet jaag omdat hierdie kind inwendige bloeding gekry het. Weer eens die vraag: Wat nou? En dan is die vraag: Kan ’n mens dan nog bid, laat U wil geskied, O Here.

Hul lewe word gestempel deur lyding, maar dan gaan dit nog verder. Op 32-jarige ouderdom sterf die vrou. Daar is eintlik vir die gesin geen antwoord meer nie, en die man kan uiteindelik maar net uitroep: “Wat het God met

my gedoen?". Soos Job sit hy en hy beklaag sy lot. Hoe praat 'n mens onder sulke omstandighede van die liefde van God? Hoe kan ons inderdaad sê dat God 'n God van liefde is? Watter antwoord kan gegee word? Die antwoord is alleen dat in die kruis van Jesus Christus die las van die sonde van die wêreld gedra word.

Daarom is Van de Beek (2018:31) ook uiters versigtig om die pad van Marcion te loop. Tans word Marcion se oplossing deur baie teoloë en moderne Christene voorgehou. God is net die God van die mooi dinge, die lieflike dinge, die seënryke dinge. Die God van die Ou Testament van oordeel en van sonde veroordeling is nie die God wat hulle graag wil voorhou nie. Is dit werklik die God van liefde? Die God van liefde is ook die God wat te doen het met die werklikhede van die wêreld en wat ook ten diepste betrokke is by mense in die nood waarin hulle verkeer. In hierdie wêreld is daar daarom een boodskap van heil. Dit is die boodskap dat God die hele wêreld op Hom neem. Die kruis van Jesus, waar Jesus gedood is as die Heer van heerlikheid (1 Kor. 2:8), beteken dat God die wêreld dra. Daar sien ons hoedat God in die wêreld optree. God se wil is dus nie 'n maklike oppervlakkige benadering van goedheid nie, maar is ten diepste die benadering van die Een wat die kruis op hom geneem het. Daarom is Marcion verwerp. Hy het 'n valse Godsbeeld voorgehou. Die ware Godsbeeld is die Godsbeeld van die God wat in Jesus Christus aan die kruis sterf.

Van de Beek (2018:59) skryf daarom: "God doet het op een heel andere manier, zoals Hij alleen kan, want Hij is God en geen mens. Hij neemt zelf het hele menszijn in zich op, het menszijn van alle mensen. Hij neemt alles op als een nieuwe Adam, de oervader van de mensheid. En Hij sterft daaraan, beter gezegd: daarom wordt Hij geëxecuteerd. Dat is het kruis. Daarop loopt het verhaal uit. Zó is het verder gegaan. Zo ver is Gód gegaan."

Dit is inderdaad so dat daar nie sprake kan wees van die liefde van God in hierdie verskriklike wêreld nie sonder om indringend na die kruis te kyk en hoedat dit aan die kruis vir ons deurgegee word. Alleen in die kruis van Jesus Christus kan ons enigsins raad hê met die diepte van ellende van die wêreld

rondom ons, alleen daarin kan ons verlossing vind en hoop op ’n nuwe lewe en ’n nuwe verhouding. Alleen wanneer ons na die kruis kyk, kan ons die God van liefde sien. Daar is geen ander manier om van God se liefde te praat as inderdaad die liefde van God aan die kruis nie.

Van de Beek (2018:85) beklemtoon dat daar ’n antwoord gegee word in die opstanding van Jesus Christus. God gee ’n deurslaggewende bewys van die feit dat Hy God is deurdat Jesus opgestaan het. Hy bied in sy opstanding ook vir ons as mens nuwe hoop.

Van de Beek (2018:91) dui aan dat dit duidelik is dat die troos van die kruis die ware troos is. Juis aan die kruis openbaar God Homself en neem die mensdom se ellende op Hom. Uiteindelik lei dit ook tot die opstanding wat die nuwe hoop skep.

Dit beteken juis (Van de Beek 2018:102, 103) dat ons geborge is in Jesus Christus om aan die kerk te behoort en die eenheid van die kerk en die boodskap van die kerk te beleef. Dan kyk ons nie angsbevange rond nie, want ons is deur Jesus Christus in sy wonder van genade vasgehou.

Die betekenis van die opstanding is tog van groot belang, want daarmee hang die hele evangelie saam. As Christus nie opgestaan het nie, is die geloof sinloos (Van de Beek 2018:117). Dit beteken nie dat die opstanding ’n wêreldveranderende saak is, waarin in hierdie wêreld heil gevind word nie. Die opstanding van Jesus het te doen met die opstanding aan die einde van die tye. Dit gaan nie oor die wêreld nie, maar oor die ewige lewe (2018:120). Deur die dood na die opstanding verkry die Christen die Ewige lewe en staan die gelowige wat in Christus sterf ook op. Daarom het die Christen (2018:122) die Ewige lewe ontvang en moet ons die heerliheid daarvan belewe. Die ware identiteit van die Christen is dan juis dat hy/sy in Christus ook van die opstanding verseker is, en aan die opstanding vashou, as die bevestiging van die Ewige lewe. Daarom moet geleef word in die Gees van Christus wat die Gees van verlossing is. Daarom leef die kerk juis deur die Heilige Gees, want die kerk het die Ewige lewe ontvang (2018:131). Dit vind juis plaas in die belewing van die nagmaal en van die doop. Dit gaan juis nie

om mag en magswellus nie, maar dit gaan daarom om met God te lewe. Die kinders van God moet openbaar word (Van de Beek 2018:133).

Van de Beek (2018:134) skryf dat die kinders van God ’n diepere vreugde het as die oppervlakkige, stroperige vreugde wat deur die wêreld aangebied word, of wat deur diegene aangebied word wat van die Gees ’n bloot wese maak wat sagte verlossing bied. Wanneer die dood van Christus gevier word, kan die ware vreugde in die opstanding gevind word. Juis deur die doop en die nagmaal word bevestig dat die Heilige Gees vir die kerk gegee is, om die gelowige in die dood van Christus in te wy (Van de Beek 2018:141).

Die groot vraag na die liefde van God is dus essensieel. Vir Van de Beek gaan dit om een groot saak en dit is die kruis van Jesus Christus. Alleen vanuit die kruis kan die ware liefde van God verstaan word, en kan begryp word hoedat daar ook na die ander uitgereik kan word. Daarmee moet inderdaad saamgestem word. Alleen in die kruis sien ons die liefde van God. Ons sou dit nie anders kon sien in hierdie wêreld van ongelooflike smart nie; ’n wêreld van plaasmoorde, van armoede, van lyding en van smart van COVID-19 wat gevolge het vir die hele mensdom. Ons kan alleen maar ons sonde bely en vra dat God in die kruis van Jesus Christus na ons toe sal kom deur die Heilige Gees, sodat ons ook die wonder van die opstanding en ook die nuwe lewe in Christus sal kan beleef. Dit kan alleen gebeur wanneer ons die volheid van die kruis ook beleef.

# 13.
# DIE VERBOND.
# GOD AS VADER VAN DIE HEIL

Die implikasie van die verbondsluiting in Genesis 12, 15 en 22 is dat God as Vader vir Abraham sal optree en hom sal seën met sy besondere nabyheid, sodat hy ook so ’n seën vir ander kan wees.

Die Vaderskap van God word dan ook in ander opsigte beklemtoon teenoor Dawid en Salomo. Vergelyk 1 Kronieke 17:13; 22:10; 28:6.

In Psalm 89:27 word God as Vader aangeroep: *"Hy sal My aanroep met die woorde: 'U is my Vader, my God, die rots wat my redding is."* en ook Psalm 103:13: *"Soos ’n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien."*

Jesaja 63:16 beklemtoon ook dat God die Vader is: *"U is tog ons vader. Abraham weet niks van ons nie en Israel is nie van ons bewus nie; U, Here, is ons vader, van ouds af is u Naam: Ons Verlosser."*

Baie sterk word dit in 2 Korintiërs 6:18 uitgedruk: *"'Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees', sê die Here, die Almagtige."*

Daarom is die verbond van groot belang. God is die Vader van heil. Die verbond bevestig dit. God sê: "Ek sal vir jou ’n God wees en jy sal vir my ’n kind wees." God sal vir die kind die Vader wees en by hom/haar wees. Daar kom ’n totaal nuwe verhouding met die kind tot stand, en Hy neem hom/haar saam op die wonder van sy redding en verlossing. Hy is die Vader wat omgee en wat sorg. Hy is die Vader wat sy liefde betoon, maar Hy is juis ook die Vader van die verbond. Daarom is daar, aan die een kant, die verbondsinstelling. Hy is die Here God wat ook vir Abraham uit Ur van die Galdeërs laat kom het. Hy is die Here God wat hulle uit die slawehuis in Egipte uitgelei het. Later lei Hy hulle uit die ballingskap terug na hul land. Daarom

moet hulle in ’n bepaalde verhouding met Hom kom. Hulle moet voor Hom lewe in ’n bepaalde unieke verhouding. Dit maak dit noodsaaklik dat die mens ook in die verbondsverhouding met God as God se verbondspartner tree. God is die volkome verbondspartner. Hy is die Een wat van sy kant af die verbond aangaan. As Vader roep Hy tot sy kind. Abraham word geroep om te antwoord op die verbondstipulasies. Abraham kan net nie op dieselfde wyse as God tot die verbond toetree nie, maar Abraham erken die verbondsheerlikheid van God. Wanneer Abraham dan voor God verskyn en sê dat Hy ook vir God erken selfs voordat hy enige daad kon doen vir die besnydenis, roep God tot Hom in die verbond en sê: “Ek sal vir jou ’n God wees en jy moet my kind wees.”

Later word aangedui hoedat daar by die bou van die Tempel ook verbondstipulasies gegee word. Die Here God maak Hom by die oprigting van die tempel deur Salomo bekend as die Vader wat sorg en wat omgee. Daarom is dit dan so dat, wanneer die Tempel gebou word, Salomo erken dat dit alles uit God se hand kom. In die Psalms word dit ook uitdruklik gestel dat God ons Vader is, dat God die Een is in wie die heil na vore kom, want soos ’n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor hulle wat Hom vrees. Alhoewel die Vaderskap van God nie so sterk uitgebou word in die geheel van die Ou Testament nie, is dit tog baie duidelik dat Hy binne die verbondsraamwerk met sy volk baie uitdruklik sê dat Hy die lewende Vader is wat vir hulle omgee. Ook in Jesaja is die bekende woorde waar vooruitskouing gevra word vir die wonder van Christus dat Hy Ewige Vader is, dat die Vaderskap van God ook betekenis verkry in die heil van die kind wat gebore word. Dat God se verbondsverhouding vanuit die heerlikheid wat Hy bepaal ook vir die kind wat gebore word, betekenis het en dat daardie kind dan ook die heerlikheid van God vertoon.

In Jeremia word daar dan aangetoon dat God erken moet word binne die verbondsverhouding. Die groot gevaar is ook dat ’n mens dalk die Vaderskap van God kan misken. Daar is mense wat God se Vaderskap op die afgode van toepassing maak, en dan op ’n verkeerde manier oor God dink en ook op ’n verkeerde manier vir God verstaan.

Wanneer dit oor die eienskappe van God handel, is Van de Beek (2017:203-204) versigtig om te praat oor die onmededeelbare en mededeelbare eienskappe van God. God se onbevatlikheid (*incomprehensibility*) moet voorgehou word.

God openbaar hom deur die Seun in sy ondeurgrondelikheid (Van de Beek 2017:207). God se almag is van belang, omdat ons ons nie kan indink wat God nie kan doen nie. Die almag van God word gekwalifiseer deur die Lam wat geslag is en deur die Heilige Gees wat God se liefde aan mense bewys en hulle tot kinders maak teen alle weerstand in. Die almag van God word deur die Gees en die genade van Christus bepaal (Van de Beek 2017:220-222).

Wat doen God die Vader dan? Trinitariese teologie is van groot belang. Die Triniteit moet altyd vanuit die verhouding met Jesus en die Gees benader word. Oor God moet altyd oor Jesus gepraat word (Van de Beek 2017:255).

Die wonder wat alle verstand te bowe gaan, is die erkenning dat God die Een is wat Hy is. Hy openbaar Homself as die Een wat is (Van de Beek 2017:275).

Om God die Vader te erken, beteken ook dat ons die ritus, die kultus moet erken, dat ons ook moet praat van die heiligdom waar God aanbid is. God se inisiatief wat geneem moet word en ook sy orde in die skepping. Jesus se liggaam word die Tempel (Van de Beek 2017:320). Jesus sê egter net dat Hy die Tempel sal afbreek, maar dit ook weer sal opbou; dit gaan nie om die vernietiging wat God wil hê nie, maar om die herbou, sodat sy heiligdom weer herbou kan word.

Binne die verbond moet die ewige heerlikheid en die Vader erken word, soos dit in Filippense 4:20 aangetoon word: "*Aan ons God en Vader behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.*"

Vrye toegang tot die Vader word juis binne die verbond ontvang. Galasiërs 4:6: "*En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: 'Abba!' Dit beteken: Vader*!"[130]

---

130 [6] ὅτι δέ ἐστε υἱοί, ἐξαπέστειλεν ὁ θεὸς τὸ πνεῦμα τοῦ υἱοῦ αὐτοῦ εἰς τὰς καρδίας [b]ἡμῶν, κρᾶζον· Αββα ὁ πατήρ.

Binne die verbond kom die gawes van die Vader van Bo, soos in Jakobus 1:17 beklemtoon word: "*Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.*"

# 14.
# VERHEERLIKING VAN EN DIENS AAN DIE VADER

Daar is verskeie gedeeltes in die Nuwe Testament wat daarop dui dat God verheerlik en gedien moet word.

Matteus 5:16: "*Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.*" En ook Matteus 5:45 en 5:48: "*Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.*" En ook Hebreërs 2:11: "*Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie.*"

Die Vader moet verheerlik en nagevolg word. Die Vader is die wonderbare God wat Homself openbaar in sy liefde en sorg en daarom moet Hy nagevolg word. Dit is baie duidelik dat die lig moet skyn uit die lewe van die gelowige, sodat hulle die Vader wat in die hemel is, kan verheerlik. Die Vader is nie afwesig nie. Die Vader is naby sy kinders. Daarom word hulle kinders van God genoem en daarom moet hulle ook so volmaak wees soos die Vader in die hemel, omdat hulle juis in hierdie unieke verhouding met die Vader is en ook die Vader se heerlikheid moet erken. Op daardie manier word erken dat die Vader goed is. God regeer as Vader op sy unieke wyse oor die mens. Hy wat heilig en heilig maak omdat almal uit Een Vader is en Jesus nie skaam is om broers van die gelowiges genoem te word nie.

## 15.
## SORG VAN GOD DIE VADER

Vele tekste dui op God se sorg. Kyk Matteus 6:26: "*Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?*" En Matteus 10:29: "*Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.*"

God is ook die Vader wat sorg en wat omgee. Reeds in Matteus word dit baie duidelik gestel dat Hy die Lewende God is wat omgee vir hulle wat in Hom glo. Hy sorg vir hulle meer as vir die wilde voëls wat nie saai of oes nie, meer as die gras van die veld, want Hy is die Vader wat besorgd is oor sy kinders. Die Vader het dus 'n besondere verhouding met hulle wat voor Hom lewe. Hy het die hare op hul hoof getel. Hy weet van hul lewe en gee om vir hulle, sodat uitdrukkelik gesê kan word dat Hy wat God is, as Vader na die kinders omsien. Baie belangrik is vervolgens dat die Vader en Seun 'n intieme verhouding het. Die Vader en Seun word telkemale aangedui in groetboodskappe van Paulus en andere dat die Vader en die Seun genade en barmhartigheid aan hulle wil gee.

# 16. DIE VADER VAN DIE GEKRUISIGDE EN OPGESTANE HERE

Reeds in Lukas 10:22 (ook Matteus 11:27) word die besondere verhouding tussen die Vader en Seun uitgedruk: "*My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak.*"

Veral in Johannes word die besondere verhouding van Vader en Seun uitgedruk. Kyk Johannes 5:17, 18, 19, 20-23, 26, 30, 36-37, 43; 6:46; 8:19, 27-28, 38; 10:30; 11:41; 12:27-28, 49; 13:1, 3; 14:8, 9-11, 10-11, 28, 31; Johannes 16:10, 15.

Die verhouding tussen die Vader en die Seun word ten diepste uitgedruk in Johannes 17:

> "[1] *Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk*
> [2] *en gesê: "Vader, die tyd het gekom.*
> *Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.*
> [3] *U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het,*
> *die ewige lewe te gee.*
> a. *En dit is die ewige lewe:*
> i. *dat hulle U ken, die enigste ware God,*
> ii. *en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.*
> [4] *Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.*
> [5] *Verheerlik U My nou ook by U, Vader,*
> *met die heerlikheid wat Ek by U gehad het*
> *voordat die wêreld bestaan het.*"[131]

---

131 [17] Ταῦτα [a]ἐλάλησεν Ἰησοῦς,
καὶ [b]ἐπάρας τοὺς ὀφθαλμοὺς αὐτοῦ

En dan ook

[24] *"Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is,*
*hulle wat U My gegee het,*
*ook by My moet wees,*
*sodat hulle my heerlikheid kan sien,*
*die heerlikheid wat U My gegee het*
*omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.*
[25.] *"Regverdige Vader, die wêreld ken U nie,*
*maar Ek ken U,*
*en hulle hier weet dat U My gestuur het.*
[26.] *Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak,*
*en Ek sal dit verder bekend maak,*
*sodat die liefde wat U aan My bewys het,*
*in hulle kan wees*
*en Ek ook in hulle."*[132]

---

εἰς τὸν οὐρανὸν εἶπεν·
Πάτερ, ἐλήλυθεν ἡ ὥρα· δόξασόν σου τὸν υἱόν,
[c]ἵνα ὁ [d]υἱὸς δοξάσῃ σέ,
[2] καθὼς ἔδωκας αὐτῷ ἐξουσίαν πάσης σαρκός,
ἵνα πᾶν ὃ δέδωκας αὐτῷ
[e]δώσῃ αὐτοῖς ζωὴν αἰώνιον.
[3] αὕτη δέ ἐστιν ἡ αἰώνιος ζωὴ
ἵνα γινώσκωσι σὲ τὸν μόνον ἀληθινὸν θεὸν
καὶ ὃν ἀπέστειλας Ἰησοῦν Χριστόν.
[4] ἐγώ σε ἐδόξασα ἐπὶ τῆς γῆς,
τὸ ἔργον [f]τελειώσας ὃ δέδωκάς μοι ἵνα ποιήσω·
[5] καὶ νῦν δόξασόν με σύ, **πάτερ**,
παρὰ σεαυτῷ τῇ δόξῃ ᾗ εἶχον πρὸ τοῦ τὸν κόσμον εἶναι παρὰ σοί.

132 [24] πάτερ, ὃ δέδωκάς μοι, θέλω ἵνα ὅπου εἰμὶ ἐγὼ κἀκεῖνοι ὦσιν μετ᾽ ἐμοῦ,
ἵνα θεωρῶσιν τὴν δόξαν τὴν ἐμὴν ἣν [ab]δέδωκάς μοι,
ὅτι ἠγάπησάς
με πρὸ καταβολῆς κόσμου.
[25] Πάτερ δίκαιε, καὶ ὁ κόσμος σε οὐκ ἔγνω,
ἐγὼ δέ σε ἔγνων,
καὶ οὗτοι ἔγνωσαν ὅτι σύ με ἀπέστειλας,
[26] καὶ ἐγνώρισα αὐτοῖς τὸ ὄνομά σου
καὶ γνωρίσω,

Jesus se gebed is die hoogtepunt van die verhouding met sy Vader. In die wonderbare verhouding nader Hy tot die Vader, maar bid ook vir sy kerk wat deur sy Vader aan Hom gegee word. So verkry die gebed diepe betekenis vir die verhouding tussen Vader en Seun.[133] Vader en Seun staan in 'n uiters besondere verhouding. Sterk word die woord 'verheerliking' beklemtoon wat saamhang met die ewige lewe. Weens die herhaling daarvan word die teksvoorwaardes oortree en kom implikasies voor. Die Seun verheerlik die Vader, maar ook die Seun word verheerlik. Dit gebeur tot heil van die mens.

Baie uniek is egter die besondere verhouding wanneer Jesus reeds as kind sê dat Hy met die dinge van sy Vader moet besig wees, en dat die Vader alles aan Hom toevertrou het. Die Vader hou die dinge nie weg van Jesus nie, maar vertrou dit aan Hom toe, en sy Vader kan ook ingryp as dit nodig sou wees. Jesus pleit in Getsemane daarvoor vir die kruisiging, maar berus in die Raad van God om die wil van God te volbring. Jesus en sy Vader bemaak koninkryke omdat dit van Jesus af kom.

Hierdie waarheid word ook elders bevestig: Romeine 1:7; 15:6; 1 Korintiërs 1:3; 8:6; 15:24-28; Filippense 2:11; 1 Timoteus 1:2; 2 Timoteus 1:2; Hebreërs 1:5; 5:5; 2 Johannes 1:3.

---

ἵνα ἡ ἀγάπη ἣν ἠγάπησάς
με ἐν αὐτοῖς ᾖ
κἀγὼ ἐν αὐτοῖς.

133 Beasley-Murray (1999:303) vat dit goed saam: "It is of fundamental importance to recognize that in the prayer the basis of the unity of the Church is the nature of God and the reality of his redemptive activity. More specifically, it is an outflow of the relations within the Triune God and of his action in and through the incarnate Son, whereby his saving sovereignty became operative in the world. That unity of God's people became a reality when the Son bestowed on those who believed in him the glory that the Father had given to him (v 22), and it is to find its perfection in the consummation of the saving sovereignty (vv 24-26). The unity of the Church for which Jesus prayed accordingly proceeds from God and belongs essentially to his redemptive work in Christ. As such it transcends all human efforts at reconciling the conflicting interests of people, including those of Christians in their endeavors to harmonize their own interests."

Jesus het die heerlikheid van sy Vader en Hy kom van die heerlikheid van sy Vader. Hy as die enigste Seun is in die heerlikheid van die Vader. Ook is Hy die enigste wat die Vader gesien het. Omdat Hy die Vader gesien het, kan Hy ook die Vader bekend maak. Jesus en die Vader is in ’n baie besondere verhouding, omdat Jesus die Vader liefhet en die Vader Hom ook liefhet. Jesus werk soos die Vader. Die betekenis van die verhouding van Jesus en die Vader word sterk uitgedruk, wanneer die heidene en die Jode Jesus nie wil herken as die Een wat van die Vader kom nie. Veral die Jode vind dit afstootlik dat Jesus God as sy Vader beskryf en hulle verwerp daarom die feit dat Jesus homself as die Seun van God beskou wat deur die Vader gestuur is. Aangesien alle oordeel eintlik deur Jesus se hande kom, kan Hy ook oordeel, want dit kom van die Vader en is aan Hom oorgegee. So het Hy ook die lewe in Homself wat Hy van die Vader ontvang het. Dit beteken egter ook dat Hy alles wat Hy doen vanuit die wil van die Vader doen. Alles wat Hy voltooi, alles waaraan Hy besig is, kom uit die hand van die Vader. Omdat dit uit die hand van die Vader kom, kan Hy dit voltooi op ’n heerlike manier aan die voete van die Vader en tot die heerlikheid van die Vader.

Juis om daardie rede, omdat Hy in hierdie absoluut unieke verhouding met die Vader is, kan Hy ook die heerlikheid en die getuienis van die Vader aan die mense deurgee. Hy kom van die Vader af en maak dit duidelik dat, as hulle Hom nie ken nie, sal hulle die Vader ook nie ken nie. Daardie unieke verhouding tussen Vader en Seun het spesifieke betekenis vir die volle vooruitgang van die evangelie in die wêreld. Die Vader is ook die Een wat omgee deur sy Seun na die wêreld te stuur. Die kruisgebeure hang ten diepste daarmee saam. Die Vader bring die wonder van verlossing in Christus na vore. So kan die mense besef wie Jesus is. Hulle moet besef wie die Vader in hierdie baie unieke verhouding met Jesus is. Jesus bid ook dat die Vader Hom sal verhoor en Hy dank God die Vader wat hom verhoor en doen wat Hy gevra het. Hy is egter bereid om die Vader se wil tot die uiterste toe te volg en, al bid Hy ook dat die Vader se wil in Getsemane dat daar die beker kan verbygaan, is Hy steeds bereid om die wil van die Vader tot die uiterste te doen. Juis omdat Hy gehoorsaam is, is Hy ook gereed om na die Vader toe

oor te gaan en by die Vader te kom. Die Vader het Hom geseën. Die Vader gee alles in sy hande oor, en die Vader is die Een wat Hom in sy heerlikheid ophef. Daarom sê Jesus dat wie Hom sien, sien die Vader. Hy is in 'n baie besondere verhouding met die Vader. Elkeen wat Hom sien, is in daardie verhouding opgeroep tot 'n nuwe lewe en staan dan ook in daardie unieke verhouding. Daarom kan Hy die mense rig op daardie besondere verhouding. Hy sê: Glo in My omdat ek in die Vader is en die Vader in my.

Daardie unieke verhouding word ook deur die woord 'liefde' uitgedruk. Die Vader en die Seun het mekaar ook lief en daardie liefde word oorgedra op die gelowige wanneer Jesus dit wat Hy ontvang het, deurgee en die wonder plaasvind. Daar is 'n unieke verhouding tussen Jesus en sy Vader wat ook van toepassing gemaak word op die mens. Dit beteken dus ook uiteindelik dat Jesus verheerlik moet word, soos wat die Vader Hom verheerlik. Hy ontvang dan ook die heerlikheid van God. Juis daarom sê Jesus vir Maria Magdalena dat sy Hom nie moet vashou in die tuin, wanneer Hy aan haar verskyn, omdat Hy na die Vader toe gaan en Hy nog nie opgevaar het na die Vader toe, sodat sy absolute heerlikheid sigbaar kan wees nie.

Uitdruklik word genade en vrede telkemale aan hulle gegee, van God die Vader en die Here Jesus Christus. Om daardie rede kan daar bely word dat daar net Een God die Vader uit wie alle dinge is en Een Here Jesus deur wie alles bestaan. Daarmee word die wonder van die skepping en die bestaan van God die Vader op 'n baie besonderse en unieke wyse bevestig. Hy het ook alles onderwerp, sê Jesus. Daar is die moeilike teks dat Hy ook sê dat alles sal onderwerp word aan die Vader en dan sal die Seun Hom ook self aan die Vader onderwerp (1 Kor. 15). Dit beteken nie dat die Seun ondergeskik is aan die Vader as die mindere persoon nie, maar dit beteken dat die Seun in sy middelaarskap, wat mens geword het in alle opsigte, Homself as mens, as middelaar sal onderwerp, maar dat die Goddelike logos in die eenheid met die Vader steeds sal voortbestaan en beklemtoon sal word. So is daar dan inderdaad die genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en van Jesus die Here.

Verder word beklemtoon dat Jesus in ʼn besonderse sin groter as die engele is en dat Hy deur die Vader ook die wonder van die heerlikheid ervaar en verkry het, want Hy is die besondere Hoëpriester en daarom sal die heerlikheid altyd van die Vader na die Seun toe uitgaan.

Migliore (2004:64) wys daarop dat daar heelwat vrae in die moderne teologie oor God na vore kom, en dat dit in verskillende hoeke benader word. Vanuit verskillende hoeke word die Vaderskap van God bevraagteken deur, byvoorbeeld, die feministiese toeloë (Migliore 2004:65). Ook swart teologie het ernstige vrae oor die wyse waarop rassisme soms in die teologie na vore kom deur die wyse waarop God erken word en dit self lei tot die misbruik van die natuur. Migliore waarsku egter dat dit onmoontlik is om almal tevrede te stel deur ʼn Godsbegrip wat alles insluit (2004:66).[134]

Vervolgens is daar baie belangrike elemente van die wederkoms en die Vader. Wanneer Jesus weer kom, sal die gelowiges in die Koninkryk van sy Vader skitter soos die son, want die Here is die een wat kom vanuit die Vader wat die kruis ondergaan het, wat opgestaan het en wat weer in sy heerlikheid sal kom. Hy sal weer in sy heerlikheid kom met dieselfde heerlikheid as sy Vader. Weer word die unieke verhouding met die Vader beklemtoon, maar ook in die wederkoms word baie uitdruklik gestel dat Hy van die Vader kom en dat Hy juis die wil van die Vader voltrek. Omdat dit so ʼn aardskuddende gebeurtenis is, weet niemand ook van die geleentheid wanneer dit sal gebeur nie, behalwe dat hulle moet weet dat hy van die Vader kom, en dat die Vader die tyd sal bepaal. Dit beteken weer eens nie dat Jesus ondergeskik aan die Vader is as God in sy goddelike logos nie, maar ondergeskik aan die Vader weens die wyse waarop die Vader oor die Middelaar die wederkoms bepaal.

---

134 Migliore (2004:66): "Christian faith and theology do not speak of God in a general and indefinite way; they speak of God concretely and specifically. Christians affirm their faith in God as the sovereign Lord of all creation who has done a new and gracious work in Jesus Christ and who continues to be active in the world through the power of the Spirit."

Dit is dus ook van belang om nie skaam te wees vir die woorde van Jesus Christus nie, want wanneer ’n mens jou skaam vir die woorde van Jesus Christus sal jy die heerlikheid van die Vader nie ken nie en sal jy nie in die heerlikheid van die Vader ingaan nie.

Dit is duidelik dat die antichris nie die Vader en die Seun erken nie. 1 Johannes 2:22: “*Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hý is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie.*” En 1 Johannes 2:23: “*Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.*”

Gawes kom van die Vader van Bo. Alle gawes, alle goeie gawes kom van die Vader van Bo. Daardie sake kom nie uit onsself nie. Alle heil, alle nuutheid, alle vernuwing kom uit die Vader wat dit moontlik maak en dit skenk, want die leuenaar die Satan wil nie glo dat die Vader die gawes gee nie. Die antichris is dus diegene wat die Vader en die Seun nie wil erken nie, want wie die Seun nie erken nie verwerp ook die Vader en wil die Vader dan in daardie sin nie erken nie.

# 17.
# DIE WIL VAN DIE VADER IN KRUISGEBEURE

---

Matteus 26:36-42 (39):

*“36 Daarna kom Jesus met sy dissipels by ’n plek met die naam Getsemane,*
*en Hy sê vir hulle:*
*“Sit hier*
*terwyl Ek daar gaan bid.”*
*37 Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem.*
*Toe het Hy bedroef*
*en beangs geword*
*38 en vir hulle gesê:*
*“Ek voel doodsbenoud.*
*Bly hier*
*en waak saam met My.”*
*39 Hy het ’n entjie verder gegaan*
*en daar gekniel met die gesig teen die grond*
*en gebid:*
*“My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan.*
*Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie,*
*maar soos U wil.”*

En

> *“42 ’n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê:*
> *‘My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied’.”*[135]

---

135 36 Τότε ἔρχεται μετ’ αὐτῶν ὁ Ἰησοῦς εἰς χωρίον λεγόμενον Γεθσημανὶ,
καὶ λέγει τοῖς μαθηταῖς·
Καθίσατε αὐτοῦ
ἕως οὗ ἀπελθὼν [ν]ἐκεῖ προσεύξωμαι.
37 καὶ παραλαβὼν τὸν Πέτρον καὶ τοὺς δύο υἱοὺς Ζεβεδαίου
ἤρξατο λυπεῖσθαι
καὶ ἀδημονεῖν.

Johannes 18:11: *"Toe sê Jesus vir Petrus: 'Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie?'."*

Die wil van die Vader is duidelik in die kruisgebeure. In Getsemane sien ons alreeds hoe Jesus in 'n diepe verhouding met sy Vader in worsteling gaan om die beker by Hom verby te laat gaan, omdat Hy dan in daardie oomblikke die angs en die nood van die kruisgebeure op Hom sien afkom. Dit is duidelik dat die teksvoorwaardes oortree word en dat implikasies ontstaan. Jesus word diep bedroef en bid tot die Vader terwyl die dissipels nie besef wat gebeur nie. Let op die sensnedes. Hy besef waarom dit gaan en roep tot die Vader en smeek dat die lydingsbeker by Hom sal verbygaan. Die kruisgebeure word die wonder van die nuwe Koninkryk van God. Die Koninkryk van die kruis moet bekend gemaak word en dit kan alleen deur Jesus in diens van die Vader en EEN met die Vader gedoen word.[136]

---

38 τότε λέγει [w]αὐτοῖς·
Περίλυπός ἐστιν ἡ ψυχή μου ἕως θανάτου·
μείνατε ὧδε
καὶ γρηγορεῖτε μετ' ἐμοῦ.
39 καὶ [x]προελθὼν μικρὸν ἔπεσεν
ἐπὶ πρόσωπον αὐτοῦ προσευχόμενος
καὶ λέγων·
Πάτερ μου, εἰ δυνατόν ἐστιν, παρελθάτω ἀπ' ἐμοῦ τὸ ποτήριον τοῦτο· πλὴν
οὐχ ὡς ἐγὼ θέλω
ἀλλ' ὡς σύ.
42 πάλιν ἐκ δευτέρου ἀπελθὼν προσηύξατο
λέγων·
Πάτερ μου, εἰ οὐ δύναται [y]τοῦτο [z]παρελθεῖν ἐὰν μὴ αὐτὸ πίω, γενηθήτω τὸ θέλημά σου.

136 Turner (2008:627) dui dit soos volg aan: "26:39-41 The pathetic cycle occurs three times: Jesus prays alone (26:39, 42, 44; cf. 14:13, 23) but then finds the disciples sleeping instead of staying alert (26:40, 43, 45). As he faces death, his anguish contrasts with their lack of awareness and concern for their master. His prayer in 26:39 (cf. 26:42, 44) expresses his wish to avoid the agonies of the cross, yet he realizes that the Father's plan takes priority over his wishes; the Father's will must be done (6:10; 26:53-54). Jesus portrays his suffering as a cup that must

be drunk.1 His prone posture is in keeping with his submission to the Father (17:6).2"

Kyk ook Carson (1984:538): "Jesus did not suffer martyrdom. Can anyone imagine the words of 26:53 on the lips of a Maccabean martyr? Many of Jesus' followers throughout the centuries willingly suffer martyrdom because of the strength Jesus' death and resurrection give them. But Jesus went to his death knowing that it was his Father's will that he face death completely alone (27:46) as the sacrificial, wrath-averting Passover Lamb."

Asook Luz (2005:408): "Where in the text can we see that God is with Jesus? Jesus expresses his own sorrow with the ready-made words of a biblical psalm of lament. He prays with the ready-made words of the Lord's Prayer. His prayer, his prostrating himself, indeed even his sorrow are not acts of despair; they come from an attitude of piety that lives from ready-made religious language. Anyone who knows that "your Father knows what you need before you ask him" (Matt 6:8* – introducing the Lord's Prayer) needs no spectacular answers to prayer and also no angels to comfort a praying man in despair. Jesus' prayer is an act of piety, of obedience, and of trust, not an act of despair. Therefore, Matthew does not need to report that Jesus' mood changed or that he came to a decision before he has him appear before his disciples in vv. 45-46* composed, resolute, and "knowing". For Matthew, Jesus' sorrow, fear, and despair are also borne by God. Jesus was never abandoned by God and never without God."

Kyk ook Hagner (1995:781): "The thought of what he will have to undergo in the near future fills Jesus with dread and anguish. A real struggle within the soul of Jesus takes place in Gethsemane, and he craves the support of those who have been closest to him during his ministry. The mystery of the agony of God's unique Son cannot be fully penetrated. That it has to do with bearing the penalty of sin for the world to make salvation possible seems clear. What we do see in the narrative is Jesus pleading that if at all possible the cup of this suffering might pass from him without his having to drink of it, i.e., that he might even at this late moment bypass the agony of the cross. Yet here as elsewhere Jesus submits himself, however reluctantly, to the will of his Father."

# 18.
# VADER, SEUN EN HEILIGE GEES

Die eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees is ook hier van groot belang. (Kyk ook Afdeling A, Hoofstuk 5.)

Johannes 14:16-26 en 15:26 druk dit uit: "*Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.*"

En Romeine 8:15: "*Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader.*"

Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is ten nouste aan mekaar verbonde. Die Drie-eenheid word daarmee bevestig. Soos reeds vantevore aangedui is, het die Heilige Gees 'n unieke werking as Persoon. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees staan ook in 'n baie besondere verhouding tot mekaar. Jesus sê dan ook uitdruklik dat die Vader in sy Naam die voorspraak, die Heilige Gees, sal stuur en dan sal die voorspraak en die heilige Gees die drie dinge doen: Hy sal oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, maar Hy sal dit op 'n unieke wyse doen, sodat die wonder van Jesus Christus na vore kan kom. Hy sal verhoog word aan die regterhand van God en die Heilige Gees wat belowe is, wat van die Vader gekom en uitgestort is, sal die wonder doen om Christus te verheerlik. Die Gees wat gegee word, maak dus nie tot slawe nie, maar tot redding.

Paulus stel sy apostelskap baie duidelik in verband met die wonder wat van die Vader kom. Omdat Jesus die Here dit moontlik maak, is daar vrye toegang tot die Vader. Daarom kan uitgeroep word: "Abba Vader!". Die gelowige word kind van God wat tot die Vader kan roep, en die Vader ook kan erken. Die Vader het dit vooraf bestem om in Christus die gelowige uit te kies en aan Hom te verbind deur die Heilige Gees. Daarom kan en moet hulle gehoorsaam wees en die wonder van die ewige lewe ervaar.

# 19.
# GELOOF EN DIE VADER

Geloof in die Vader is moontlik in Jesus Christus die Here deur die Heilige Gees. Die wonder van geloof is so groot dat dit nie kan beskryf en bedink word nie. Die lieflike gedeelte in Johannes 15 vanaf vers 1 druk dié saak op 'n besondere wyse uit:

*"Ek is die ware wingerdstok*
*en my Vader is die boer.*
[2] *Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie,*
*sny Hy af;*
*maar elkeen wat vrugte dra,*
*snoei Hy reg,*
*sodat dit nog meer vrugte kan dra.*
[3] *Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het.*
[4] *Julle moet in My bly*
*en Ek in julle.*
*'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie;*
*en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.*
[5] *"Ek is die wingerdstok, julle die lote.*
*Wie in My bly*
*en Ek in hom, dra baie vrugte,*
*want sonder My kan julle niks doen nie.*
[6] *As iemand nie in My bly nie,*
*word hy weggegooi soos 'n loot*
*en hy verdroog.*
*Die mense maak sulke lote bymekaar*
*en gooi dit in die vuur,*
*en dit verbrand.*
[7] *As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."*[137]

---

137 [5] Ἐγώ εἰμι ἡ ἄμπελος ἡ ἀληθινή,
καὶ ὁ πατήρ μου ὁ γεωργός ἐστιν·
[2] πᾶν <u>κλῆμα ἐ</u>ν ἐμοὶ μὴ φέρον καρπὸν

Openbaring 1:6 en 2:28.

Geloof in die Vader word deur die verbintenis met die wingerdstok bevestig.[138] Die Vader versinnebeeld die boer. Die gelowige moet ook vas aan die Seun wees, maar die Vader lei die geloof.

---

αἴρει αὐτό,
καὶ πᾶν τὸ καρπὸν φέρον
καθαίρει αὐτὸ ἵνα [a]καρπὸν πλείονα φέρῃ.
3 ἤδη ὑμεῖς καθαροί ἐστε διὰ τὸν λόγον ὃν λελάληκα ὑμῖν·
4 μείνατε ἐν ἐμοί,
κἀγὼ ἐν ὑμῖν.
καθὼς τὸ κλῆμα οὐ δύναται καρπὸν φέρειν ἀφ' ἑαυτοῦ ἐὰν μὴ [b]μένῃ ἐν τῇ ἀμπέλῳ,
οὕτως οὐδὲ ὑμεῖς ἐὰν μὴ ἐν ἐμοὶ [c]*μένητε.*
5 ἐγώ εἰμι ἡ ἄμπελος, ὑμεῖς τὰ κλήματα.
ὁ μένων ἐν ἐμοὶ
κἀγὼ ἐν αὐτῷ οὗτος φέρει καρπὸν πολύν,
ὅτι χωρὶς ἐμοῦ οὐ δύνασθε ποιεῖν οὐδέν.
6 ἐὰν μή τις [d]*μένῃ ἐν ἐμοί*,
ἐβλήθη ἔξω ὡς τὸ κλῆμα καὶ ἐξηράνθη,
καὶ συνάγουσιν αὐτὰ
καὶ εἰς τὸ πῦρ βάλλουσιν
καὶ καίεται.
7 ἐὰν μείνητε ἐν ἐμοὶ καὶ τὰ ῥήματά μου ἐν ὑμῖν μείνῃ, ὃ ἐὰν θέλητε [e]αἰτήσασθε καὶ γενήσεται ὑμῖν·

138 Beasley-Murray (1999:290): "The true Vine can emerge only through the redemptive ministry of him in whom Israel may be made new. It is the Redeemer with those united in him through faith and love. By definition this excludes from the true Vine those in Israel who rejected Jesus and his revelation, represented above all in the leaders who finally brought about his death. From the beginning the consciousness of this divorce between believing and unbelieving Israel could not be erased from the Church's mind, not even from that of the wholly Jewish Church. In the time of the Fourth Evangelist's ministry it will have been particularly vivid in view of the churches' experience of opposition from the synagogue leadership, comparable to that which Jesus suffered. The difference between the later and earlier churches on this issue will have been the clearer understanding of the later community that the true Vine includes believers from all nations (as 10:16; 12:12-32 envisages), whereas unbelieving Jews numbered

Die teksvoorwaardes word oortree deur die besondere wyse waarop die lote beskryf word. Daardeur ontstaan die implikasie dat die lote juis aan Jesus vas moet wees om in God die heil te verkry. Dit is baie duidelik dat geloof in Jesus Christus en geloof in die Vader ten nouste met mekaar saamhang. Jesus sê dan ook uitdruklik dat die wat in Hom glo en sy Naam erken en van Hom getuig, lof sal ontvang. Hy sal vir hulle intree by die Vader en hul saak voor God die Vader stel. So sal die heerlikheid van die Vader bekend gemaak word. Geloof in Jesus Christus beteken ook dat in nederige afhanklikheid erken word dat God die Vader is, en dat God se bedoeling verstaan word. Menslike eer word nie verkry nie. Hulle wat hulle nie skaam vir die Woord van die Here nie, roep uit "Abba Vader!", want hulle behoort aan God. Daarom dat elkeen wat die Vader vir Hom wil gee, aan Jesus gegee sal word. Geloof is dus nie iets wat uit onsself, ons eie gedagtes, opkom nie, maar deur die genade van God aan die mens in Christus gegee word, sodat hulle gelowig kan word en glo, en in geloof die Vader kan aanbid. Die gelowige wat die kruisdood en opstanding van Jesus erken, sal die verlossing ervaar. Dit is dus baie duidelik dat 'n mens nie na die Vader kan kom sonder Christus nie. Die unieke betekenis van Christus in hierdie verband is dus van allergrootste belang.

Geloof lei tot die ewige lewe. Jesus Christus self, die Weg, die Waarheid en die Lewe, maak die Ewige lewe ook moontlik en skenk die Ewige lewe. Hy maak dit moontlik om as gelowige by die Vader te kom en die wonder van die nabyheid van die Vader te kan ervaar en ook so die volle heerlikheid te kan ondervind. Dit beteken dan ook dat die opdragte van Jesus uitgevoer moet word, omdat daardie opdragte beteken dat 'n mens in 'n noue verhouding met die Vader en Seun leef.

Geloof beteken dan ook dat 'n mens soos die loot vas aan die wingerdstok sal wees, sodat 'n mens God kan aanbid. Dit beteken ook dat die opdragte van die Here nie as ondergeskiktes nie, maar as kinders sal uitvoer. Die gelowige sal in die Naam van Jesus kan bid en so tot die Vader nader. Selfs wanneer hulle uitmekaar gejaag sal word, sal hulle die Here Jesus dien en sal die Vader

themselves with the Gentiles who oppose the gospel and the Church that preaches it."

by hulle wees. Selfs wanneer Jesus ook alleen gelaat sal word, sal Hy nie alleen wees nie, maar die Vader sal by Hom wees.

Omdat geglo word dat Jesus deur die Vader gestuur is, sal die liefde van die Vader erken en ervaar word. Die vrede van God en die genade van God sal in oorvloed erken word. Hy sal die wil van God die Vader volbring. Die gelowige se geloof sal ook voor God die Vader in herinnering gebring word. Die Vader sal ook daardeur erken word. Die mense sal ook innerlik sterk kan word, omdat hulle heilig voor God lewe. Dit beteken dat in gehoorsaamheid die goeie gedoen moet word, omdat God die Vader, as die Een wat ons omhels in sy liefde en trou, ook vir ons vra om liefde te bewys. Genade en Vrede is dus noodsaaklik, want om God te dien, beteken om in geregtigheid voor Hom te lewe en dit is alleen moontlik as erken word dat Jesus die Here is en dat ’n mens die volheid daarvan sal kan ervaar deur naby aan Christus te lewe.

Kyk ook Matteus 10:32; 11:25-26; Johannes 6:37, 40, 44-45, 65; 10:29; 12:26, 50; 14:2, 6-7, 12-13, 23-25; 15:8-9; 14:20-21; 15:10, 15-16; 16:17, 23, 25-27, 28, 32; 17:11; 20:21; 2 Tessalonisense 2:16; Jakobus 1:27 en 1 Johannes 1:2-3.

In 1 Johannes word dit uitdruklik gestel dat van die jong mense die ander in gehoorsaamheid en diens aan God sal lewe, omdat hulle die Vader erken en die bose oorwin. Dit beteken ook verder dat geloof saamhang met die feit dat daar in Christus gebly word. Wanneer die gelowiges in Christus is, bly hulle ook in die Vader. Wanneer die mens gelowig in Christus bly, word die mens ingelyf in die Vader. Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, word ’n kind van God en die kind van God is dan weer die een wat in die verbondsverhouding die lewende Vader leef. Hulle behaal ’n groot oorwinning. Hulle almal staan met wit klere voor die Vader en bring die lof en die eer en die heerlikheid aan die Vader. Elkeen wat die oorwinning behaal, sal die ewige lewe verkry.

# 20.
# DIE TEENWOORDIGHEID VAN DIE VADER IN DIE SAKRAMENTE

In die nagmaal en doop word die teenwoordigheid van die Vader en Seun deur die Heilige Gees gevier. Johannes 6:57 bevestig die eenheid in die nagmaal van Vader en Seun: "*Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.*"

Die betekenis van die nagmaal ten opsigte van die Vader is ook van belang, want soos die Vader Jesus Christus gestuur het en Hy sy lewe oorgegee het, sal elkeen wat deel kry aan Jesus en in die nagmaal deel kry aan sy lewe en dood, ook deel kry aan die Vader. Die nagmaal het dus die besondere betekenis van vernuwing en inlywing in die Vader. In die nagmaal word die Vader verheerlik deurdat die gelowige die wonder van eenheid met God beleef in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Op aarde word die hemelse beleef in die nagmaal.

Die doop en die Vader hang daarmee saam, wanneer gesê word dat van al die nasies en mense dissipels gemaak moet word, sodat hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop word. Die heerlikheid van die Vader word sigbaar wanneer mense tot die kerk toegevoeg word. Matteus 28:19: "*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*" En ook Romeine 6:4: "*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.*"

In die doop word die opstanding ten nouste verbind met die wonder van die Vader, met dit wat die Vader gedoen het en die heerlikheid wat die Vader aan Hom betoon. Daarmee word verklaar, totaal verklaar, dat Jesus die Seun van God is en dat Hy die heerlikheid van die Vader ontvang het.

# 21.
# DIE VADER EN DIE OORDEEL

Om reg aan God se wese te laat geskied, moet ook oor die oordeel van die Vader geskryf word.

Kyk Matteus 7:21; 10:33 en Johannes 2:16; 5:45; 6:27; 8:39, 41, 42-44.

Johannes 8:42-45:

“[42] *Maar Jesus sê vir hulle:*
*“As God julle Vader was,*
*sou julle My liefhê,*
*want Ek het van God af gekom,*
*en hier is Ek nou.*
*Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie,*
*maar Hý het My gestuur.*
[43] *Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie?*
*Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie!*
[44] *Julle is kinders van die duiwel;*
*hy is julle vader,*
*en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen.*
*Hy was van die begin af 'n moordenaar.*
*En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie,*
*omdat daar geen waarheid in hom is nie.*
*Wanneer hy leuentaal praat,*
*is dit volgens sy aard,*
*want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.*
[45] *En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie.”*[139]

---

139 [42] [z]εἶπεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς·
Εἰ ὁ θεὸς πατὴρ ὑμῶν
ἦν ἠγαπᾶτε ἂν ἐμέ,
ἐγὼ γὰρ ἐκ τοῦ θεοῦ ἐξῆλθον
καὶ ἥκω·
οὐδὲ γὰρ ἀπ᾽ ἐμαυτοῦ ἐλήλυθα,
ἀλλ᾽ ἐκεῖνός με ἀπέστειλεν.

Implikasies wat uit die teksgedeelte na vore kom, is die sterk klem op die oordeel oor hulle wat nie wil erken dat Jesus van die Vader kom nie. Dit word uitgedruk in die onderstreepte sinsnedes. Alleen in Hom kan die waarheid gevind word. Hy bring die Vader naby. Die leuen is juis dat die ware Woord van die Vader nie erken word nie. Daar is egter altyd die moontlikheid om die waarheid te erken.

’n Mens kan nie oor God die Vader praat sonder om ook te besef dat God die Heilige God is soos alreeds aan die begin gesê is, wat ook in Sy heiligheid oordeel nie. God is nie slegs die Heilige God nie; Hy oordeel ook as God.[140] As God is Hy ook in sy oordeel daaraan verbonde om die heerlikheid van die Majesteit wat Hy het, te bevestig. Hy verkondig aan ons dat die mens in sy

---

43 διὰ τί τὴν λαλιὰν τὴν ἐμὴν οὐ γινώσκετε;
ὅτι οὐ δύνασθε ἀκούειν τὸν λόγον τὸν ἐμόν.
44 ὑμεῖς ἐκ τοῦ πατρὸς τοῦ διαβόλου ἐστὲ καὶ τὰς ἐπιθυμίας
τοῦ πατρὸς ὑμῶν θέλετε ποιεῖν.
ἐκεῖνος ἀνθρωποκτόνος ἦν ἀπ’ ἀρχῆς,
καὶ ἐν τῇ ἀληθείᾳ [aa]οὐκ ἕστηκεν,
ὅτι οὐκ ἔστιν ἀλήθεια ἐν αὐτῷ.
ὅταν λαλῇ τὸ ψεῦδος,
ἐκ τῶν ἰδίων λαλεῖ,
ὅτι ψεύστης ἐστὶν καὶ ὁ πατὴρ αὐτοῦ.
45 ἐγὼ δὲ ὅτι τὴν ἀλήθειαν λέγω, οὐ πιστεύετέ μοι.

140 Beasley-Murray (1999:142): “The passage is not an isolated segment but is bound to chap. 7 within the festival of Tabernacles, and the krisis motif dominates chap. 7 also; there the aspect of krisis most apparent is that of division – between those who believe and those who oppose Jesus. This feature is visible in chap. 8; the Light of the World saying produces objection on the part of the Pharisees, who are perplexed by the further teaching of Jesus, but some Jews believe. The encouragement given to them to advance in faith is again met by protests from hearers, from which point the controversy becomes sharper till it ends in uproar. The primary element in the krisis depicted in chap. 8 is seen in v 50, where the imagery of a court of law is used. The Judge is none other than the Father, and since he affirms the revelation of Jesus, it is clear that he is to vindicate him before his opponents and condemn them for their belief.”

lewe voor God rein moet wees. Hy eis van die mens dat hy heilig voor God moet lewe en wanneer die mens in sonde bly, dan oordeel God. Daar is ’n unieke verband tussen die wil van God die Vader en sy heerlikheid. Jesus sal ook hulle verloën wat Hom verloën, en Hy sal hulle juis voor die Vader wat in die Hemel is, verloën. Hy sal hulle nie erken voor die Vader nie. Die Vader se oordeel sal hulle tref. Hulle wat Hom nie erken, hulle wat nie vir Jesus verheerlik nie, sal ook nie die Vader erken nie en sal ook nie in die heerlikheid van die Vader kom nie. Die oordeel kom van die Vader, maar word ook aan die Seun oorgegee, sodat die Seun kan oordeel. Die Seun oordeel dan ook in die spesifieke geval van die tempelreiniging wanneer die eer van Sy Vader aangetas word. Daarmee beteken dit dat die oordeel van die Vader en die oordeel van die Seun saamhang en dat daardie oordeel ook na vore gebring word. Die oordeel word verder voltrek wanneer daar sommiges is wat nie wil erken dat Jesus van die Vader kom nie, en sê Abraham is hul Vader. Sodat Jesus hulle dan teregwys en daarop moet wys dat Hy en die Vader Een is, en dat Hy die heerlikheid van sy Vader dan ook verkondig.

Jesus dui dan aan dat, in die oordeel van God, dit belangrik is dat hulle die Vader moet erken, en dat as hulle die Vader sou erken, hulle Hom ook sou erken. Daar is ’n baie besondere verhouding en dit kan alleen verstaan word as hulle dit ook erken.

Die gedeelte oor die Goeie Herder gee baie sterk aanduidings van Jesus se besondere verhouding met die Vader. Die dief en die rower kom om te steel en te slag en uit te roei. Daar is oordeel oor hulle wat kom om uit te roei en te slag, indien hulle nie die heerlikheid van God die Vader en die majesteit van Jesus erken en bevestig nie. Wanneer hulle dan ook beweer dat Hy nie van die Vader kom nie, sê Hy dat hulle godslasterlik praat, omdat Hy God sy Vader noem. Hulle moet weet dat Hy die werke van sy Vader doen en dat as hulle dan nou nie in Hom glo nie, want Hy doen die werke van sy Vader, verwerp hulle ook die Vader. Uitdruklik word dan ook aangedui dat wie Hom haat, haat ook die Vader. Daar is ’n unieke verhouding, maar in die oordeel kom dit dan na vore dat die Vader sal oordeel oor hulle wat nie glo en wat die wonder van die verlossing nie erken nie.

Die Vader oordeel nie tot vernietiging nie, maar dikwels is sy oordeel tot opheffing. Die tug van die Vader lei tot opheffing en tot vernuwing. Nie alleen het die aardse vaders getug nie, maar die Vader in die hemel tug ook, sodat mense nader aan God kan kom, want met die tong word God geloof en met die tong word mense gevloek. Dit mag nie so wees nie, God wil ons tugtig sodat die mens gelowige vir God kan doen. Daarom moet Christus erken word en moet erken word dat Hy die Here is.

Hebreërs 12:7-9 (7) druk dit goed uit: "*Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie?*"

# 22.
# DIE VADER VAN VERGIFNIS EN EWIGE LEWE IN JESUS CHRISTUS

Die wonder is dat vergifnis deur die Vader moontlik is. Hy vergewe volkome in Jesus Christus, die gekruisigde. God se vergifnis skyn soos 'n helder lig in die duisternis juis wanneer Jesus aan die kruis sterf. Dáár is God se liefde sigbaar. Dáár word die ewige lewe verkry.

Die Here Jesus sê elkeen sal veroordeel word as ons nie van harte ons broers vergewe nie. Ook in die Ons Vader-gebed kom dit na vore. Daar moet ook vergifnis vir andere wees. Dit is alleen moontlik as ons in Jesus glo en sy kruis in ons lewe 'n werklikheid word. Vanuit die kruis kan ons ook vergewe. Wat die ewige heerlikheid en die Vader betref, is dit duidelik dat alle eer en heerlikheid vir ewig aan die Vader behoort. Hy is die Vader van die lig, hy is die een wat ten alle tye regeer, en sy heerlikheid en eer en heerlikheid en majesteit moet deurgaans erken word. Ware aanbidding van die Vader is dan ook van die grootste belang. 'n Mens kan nie vir God ken as 'n mens hom nie in Gees en in Waarheid aanbid nie. Alle lof en eer en dank kom aan die Vader toe, en daarom moet die gelowiges steeds lof aan God bring. Alleen wanneer God geken word en die Vader se heerlikheid bevestig word.

Natuurlik bevestig dit weer die eenheid van God, want daar is een God en Vader van almal en Hy heers oor alle dinge en oor almal. Daarom moet God erken word en moet voor God alle lof en eer en dank gebring word. Die heerlikheid van God eis dankbaarheid, toewyding, gebed, heerlikheid en lofsange en daarom kan die Vader gedank word vir al sy goedheid. Die dank en lof aan die Vader hang saam met die wonder van die geloof in Hom.

# 23.
# GOD DIE VADER, LIEFDE, DIE HEILIG GEES EN DIE SENDING

---

Sending is alleen moontlik omdat die toorn van God afgewend is in Jesus Christus. Die Vader is die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is (NGB 1). Om hierdie wonderlike Vader te ken en as sy kind te leef, is moontlik in Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die sending word die magtige beweging om dit in die wêreld bekend te stel. Dit het implikasies vir die hele lewe. God se Vaderskap sluit sy reg in. Daarom moet getuig word van sy vergifnis, maar ook van die vernuwing wat deur Hom kom. Ons moet onder die kruis leef as kinders van God, maar ons moet ook leef met die verwagting dat die Vader ons liefhet en alles sal nuut maak. Wanneer ons die liefde van die Vader ondervind, kan ons nie stilbly daaroor nie. Slegs in die kruis sien ons die liefde van God. Daar in sy Seun openbaar die Vader Hom die duidelikste in sy liefde. Die opstanding is die bevestiging daarvan. Dit is die hart van die sending. Alle ander aspekte vloei daaruit voort. Juis daarom is die sending so 'n heerlike saak.

Dit is egter van die grootste belang om steeds te getuig dat die Heilige Gees, die ware Gees van Christus, die Vader se liefde bekendmaak. Die Heilige Gees is die Gees van Waarheid wat ons in alle waarheid lei. Daardie Waarheid is juis Jesus die Here, die Seun van God die Vader. Die wonder is nou juis dat die Heilige Gees die sending moontlik maak sodat die volheid van die liefde van God aan alle mense maar ook aan die hele wêreld gebring kan word. Dit moet egter deur die geloof wat deur die Heilige Gees gewerk word, ontvang word. Die sending kan nooit losgemaak word van die werk van die Gees wat die kerk bemagtig om mense te hulp te kom nie. Daarin staan die kruis van Jesus Christus sentraal. Paulus wil niks anders weet deur die Heilige Gees as

van die kruis van Jesus Christus nie. Die Vader bevestig hierdie waarheid in sy Seun Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die sending is dus juis die totale beklemtoning, uitleef en verkondiging van die heil wat van die Drie-enige God kom.

*Soli deo Gloria*

# BIBLIOGRAFIE


Achtemeier, E. 1996. Joel. In *The New Interpreter's Bible. A commentary in twelve volumes. Vol. VII. Introduction to apocalyptic literature. Daniel and the twelve prophets.* Nashville, TN: Abingdon Press. (The New Interpreter's Bible).

Achtemeier, P.J. 1996. *1 Peter.* Minneapolis, MN: Fortress Press. (Hermeneia: A critical and historical commentary on the Bible).

Barnard, A.C. *et al.* 1981. Heidelbergse Kategismus. In *Glo en bely: Leerboek vir Katkisante vir gebruik in die belydenisklas.* Bloemfontein: N.G. Kerk-Jeugboekhandel.

Barret, C.K. 1976. *The gospel according to John.* Londen: S.P.C.K.

Barth, K. 1933. *The epistle to the Romans.* Oxford: Oxford University Press.

Barth, K. 1970. *Church dogmatics. Vol. 1. The doctrine of the word of God: Prolegomena to church dogmatics Part 2.* Vertaal deur G.T. Thomson en H. Knight. Edinburgh: T&T Clark.

Bavinck, J.H. 1979. *An introduction to the science of mission.* Vertaal deur DH Freeman. Phillipsburg, NJ: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

Beale, G.K. en Campbell, D.H. 2015. *Revelation: A shorter commentary.* [E-book]. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Beasley-Murray, G.R. 1999. *Word biblical commentary: John.* 2de uitgawe. Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 36).

Bediako, K. 1994. Understanding African theology in the 20th century. *Themelios* 20(1):14-20. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0000886944&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 18 Junie 2020).

Bell, R. 2011. *Love wins: At the heart of life's big questions.* Londen: Collins.

Berkhof, H. 1973. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer.*2de druk. Nijkerk: Callenbach.

Bevans, S.B. en Schroeder, R.P. 2006. *Constants in context: A theology of mission for today.* Maryknoll, NY: Orbis.

Bock, D.L. 1994. *Luke 1:1-9:50.* [E-book]. Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker exegetical commentary on the New Testament).

Bock, D.L. 1996. *Luke 9:51-24:53.* [E-book]. Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker exegetical commentary on the New Testament).

Boice, J.M. 1976. Galatians. In FE Gæbelein (Red.). *The Expositor's Bible commentary: Romans through Galatians: With the New international version of the Holy Bible.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary Vol. 10).

Bosch, D.J. 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission.* New York: Orbis.

Brand, G.V.W. 2002. Witchcraft and spirit beliefs in African Christian theology. *Exchange* 31(1):36-50. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001499075&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Brown, R.E. 1971a. *The Gospel according to John (I-XII*). London: Chapman. (The Anchor Bible, Vol. 29).

Brown, R.E. 1971b. *The Gospel according to John (XIII-XXI*). London: Chapman. (The Anchor Bible, Vol. 29A).

Brueggemann, W. 1982. *Genesis.* Atlanta: John Knox Press. (Interpretation: A Bible commentary for teaching and preaching).

Brueggemann, W. 2000. *1 & 2 Kings.* Macon, GA: Smyth & Helwys. (Smyth & Helwys Bible Commentary).

Burton, E.D. 1914. Spirit, soul, and flesh: II. שֶׁנֶפ, ךוּת, and ךשָׂכָּ in the Old Testament. *The American Journal of Theology* 18(1):59-80. http://www.jstor.org/stable/3155036 (Geraadpleeg 17 Julie 2020).

Bybel. 1983 Afrikaanse vertaling.

Calvyn. *Institusie. Johannes Calvyn Institusie.* Vertaal deur A. Sizoo. 1ste deel. Delft: Meinema. 1956 3de druk.

Carson, D.A. 1984. Matthew. In FE Gæbelein (Red.). *The Expositor's Bible commentary: Matthew – Luke: With the New international version of the Holy Bible.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary Vol. 8).

Conradie, E.M. 2019. South African discourse on the Triune God: Some reflections. *Hervormde Teologiese Studies* 75(1):1-11. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLAn4596364&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 21 April 2020).

Conzelmann, H. 1975. *1 Corinthians: A commentary on the First Epistle to the Corinthians.* Translated by J.W. Leitch. Philadelphia, PA: Fortress Press. (Hermeneia – A critical and historical commentary on the Bible).

Coxhead, S.R. 2017. The cardionomographic work of the Spirit in the Old Testament. *WTJ* 79:77-95.

Crafford, D. 2015. Teologie van die godsdienste. In A. Meiring en P. Meiring (Reds). 2015. *Suid-Afrika, land van baie godsdienste.* Wellington: CLF.

Crouch, C.L. 2009. *War and ethics in the ancient Near East: Military violence in the light of cosmology and history.* Berlin: De Gruyter (Beihefte zur Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft, Band 407).

Davies, G.H. 1966. The Holy Spirit in the Old Testament. *Review & Expositor* 63(2):129-134. https://doi.org/10.1177/003463736606300202

Dawkins, R. 2006. *The God delusion.* Londen: Black Swan.

DeClaissé-Walford, S. 2008. *Mission as holistic ministry.* Macon, GA: Smyth & Helwys.

De Lange, F. (Red.). 2002. *Een aanlokkelijk geloof: De pneumatologie van Dingemans doordacht.* Kampen: Kok.

DeSilva, D.A. 2004. *An introduction to the New Testament contexts, methods, and ministry formation.* Downers Grove. ILL: IVP Academic.

Dingemans, G.D.J. 2000. *De stem van de roepende: Pneumatologie.* Kampen: Kok.

Dumbrell, W.J. 1974. Spirit and kingdom of God in the Old Testament. *The Reformed Theological Review* 33(1):1-10.

Dunn, J.D.G. 1988. *Romans 1-8.* Waco, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 38A).

Durand, J.J.F. 1976. *Die lewende God.* Pretoria: NG Kerk-Boekhandel. (Wegwysers in die dogmatiek).

Fee, G.D. 2009. *The First and Second Letters to the Thessalonians.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (New International Commentary on the New Testament).

Ferdinando, K. 2007, .Christian identity in the African context: Reflections on Kwame Bediako's Theology and identity. *Journal of the Evangelical Theological Society* 50(1):121-143. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001578087&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Flemming, D. 2015. *Why mission?* Nashville: Abingdon. (Reframing New Testament Theology).

Gaffin, R.B. (Jr). 1980. The Holy Spirit. *Westminster Theological Journal*, 43(1): 58-78.

Galli, M. 2011. *God wins: Heaven, hell, and why the Good News is better than Love wins.* Carolstream, ILL: Tyndale.

Ganzevoort, R.R. en Roeland, J. 2014. Lived religion: The praxis of practical theology. *International Journal of Practical Theology* 18(1):91-101. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLAn3769972&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 9 Julie 2020).

Gichaara, K.J. 2005. Issues in African liberation theology. *Black Theology* 3(1):75-85. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001505702&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Goheen, M.W. 2016. A history and introduction to a missional reading of the Bible. In Goheen, M.W. (Red.) *Reading the Bible missionally.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. pp 3-27.

Goheen, M.W. 2002. The missional church: Ecclesiological discussion in the gospel and our culture network in North America. *Missiology: An International Review* 30(4):479-490. https://missionworldview.com/wp-content/uploads/2020/06/ea8a85_04b52816d63b4c1eba4fdc841bb41f32.pdf (Geraadpleeg 23 November 2020)

Gorman, M.J. 2015. *Becoming the gospel: Paul, participation and mission.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Guder, D.L. 2015. *Called to witness: Doing missional theology*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Goud, J. 2002. Vragen bij een optimistische theologie. In F. De Lange. (Red.). *Een aanlokkelijk geloof: De pneumatologie van Dingemans doordacht.* Kampen: Kok, pp. 37-42.

Green, G.L. 2008. *Jude and 2 Peter.* Grand Rapids, MI: Baker. (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).

Guthrie, D. 1981. *New Testament theology.* Leicester: Intervarsity.

Haenchen, E. 1984. *John: A commentary on the Gospel of John, Chapters 7-21.* Vertaal deur R.W. Funk. (R.W. Funk met U. Busse [Reds]). Philadelphia: Fortress Press. (Hermeneia – A critical and historical commentary on the Bible).

Hagner, D.A. 1995a. *Matthew 1-13.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 33A).

Hagner, D.A. 1995b. *Matthew 14-28.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary Vol. 33B).

Hanson, P.D. 1995. *Isaiah 40-66.* Louisville, KY: John Knox Press. (Interpretation).

Harrison, E.F. 1976. Romans. In F.E. Gæbelein (Red.). *The Expositor's Bible commentary: Romans through Galatians: With the New international version of the Holy Bible.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary Vol. 10).

Hermans, C.A.M. 2014. From practical theology to practice-oriented theology: The study of lived spirituality and lived religion in late modernity. *International Journal of Practical Theology*.18(1):113-126. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLAn3769975&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 9 Julie 2020).

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.

Heyns, J.A. en Jonker, W.D. 1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.

Hyde, D. 2006. The Holy Spirit in the Heidelberg Catechism. *Mid-America Journal of Theology* 17:211-237

Janzen, W. 1982. War in the Old Testament. In W. Janzen. *Still in the image: Essays in biblical theology and anthropology*. Newton, KA: Faith and Life Press. (Institute of Mennonite Studies series, no. 6).

Joubert, J. 2007. Johannine metaphors/symbols linked to the Paraclete-Spirit and its theological implications. *Acta Theologica*, 27(1):83-104

Jenkins, P. 2005. Four thousand forgotten generations: The *longue durée* in African history challenges: Mission, theology and piety. *Mission Studies* 22(2):249-265. doi: 10.1163/157338305774756531

Jennings, W.J. 2017. *Acts:*. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Jenson, R.W. 2009. *Ezekiel*. Grand Rapids, MI: Brazos Press. (Brazos Theological Commentary on the Bible).

Jonker, W.D. 1981. *Die Gees van Christus*. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel. (Wegwysers in die dogmatiek).

Jonker, W.D. 2008. *Die relevansie van die kerk*. Wellington: Bybel-Media.

Kaiser, Jr. W.C. 2010. The indwelling presence of the Holy Spirit in the Old Testament. *Evangelical Quarterly* 82(4):308-315.

Kärkkäinen, V-M. 2016. *Spirit and salvation: A constructive Christian theology for the pluralistic world. Vol. 4.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Keener, C.S. 1999. *A commentary on the Gospel of Matthew.* [E-Book]. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Keener, C.S. 2003. *The Gospel of John: A commentary Vol. 1.* Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Kelle, B.E, Ames, F.R. en Wright, J.I. (Reds). 2014. *Warfare, ritual, and symbol in biblical and modern contexts.* Atlanta, GA: Society of Biblical Literature.

Kelle, B.E. en Ames, F.R. (Reds). 2008. *Writing and reading war rhetoric, gender, and ethics in biblical and modern context.* Atlanta, GA: Society of Biblical Literature.

Kenzo, M.J-R. 2002. Thinking otherwise about Africa: Postcolonialism, postmodernism, and the future of African theology. *Exchange* 31(4):323-341. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001499310&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Kim, K. 2000. Post-modern mission a paradigm shift in David Bosch's theology of mission? *International Review of Mission.* 89(353):172–179

https://www.globalconnections.org.uk/sites/newgc.localhost/files/papers/kim_bosch_irm_2000_-_kirsteen_kim.pdf. (Geraadpleeg 23 November 2020).

Kim, K. 2008. The Holy Spirit in the world: A global conversation. *ANVIL* 25(3):177-190. https://biblicalstudies.org.uk/pdf/anvil/25-3_177.pdf (Geraadpleeg 23 November 2020)

König, A. 1983. *Heil en heilsweg.* Pretoria: NG Kerk-Boekhandel Transvaal.

Kritizinger, J.N.J. 2008. Faith to faith: Missiology as encounterology. *Verbum et Ecclesia* 29(3):764-790.

Kvasnica, B. 2008. Shifts in Israelite ethics and early Jewish historiography of plundering. In B.E. Kelle en F.R. Ames (Reds). W*riting and reading war rhetoric, gender, and ethics in biblical and modern context.* Atlanta, GA: Society of Biblical Literature, pp. 175-198.

Liefeld, W.L. 1984. Luke. In F.E. Gæbelein (Red.). *The Expositor's Bible commentary: Matthew – Luke: With the New international version of the Holy Bible.* Grand Rapids, MI. Zondervan.

Longenecker, R.N. 1990. *Galatians*. Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 41).

Luz, U. 2005. *Matthew 21-28*: A commentary. Vertaal deur J.E. Crouch. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Luz, U. 2007. *Matthew 1-7: A commentary.* Vertaal deur J.E. Crouch. Minneapolis, MN: Fortress Press. (Hermeneia – A critical and historical commentary on the Bible).

Macchia, F.D. 2002. African enacting theology: A rediscovery of an ancient tradition? *Pneuma.* 24(2):105-109. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA000 1327302&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Maluleke, T.S. 1997. Half a century of African Christian theologies: Elements of the emerging agenda for the twenty-first century. *Journal of Theology for Southern Africa* 99:4-23. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001025906&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 18 Junie 2020).

Maluleke, T.S. 2001. Identity and integrity in African theology: A critical analysis. *Religion & Theology* 8(1-2):26-41. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN= ATLA0001447306&site=e (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Mare, W.H. 1976. 1 Corinthians. In F.E. Gæbelein (Red.). *The Expositor's Bible commentary: Romans through Galatians: With the New international version of the Holy Bible.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 10).

Meyers, C.L. en Meyers, E.M. 1987. *Haggai, Zechariah 1-8: A new translation with introduction and commentary*. Garden City, NY: Doubleday.

Migliore, D.L. 2004. *Faith seeking understanding: An introduction to Christian theology.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Moo, D. 1996. *The Epistle to the Romans.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (The New International Commentary of the New Testament).

Moo, D. 2013. *Galatians.* Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).

Munga, S.I. 2000. Encountering changes in African theology. *Svensk missionstidskrift* 88(2):225-250. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0000911566&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Ngong, D.T. 2004. God's will can actually be done on earth: Salvation in African theology. *American Baptist Quarterly* 23(4):362-377. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0001567047&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Niemandt, C.J.P. 2012. Trends in missional ecclesiology. *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(1). http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v68i1.1198

Niemandt, C.J.P. 2015. Together towards new life for missiology? Mission and missiology in the light of the World Council of Churches 2013 policy statement. *Acta Theologica,* 35(2):82-103. DOI: http://dx.doi.org/10.4314/actat.v35i2.6 ISSN 1015-8758 © UV/UFS http://www.ufs.ac.za/ActaTheologica

Nolland, J. 1993. *Luke 9:21-18:34.* Dallas, TX: Word Books. (Word Biblical Commentary, Vol. 33B).

O'Brien, P.T. 2010. *The Letter to the Hebrews.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (Pillar New Testament Commentary).

O'Neill, W.R. 2001. African moral theology. *Theological Studies* 62(1):122-139. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLA0000026578&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 17 Junie 2020).

Riley, J.A. 2014. Does God get his hands dirty? Reading Isaiah 63:1-6 in light of depictions of divine postbattle purification. In B.E. Kelle en F.R. Ames (Reds). *Writing and reading war rhetoric, gender, and ethics in biblical and modern context.* Atlanta, GA: Society of Biblical Literature, pp. 243-270.

SBL Greek New Testament (SBLGNT) Society of Biblical Literature 2010.

Schnabel, E.J. 2004. *Early Christian mission: Paul and the early church.* Vol. 2. Downers Grove, ILL: InterVarsity.

Siebrand, H. 2002. De ontdekking van de geest. In F. de Lange. (Red.). *Een aanlokkelijk geloof: De pneumatologie van Dingemans doordacht.* Kampen: Kok, pp. 30-36.

Simudson, D.J. 1996. Introduction to apocalyptic literature. In *The New Interpreter's Bible. A commentary in twelve volumes. Vol. VII. Introduction to apocalyptic literature. Daniel and the twelve prophets.* Nashville, TN: Abingdon Press. (The New Interpreter's Bible).

Skreslet, S.H. 2012. *Comprehending mission: The questions, methods, themes, problems, and prospects of missiology.* Maryknoll, NY: Orbis.

Stein, R.H. 2008. *Mark.* Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).

Sutton, L. 2016. A footstool of war, honour and shame? Perspectives induced by Psalm 110:1 *Journal for Semitics* 25(1):51-71.

Sutton, L. 2017. Clothing imagery as an offensive implement of warfare and honour within Psalms 108-110. *Journal for Semitics* 26(1):317-339.

Sutton, L. 2018. A position of honour or shame? YHWH as an armour bearer in Psalm 35:1-3. *Acta Theologica Supplementum* 26:268-285. doi: http://dx.doi.org/10.18820/23099089/

Sutton, L. 2019. When the unheard voices become violent. Perspectives from Psalm 109 and the #feesmustfall movement. *Acta Theologica Supplementum* 27:39-66. http://orcid. org/0000-0001-5502- 5932 DOI: http://dx.doi.org/10.18820/23099089/

Sutton, L. en Human, D.J. 2017. "Off with their heads!" The imagery of the head in the trilogy of Psalms 108-110 (Part 1). *Stellenbosch Theological Journal* 3(1):391-410.

Sweeney, M.A. 1996. *Isaiah 1-39 with an introduction to prophetic literature.* Grand Rapids, MI: Westminster John Knox Press.

Tate, M.E. 1982. War and peacemaking in the Old Testament. *Review & Expositor* 79(4):587-596.

Tenney, M.C. 1981. John. In F.E. Gæbelein (Red.). *The Expositor's Bible commentary: John – Acts: With the New international version of the Holy Bible.* Grand Rapids, MI: Zondervan. (The Expositor's Bible Commentary, Vol. 9).

Tolmie, D.F. 2013. Discernment in the letter to the Galatians. *Acta Theologica Supplementum* 17:156-171. doi: http://dx.doi.org/10.4314/actat.v32i2s.10

Towner, P.H. 2006. *The Letters to Timothy and Titus.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (New International Commentary on the New Testament).

Tribe, R. 1936. The Spirit in the Old Testament writings. *Theology* 32(1191):268-269. https://doi.org/10.1177/0040571X3603219102

Turner, D.L. 2008. *Matthew.* Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).

Turner, M. 2000. *Power from on high: The spirit in Israel's restoration and witness in Luke-Acts.* Eugene, OR: Wipf & Stock.

Tyra, G. 2011. *The Holy Spirit in mission: Prophetic speech and action in Christian witness.* Downers Grove, ILL: IVP Academic.

Van Coller, H.P. 2019. N.P. van Wyk Louw as satirikus. *Acta Theologica Supplementum* 28(10) Festschrift Pieter Verster:163-195. DOI: http://dx.doi.org/10.18820/23099089

Van de Beek, A. 2012. *Lichaam en Geest van Christus: De theologie van de kerk en de Heilige Geest.* Zoetermeer: Meinema. (Spreken over God 2.2).

Van de Beek, A. 2017. *Mijn Vader, uw Vader: Het spreken over God de Vader.* Utrecht: Meinema.

Van de Beek, A. 2018. *Altijd dat kruis.* Utrecht: Kok Boekencentrum.

Van de Beek,A.2020. *God lééft. Over moeilijke teksten uit de Bijbel.* Utrecht: Kok/Bokencentrum: 77-99.

Van den Berg, J-A. 2018. *Tweeting God: A practical theological analysis of the communication of Christian motifs on Twitter.* PhD dissertation. Brisbane: University of Queensland.

Van den Berg, J-A. 2019. *Tweeting God: Finding the sacred in everyday life.* Inaugural lecture, 28 March 2019. Faculty of Theology. University of the Free State.

Van der Walt, B.J. 2003. *Understanding and rebuilding Africa: From desperation today to expectation for tomorrow.* Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.

Van der Westhuizen, H. 2016. The Word and the Spirit – Michael Welker's theological hermeneutics. Part 1. *Stellenbosch Theological Journal* 2(2):607-620. http://dx.doi.org/10.17570/stj.2016.v2n2.a27

Van der Westhuizen, H. 2017. The Word and the Spirit – Michael Welker's theological hermeneutics Part 2. *Stellenbosch Theological Journal* 3(1):429-449. DOI: http://dx.doi.org/10.17570/stj.2017.v3n1.a20

Van der Westhuizen, H. 2018. The Trinity in the Canons of Dordt? *In die Skriflig* 52(2):1-9. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLAi5IE181210001432&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 21 April 2020).

Van der Westhuizen, H. 2019. The Spirit and the law. *Verbum et Ecclesia* 40(1):1-8. https://ezproxy.ufs.ac.za:8766/login.aspx?direct=true&db=rfh&AN=ATLAiGW7191111000881&site=ehost-live&scope=site (Geraadpleeg 21 April 2020).

Van Engen, C. 1996. *Mission on the way: Issues in mission theology.* Grand Rapids, MI: Baker.

Van Rensburg, J. Janse. 1999. *The occult debate: A scientific and pastoral approach.* Cape Town: Lux Verbi.

Venter, R. 2020a. Theologizing emerging technologies? In J-A. van den Berg (Red.). *Engaging the Fourth Industrial Revolution: Perspectives from theology, philosophy and education.* Bloemfontein: SUN PReSS. (UFS Theological Explorations series Vol. 3), pp. 65-78.

Venter, R. 2020b. E-pos korrespondensie, 3 Augustus 2020.

Verster, P. 2007. Geweld in die versoening: Vrae aan 2 Korintiërs 5:11-21. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 48(1, 2):296-306.

Verster, P. 2016. Abode in heaven: Paul and life after death in 2 Corinthians 5:1-10. *Missionalia,* 44(1):19-33.

Verster, P. 2017. *Jesus Christus, Seun van God, is ons versoening: 'n Missionêre Christologie*. Bloemfontein: SunMedia.

Vos, C.J.A. 1984. *Die Heilige Gees as kosmies-eskatologiese gawe: 'n Eksegeties-dogmatiese studie.* Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Welker, M. 1994. *God the Spirit.* Vertaal deur J.F. Hoffmeyer. Minneapolis, MN: Fortress Press.

Welker, M. 2006. The Spirit in philosophical, theological and interdisciplinary perspectives. In M. Welker (Red.). *The work of the Spirit, Pneumatology and Pentecostalism.* Grand Rapids, MI: Eerdmans, pp. 221-232.

Witherington, B. 1995. *Conflict and community in Corinth: A socio-rhetorical commentary on 1 and 2 Corinthians.* (E-Book). Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Wright, N.T. 2013. *Paul and the faithfulness of God: Christian origins and the question of God. (Parts III and IV).* Londen: SPCK.

Yarbrough, R.W. 2008. *1-3 John.* Grand Rapids, MI: Baker Academic. (Baker Exegetical Commentary on the New Testament).

# INDEKS

aanbid 87, 105, 155, 163, 166-167, 185, 202, 209
aanbidders 105, 166
aanbidding 105, 176, 209
Abba Vader 97, 151, 199, 202
Afrika 80, 88-91
aktante 25, 112, 130, 142
Ateïsme 153
bekering 1-2, 17, 36-38, 108-109, 117, 119, 121-122, 175
belydenis 1-2, 6-7, 22, 99, 124, 148, 154, 177
boodskap 8, 12, 14, 21-22, 26-27, 32, 44, 58, 64, 88, 112, 130, 133, 142, 148-149, 175, 177-181, 205
charismata 87, 115, 131
Christelike 5, 15, 19, 21, 77, 80, 85, 88-90, 125, 142
Christen 20, 78, 84-85, 89, 121, 149, 181
Christendom 14, 16, 68, 90, 95
Christene 21, 26, 49, 89, 99, 180
Christen-gelowige 101
Christologie 1, 13, 82-83, 96
Christus 1-3, 6-9, 13, 16-17, 19-22, 25, 28-29, 34, 36-40, 43-46, 49-50, 56, 58-62, 65-66, 68-69, 71-72, 74, 76-77, 80-83, 85-87, 89-102, 106, 108-109, 111-112, 116-118, 121-123, 125-128, 130-131, 133-136, 140-143, 148-149, 151-155, 158, 160, 162, 165-166, 171-172, 176-182, 184-185, 189, 192-193, 195, 199-200, 202-204, 208-211
COVID-19 6, 37-38, 149, 182
dissipels 20, 25-26, 29, 59-60, 83, 94, 108, 196-197, 204
doop 40-41, 46, 94, 109, 133, 149, 181-182, 204
Drie-eenheid 1-2, 8, 10-11, 45, 93-94, 97-98, 108, 199
dualisme 68, 84
eenheid 1-2, 6, 11, 45-46, 58, 61, 68-69, 76, 81-83, 92, 94-95, 97-99, 101, 120, 124, 127, 142, 152, 154, 181, 193, 199, 204, 209
eksklusivisme 148
eskatologie 3, 13, 26, 81, 83
evangelie 4, 12, 14, 21-22, 26-27, 43, 60, 88, 90, 109, 124, 130, 146-147, 151, 178-179, 181, 192
evangelies 26, 49, 51
evangelisasie 128
ewige lewe 6-7, 12, 16-18, 22, 39, 87, 109, 123, 131, 149, 174, 181, 189, 191, 199, 202-203, 209
ewigheid 3, 22, 38, 85, 117, 123, 157-158, 161, 166, 173, 185
gasvryheid 19, 119
gebed 50, 137, 151, 157-158, 161, 165-167, 191, 209
gehoorsaamheid 84, 113, 116, 118, 121, 124-125, 142, 164, 203
geloof 5-7, 17-18, 20-21, 26, 28, 49, 77, 86, 89, 100-101, 109, 116-117, 121-122, 126-128, 130, 133-135, 137, 142, 148-149, 153, 158, 181, 200-203, 208-210
geloofstradisies 79

geregtigheid 14-15, 28, 37-38, 53, 71, 76, 121, 123, 159, 170, 199, 203
geweld 52-58, 119, 149
Godheid 6, 45, 61, 94-96, 98
heerlikheid 9, 12, 16, 19, 43, 47, 60, 74, 83, 93, 99-101, 113, 117, 123, 126, 131, 141, 144, 151-152, 155-158, 161, 163-164, 166-167, 172-173, 175-177, 180, 184-185, 187, 189-190, 192-195, 202-204, 206-207, 209
Heilige Gees 1-3, 7-9, 11, 13, 15-17, 19-20, 22-30, 32-46, 48-52, 54, 56, 58-71, 73-75, 77-88, 90-109, 112-113, 115-119, 121-124, 126-127, 130-134, 136-137, 142, 144, 146-150, 154-155, 160, 181-182, 185, 199-200, 204, 210-211
heiligmaking 88, 121
hel 173-176
hemel 9, 17-18, 41-43, 46, 70, 72, 75, 85, 100, 104, 113, 122, 150-151, 154, 156, 158-159, 163-164, 173-176, 187, 189, 207-208
inklusivisme 148
Israel 5, 8-10, 31-32, 44, 52, 54, 57, 59, 63-64, 75, 86, 99, 114, 123, 136, 138, 142, 162, 183, 201
Jesus Christus 1, 7-8, 16-17, 20-22, 25, 28-29, 36, 38-40, 43-44, 49-50, 61-62, 65, 72, 76, 81, 86, 92-95, 100-101, 109, 121-123, 126-127, 130-131, 133-134, 142, 148-149, 152-155, 165-166, 171-172, 176-182, 189, 193, 195, 199-200, 202, 204, 209-211
Kategismus 7, 109, 157
kenmerke 154
kerk 1-4, 6, 8, 13-17, 20-22, 67-69, 71-72, 75, 77, 81, 84-89, 91-93, 95, 108-109, 113, 115, 119, 123-125, 128, 134, 136-137, 148-149, 151, 159, 181-182, 191, 204, 210
konfessionele benadering 5-6
koninkryk 15, 17, 36, 41, 56, 84-85, 103, 124, 130, 133-134, 149, 156-159, 161-164, 166, 176, 194, 197
kosmologiese werk 1-2, 15, 63, 67, 73-75, 91-93, 122
kruisdood 16, 58, 149, 178, 202
liefde 1-2, 13, 16, 22, 39, 52, 86-87, 97-98, 101, 109, 117, 124, 130, 149, 151-152, 154-155, 165-166, 168, 170-183, 185, 187, 190, 193, 203, 209-210
lyding 6, 46, 61, 76, 141, 152, 179, 182
Marcion 52, 180
Messias 9, 21, 99
*missio Dei* 12-16
missionale kerk 13-16, 149
missionêre 1, 3
monoteïsme 98-99
nagmaal 133-134, 149, 181-182, 204
Nuwe Testament 2, 5, 8-11, 46, 48-49, 51-52, 61, 76, 80-81, 86, 94, 96-97, 101-102, 108, 151, 174, 187
oordeel 16, 21, 24-25, 28-29, 31, 37-38, 49, 52-53, 57-58, 116-117, 149, 151, 155, 171, 173, 176-177, 180, 192, 199, 205-208
oorlog 52-57, 88
openbaar 2, 9, 11, 29-30, 33, 39, 45, 60-61, 74, 94, 96, 101, 112, 144, 149, 152-153, 164, 166, 177-178, 181-182, 185, 187, 210

openbaring 3, 6-8, 11, 36, 63-66, 73-74, 87, 99-100, 136, 152-153, 159, 201
openbaringswoord 152
opstanding 20, 43, 58, 98, 118-119, 123, 149, 175, 179, 181-182, 202, 204, 210
Ou Testament 2, 5, 8-11, 13, 30, 34, 48-49, 51-54, 57, 80-82, 92, 96, 102, 107, 151, 163, 180, 184
Parakleet 25-27, 68, 80, 83
patrologie 151-153, 166
persoon 1-3, 9-11, 20, 36, 50, 52-53, 67, 69, 74, 80, 83, 86, 92-97, 107-108, 152-153, 155, 163, 166, 173, 193, 199
Pinkster 103, 108, 127
Pinksterbewegings 65
pluralism 72
Pneuma 74-75, 87, 122, 128
pneumatologie 3, 11, 19, 22, 69-70, 74, 77-79, 81-83, 94-95
reformatoriese 67, 84-85
Ruach 5, 8-9, 11, 30, 34, 73, 87, 91, 107, 122
sakrament 69, 71-72, 125, 133
sarks 122
Satan 28, 32, 36, 49-50, 195
sending 1-4, 12-17, 19-23, 28, 36-38, 67, 77, 91-93, 100-101, 124, 127-128, 148-149, 151, 155-156, 210-211
skepping 9, 14-15, 37, 67-69, 73, 77-79, 84-85, 91-92, 121-123, 143-144, 154, 185, 190, 193
Skrif 3-8, 11, 14, 16, 28, 64-66, 86, 96, 155
sondaarmense 1
sonde 2, 16, 18-19, 21, 24-26, 28-38, 44-45, 51, 53-54, 58, 66-68, 101, 117, 120, 130-131, 134, 140-143, 154, 164-165, 170, 176, 180, 182, 199, 207
teks 3-4, 13, 32, 48, 52, 193
teksvoorwaardes 4, 130, 171, 191, 197, 202
teologie 1, 3-7, 12, 15, 39, 67-68, 74, 77, 80-81, 90, 119, 142, 185, 194
Trinitariese 1, 4, 15, 79-81, 83, 98-99, 118-119, 151, 185
*Trinitatis* 12
Triniteit 15, 61, 92, 97-99, 101, 154, 172, 185
Triniteitsleer 45, 95-97
Trinitisme 46, 61
tydsgees 19, 67
unieke 2, 17, 20, 22, 26, 30, 34, 36, 46, 61, 64-65, 71, 74, 98, 103, 110, 113, 115-117, 124, 126, 133-134, 153, 163, 166, 171-172, 184, 187, 192-194, 199, 202, 207
universalisme 16-17, 177
Vader 1-3, 7, 13, 16-18, 20, 22, 24-25, 38, 43, 46, 49, 58, 60-63, 73-74, 82, 87, 92, 94-99, 101, 104-107, 118, 123, 141, 151-152, 154-158, 161, 163-168, 171-172, 183-197, 199-211
verbond 74, 97, 133, 154, 183-186
vergifnis 21, 37, 119, 165, 171, 209-210

verheerlik 1-2, 24-25, 27, 45, 53, 60-61, 86-87, 92-93, 97, 99, 108, 148-149, 157, 174, 187, 189, 191, 193, 199, 204, 207
verheerliking 53, 83, 109, 116, 123, 156, 162, 187
verlore 17, 168-172
verlore seun 168, 170-172
verlos 7, 37, 157-158, 160, 166, 176
verlossende 178
Verlosser 7, 131, 177, 183
verlossing 12-13, 16-17, 21-22, 25, 36, 38, 49-51, 54, 74, 82, 87, 91, 101, 118-120, 123, 127, 133, 143-144, 164, 166, 172-177, 181-183, 192, 202, 207
verloste 142
versoening 1-2, 17, 37, 58, 101, 120
verstaan 1-4, 7, 9, 11-15, 17, 19-22, 26, 28, 32, 52-54, 57, 59-60, 66-67, 73-75, 77-82, 84, 87, 89-91, 94-97, 99-100, 108-109, 111, 120, 123, 125-126, 136, 152, 154-155, 166, 173, 175-178, 182, 184, 202, 205, 207
volharding 118, 143
voorouers 18, 88-89, 91
vrede 13, 27, 37, 52-53, 56-59, 71, 76, 113, 124, 130, 140, 149, 174-175, 193, 203
vrug 27, 82, 97, 117, 128, 130-131
waarheid 6, 13, 18, 24-28, 34, 43, 45, 47, 58-60, 62, 68, 83, 93, 105-106, 112, 123, 125, 133, 135, 148, 159, 166-167, 174, 191, 199, 202, 205-206, 209-211
wedergeboorte 1-2, 17, 27, 83, 103, 116, 121-123
wederkoms 100, 150, 194
wêreld 1-2, 4, 6-8, 12-14, 16-17, 19-22, 24, 26, 29-30, 33-34, 36-38, 43, 47, 49, 54, 56-58, 60, 62, 64-65, 67-68, 70-77, 79, 84-88, 91-94, 97-98, 100-101, 107, 109-110, 113, 121, 124-125, 134, 148-149, 153, 155, 160, 163-165, 173-175, 177-182, 189-190, 192, 210
werk 1-3, 6, 9-11, 13, 15-17, 19, 22, 25, 27-28, 34-37, 46, 50-51, 56, 61, 63-65, 67-76, 78-84, 86-94, 97, 100-102, 107-109, 113, 115-119, 122-123, 125-127, 133-134, 142, 146-147, 152, 174-175, 189, 192, 210
wetenskap 79
wonder 1-2, 8, 13, 17, 21, 29, 36, 40, 45, 60-62, 64-65, 68, 74, 81-82, 87, 94, 99-102, 108, 115, 117, 119, 121, 126-127, 133-135, 143, 145, 148-149, 151, 161, 164, 172, 175-176, 181-185, 192-194, 197, 199-200, 202, 204, 207, 209-210
Yahweh 30, 34, 53, 54, 163

Pieter Verster dra uit die ryk en ryp oesland van die Ou en Nuwe Testament 'n oorvloed gerwe. 'n Uitnemende geleerde is hier aan die woord. Die Persoon en werk van die Heilige Gees, die derde Persoon van God Drie-enig, word vars en nuut belig. Dit geld ook vir die skywer se ander sentrale teologiese insigte. Die boek getuig van 'n gedeë studie; dit is 'n meesterstuk. Dit sal nie slegs die vakkenner boei nie, maar elke leser sal deur die boek tot helderheid gelei word. Hierdie boek is soos 'n fontein helder murmelende water wat hoop aan dorstige en moedelose mense gee wat in die greep van armoede, korrupsie en rassisme vasgevang is. Met die boek staan Pieter Verster nie slegs nasionaal nie, maar ook internasionaal op die voorpunt van liggewende perspektiewe op die wese van en uitdagings aan die Missionêre Teologie.

*- Prof. Cas Vos*

Hierdie boek van Pieter Verster gee 'n indrukwekkende perspektief. Sending gaan daaroor om die blye boodskap te bring van Christus wat vir ons gekruisig is. Ons het 'n boodskap vir hierdie wêreld van COVID-19, van die korrupte politiek, van die armoede, van die misdaad, van sondige en moedelose mense. God beloof nie dat alles reg sal kom nie. Hy het hierdie werklikheid tot op die afskuwelikste gedeel. En Hy het daaraan, aan die konkrete werklikheid van Suid-Afrika van 2020, gesterf. Maar Hy het opgestaan, nie om nou alles reg te maak nie, maar sodat ons as ons sterf aan hierdie onheil steeds mag bely dat ons met Christus sal opstaan. Wanneer ons geen voortgang sien nie, moet ons nie moedeloos word nie: in die wêreld kan ons net 'n bietjie vir mekaar doen en het ons verdrukking, maar Hy het die wêreld oorwin: Christus leef en ons sal saam met Hom leef. Dis evangelie, 'n blye berig vir moedelose en hooplose mense.

*- Prof. Bram van de Beek*

sb SUNBONANI SCHOLAR

ISBN 978-1-928424-74-1
9 781928 424741